DIE VERENIGENDE GEREFORMEERDE GEMEENTE-SARON: SY IDENTITEIT EN LEIERSKAPSUITDAGINGS

deur

William George Cloete

Graad: M Th
Praktiese Teologie: (Bedieningspraktyk)

Studieleier: Prof HJ Hendriks

Universiteit van Stellenbosch

Maart 2012

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

VERKLARING

Deur hierdie tesis elektronies in te lewer, verklaar ek dat die geheel van die werk hierin vervat, my eie, oorspronklike werk is; dat ek die outeursregeienaar daarvan is (behalwe tot die mate uitdruklik anders aangedui); en dat ek dit nie vantevore, in die geheel of gedeeltelik, ter verkryging van enige kwalifikasie aangebied het nie.

Datum: 03-02-2012

Kopiereg © 2012 Universiteit van Stellenbosch
Alle regte voorbehou

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

WOORDVERKLARINGS

!aren!a	:	dié Nama woord beteken huweliksdans
ABET	:	Adult Basic Education and Training
BADISA	:	Barmhartigheids Diens Saam
Bi-polêre	:	dui op twee teenoorgestelde uiterstes.
DNS	:	deoksiribonukleïensuur – dit is ʼn suur wat die genetiese instruksies bevat en in die ontwikkeling en die funksionering van alle bekende lewende organismes gebruik word.
GOP	:	Geïntegreerde Ontwikkelingsplan
Impasse	:	dooie punt
khoe-!amxa sib	:	eerste mense se liefde vir mekaar
KHOE-SAN	:	verwys na die Khoi–Khoi en San. Hier word dit as koppelteken gebruik en wil daarmee aantoon dat dit een genetiese stam is. Dit wil terselfdertyd die historiese ontwikkeling in twee afsonderlike groepe aandui.
Missio Dei	:	sending van God
MIV	:	menslike immuniteitsgebreksvirus
na-i-ma	:	die woordjie word linguisties met nama verbind en beteken "byt-en-gee"
NGKSA	:	Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika
SASSA	:	Suid-Afrikaanse Sosiale Sekuriteitsagentskap
SAVGG	:	Suider-Afrikaanse Vennootskap van Gestuurde Gemeentes
Tsui //Goab	:	die Khoenkhoen het God so genoem
VGKSA	:	Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider Afrika
VVO	:	Verenigde Volke-Organisasie

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

OPSOMMING

Hierdie navorsing is ʼn respons op die vraag: Wat is die verband tussen die VGK Saron se identiteit en die leierskapsuitdagings waarvoor dit staan? Vervolgens het die navorsing dit ten doel om beide die identiteit van die gemeente asook die uitdagings wat die plaaslike kerkleierskap in die gesig staar, te identifiseer.

Huidig staan die leraar sentraal in alles, terwyl die kerkleierskap daarenteen nie eintlik onafhanklik mede-verantwoordelikheid neem vir die probleme en die uitdagings waarvoor die gemeente staan nie. Die kerkleierskap sal wel besluite neem, maar wanneer dit kom by die fisiese uitvoer van die besluite word verwag dat die leraar dit moet doen. Indien die besluite wel deur die toedoen van die leraar ten uitvoer gebring word en ongunstig by die lidmate ontvang word, is dit maklik om die blaam na die leraar te projekteer. Indien die leraar om welke rede nie die besluite ten uitvoer bring nie of nie daarby kan uitkom nie, dan versand dit eenvoudig net.

Hierdie navorsing probeer om antwoorde te genereer op die vrae: Waarom staan die leraar so sentraal in alles? Waarom is dit so moeilik om plaaslike leierskap te ontwikkel wat hul roeping verstaan deur onafhanklik eienaarskap te neem van die evangelie asook die uitdagings van die gemeenskap? In ʼn soeke na antwoorde op hierdie vrae, word die gemeente as volg geanaliseer: profiel, kontekstueel, prosesse en die identiteit.

In Afdeling A word die onderskeie analises gedoen, terwyl Afdeling B, hoofstuk 6 die identiteit van die drie-enige God onder woorde bring. Die rede hiervoor is om eers deeglik bewus te word van wat die huidige identiteit van die gemeente is. Daar word veral ook gekyk na die oeropenbaring van God wat vir die Khoe-San as eerste openbaring gekom het, terwyl die koms van Jesus Christus vir die Khoe-San ʼn tweede openbaring van God is. In hoofstuk 7 word die fokus verskuif na die verband tussen die drie-enige God en die Geloofsgemeenskap. Hoofstuk 8 verwoord die drie-enige God en die Koninkryk. In Afdeling 3 handel dit oor die Leierskap van die VGK Saron. In hierdie hoofstuk word die identiteit van die leierskap onder woorde gebring.

ʼn Slotsamevatting sluit die tesis af.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

SUMMARY

This research is a response to the question: what is the relationship or link between the URCSA Saron's identity and leadership challenges that it faces. Furthermore, the research aims to identify both the identity as well as the challenges that the local leadership faces.

Currently the minister is central to everything, while the church leadership is not really taking independent co-responsibility for the problems and challenges that the congregation faces. The church leadership will be making decisions, but when it comes to the physical execution of the decisions it is expected of the minister to do that. If the members' receival is unfavourable it is easy to blame the minister, but if the minister for any reason cannot execute the decisions simply silt up.

The research try to generate answers to the following questions: why is the minister so central to everything? Why is it so hard to develop local leadership who understand their calling to take independent ownership of the gospel and the challenges of the community? In a search for answers to these questions the congregation will be analyzed as follows: profile, contextual, processes and identity.

In Section A the respective analysis will be done, while Section B, Chapter 6 put the identity of the Triune God into words. The reason for this is to become thoroughly aware of the current identity of the church. Special attention is given to the prehistoric revelation of God for the Khoe-San, while the coming of Jesus Christ for the latter is a second revelation of God. In Chapter 7 the focus shifted to the relationship between the Triune God and the faith community. Chapter 8 articulates the Triune God and the Kingdom. Section 3 deals with the leadership of the URCSA Saron and put it's identity into words.

The thesis is concluded with a final summary.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

DANKBETUIGINGS

Die volgende persone en instansies het hierdie navorsing moontlik gemaak en verdien my opregte dank en waardering:

Die drie-enige God: Vader, Seun en Heilige Gees wat Hom in hierdie missionale reis nuut aan my openbaar het as ʼn God wat liefhet, vergewe, herskep, nuut roep, versamel en uitstuur in Sy Koninkryk.

My vrou, Kaylene tesame met ons kinders, Aylmer, Prudence en Bethmery. Dankie dat julle saam met my kon reis, my op jul unieke wyses help om die drie-enige God te herontdek, vir julle begripvolle ondersteuning en hartgrondige opofferings gemaak tydens my navorsing.

My ouerpare, wyle John Andrew en Magrieta Cloete asook wyle Hendrik en Katriena Cloete vir onderskeidelik die lê van ʼn gesonde basis vir my geloof in die drie-enige God asook vir die versterking van daardie basis.

My oom, wyle Gert Augustyn Cloete asook wyle Debora Cloete wat my passie vir die voorouerlike geskiedenis en die bewustheid van my Khoe-San-identiteit verdiep het..

My graad 1 opvoeder, wyle Katy Wilson, wat op ʼn kritieke moment my selfbeeld beskerm het sodat ek in my latere lewe kon ontdek dat ek ‘n beelddraer van God is.

Die kerkraad, lidmate wat met vraelyste gehelp het asook gemeente van die VGK-Saron oor die algemeen wat my toegelaat en wonderlik ondersteun het om hierdie navorsing te onderneem.

My studieleier, prof Jurgens Hendriks, vir onskatbare ondersteuning en ʼn nederige, waardige en wonderlike reisgenoot.

Die nie-doserende personeel en almal by Communitas vir hul vormende bydrae.

Die vriendelike personeel van die Kweekskool-biblioteek en die fakulteit.

Die vriendelike personeel van die NG Kerk in SA: Argief vir hul waardevolle ondersteuning, behulpsaamheid en gasvryheid.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Prof. Coenie Groenewald by die department sosiologie vir die wetenskaplike versorging van die gemeentelike vraelys.

Prof. Martin Kidd verbonde aan die Departement van Statistiek en Aktuariële Wetenskappe by die Sentrum vir Statistiese Konsultasie vir die finale verwerking van die inligting van die vraelys.

My medereisigers wat deel was van die navorsingspan asook vriende, familie en kollegas vir hul waardevolle morele ondersteuning.

Mev. Hester Uys vir die tipografiese versorging van die tesis.

Die gemeentes by wie ons besoek kon aflê tydens die reis, veral vir hul uitstekende gasvryheid.

Die VGK Saron, NG Kerk en die R.G.N vir finansiële ondersteuning.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

INHOUDSOPGAWE

VERKLARING i

WOORDVERKLARINGS ii

OPSOMMING iii

SUMMARY iv

DANKBETUIGINGS v

Hoofstuk 1 1

1. Inleiding 1

1.1 Navorsingstitel 1

1.2 Navorsingsprobleem 1

1.3 Navorsingsvraag 2

1.4 Hipotese 2

1.5 Doel van die studie 2

1.6 Navorsingsmetodologie 3

1.6.1 identiteit van die drie-enige God 4

1.6.2 die teenswoordige wêreld waarin geloofsgemeenskappe soos die VGK Saron gevorm word 4

1.6.3 die Woord van God as die lamp vir ons voet en die anker vir ons lewens 5

1.6.4 Die koninkryk van die drie-enige God 6

1.6.5 Die geloofsgemeenskap in geloofsonderskeiding 6

1.7 Etiese aspekte 9

Hoofstuk 2 12

2. Die meganiese analise: die profiel en bates van die gemeente 12

2.1 Inleiding 12

2.2 Menslike bronne 12

2.2.1 Lidmate van die gemeente 12

2.2.2 Lidmate en die gemeentevraelys 13

2.2.2.1 Ontleding van gemeentevraelys 16

2.2.2.2 Lidmate in gemeenskapsverband 62

2.2.2.3 Lidmate van die VGK in verhouding met ander kerke 63

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.2.3 Bywoning van eredienste en bidure deur lidmate 63
2.2.3.1 Die leierskap van die gemeente.....67
2.2.3.1.1 Leierskapspatrone in die VGK Saron.....67
2.2.3.1.2 Erfenis van die eerwaarde-sendeling.....67
2.2.3.1.3 Die gewillige onbekwame kerkraad 69
2.2.4 Die huidige leierskap 70
2.2.5 Administrasie van die gemeente.....71
2.3 Materiële bronne.....72
2.3.1 Die kerkgeboue.....72
2.3.1.1 Die kerk.....73
2.3.1.2 Die kloktoring met klok.....73
2.3.1.3 Die kerksaal.....74
2.3.1.4 Die Ou Pastorie 75
2.3.1.5 Die nuwe pastorie.....75
2.3.1.6 Die lykhuis 76
2.3.2 Ander eiendom 76
2.3.2.1 Grond.....76
2.3.2.2 Die orrel 77
2.3.2.3 Die begraafplaas.....77
2.3.3 Finansies 78
2.4 Verhoudingsbronne 81
2.4.1 Die verhouding met die breë kerk 81
2.4.2 Die verhouding met die plaaslike gemeenskap.....81
2.4.3 Die verhouding met eksterne rolspelers 81
2.5 Die gemeentelike bedieninge.....82
2.5.1 Interne bedieninge 82
2.5.2 Eksterne bedieninge (gestuurdheid) 82
2.5.2.1 Visie.....82
2.5.2.2 Missie 82
2.6 Gemeente en leierskap se gesindheid teenoor profiel en bates 83
2.7 Samevatting.....83

Hoofstuk 3 85
3. Kontekstuele analise: ekologie van die gemeente 85

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.1 Inleidende opmerkings 85
3.2 Kontekstuele analise van die gemeente 86
3.3 Die makro-vlak 90
3.3.1 impak van globalisasie op die plaaslike gemeenskap 95
3.3.2 Lidmate in gesprek oor globalisasie 95
3.3.3 Internasionale dekade van die inheemse mense van die wêreld (1995 – 2004) 100
3.4 Meso-vlak 102
3.4.1 Die geboorte van die demokrasie 102
3.4.2 Nuwe wetgewing 102
3.4.3 Herafbakening van munisipale grense 104
3.4.4 Geïntegreerde ontwikkelingsplan (2010/2011) 105
3.4.5 Saron Geestelike Leiersforum 105
3.5 Gemeenskapsleiers in gesprek 106
3.6 Opsommings, afleidings en interpretasies 107
3.7 "Vreemdelinge" in gesprek 108
3.7.1 Opsommings, afleidings en interpretasies 109
3.8 Mikro-vlak 110
3.8.1 Etnografiese navorsing 110
3.8.1.1 Die proses van vasstelling en luister na kultuur 112
3.8.1.2 ’n Luisterspan 112
3.8.1.3 ’n Leesspan 112
3.8.1.4 Gemeentelike proses 112
3.9.1 Ontdekkings op die makrovlak 124
3.9.2 Ontdekkings op die meso-vlak 125
3.9.3 Ontdekkings op die mikro-vlak 126
3.9.4 Ontdekkings uit die gemeentevraelys 126
3.10 Samevatting 127

Hoofstuk 4 130
4. Die proses analise-verhoudings en kommunikasie in die gemeente 130
4.1 Inleiding 130
4.2 Formele en informele dimensies 131
4.2.1 "Community developed software movement" 132

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.2.2 "Blogging" / "podcasting" 133
4.2.3 Wikepedia: 133
4.2.4 Beplanning 134
4.3 Kommunikasie 136
4.4 Gemeenskapsbou 136
4.4.1 Begrafnisse 136
4.4.2 Paasnaweek 137
4.4.2.1 Passie-spele op Goeie Vrydag 137
4.4.2.2 Skoonmaak van die grafte en opstandingsdiens 138
4.4.2.3 Basaar op Paas-Maandag 139
4.4.3 Belydenisaflegging 139
4.4.4 Hantering van konflik in die gemeente 140
4.4.4.1 Lilyvale N. G. Sendingkerk 140
4.4.4.2 Die begrafnisbeleid 141
4.5 Samevatting 145

Hoofstuk 5 146
5. Identiteits-analise van die VGK Saron 146
5.1 Inleiding 146
5.2 Redes vir die analise 146
5.3 Metodes om identiteit te bestudeer 146
5.3.1 Vraelyste en notules 146
5.4 Sosiale konteks 147
5.5 geskiedenis 147
5.5.1 Pre-koloniale periode (... tot 1652) 148
5.5.2 Koloniale –neo koloniale periode (1652-1910-1994) 149
5.5.3 Post-koloniale periode (1994 en vorentoe) 153
5.5.4 Gemeentelike aktiwiteite 154
5.5.5 Simbole 154
5.5.6 Unieke rituele 155
5.5.6.1 Die erediens 155
5.5.6.2 begrafnisdienste 156
5.5.7 Samevatting 157

Hoofstuk ses 159

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

6. Die identiteit van die drie-enige God 159
6.1. Inleidende opmerkings....159
6.2. Die perichoresis 160
6.3 Die Woord van God en die triniteit 163
6.3.1 Die Ou Testament....163
6.3.2 Nuwe testament 163
6.4 Trinitariese teologie in die eerste vier eeue 164
6.4.1 Die "Undivided Three"....164
6.4.2 Die kerkvaders....165
6.5 Etlike belangrike werke oor die triniteit 166
6.5.1 Miroslav Volf 166
6.5.2 Dr. H. Berkhof....167
6.6 Die openbaring van God....168
6.6.1 Oer-openbaring van die drie-enige God 168
6.6.1.1 Tsui //Goab vs Jahwe 169
6.6.1.2 Heitsi Eibib vs Jesus Christus....169
6.6.1.3 /N/um vs Heilige Gees 169
6.6.1.4 !Gnaunab / Lucifer 170
6.6.2 Seremonies as uitdrukking van Khoe-San geloof 172
6.6.2.1 Die reënmaakseremonie....172
6.6.2.2 Die helingsdans 172
6.6.2.3 Na-i-ma en khoe-/namxa-sib....172
6.6.3 die tweede openbaring van die drie-enige God 173
6.7 Impak van historiese momente 177
6.7.1 Verligtingstydperk 177
6.7.2 Wêreldoorloë 180
6.8 Vervlakking van die ware identiteit van God 180
6.9 Identifisering van God versus die is-heid van God....181
6.10 Die leer van die Triniteit en Skrifgebruik 182
6.10.1 Lectio divina....184
6.10.1.1 Lectio 184
6.10.1.2 Meditatio 184
6.10.1.3 Oratio....184
6.10.1.4 Contemplatio....184

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

6.10.2 Gebed van examen 184
6.10.2.1 Markus 1:1 tot 15 185
6.11 Samevatting.....186

Hoofstuk 7 188
7. Die verband tussen die drie-enige God en die kerk as geloofsgemeenskap188
7.1 Inleiding 188
7.2 Die *missio Dei* 188
7.3 (Praktiese) teologie: wat dit is en hoe dit gedoen word.....193
7.3.1 Teologie gaan oor God 193
7.3.2 Teologie gaan oor geloofsgemeenskappe 194
7.3.3 Teologie gaan oor ’n spesifieke tyd en plek.....194
7.3.4 Teologie gaan oor interpretasie 195
7.3.5 Teologie gaan oor skrif en tradisie.....195
7.3.6 Teologie gaan oor onderskeiding.....195
7.3.7 Teologie gaan oor die koninkryk 195
7.3.8 Teologie gaan oor transformerende aksie 196
7.4 Samevatting.....196

Hoofstuk 8 199
8. Die verband tussen die drie-enige God en die koninkryk as missionale konteks 199
8.1 Inleidende opmerkings.....199
8.2 Basileia tou Theou: 200
8.3 Die koninkryk en konteks.....202
8.4 Getuienis en verkondiging 204
8.5 Die drie-enige sturende God en die geloofsgemeenskap 205
8.6 Koninkryksgerigte aktiwiteite in die plaaslike geloofsgemeenskap 205
8.6.1 Aktiwiteite.....206
8.7 Samevatting.....208

Hoofstuk 9 210
9. Die identiteit van die leierskap van die gemeente.....210
9.1 Inleiding 210
9.2 Bestaande leierskapspatrone 211
9.2.1 Die alwetende "key player" pastor 211

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

9.2.1.1 Die self-bestendigende kerkraad 211
9.3 Definisies van leierskap 212
9.4 ’n Reis van geloofsonderskeiding 213
9.4.1 Die begrip geloofsonderskeiding.....213
9.4.2 Kontemporêre verstaan van geloofsonderskeiding.....213
9.4.3 Bybelse grondbeginsels van geloofsonderskeiding 214
9.4.4 Teologiese begronding van geloofsonderskeiding.....215
9.4.5 Stappe om te volg in geloofsonderskeiding 216
9.4.6 Benaderings tot die styl van besluitneming.....217
9.5 Leierskap in ’n reis van geloofsonderskeiding 219
9.5.1 Die apostel-leierskap 219
9.5.1.1 Redes hoekom dit die kerk ontbreek aan apostel-leiers 219
9.5.1.2 Uitdagings van apostel-leierskap.....221
9.5.2 ’n Skinker-leier in geloofsonderskeiding 222
9.6 Die sleutel rol van die VGK Saron se leierskap tydens verandering 223
9.6.1 Die leier se fokus: God en Sy Koninkryk.....223
9.6.2 Die leier se fokus: bemagtiging van die ander 224
9.6.3 Die leier se fokus: *kubernesis* 224
9.7 Die kerkleierskap / kerkraad in transformasie 225
9.7.1 Die leier as digter.....226
9.7.2 Die leier as profeet.....226
9.7.3 Die leier as apostel 226
9.7.4 Die leier as pastor.....226
9.8 Van kerk(raads)leierskap tot missionale leierskap.....227
9.9 Die VGK Saron in geloofsonderskeiding op weg van instandhouding na gestuurdheid 228
9.9.1 Omvorming van gemeentelike strukture 231
9.10 Die gemeente verander sodat die gemeenskap kan verander.....231
9.11 Samevatting.....232

Hoofstuk 10 233
10. Slot 233
10.1 Samevatting.....233
11. BRONNELYS.....241

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

BYLAAG 1 247

BYLAAG 2 253

BYLAAG 3 287

BYLAAG 4 288

BYLAAG 5 293

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 1

1. Inleiding

Hierdie inleidende hoofstuk bevat die navorsingsontwerp en wil aanduiding gee van die onderskeie elemente wat die plan uitspel van die navorsingstudie met betrekking tot die VGK Saron. Genoemde elemente van die navorsingsontwerp is die volgende: ʼn navorsingstitel, navorsingsprobleem, navorsingsvraag, hipotese, doel van die studie en navorsingsmetodologie. Elk van hierdie elemente probeer stapsgewys lig werp op die navorsingsontwerp en word vervolgens met ʼn bondige beskrywing toegelig.

1.1 Navorsingstitel

Die Verenigende Gereformeerde Kerk, gemeente Saron (hierna genoem VGK Saron) is die hooffokus van hierdie studie. Die navorsingstitel van die studie is: Die VGK Saron: Sy Identiteit en Leierskapsuitdagings.

"Your identity is your unique personality that comprises a number of characteristics, which distinguish you from other people. In very much the same way a congregation has an identity" (Hendriks 2004:105).

Dit is van essensiële belang om die verband tussen hierdie identiteit van die gemeente asook die leierskapsuitdagings waarvoor dit te staan kom, vas te stel.

1.2 Navorsingsprobleem

Die navorser is vroeg in sy bediening gekonfronteer met die feit dat die leierskap van die gemeente nie werklik eienaarskap van die gemeente neem nie. Hierdie konfrontasie het tot die gevolg gehad ʼn drie weke lange reis in vas en gebed. Hiertydens het ʼn periode van intense luister na die drie-enige God aangebreek, waarna God aan die navorser bevestig het dat die kerkleierskap nie werklik die gemeente eien as ʼn verantwoordelikheid wat God aan hulle toevertrou het nie. Die leraar het al die verantwoordelikheid om die gemeente geestelik asook op materiële gebied te bedien. Die oorblyfsels van die eerwaarde / sendeling era waartydens die totale verantwoordelikheid in laasgenoemde gesetel het, het al hoe sterker na vore gekom. Aangesien die navorser alreeds die VGK Saron vir die afgelope byna vier-en-twintig jaar ononderbroke bedien, is hy eerstehands bewus van veral die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

problematiek van die plaaslike leierskapsuitdagings. Die navorsingsvraag, hipotese asook doel van die studie wat volg, is ’n nou-verweefde onlosmaaklike eenheid wat die rigting en ontwikkeling van die navorsingsproses aandui.

1.3 Navorsingsvraag

Wat is die verband tussen die VGK Saron se identiteit en die leierskapsuitdagings? Hierdie vraag is van kernbelang omdat dit ’n spesifieke antwoord soek na die verband tussen identiteit (VGK Saron) en uitdagings (leierskap).

1.4 Hipotese

Indien die gemeente en sy leierskap kan ontdek dat ’n geloofsgemeenskap se identiteit ten diepste geanker is in die drie-enige God en dat sy bestaansdoel geformuleer word deur God se doel met die wêreld (die *missio Dei*), kan die huidige impasse waarin die gemeente verkeer, deurbreek word.

1.5 Doel van die studie

Die doel van hierdie studie is om die identiteit en die leierskapsuitdagings van die plaaslike VGK te identifiseer. Tans neem die leierskap nie mede-verantwoordelikheid vir die probleme en die uitdagings van die gemeente nie en word verwag dat die leraar die "werk" moet doen en die oplossings op gemeenskapsprobleme moet verskaf. Die volgende vrae is van kardinale belang en bied sterk motivering vir die onderneem van die studie, naamlik: Wat is die gemeenskap se probleme? Hoekom staan die leraar so sentraal in alles? Waarom is dit so moeilik om plaaslike leierskap te ontwikkel wat eienaarskap neem van die evangelie en die uitdagings van die gemeenskap? Die navorsing wil dus by ’n punt uitkom waar dit die identiteit van die gemeente kan beskryf, die leierskapsuitdagings duidelik formuleer en antwoorde verstrek aan die voorafgaande vrae.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1.6 Navorsingsmetodologie[1]

Die navorsingsmetodologie wat in hierdie studie gebruik word, is die kruis-simbool raamwerk. Dit is 'n prakties-teologiese studie waarin die navorser die holistiese benadering tot praktiese teologie wat deur 'n groep teoloë in Afrika ontwikkel is, volg (Hendriks 2004). Dié benadering word versimboliseer deur die kruis as 'n metafoor te gebruik. Genoemde metafoor word in geheel in hierdie hoofstuk getoon, maar die afsonderlike simbole met die onderskeie betekenisse wat dit verteenwoordig, word ook in behandeling geneem.



Uit: Studying Congregations in Africa (Hendriks:2004)

Vir die doel van hierdie navorsingstudie is dit belangrik dat die oorhoofse metodologie wat gevolg word, in twee fases uiteen val:

(i) die oorhoofse prakties-teologiese navorsingsraamwerk en
(ii) die konkrete empiriese metodologie van gemeentelike navorsing

---

[1] Die navorser is bewus daarvan dat daar verskeie ander prakties-teologiese metodologieë is. Die keuse vir die metodologie in SCiA is doelbewus vanweë die feit dat dit deur Afrikane ontwikkel is vir gemeentes en teologie uit Afrika. Daarbenewens is dit veel meer genuanseerd as bv. R. Osmer se vier liniêre stappe. Dit maak ook sterker ruimte vir geloofsonderskeiding om in die praktiese teologie proses in die spel te kom en beskryf te word. Verder is dit veral 'n metodologie wat die konteks van die VGK Saron met sy ryke erfenis van simbole maklik ondervang en waarmee die gemeente kan assossieer.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die aspekte van die prakties-teologiese raamwerk waarop in die studie gefokus sal word, is die volgende:

1.6.1 identiteit van die drie-enige God

Die vraag na die identiteit van die drie-enige God as Koning, Skeppergod, Verlosser en Heiligmaker wat van altyd af daar is en wie se verordeninge baie vas staan (Psalm 93:1,2) word onder woorde gebring. Waarom is en bly die drie-enige God die vertrekpunt, die basis van ons is-heid en die bron van ons eie identiteit? Die driehoek in die kruismetafoor wil hierdie ekumeniese feitelike vrae toelig, terwyl die simboliek van die hande wat mekaar vashou die kerk as Sy liggaam verteenwoordig (Hendriks 2004:23). Dit is daarom belangrik dat die gemeente sowel as die leierskap verstaan dat die gemeente se identiteit eintlik ten diepste in die drie-enige God gewortel is.



Driehoek wat die identiteit van die drie-enige God uitbeeld met hande wat mekaar vashou as verteenwoordigend van die kerk as Liggaam van Christus

1.6.2 die teenswoordige wêreld waarin geloofsgemeenskappe soos die VGK Saron gevorm word

Die simboliek van die aardbol aan die linkerpool van die kruis is die aanduiding van die teenswoordige wêreld waarheen God Sy Seun Jesus Christus gestuur het. Dit is in hierdie wêreld waar geloofsgemeenskappe, spesifiek die VGK Saron gevorm word en waar lidmate en kerkleierskap voortdurend geroep word om midde in die wêreld en die uitdagings wat dit bied, gehoorsaam aan die *missio Dei* te wees. Vrae van kardinale belang is die volgende: wie of wat is hierdie konkrete gemeente? Het dit

nog ’n rol te vervul in ’n veranderende wêreld? Kan die kerk steeds kerk wees in ’n wêreld wat voortdurend verander?



God se wêreld met die kerk wat ’n onvervreembare posisie daarin inneem

1.6.3 die Woord van God as die lamp vir ons voet en die anker vir ons lewens

Die simboliek van die geopende Woord en lamp daarby wat aan die regterpool van die kruis uitgebeeld word, verteenwoordig die Woord van God wat vir millennia die lamp is wat die weg wys en die lig op ons pad is (Psalm 119:105) en tesame met ons geloofstradisie die anker van ons lewens is. Die navorser wil veral Skrifgefundeerde teologiese werke in so ’n mate in gesprek met mekaar laat tree sodat die identiteit van die drie-enige God, die kerk asook die koninkryk van God aan die eenkant duidelik blyk, terwyl die identiteit van die VGK Saron en die wêreld waarin die gemeente hom/haarself bevind aan die anderkant beskryf word.

Die Woord as die lig vir die wêreld met ons geloofstradisie as anker van ons lewens.

1.6.4 Die koninkryk van die drie-enige God

Aan die bokant van die kruis word die simboliek van ŉ kroon gevind. Dit verteenwoordig die Koninkryk van die drie-enige God, die toekoms asook die eskatologiese werklikheid wat alreeds in Jesus Christus teenwoordig is en op wie ons hoop gevestig bly. Dit is hierheen wat die Heilige Gees ons stuur. Die kerk moet midde ŉ wêreld vol uitdagings die drie-enige God laat uitkristalliseer deur Sy beeld op so ŉ wyse te dra dat daar duidelike en sigbare tekens van Sy Koninkryk opgerig word.



Simbool wat die toekoms, die Koninkryk van God en die eskatologiese werklikheid wat alreeds in Jesus Christus teenwoordig is, uitbeeld.

1.6.5 Die geloofsgemeenskap in geloofsonderskeiding

In die middel van die kruismetafoor vind ons ŉ simbool van die geloofsgemeenskap wat voortdurend te midde van stryd en lyding die wil van God in ŉ veranderde wêreld in geloof onderskei (Fillipense 1:9) sodat die Koninkryk van God in geloofsgehoorsaamheid ŉ werklikheid word.



Die versimbolisering van geloofsgetroues wat te midde van ŉ veranderde wêreld die wil van God in geloof onderskei.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die verskillende simbole of punte van die kruis is nie onafhanklike eenhede nie, maar is inter-afhanklik van mekaar met ’n voortdurende korrelasie tussen-in. Daar vind deurgaans ’n hermeneuties-sensitiewe dialoog plaas tussen Woord en wêreld en word konsekwent deur die vertikale as van die kruis se fundamentele werklikhede beïnvloed, naamlik dit wat ons identiteit in die drie-enige God is en dit wat ons missie in terme van die Koninkryk is. Ons kan alleenlik onderskei wat God vir ons deur sy Woord en Gees wil sê indien al die informasie inwerk op die onderskeidingsproses en slegs indien hierdie onderskeidingsproses opgevolg word deur gehoorsame betrokkenheid (in dade) in die wêreld. Ons leer gehoorsame tree vir gehoorsame tree, ’n proses wat wetenskaplik bekend staan as ’n praksis-georiënteerde teologie. ’n Praksis is ’n sikliese spiraal van dink, doen, evalueer, aanpas... dink, doen, evalueer, aanpas...ens.

Ten opsigte van punt (ii) naamlik die empiriese metodologie van gemeentelike navorsing kom die vier vak-wetenskaplike metodes wat in *Studying Congregations in Africa* beskryf word as ’n kombinasie in die volgende volgorde aan die beurt:

(i) Meganiese analise van die gemeente: die profiel van die gemeente. Hierdie gedeelte sal basies kwantitatief van aard wees.

(ii) Kontekstuele analise van die gemeente: die ekologie van die gemeente (makro- en meso omgewing asook die invloed daarvan op die identiteit van die gemeente).

(iii) Proses-analise van gemeente: verhoudings en kommunikasie in die gemeente.

(iv) Identiteits-analise van gemeente: die kultuur van die gemeente.

Ten opsigte van die identiteits-analise van die gemeente, sal die volgende aspekte uitgelig word:

(a) Inleidende Opmerkings, (b) redes vir bestudering van identiteit en kultuur, (c) metodes vir die bestudering van identiteit en kultuur – ’n etnografiese analise word onder andere hier gedoen, (d) demografie, (e) sosiale konteks van gemeente, (f) geskiedenis, (g) erfenis (h) wêreldsiening, (i) geboue, (j) aktiwiteite, (k) simbole, (l) unieke rituele en (m) al die punte saamgevat in ’n kort omskrywing van die storie van die gemeente.

Na aanleiding van Babbie en Mouton in *The Practice of Social Research* (2004) is dit belangrik om tydens navorsing in gedagte te hou dat (besliste) oorweging geskenk moet word aan paradigmatiese faktore soos objektiwiteit, waarde en betroubaarheid wanneer metodologiese keuses uitgeoefen word. In ons spesifieke konteks sal van die kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsings gebruik gemaak word asook van etnografiese navorsing vir die vasstel van die kultuur van die gemeente. Hiervolgens versamel twee navorsingspanne onder leiding van die navorser, wat elk bestaan uit ses lidmate, afsonderlik en binne die bestek van 2 jaar inligting in by wyse van ’n gestruktureerde vraelys. Genoemde vraelys word deur verskeie lidmate beantwoord. Die onderhoudsvoerder is deurgaans objektief, "exercise deep listening…" (Marais & Taylor Ellison 2007:2), luister onkrities na vertellings en is bemoedigend (Hendriks 2004:232). Die vraelys is oor jare deur honderde kerke gebruik en getoets (Marais & Taylor Ellison 2007:8).

Bogenoemde navorsing sal die navorser in staat stel om die VGK Saron se identiteit te formuleer en die leierskapsprobleme asook-uitdagings waarvoor dit staan, duidelik te maak. Daarna sal die navorsing op ’n meer deduktiewe omskrywing van die drie-enige God as die bron van ons identiteit fokus. Die teenswoordige wêreld is die plek waarheen God Sy Seun gestuur het om in en deur geloofsgemeenskappe Sy liggaam te wees en Sy koninkryk te laat kom. Ons verlede, die Bybel en geloofstradisie is onlosmaaklik verweef aan die lewe, kruisiging en opstanding van Jesus Christus. Ons daaglikse werklikheid, maar terselfdertyd ook ons toekoms, die Koninkryk van God en die eskatologiese verwagting waarmee ons leef, reflekteer wat alreeds in Jesus Christus teenwoordig is. Binne hierdie parameters moet die liggaam van Jesus geloofsgetrou die stryd om die wil van God in gehoorsaamheid onderskei.

Die navorser wil hier poog om ’n korrelatiewe dialoog tussen die huidige identiteit van die gemeente en die wese van wat daardie identiteit in en deur die Verbondsgod se koms na die wêreld behoort te wees, onder woorde bring. Die fokus van hierdie gedeelte sal wees op die implikasies van die gemeente se geloofsidentiteit vir leierskap in die gemeente. Voorlopige gedagtes oor die gemeente se pad vorentoe sal die tesis afsluit...

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1.7 Etiese aspekte

Die navorser verklaar hiermee dat hy die verlof van die kerkraad en die gemeente verkry het om die navorsing te doen en dat dit in 2008 en 2009 gedoen is. Verder het die navorser sedert die einde van 2009 tot hede onder moeilike gesondheids-uitdagings te staan gekom. Dit sluit in gedeeltelike verlies van korttermyn geheue, hartversaking en retina loslating in die regteroog. Die navorser ontvang steeds mediese behandeling vir laasgenoemde.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

AFDELING Een: ANALISE VAN DIE VGK SARON

Inleidende opmerkings

Soos die navorsingsontwerp aandui, is die sentrale fokus van die navorsing die VGK Saron as gemeente en die uitdagings vir die leierskap van die gemeente. Daar is belangrike redes hoekom gemeentes in die brandpunt van navorsing van dié aard staan. In die geval van die VGK Saron staan die leraar sentraal in alles, terwyl die kerkleierskap nie eienaarskap van die gemeente neem nie.

Die vasstelling van die VGK Saron se identiteit en die leierskapsuitdagings waarvoor dit staan, sal antwoorde verskaf op vrae soos die volgende: wat is die verband tussen die VGK Saron se identiteit en die leierskapsuitdagings waarvoor dit staan? Hoekom staan die leraar so sentraal in alles en wat is die probleme van die gemeenskap as geheel?

Dit is verder belangrik dat met die verwisseling van kerkleierskap, hetsy leraars of kerkraadslede, die momentum van die koers waarin die drie-enige God die gemeente stuur, behou en verdiep word. Indien hierdie koers nie op ʼn verantwoordelike wyse oorhandig en behou word nie, kan die gemeente maklik ʼn speelbal in die hande van menslikgedrewe oorwegings (Hendriks 2004:71), ideale en beginsels word.

Die volgende metafoor uit die atletiekwêreld is moontlik die beste manier om uit te beeld hoe sodanige verwisseling behoort te wees: In ʼn afloswedstryd het al die atlete van die aflosspan een doel voor oë en dis om die wenpaal te bereik. Elkeen se oog is in die rigting van die wenpaal gerig, maar terselfdertyd word deeglik rekening gehou met die volgende persoon wat die aflosstokkie in ontvangs moet neem. Daar word seker gemaak dat die stokkie in die hand van die opvolger is voordat "uitgetree" word. Die opvolger hou aan die eenkant sy/haar fokus op die wenstreep en hou aan die anderkant deeglik daarmee rekening dat daar een is wat volg en by hom/haar oorneem ten einde sukses te verseker.

Dié navorsing hoop om in die verwisseling van kerkleierskap die koers wat die drie-enige God vir die gemeente aandui, te behou. Verder noem Hendriks (2004:14-16) nog vyf (5) belangrike redes vir so ʼn navorsing wat ten nouste aansluiting vind by laasgenoemde, naamlik:

- Die plaaslike gemeente is die eerste en belangrikste manifestasie van die kerk. Dit is inderdaad so dat indien die gemeente faal daar weinig hoop elders te vinde is (2004:14).
- Dit is belangrik om die gewone lidmaat te bemagtig. Indien dit nie plaasvind nie bly die gewone lidmaat eintlik maar die ontvanger van dit wat die kerk bied (2004:14). Dit veroorsaak veragtering asook ’n afhanklikheid van die gawes en talente van die leraar (15).
- Dis belangrik om die realiteit van diversiteit en pluralisme te besef. Die gemeente is uniek en vloeibaar met ’n eie identiteit. Dieselfde geld vir die lidmate van die gemeente in terme van hul gawes, talente en identiteit.
- Die wêreld met sy snelveranderings manifesteer in die gemeentelike lewe. Gemeentes moet spirituele wysheid bereik om die uitdaging van globalisering op gemeentevlak aan te durf.
- Dit is belangrik om kennis en informasie in te win en om ’n partisiperende benadering te volg.

In aansluiting hierby leer die realiteit dat die kerk vir eeue ’n inwaartsgekeerde kultuur geword het en so eintlik anti-wêrelds, (self) verdedigend, persoonlikgerig, piëteitsgebaseerd, hoogsgestratifiseerd en beheergebaseerd is (Arbuckle 1993:62). Dit sinspeel daarop dat die kerk so in haar self gekeer geraak het dat sy totaal voeling met die realiteite van die wêreld wat die lidmate direk raak, verloor het. ’n Situasie soos hierdie bied ongetwyfeld goeie aansporing en motivering vir ’n analise van dié omvang in Saron.

Vir die doeleindes van Deel Een van hierdie navorsingstudie word gebruik gemaak van die vier analise-metodes soos gevind in *Studying Congregations in Africa* deur Hendriks (2004). Slegs die indeling of onderafdelings wat direk van toepassing en relevant tot die gemeente is, word gebruik. Terwyl daar enersyds terdeë rekening gehou word met die gevaar van te veel inligting versamel, word daar andersyds ook rekening gehou met die essensialiteit van die inligting wat uit al vier metodes bekom word. Dit is veral nodig met betrekking tot die kernaspek wat ondersoek word, naamlik die identiteit van die VGK Saron en die leierskapsuitdagings waarvoor dit staan. Dit is dus ’n doelbewuste keuse om al vier metodes te gebruik om sodoende die essensiële inligting te bekom.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 2

2. Die meganiese analise: die profiel en bates van die gemeente

2.1 Inleiding

In hoofstuk een het die fokus veral op die navorsingsontwerp geval wat duidelik die doel van die navorsing aantoon, naamlik om die identiteit en leierskapsuitdagings van die VGK Saron vas te stel. Benewens die doel van die navorsing is die volgende boustene van die navorsingsvoorstel ook onder woorde gebring: navorsingstitel, navorsingsprobleem, navorsingsvraag, hipotese en die navorsingsmetodologie.

In hierdie hoofstuk handel dit hoofsaaklik oor die basiese bestuur van kerk-administrasie (Hendriks 2004:175) spesifiek dié van die VGK Saron. Dit wil ’n duidelike beeld vorm van die profiel en bates van die gemeente, hoe dit aansluiting vind by die identiteit van die gemeente en wat die gesindheid van die leierskap van die gemeente asook die gemeente self jeens dit is. Hendriks in *Studying Congregations in Africa* baan in ’n sekere sin die weg vir hoe so ’n gesindheid jeens die kerk behoort te wees. Hy gebruik die metafoor van ’n geneesheer en pasiënt om aan te dui hoe die gesindheid tussen lidmaat en gemeente behoort te wees. ’n Persoon moet sorg dra vir sy liggaam deur dit te voed, te reinig, dit te oefen en ’n dokter te raadpleeg in geval van ’n ernstige mediese probleem...op dieselfde wyse is dit ook ’n daaglikse en gereelde verantwoordelikheid om na die gemeente om te sien (Hendriks 2004:175).

Elke faset van gemeente-wees moet op ’n gesonde basis wees deurdat dit as ’n daaglikse verantwoordelikheid versorg, skoongehou en gevoed word. Die bronne wat in hierdie daaglikse verantwoordelikheid ter sprake gebring word, is die volgende: menslike-, materiële – en verhoudingsbronne.

2.2 Menslike bronne

2.2.1 Lidmate van die gemeente

Dit is ongetwyfeld so dat die mees basiese bron van ’n gemeente die lede of lidmate is (Hendriks 2004:177). Hiervolgens is alle bronne van nul en gener waarde sonder die lidmate. Laasgenoemde is belangrike aanwysers van die materiaal waarmee die gemeente kan werk en kry werklike betekenis in die konteks van die gemeente se

identiteit en missie (Ammerman 198:141). Dit is immers die lidmate met hul gewoontes, gebruike, opinies, manier van doen en wie hul is, wat identiteit aan die gemeente verleen.

Die VGK Saron vind as gemeente haar wortels in die Rynse Sending toe Eerwaarde Johann Heinrich Külpman ’n geestelike tuiste vir die Khoe-San ontworteldes asook die vrygestelde slawe (Plaatjes 1960:5) geskep het. Tog moet in gedagte gehou word dat koloniale regerings die godsdiens, taal en kultuur van die Khoe-San as heidens afgemaak het (Cloete 2003:8). Hulle het seker gemaak dat dit totaal en al vergeet is deur ’n stelselmatige uitwissingstrategie (:3). Dit verklaar hoekom die sendelinge in Saron en die res van Suid-Afrika (daar was 'n totaal van 1,650 sendelinge in Suid-Afrika) nie die kultuur, godsdiens en taal van die Eerste Inwoners van Suid-Afrika, wat hulle hier gevind het, kon omhels nie (Boezak 2006:99).

Aan die anderkant was dit maklik vir die Khoe-San om die christelike geloof te omhels vanweë die raaklyne tussen die christelike geloof en die oergeloof van die Eerste Inwoners. Plaatjes (1960:13) dui die sieletal van die gemeente Saron as volg aan: in 1898 was dit 1800 en in 1908 op 2100, terwyl dit in 1912 op 2150 siele gestaan het. Vandag, minder as ’n eeu later staan die sieletal van die gemeente volgens die kerklike registers op 5094.

2.2.2 Lidmate en die gemeentevraelys

Daar is verskeie tegnieke wat gevolg kan word om data te versamel. Die navorser het gekies vir eenvoudige tegnieke soos ’n gemeentevraelys asook etlike onderhoude waaraan lidmate en ander gespreksgenote deelgeneem het. Verder is die doel van die vraelys om enersyds inligting ten opsigte van demografie, aktiwiteite, belangstelling en bekwaamheid in te samel wat die navorsingstudie ondersteun in terme van die verband tussen die VGK Saron se identiteit en die leierskapsuitdagings waarvoor dit staan en andersyds om die gemeente die geleentheid te bied om deur hul deelname ’n bydrae te lewer tot die skryf van hul eie teologie. Immers: "Theology is about a specific time and place", aldus Hendriks (2004: 27). Die vraelys het voor die finalisering daarvan deur die volgende fases gegaan:

- Dit is deur die navorser as ŉ eerste fase in ŉ konsepvorm opgestel waarna 10 meelewende lidmate van die gemeente ŉ loodsondersoek onder 10% van die gemeente in al 7 bedieningsareas gedoen het.
- Die navorser het self opleiding aan die vraelyshanteerders verskaf voordat hulle in die gemeente gestuur is.
- Die eerste fase van die loodsondersoek het baie leemtes uitgewys en in sommige gevalle het die inligting nie sin gemaak nie omdat dit botsende inligting na vore gebring het.
- Dit het duidelik geword dat ŉ tweede fase van die loodsondersoek nodig was.
- Die vraelys is vervolgens drie keer met die studieleier deurgegaan en bespreek waarna etlike veranderings aangebring is.
- Hierna is dit vir wetenskaplike versorging na Prof. Coenie Groenewald, ŉ sosioloog verbonde aan die Universiteit Stellenbosch, gestuur.
- Die proses wat verder gevolg is, is om 10 vraelyste in die gemeente te sirkuleer vir toetsing om sodoende vas te stel of daar enige aanpassings nodig is. Slegs twee aanpassings het nodig geblyk te wees.
- Prof. Martin Kidd verbonde aan die Department van Statistiek en Aktuariële Wetenskappe by die Sentrum vir Statistiese Konsultasie aan die Universiteit Stellenbosch het vervolgens die vraelys in ŉ rekenaarprogram gevoer.
- Die keuse vir die hanteerders van die vraelys in die gemeente het op studente verbonde aan die Universiteit van Stellenbosch geval. Hierdie hanteerders is ook lidmate van die gemeente, verstaan die konteks en vind maklik aansluiting by die gemeente. Die gemeente vertrou nie sommer inligting aan vreemdelinge toe nie, vandaar die keuse op bekendes, maar tog ook op persone wat vertroud is met die aard van vraelyste asook die hoë akademiese standaard van die universiteit.
- Die navorser het ŉ sessie gereël waartydens deeglike opleiding met betrekking tot die invul van die vraelys aan die hanteerders verskaf is.
- Tydens ŉ Kerkraadsvergadering op 07 Mei 2010 is die finale toestemming deur die Kerkraad verleen om die vraelys onder die lidmate te sirkuleer. ŉ Uittreksel uit die notule wat die besluit reflekteer, lui as volg: "Nadat die kerkraad die geleentheid gehad het om vrae te stel met betrekking tot die vraelys en opheldering verskaf is, besluit die kerkraad op voorstel van Br. Niklaas Witbooi en gesekondeer deur Br. Hilton Alkaster dat toestemming verleen word om die

Gemeentevraelys 2010 onder die beskikbare gesinshoofde te sirkuleer op voorwaarde dat anonimiteit van die respondente gewaarborg word en dat die vraelys vrywillig voltooi word."

- Elke beskikbare gesinshoof in die gemeente is versoek om ŉ vraelys te voltooi. Die invul van die vraelys was egter vrywillig en anonimiteit is gewaarborg.
- Na voltooïng van die vraelys is die data deur die navorser in die rekenaarprogram ingevoer. Hierna is dit vir die finale verwerking na Prof. Martin Kidd in die Department van Statistiek en Aktuariële Wetenskappe by die Sentrum vir Statistiese Konsultasie aan die Universiteit Stellenbosch versend.
- Die data is geanaliseer, geïnterpreteer en toepaslike korrelasies is gedoen waarna die resultate asook korrelasies (as Bylaag 2 aangeheg) beskikbaar gemaak is.
- Die vraelys is as Bylaag 1 aangeheg.

Die vraelys is deur 450 huishoudings se gesinshoofde voltooi wat óf permanent aan die hoof daarvan staan óf dié verantwoordelikheid vervul het tydens die invul van die vraelys. Altesaam 2378 (47%) siele waarvan 1124 belydende lidmate en 1254 kinders is, is in die vraelys gedek. Dit is min of meer die verteenwoordigende groep wat op ŉ gegewe moment gedurende die week by die huis is.

Daar is wel omstandighede soos reën, werkloosheid en siekte wat hierdie getal na een of ander kant toe beïnvloed. Die 2716 (53%) siele wat nie gedek is nie (5094 – 2378) is die groep wat Sondagnamiddag of Maandagoggend vroeg die dorp verlaat weens werksomstandighede en eers weer Vrydagaand terugkeer. Sommige wat op nabygeleë plase werk, verlaat soggens vroeg die huis per vragmotor en kom laat in die aand eers weer terug. In baie gevalle word die huislike pligte hervat waar dit die oggend vroeg gelaat is. Daar is weinig tyd om nog ŉ omvattende vraelys soos hierdie een in te vul.

In die response wat uit die vraelys kom, is daar ooglopend meer vroue as mans wat as hoofde van huishoudings optree. Een van die realiteite is dat baie meer mans as vroue verlaat die dorp Sondagnamiddag of Maandagoggend en keer eers weer terug op Vrydagaand. Die vroue bestuur die huis in die afwesigheid van die mans. Dit bevorder, soos reeds vermeld, die moontlike verskuiwing van ŉ patriargale na ŉ matriargale vorm van gemeenskap.

2.2.2.1 Ontleding van gemeentevraelys

Die gemeentevraelys het die volgende inligting na vore gebring:

Gesins-informasie

1 (a) Wat is my geslag?

manlik : 24%

vroulik : 76%



Die vroue wat aandui dat hulle gesinshoofde is, troon bo die mans uit. Dit is moontlik die begin van ’n permanente verskuiwing van ’n patriargale na ’n matriargale vorm van gemeenskap. Een van die redes vir hierdie verskynsel is moontlik die demokratiese bestel sedert 1994 wat bepaalde regte aan vroue toegeken het.

1(b) Wat is my ouderdom?

20-24jaar : 0%

25-34jaar : 13%

35-44jaar : 30%

45-54jaar : 25%

55-64jaar : 17%

65jaar en ouer : 15%



Die kern ouderdomsgroep van die gemeente word aangedui as tussen 35 tot 44, gevolg deur ŉ groep wat tussen die ouderdom van 45 en 54 val. Daar is steeds ŉ sterk hoë ouderdom- en bejaardegroep teenwoordig. Dit is ŉ feit waarmee die bediening asook die kerkleierskap deeglik rekening moet hou, veral in fases van verandering. Die gemiddelde ouderdomme van diegene wat werksaam, werkloos en pensioenarisse is, wissel onderskeidelik tussen 46, 48 en 66 jaar. Die keuse van kerkleierskap moet aan die een kant rekening hou met die kern ouderdomsgroep en aan die anderkant met die sterk bejaardegroep in die gemeente.

1(c) Wat is my huwelikstatus?

getroud : 41%

weduwees : 14%

wewenaar : 2%

geskei : 6%

ongetroud : 33%

saamleef : 4%



Daar kan aanvaar word dat ’n groter mate van stabiliteit in die gesinne voor kom. ’n Vraag wat uit die inligting vloei, is: hoekom registreer vraag 24 van afdeling B so ’n lae buite-egtelike persentasie (7%), terwyl die geskeides (6%) / ongetroudes (33%) indien dit opgebreek word as gesinshoofde baie hoog registreer? Die navorser lei die volgende moontlike verklarings hiervan af, naamlik dat buite-egtelikheid moontlik nie meer as sonde ervaar word nie; sommige het moontlik kinders wat buite die eg gebore is, maar wat alreeds die tug deurloop het; moontlike skugterheid om ’n buite-egtelike leefwyse te erken en is dit by vraag 24 onder die ander (27%) of geen (46%) kategorie aangedui. Indien weduwees en wewenaars saam met geskeides ook in berekening gebring word, dan registreer enkelouergesinne altesaam 57%. Die mortaliteit onder mans registreer ook baie hoër as by vroue.



Indien 'n korrelasie getref word tussen huwelikstatus en persoonlike probleme (Vraag 24) dan ervaar 29% van dié wat getroud is, 8% van die weduwees en 17% van die geskeides probleme met alkohol en dwelms.

1(d) Wat is my ekonomiese status?

werksaam	:	46%
werkloos	:	23%
pensioenarisse	:	25%
ander staatstoelae	:	5%
eie besigheid	:	1%



Dit is opvallend dat slegs 1% van die respondente aandui dat hulle ŉ eie besigheid bedryf. In die praktyk toon dit dat baie lidmate sjebeens as ŉ eie besigheid bedryf. Die navorser maak die volgende afleidings: eerstens is daar ŉ groter geneigdheid om ander besighede te ondersteun of om ŉ gedeelte van die huis te verhuur vir besigheidsdoeleindes aan buitelanders as om self een te bedryf en tweedens is daar skugterheid om sjebeens as besighede te erken vanweë die stigma wat daaraan kleef asook die gemeente se sterk standpunt ten opsigte van alkoholmisbruik.

ŉ Verdere vraag wat uit die inligting spruit, is die volgende**:** Is daar ŉ verband wat getoon word tussen ekonomiese status en persoonlike probleme?



Alhoewel 'n korrelasie tussen ekonomiese status en persoonlike probleme aandui dat 21% van die wat werk, 24% van die wat werkloos is en 19% van die wat pensioenarisse is, afhanklik is van alkohol en dwelms, dui die p-faktor aan dat daar nie eintlik 'n verband is tussen die ekonomiese status en die persoonlike probleme nie.

1(e) Wat is my beroepskategorie?

spesifieke beroepe : 43%.

ander / ongespesifiseerd : 57%



1(f) Sien ek myself as 'n Khoe-San afstammeling?

ja : 74%

nee : 26%



Daar is ʼn sterk bewustheid van afkoms en twee belangrike vrae kom uit dié inligting na vore:

Vraag 1: Watter impak sou dit op dié groep mense in totaal hê indien die demokraties-verkose regering van Suid-Afrika gehoor gegee het aan die Dekade van Inheemse Mense (1995 tot 2004) wat deur die Verenigde Volke-Organisasie uitgeroep is? Hiervolgens is alle regerings ter wêreld opgeroep om die afstammelinge van hul Eerste Nasies (eerste inwoners) te akkommodeer. Die navorser lei af dat dit ʼn geweldige positiewe impak op die proses van armoede-uitwissing in die Saron gemeenskap sou meebring.

Vraag 2: Watter verskillende ouderdomsgroepe registreer hul beskouing? Is dit slegs bejaardes? Is daar jonger ouderdomsgroepe? In ʼn poging om antwoord op die tweede vraag te verskaf, was dit belangrik om bepaalde korrelasies in dié verband te trek. In vraag 27 van afdeling B dui gesinshoofde op ʼn glyskaal van 1 tot 5 (waar 1 ons Europees Gereformeerde tradisie en 5 ons Khoe-San tradisie aandui) hul voorkeur ten opsigte van die simbole in die gemeente aan. Daar is sterk aanduiding dat ouderdom geen rol gespeel het in hoe mense hulle voorkeur aangedui het nie.Dit

is aanduiding daarvan dat daar 'n nuwe bewustheid van afkoms by veral die jonger groep teenwoordig is.

2. Biologies/aangenome kinders

1.	65	registreer 1 kind	=	65
2.	150	registreer 2 kinders	=	310
3.	103	registreer 3 kinders	=	309
4.	58	registreer 4 kinders	=	232
5.	18	registreer 5 kinders	=	90
6.	22	registreer 6 kinders	=	132
7.	7	registreer 7 kinders	=	49
8.	8	registreer 2 kinders	=	18
9.	9	registreer 1 kinders	=	9
10.	10	registreer 1 kind	=	10
450 response registreer			**=1254**	**kinders altesaam**



3(a) Kinders 19 jr. en jonger

1.	203	registreer 0 kinders	=	0	
2.	124	registreer 1 kind	=	124	
2.	91	registreer 2 kinders	=	182	
3.	24	registreer 3 kinders	=	72	
4.	6	registreer 4 kinders	=	24	
5.	1	registreer 5 kind	=	5	
	449	**response registreer**	**=**	**407**	**wat in huis woon**



3(b) Kinders 20 tot 24jr

1.	294	registreer 0 kinders	=	0	
2.	122	registreer 1 kind	=	122	
3.	32	registreer 2 kinders	=	64	
4.	1	registreer 3 kinders	=	3	
	449	**response registreer**	**=**	**189**	**kinders wat in die huis woon**



3(c) Kinders 25 tot 34jr

1.	388	registreer 0 kinders	=	0	
2.	48	registreer 1 kind	=	48	
3.	10	registreer 2 kinders	=	20	
4.	3	registreer 3 kinders	=	9	
	449	**response registreer**	**=**	**77**	**kinders wat in die huis woon**



3(d) kinders 35 tot 44jr

1.	418	registreer 0 kinders	=	0
2.	22	registreer 1 kind	=	22
3.	3	registreer 4 kinders	=	12
4.	1	registreer 4 kinders	=	4
	448	**response registreer =**		**44**

die totale getal kinders in kategorie-indeling registreer = 717 ongetroude kinders wat in die huis woon.



Die totale hoeveelheid kinders registreer 1254 met 717 wat ongetroud is en in die ouerhuis woon. Die afleiding wat die navorser maak, is dat 537 kinders getroud is en óf in hul eie huise bewoon óf by ander mense óf steeds by die ouers inwoon.

4(a) Belydende lidmate

1.	122	registreer 1 lidmaat	=	122
2.	138	registreer 2 lidmate	=	276
3.	94	registreer 3 lidmate	=	282
4.	60	registreer 4 lidmate	=	240
5.	20	registreer 5 lidmate	=	100
6.	10	registreer 6 lidmate	=	60
7.	4	registreer 7 lidmate	=	28
8.	2	registreer 8 lidmate	=	16
	450	**response registreer**	**=**	**1124**



4(b) Aantal belydende lidmate van ander kerke

1.	380	registreer 0 lidmate	=	0
2.	51	registreer 1 lidmaat	=	51
3.	12	registreer 2 lidmate	=	24
4.	4	registreer 3 lidmate	=	12
5.	1	registreer 4 lidmate	=	4
6.	1	registreer 6 lidmate	=	6
	449	**respondente registreer**	**=**	**97**



5(a) VGK dooplidmate

1	41	registreer 0 lidmate	=	0
2.	140	registreer 1 lidmaat	=	140
3.	85	registreer 2 lidmate	=	170
4.	32	registreer 3 lidmate	=	96
5.	15	registreer 4 lidmate	=	60
6.	18	registreer 5 lidmate	=	90
7.	12	registreer 6 lidmate	=	72
8.	2	registreer 7 lidmate	=	14
9.	3	registreer 8 lidmate	=	24
	449	**response registree**	**=**	**666**



Indien die verskil tussen die aantal kinders (1254) in vraag 2 en vraag 5 (a) naamlik 666 bereken word, blyk dit dat 588 eers tydens belydenisaflegging gedoop sal word indien hulle hul verbintenis met die gemeente bly behou.

5(b) Dooplidmate ander

1.	438	registreer 0 lidmate	=	0
2.	8	registreer 1 lidmaat	=	8
3.	2	registreer 3 lidmate	=	6
4.	1	registreer 6 lidmate	=	6
		response registreer	=	20



6. Taal:



Al die respondente registreer Afrikaans as taal (100%)

7. Wat is my opvoedingsvlak?

geen skool	:	2%
graad 1-3	:	2%
graad 4-6	:	15%
graad 7-9	:	38%
graad 10-11	:	23%
matriek	:	13%
diploma	:	6%
ABET Vlak 2	:	1%



Opvoedingsvlakke

Die kerngroep se opvoedingsvlak is graad 7 tot 9 (38%), terwyl 80% registreer hulle het nie matriek nie. Die rede hiervoor is moontlik vanweë die feit dat leerders vroeër jare die skool moes verlaat indien hulle swanger is. Deesdae woon kinders die skool by ondanks swangerskappe en word selfs toegelaat om onder dié toestand eksamen af te lê. Die kerngroep met ŉ graad 7-9 opvoedingsvlak is ook ŉ aanduiding van waaruit die gemeente se leierskap tot dusver oorwegend gekom het. Tot Mei 2011 het die opvoedingsvlak met betrekking tot die kerkraad as volg daar uit gesien:

getal kerkraadslede	:	30
matriek en hoër	:	20%
laer as matriek	:	80%
ouer as 30jaar	:	100%
jonger as 30jaar	:	0%

Huidig het die prentjie as volg verander:

getal kerkraadslede	:	58
matriek en hoër	:	38%
laer as matriek	:	62%
ouer as 30jaar	:	81%
jonger as 30jaar	:	19%

Daar is ’n duidelike ommeswaai ten opsigte van die kerkleierskap. Meer lidmate tree na vore om as kerkraad te dien. Daar is ’n beduidende toename in die getal kerkraadslede jonger as dertig en ’n groter persentasie het ’n opvoedingsvlak van matriek en hoër.

- **Gemeentelik**

8. Ek is vir so lank betrokke by die gemeente

minder as 1 jaar	:	1%
een tot 3 jaar	:	2%
vier tot 7 jaar	:	6%
agt tot 15 jaar	:	29%
15 jaar en meer	:	62%



Die 62% van die respondente wat aandui dat hulle 15 jaar en langer by die gemeente betrokke is, is aanduiding van ’n gevestigde lidmaatskap met die gemeente.

9. My afstand van die kerk

minder as 1 km	:	13%
1-2 km	:	23%
3-5 km	:	59%
6-10 km	:	4%
10 km en meer	:	0%

Die 59% wat registreer dat hulle 3 tot 5 km van die kerk is, is aanduiding daarvan dat die meeste lidmate binne loop afstand van die kerk is. Daar is dus geen logistieke probleme wat lidmate verhinder om by die kerk betrokke te raak nie.



10. My bywoning van eredienste:

gereeld (elke Sondag)	:	11%
minder gereeld (2 keer per maand)	:	49%
soms (1 keer per maand)	:	25%
weinig (2 keer per jaar)	:	11%
glad nie	:	4%



Die bywoning is oor die algemeen goed (11% gereeld en 49% minder gereeld). Na aanleiding van vraag 15 dui 86% van die response aan dat hulle nie betrokke by aksies in die gemeente is nie. Hierbenewens dui 50% van die lidmate ten opsigte van Bybel lees by vraag 13 aan dat dit ŉ daaglikse oefening is, terwyl 29% aandui dat dit 2 keer per week geskied. Indien ŉ vergelyking getref word met die betrokkenheid van lidmate by die gemeente dan is dit duidelik dat verskillende aspekte in die hedendaagse tyd nie meer met mekaar klop nie. Die lidmate raak alhoemeer individualisties en hanteer dié aspekte kompartementalisties.

11.My bywoning van bidure

gereeld (elke Woensdag)	:	1%
minder gereeld (2 keer per maand)	:	11%
soms (1 keer per maand)	:	22%
weinig (2 keer per jaar)	:	22%
glad nie	:	44%



Daar is 44% wat aandui dat hulle glad nie bidure bywoon nie. Daar kan verskeie redes hiervoor wees: meeste lidmate is uitstedig deur die week; diegene wat plaaslik werk, kom eers na die tyd by die huis; gesamentlike biduur is vir sommige net nie meer belangrik nie en word groter fokus geplaas op "die binne-kamer"-ervaring wat weer eens vertolk kan word as individualisties...

12. My invloed het mense by die gemeente laat aansluit

geen	:	70%
een	:	13%
twee	:	7%
drie	:	2%
vier plus	:	9%



Die 70% response wat aandui dat hulle glad nie invloed op ander persone uitoefen om by die gemeente aan te sluit nie, dui moontlik op ’n sterk ingekeerdheid van die gemeente tot haarself.

13. Ek lees my Bybel soveel keer in die privaatheid

daagliks	:	50%
2 keer ’n week	:	29%
1 keer ’n week	:	10%
in nood	:	4%
baie weinig	:	7%



Bloot die feit dat so baie lidmate (50% daagliks en 29% 2 keer 'n week) aandui dat hulle nog die Bybel lees, is bemoedigend. Dit is terselfdertyd ook 'n sterk aanduiding van tradisionalisme en individualisme. Soos by vraag 10 genoem, klop Bybellees en kerkbetrokkenheid net nie meer met mekaar in die hedendaagse lewe nie.

14. Ek en die gee van my dankoffers

ek gee 'n volle tiende	:	23%
ek gee nog nie 'n volle tiende nie	:	33%
ek gee nog volgens die bydragstelsel	:	16%
ek sal later by die tiende stelsel inskakel	:	18%
ek gee geen offers aan die gemeente nie	:	10%



Die gemeente is deurgaans offervaardig. Die 10% wat aandui dat hulle nie offer nie, sluit ook in lidmate wat 70jaar en ouer is. In terme van ’n kerkraadsbesluit, is dié lidmate nie meer onder verpligting om te offer nie. Enkeles van dié offer wel, terwyl andere nie meer offer nie. Werkloses is nie onder verpligting om te offer nie. Dit wil voorkom asof van die 23% werkloses soos aangedui in vraag 4 van afdeling A wel deelneem aan een of ander vorm van offer. Die 23% wat hul volle tiende offer is eintlik baie goed, veral as in gedagte gehou word dat die oorgaan na dié stelsel relatief nuut is.

15. Ek is so betrokke in die gemeente

glad nie	:	86%
vrouebediening	:	7%
kerkraad	:	4%
kerkkoor	:	4%
gestuurdheid	:	3%
diakonie (SGD)	:	1%
sondagskool	:	1%
CYM	:	0%
brigade	:	0%
CKB	:	0%



Daar is ’n verstommende 86% wat aandui dat hulle nie by die gemeente se organisasies en die werksaamhede daarvan betrokke is nie. Dit dui op ’n gesindheid van apaties wees. Indien ons hierdie inligting vergelyk met dié van vraag 18.9 van afdeling B dan smag 86% daarna dat die God wat stuur aan hulle bekend gemaak moet word. Dus moontlik die oplossing vir dié onbetrokkenheid wat met die identifisering van spesifieke behoeftes aangespreek kan word. Die 20% is duidelik die tradisionele groep wat na alle waarskynlikheid op geen ander manier betrokke sal wil wees nie. Die tradisionele en missionale strome kan eweneens gelyklopend plaasvind, mekaar aanvul, verryk en toelaat dat God se gees hulle wedersyds beïnvloed.

16. my gawes wat ek aan die gemeente beskikbaar kan stel

organiseer	:	13%
beplan	:	27%
gasvry	:	60%
leiding gee	:	13%
ander	:	24%



Daar is 60% van die respondente wat aandui dat hulle die gemeente met die gawe van gasvryheid kan bedien. Diegene wat kan organiseer (13%), beplan (27%) en leiding gee (13%) is in minderheid en hou moontlik verband met die intelektuele vlak wat relatief laag registreer na aanleiding van vraag 7 van afdeling A. Die inligting dui nietemin aan dat onbetrokke lidmate tog nie volledig apaties teenoor die gemeente staan nie.

17. Ek kan of dra reeds die volgende by tot die gemeente

energie	:	28%
produkte	:	57%
hulp/diens	:	36%
advies	:	16%
geen/niks	:	20%



Dié inligting herbevestig dat lidmate nie volledig apaties teenoor die gemeente staan nie, maar op ander maniere wat moontlik nie so duidelik sigbaar is nie betrokke is of wil wees.

18.1. Gereelde huisbesoek en gebed



'n Totaal van 70% verwag gereelde huisbesoek en gebed van die gemeente. Dit dui duidelik op die herder-kudde model.

18.2. Tussenganger tydens konflik



Dieselfde hoeveelheid respondente wat verkies dat die gemeente as tussenganger moet dien (36%), verkies dat die gemeente dit nie moet wees nie (35%). Dit hou waarskynlik verband met die feit dat lidmate alhoemeer verkies om hul eie ding te doen. Moontlik is die pad wat die gemeente normaalweg loop, naamlik dié van versoening nie die een wat lidmate op 'n gegewe moment in gedagte het nie.

18.3. Moet my geestelik laat groei



Altesaam 91% het ŉ behoefte daaraan dat die gemeente hulle geestelik laat groei. Hier is moontlik ŉ geval van konstruktiewe implikasie. Aan die eenkant (konflik) moet die kerk by sommige nie teenwoordig wees nie, maar aan die anderkant voel lidmate hulle is afhanklik van die gemeente vir geestelik groei. Dit is ook tekenend van ŉ gemeente wat binne die herder-kudde model oppereer.

18.4. Moet mense in nood bystaan



Dié behoefte bestaan by 92% van die respondente.

18.5. Moet my persoonlike status verhoog



Alhoewel 42% nie hierdie behoefte het nie, is daar tog ’n beduidende persentasie (36%) wat behoefte daaraan het dat hul persoonlike status deur die gemeente verhoog moet word. Dit is ’n aanduiding daarvan dat ’n beduidende hoeveelheid lidmate binne sisteem 3 beweeg. Dit is ’n aanduiding van selfgerigtheid en individualisme.

18.6. Aanmoediging en ondersteuning tydens lief en leed



Daar is by altesaam 93% ’n behoefte aan aanmoediging en ondersteuning tydens lief en leed. Die herder-kudde model word ook hier baie duidelik uitgewys.

18.7. Leierskap moet sterk uitkom vir sake



79% van die respondente het ’n behoefte daaraan dat die leierskap sterk uitkom vir sake. Dit is weereens ’n sterk aanduiding van die herder-kudde model waarbinne die gemeente opereer.

18.8. Moet my begrafnis hou



70% dui aan dat daar ’n behoefte is dat die gemeente hul begrafnis moet hou. In dié geval is dit ook aanduiding van die model, naamlik herder-kudde waarbinne die gemeente opereer.

18.9. Moet die God wat stuur aan my bekend maak



97% het ŉ behoefte daaraan dat die God wat mense stuur aan hulle bekend gemaak moet word. Dit is moontlik die groep, wat as hulle oë geopen is vir die *missio Dei*-geleenthede, self ook uitgestuur kan word en betrokke word by die uitdagings waarvoor die gemeenskap staan.

18.10. Moet my los en het niks met my uitwaai nie



64% het ŉ behoefte daaraan dat die gemeente hulle nie moet los nie. Dit dui ŉ beduidende hoeveelheid aan wat ŉ sterk afhanklikheid jeens die gemeente voel.

19. My indruk van die gemeente se verenigings

die beste in die dorp	:	10%
ŉ goeie geleentheid vir geestelike groei	:	70%
so-so	:	15%
die swakste in die dorp	:	2%



Ten spyte van die feit dat 86% by vraag 15 van afdeling B antwoord dat hulle nie betrokke by die verenigings is nie, dui 70% hier aan dat die verenigings ’n geleentheid vir geestelike groei is. Dit bevestig dat daar nie volledig apaties teenoor die gemeente gestaan word nie. Moontlik is die bedoeling dat daar geleentheid vir geestelike groei is indien die inhoud van die verenigings aangepas word!

20. My algemene indruk van ons lof-en aanbiddingsgroep

smaakvol	:	23%
aanvaarbaar	:	62%
fokus op die self	:	7%
nie te goed nie	:	6%
geen	:	3%



62% dui aan dat die groep aanvaarbaar is. Dit hou moontlik verband met die ouderdomsgroep van die respondente soos aangedui in vraag 1.b. van afdeling A. Dit is nietemin positief vir ŉ gemeente met ŉ hoë bevolking van bejaardes.

21. My algemene indruk van gemeente se geestelike toestand

uitstekend	:	11%
groeiend	:	57%
goed	:	16%
arm	:	13%
geen	:	2%



Die response dui daarop dat daar nie ŉ gesindheid van absolute vyandigheid heers jeens die gemeente nie.

22.1 Roepingsbewustheid van die kerkleierskap



67% is negatief teenoor die roeping van die kerkleierskap / kerkraad.

22.2. Beplannings-en organiseringsvaardighede van die kerkleierskap



Altesaam 53% van die respondente registreer negatief teenoor die kerkleierskap / kerkraad.

22.3 Vertroulikheidswaardes teenoor vergaderings en lidmate



69% van die respondente is negatief hieroor.

22.4. Diep geestelike groei met sterk geestelike dissiplines



Daar is altesaam 69% van die respondente wat negatief is oor die geestelike groei en dissiplines van die kerkleierskap / kerkraad.

22.5. Ywerig en inspirerend en spoor lidmate aan tot nuwe inspirasie



Altesaam 72% van die respondente is hieroor negatief.

Die feit dat die kerkleierskap / kerkraad deurgaans negatief registreer, is beslis rooi ligte vir die kerkleierskap.

23.1. Dominee vaar uitstekend in sy werk



69% is positief oor die werk van die leraar.

23.2. Uitstekende verhoudinge met die gemeente



56% is positief oor die verhoudinge van die leraar met die gemeente.

23.3. Preke is kort, kragtig en sielskos vir die gemeente



70% is hieroor positief.

23.4. Dominee moet self preek en administrasie doen



41% meen die dominee kan gerus meer van die kerkraadslede en lidmate gebruik maak vir prediking en administrasie, terwyl 19% meen die dominee moet liefs self preek en die administrasie doen. Alhoewel 40% onseker is, dui dit tog ŉ beduidende skuif aan in die rigting van die liggaamsmodel, veral as in gedagte gehou word dat die gemeente huidig ŉ sterk herder-kudde model het.

23.5. Dominee se huisbesoekprogram



53% voel die dominee kan gerus al die lidmate besoek of hul siek of gesond, meeleef met die gemeente of nie. Dit bevestig weereens die herder-kudde model binne ŉ sisteem 4.

24. Persoonlike probleme wat ervaar word

dobbelary	:	-
alkohol/dwelms	:	24%
buite-egtelikheid	:	7%
geweldadigheid	:	5%
geen	:	46%
ander	:	27%



25. My indruk van die gemeentelike administrasie en kantoor

deursigtig en verantwoordbaar	:	26%
presies en akkuraat	:	28%
goeie stelsels wat nog kan verbeter, is in plek	:	45%
slordig	:	1%



Oor die algemeen is die respondente positief oor die gemeentelike administrasie (finansies ingesluit) en die kantoor van die gemeente. 45% dui aan dat goeie stelsels handhaaf word, maar dat dit nog kan verbeter. Dit klop met die indruk dat die gemeente ’n groeiende gemeente is (vraag 21).

26. Die toekoms van die gemeente

groeiend	:	54%
groter betrokke by die gemeenskap	:	31%
bly soos dit is	:	11%
sterwend	:	4%



Die 54% van die response wat aandui dat die gemeente se toekoms groeiend is, is aanduiding van genoegsame "good will" in die gemeente.

27. Simbole in die gemeente



Ten spyte van die feit dat 74% hul Khoe-San afstammelingskap erken, is slegs 30% begerig om dit in die gemeente weerspieël wil sien. Dit wys duidelik heen na die invloed van globalisering en internasionalisering. Die simboliek het oor dekades heen versand. **Vraag**: Wat is die korrelasie met die ouderdomme? In ander woorde, watter is bejaardes en watter uit die jonger geslag vorm deel van die 30%? Die korrelasie getref, dui aan dat daar geen verband is tussen die ouderdom en die voorkeur van lidmate nie.

28. Toestand van gemeente se eiendom:

dis goed soos dit is en kan net so bly	:	15%
dit kan net so bly, maar benodig beter sekuriteit	:	45%
dis baie verwaarloos en het dringend opknapping nodig	:	14%
dis baie verwaarloos en het dringend opknapping en beter sekuriteit nodig	:	26%



Vraag B28

Dit lyk nie asof die geringe mate van verwaarlosing die gemeente pla nie. Miskien sou dit beter wees om nog ’n kategorie te hê wat lui: dis effe verwaarloos en het opknapping en sekuriteit nodig.

29. opinie van die gemeente se beplanning

baie goed	:	16%
kan verbeter	:	78%
swak	:	4%
geen beplanning	:	2%



78% van die respondente het ’n opinie dat die beplanning van die gemeente kan verbeter. Dit is ’n area waaraan die gemeente aandag behoort te gee.

30. Die kommunikasie van die gemeente met die lidmate

baie goed	:	7%
kan verbeter	:	72%
gangbaar	:	10%
Swak	:	11%



Die response van 72% wat meen die kommunikasie van die gemeente met die lidmate kan verbeter, dui moontlik ’n verband tussen die kommunikasie en gemeente-betrokkenheid aan.

31. My opinie oor konflik in die gemeente die afgelope 2 jaar

geen konflik waarvan ek bewus is nie	:	73%
minder ernstige konflik	:	15%
ernstige konflik	:	3%
ernstige konflik sodat van die leiers of lidmate die gemeente verlaat het	:	8%



Vraag B31

Die 73% van die respondente wat aandui dat daar geen konflik is nie is baie positief en is waarskynlik vanweë die rol wat die huidige leraar speel deur die manier van omgaan met die lidmate en die kerkleierskap.

32.1 Voorkeur ten opsigte van kampe



78% toon aan dat die kerkleierskap ten minste een keer per jaar ’n kamp reël met geestelik-sosiale inslag.

32.2. Kampe vir families



72% is van mening dat dit nie nodig is vir die kerkleierskap om kampe vir families te reël nie. Dit wil voorkom asof die gemeente ten gunste van kampe vir die gemeente as geheel is, maar afwysend staan teenoor kampe vir families. Die verskynsel van individualisme en privaatheid steek ook hier kop uit.

32.3. kampe vir verenigings



Altesaam 42% van die respondente staan negatief teenoor die reël van kampe vir verenigings deur die kerkleierskap, terwyl 34% ten gunste daarvan is en 25% meen die verenigings kan dit self reël.

2.2.3 Geografiese identiteit

Die lidmate van die VGK Saron vorm 'n inherente deel van die groter Suid-Afrikaanse bevolking, spesifiek die Wes-Kaapprovinsie. Nouer afgebaken vorm dit onderskeidelik deel van die Kaapse Wynland Distriksmunisipaliteit en die Drakenstein Munisipaliteit.

Kaart van die Weskaap-provinsie met die Kaapse Wynland Distriksmunisipaliteit (gekleur) Uit http://upload.wikimedia.org/wikipedia/commons/c/c5/ (Gekontroleer 27-10-2011)

Die Kaapse Wynland Distriksmunisipaliteit bestaan uit die volgende plaaslike munisipaliteite, naamlik Breederivier/Wynland, Breedevallei, Drakenstein, Stellenbosch, Witzenberg en WCDMA02. Saron vorm die Noordelike eindpunt van die Drakenstein Munisipale gebied.



Kaart van Drakenstein Plaaslike Munisipaliteit (ongeveer 1538km² groot). Uit: GOP 2010/2011

Die Drakenstein Plaaslike Munisipaliteit sluit in Simondium in die Suide, Paarl en Wellington as hoof stedelike sentrums, Gouda en Saron in die Noorde, Hermon as Middel-wes, die landelike areas Wes van die R45 as westelike grens met die Klein Drakenstein-, Limiet- en Saronberge as Oostelike grens.



Kaart dui die eiendom van die VGK Saron aan. ▭ Dit vorm die historiese kern van die dorp.Uit: Drakenstein Munisipale Argief.

2.2.2.2 Lidmate in gemeenskapsverband

Die volgende tabel dui belangrike gemeenskapsinligting (2001 sensus-statistiek) aan waarvan die lidmate van die VGK Saron deel uitmaak:



Saron: Aantal Manlike/Vroulike Persone in verskillende Ouderdomsgroepe



Saron: Aantal huishoudings in verskillende Inkomstegroepe



Saron: Aantal gesinne in verskillende Gesinsgroottegroepe

Saron: Aantal Persone in verskillende Etniese Groepe

2.2.2.3 Lidmate van die VGK in verhouding met ander kerke

LW: Slegs drie denominasies se 2010 getalle is beskikbaar. In die lig hiervan word die inligting van ʼn veldopname deur Drakenstein Munisipaliteit in 1996 gebruik. Dit bied ʼn idée van wat die verhouding min of meer is.

Denominasie	Aantal siele	%
Verenigende Gereformeerde Kerk	4608	89,72
Metodiste	7	0,14
Pinkster Protestants	7	0,14
Apostolies	79	1,53
Rooms Katoliek	14	0,28
AGS	37	0,72
Anglikaans	51	0,99
Ander	331	6,48
TOTAAL	**5134**	**100**

Die VGK Saron is tans die grootste denominasie en is strategies geposisioneer om veranderinge te fasiliteer.

2.2.3 Bywoning van eredienste en bidure deur lidmate

Aanvanklik is lidmaatskap verkry deurdat die Rynse Sendinggenootskap die Khoe-San ontworteldes en rondswerwende slawe versamel, "bekeer" het en so lidmaatskap aan hulle toegeken het. Vanweë ʼn toestroming tot Saron is streng wette deur die Rynse Sendinggenootskap ingestel. Hierdie wette moes nougeset deur diegene aan wie lidmaatskap toegeken is, nagekom word. Die bywoning van eredienste deur lidmate is ten nouste gekoppel aan die nakoming van sodanige wette asook die goedgunstigheid van die Rynse Sendinggenootskap.

As sodanig was daar aanvanklik ŉ sterk element van dwang teenwoordig betreffende die bywoning van eredienste deur die lidmate. Daar is van diegene wat in die onmiddellike omgewing werksaam was, verwag om volgens ŉ ongeskrewe reël elke tweede Sondag die kerk by te woon (Plaatjes 1960:16). Dit het moontlik die weg gebaan vir lidmate om toe te laat dat hul persoonlike omstandighede die bepalende faktor word vir meelewing en betrokkenheid by die gemeente.

Dit dien verder gemeld te word dat die eerste kerkgebou ŉ koeistal was, terwyl die eerste skoolgebou in ŉ ou wynkelder begin het (Plaatjes 1960:6). Die feit dat die evangelie (Jesus Christus) self in ŉ koeistal gebore is, is sterk motivering vir die lidmate van die gemeente om te weet dat Jesus Christus as tweede openbaring van God aan hulle, as die evangelie vanuit ŉ koeistal geopenbaar is.

Teen 1990 het die gemeente twee keer op ŉ Sondag vir ŉ erediens versamel, te wete soggens en saans. Huidig is daar slegs een erediens. Laasgenoemde is enersyds vanweë die feit dat begrafnisse (huidig op Saterdae) op ŉ Sondag plaasgevind het en lidmate nie weer na die aanddiens opgekom het nie. Andersyds het die vervoer wat lidmate na die stad vir hul weeklikse werk moes neem, alreeds 14h00 die Sondagmiddag vanaf Saron vertrek. In feitlik alle gevalle het lidmate die Sondag na hul werksplekke vertrek en eers weer die Vrydagaand huis toe gekom. Dit het gemaak dat ŉ groot hoeveelheid lidmate glad nie op die gebruiklike Woensdagaand by ŉ biduur uitgekom het nie. In gesprekke met lidmate is dit duidelik dat lidmate tydens die eerwaarde-era oor die algemeen gereelde kerk-en biduurbesoek gedoen het. Die afkondigingsboeke sedert ds. Plaatjes se tyd dui egter aan hoe daar herhaaldelik begin is om pleidooi te lewer dat lidmate tog die biduur Woensdagaande moet bywoon. Die tendens om Woensdagaande se biduur te verwaarloos het geleidelik deurgesypel na Sondae se aanddienste waarvolgens lidmate al hoe meer hul omstandighede toegelaat het om te bepaal of hulle die erediens bywoon of nie. Hedendaags is die televisie ook ŉ belangrike bepalende faktor in dié verband. Dit is veral die gewilde Afrikaanse program, 7de Laan, wat voorkeur bo die biduur kry.

Die registers van die gemeente gee aanduiding van die bywoning van eredienste deur lidmate. Die gegewens wat hieronder verskyn, kom uit die gemeentelike registers en wil figuur 1 aan die een kant die afgelope 10 jaar se bywoning van die

eredienste deur lidmate verteenwoordig, terwyl figuur 2, aan die ander kant lidmaattendense wil uitwys deur vir die afgelope 25 jaar elke 5 jaar na die getalle te kyk.



Figuur 1

Daar is duidelike tendense wat uit die bostaande grafiek in Figuur 1 getrek kan word waarvan die volgende die belangrikste is:

- Meer lidmate is geneig om kerkbesoek te doen tydens feestelike geleenthede soos die kersseisoen, aflegging van belydenis van geloof, paasfees, pinksterfees of spesiale geleenthede wat gereël word.
- Die leraar se teenwoordigheid speel ook ’n rol. Indien lidmate weet die leraar lei die erediens, is daar ’n groter geneigdheid om die kerk te besoek.
- Die weer speel ongetwyfeld ’n rol in die bywoning van die eredienste deur die lidmate. Indien dit reën, is dit meestal lidmate wat persoonlike vervoer tot hul beskikking het wat die erediens bywoon.
- Indien een of ander groot gebeurtenis gedurende die week plaasvind, is lidmate meer geneig om die daaropvolgende Sondag die erediens by te woon met die verwagting dat die kerkleierskap duidelike rigting oor die aangeleentheid sal aandui.

Die onderstaande grafiek dui die groei-afname tendense van die gemeente aan oor ŉ periode van 25 jaar sedert 1986 tot 2010. Ammerman (1998:138) is reg met sy opinie dat ŉ studie sonder hierdie inligting nie volledig is nie aangesien dit die verbondenheid van lidmate aan die gemeente wys.

Alhoewel lidmaat statistiek ŉ lae prioriteit in die gemeente geniet het, was dit tog moontlik om met al die beskikbare bronne ŉ betroubare statistiek rekord daar te stel. Vir die finale berekening van die afgelope 25 jaar se getalle is die volgende bronne gebruik: NG Kerk SA: Argief, lidmaat- en sterfte-registers van die gemeente asook ringstukke.



Figuur 2: Grafiek met verspreiding van lidmate oor 25 jaar sedert 1986 tot 2010

Die volgende tendense word uit bostaande grafiek getrek:

- Die lidmaattal in 1987 toon ŉ daling wat toegeskryf kan word aan die vakature wat ontstaan het vanweë die skielike heengaan van wyle ds. Jan Minnaar. Met die koms van die huidige leraar in 1988 het ŉ opbloei plaasgevind. Die getal lidmate het drasties in 1989 verhoog. Dit hou heel waarskynlik verband met die belangrike posisie wat die leraar oor die algemeen beklee en die feit dat die leraar betreklik jonger as die vorige leraars was.
- In 1993 word ŉ verdere afname getoon. Die stigting van die Calvyn Protestantse Kerk op Saron hou verband hiermee.
- Die meeste (1998) asook die minste (2000) getalle word in die derde vyfjaar periode (1996 tot 2000) gevind. Dié drastiese insinking in lidmaattalle is vanweë

die afstigting van Gouda-wyk in 1997. Die administratiewe proses is in 1998 voltooi en die getalle wys in die daaropvolgende jaar.

- Alhoewel die groei tussen 2001 tot 2005 asook 2006 tot 2010 baie gering is, is daar tog ’n opwaartse neiging in die groei van die lidmaattal. Dit kan moontlik verband hou met die begrafnisbeleid wat nou weer ruimte laat vir al die lidmate om uit die kerk begrawe te word asook die natuurlike vermindering deur sterftes.

2.2.3.1 Die leierskap van die gemeente

2.2.3.1.1 Leierskapspatrone in die VGK Saron

Die gemeentevraelys het die bestaande leierskapspatrone in die VGK Saron blootgelê. Die eerste patroon het te make met die erfenis van die Eerwaarde-sendeling, terwyl die tweede patroon te make het met die tipe leierskap wat in die Eerwaarde-sendeling era gebore is. Indien hierdie patrone in konteks verstaan word, kan dit ook binne die konteks verander word.

2.2.3.1.2 Erfenis van die eerwaarde-sendeling

Die gemeente is van die begin af deur eerwaardes van die Rynse Sendinggenootskap bedien. Sodoende het hierdie amp van die begin af ’n belangrike een geword. Die eerwaarde het die teologie, beleid, waardes, norme asook denke van die Rynse Sendinggenootskap verteenwoordig en moes gereeld aan die Genootskap in Barmen, Duitsland verslag doen. Op dié wyse is verseker dat die denkwyse op Saron gemonopoliseer is. Die eerwaarde was die brein van die gemeente. Hierdeur is verseker dat ’n kerkleierskap uit die gemeente ontwikkel wat nie mede-verantwoordelikheid vir die gemeente se groei en ontwikkeling geneem het nie, maar eerder die eerwaarde in feitlik alle opsigte slaafs nagevolg het.

Daar is feitlik op nie een van die gebiede van evangeliebediening, die onderwys asook die gereg geleentheid gebied om ’n leierskap te ontwikkel wat hulle in staat gestel het om hul gawes en talente te ontdek nie. Die leierskap kon hulle nie in hul roeping uitleef en gevolglik ook nie die lidmate inspireer om ook húlle gawes en talente as die Liggaam van Christus te ontdek nie.

Dit is egter belangrik om te noem dat die eerwaardes ten spyte van bepaalde leemtes tog hul roeping binne die konteks van hul tyd betekenisvol uitgeleef het. Die

gemeente was nog altyd deur één eerwaarde en later één leraar op ŉ slag bedien ten spyte van die feit dat die gemeente getalsgewys gegroei het.

Indien na die lys van leraars / eerwaardes wat die gemeente bedien het gekyk word, is dit duidelik dat die gemeente tot voor 1988 voorkeur gegee het aan bedienaars van die Woord met hoë ouderdomme.

Indien met lidmate hieroor gesels word, kom ŉ mens onder die indruk dat dit eintlik gegaan het om respek, waardigheid en gesag wat gedien moes word. Daar is egter nie rekening gehou met die snelle groei van die gemeente aan die eenkant en die geleidelike afname van die menslike gestel aan die anderkant nie. Hierdie toedrag van sake het tot gevolg gehad dat die gemeente in dié tyd getalsgewys gegroei het, maar geleidelik geestelike agteruitgang beleef het.

Met die skep van ŉ tweede leraarspos aan die einde van 1992 en die daaropvolgende beroep in daardie pos is die gemeente deur twee relatiewe jong leraars bedien.Die tweede leraarspos is geskep en gevul met die opdrag om die Gouda-wyk (toe bestaande uit 12 subwyke) uit te bou en gereed te kry vir afstigting. Die afstigting van Gouda-wyk wat aanvanklik beplan was vir die naweek van 13-15 Desember 1996 het vanweë onvoorsiene omstandighede toe eers plaasgevind op 14 Februarie 1997.

Die leraar het nog altyd ŉ sleutelrol en spesifiek dié van ŉ vader/moederfiguur (Hendriks 2004:123) in die gemeente gespeel soos blyk uit die etnografiese navorsing wat gedoen is. Die gemeentevraelys bevestig die herder-kudde model van bediening, die sisteem 3[2] benadering en die sterk individualisme wat in die gemeente setel.

---

[2]In *Systems-sensitive Leadership: Empowering Diversity without Polarizing the Church*, 2000 ondersoek Armour en Bowring sisteem denke binne groepe en individue. Hulle bespreek hoe om daarmee om te gaan op ŉ manier wat nie die kerk verdeel nie. Daar is agt maniere (sisteme) wat hulle identifiseer oor hoe om na die wêreld te kyk. Dit bring mee dat gemeenskappe, organisasies en individue beskryf kan word in terme van ŉ hoofsisteem waarin hulle val. Terselfdertyd kan eienskappe van meer as een sisteem by elk gevind word. Opsommenderwys word die sisteme as volg ingedeel: **Sisteem 1:**Fisiese oorlewing is belangrik. **Sisteem 2:** Persoonlike veiligheid in ŉ wêreld van onsigbare magte. **Sisteem 3:** Fisiese veiligheid in ŉ wêreld van vyandige menslike magte. **Sisteem 4:** Morele en sosiale stabiliteit. God is die outeur van die waarheid. Respek vir die Bybel is belangrik**. Sisteem 5**: Persoonlike prestasie. Doelgedrewe. God is ŉ persoonlike vriend. **Sisteem 6:** Bou verbondenheid.

Die Eerwaarde-sendeling erfenis van die verlede het letterlik álles gedoen. Dit was die enigste leierskap. Dié patroon is so diep in die siel van die gemeente geëts dat die lidmate dit van elke leraar wat daarna gekom het verwag het om die "expert" en "key player" in die gemeente te wees.

Die herder-kudde model is baie sterk in die gemeente en ŉ bewys van die sterk fokus op die amp van die leraar. Die gemeentevraelys het dit duidelik uitgewys. Die verwagting van baie lidmate is steeds dat die leraar óf alles doen óf oral betrokke moet wees óf ten minste sy seëning plaas op bepaalde aspekte. Die res van die leierskap se handelinge word getoets aan die leraar se goedkeuring daarvan al dan nie. Hierdie tendens loop regdeur die bediening in die gemeente.

Alhoewel daar aanduiding is dat lidmate besig is om geleidelik daaruit te groei, heg baie lidmate steeds meer waarde aan die erediens indien die leraar dit self waarneem. Die navorsing het ongetwyfeld die behoefte van die VGK Saron blootgelê aan ŉ aktiewe kerkleierskap wat hul gawes ontdek, die begrip *missio Dei* ten volle verstaan en gevolglik die gemeente van ŉ bediening van instandhouding na ŉ bediening van gestuurdheid kan lei.

2.2.3.1.3 Die gewillige onbekwame kerkraad

Gesien binne die konteks van die VGK Saron is die patroon van die Gewillige Onbekwame Kerkraad ŉ logiese uitvloei van die Eerwaarde-sendeling Leierskapspatroon. Die leierskap wat sy ontstaan het in die Eerwaarde-sendeling era, blyk passief te wees. Vanweë dié historiese konteks is dit moeilik vir die Kerkraad om werklik eienaarskap van die evangelie en gevolglik ook die gemeente te neem. Die verwagting is dat die leraar al die besluite moet neem en daarmee saam ook die verantwoordelikheid en die konsekwensies.

Die gemeentevraelys toon dat die Kerkraad deurgaans negatief deur die lidmate ervaar word, veral ten opsigte van sake soos roepingsbewustheid, beplannings- en organiseringsvaardighede, vertroulikheidswaardes teenoor die vergaderings en

---

God heel en versoen. **Sisteem 7:** Sistemiese gesondheid. **Sisteem agt:** Hollistiese identiteit. Bring diverse elemente byeen om globale probleme op te los.

lidmate, ensovoorts (sien 2.2.4.2.). Die Kerkraad is dus gewillig, maar word in die oë van die lidmate gesien as onbevoeg.

In die lig van die gemeentelike response, vereis die gemeente egter ŉ transformasie. Die kritieke vrae is: Watter soort leierskap is nodig? Wat moet met die huidige leierskap gebeur? Dit bring ons by die punt hoe die gemeente die huidige leierskap ervaar.

2.2.4 Die huidige leierskap

Die leraar speel ŉ baie sterk rol in die gemeentelike lewe. Uit die gemeentevraelys is dit ook duidelik dat die lidmate positief oor die leraar se werk is. Die kerkraad presteer nie dieselfde nie. Die volgende inligting is selfverduidelikend:

(a) 69% meen die leraar vaar uitstekend in sy werk.
(b) 56% is van opinie dat die leraar uitstekende verhoudinge met die gemeente handhaaf.
(c) 70% sê die preke is kort, kragtig en sielskos vir die gemeente.
(d) 53% meen die leraar moet alle lidmate besoek of hulle kerk bywoon of nie.

Daarbenewens word die kerkleierskap (kerkraad) as volg deur die lidmate ervaar:

(a) 67% is negatief oor die roepingsbewustheid van die kerkleierskap.
(b) 53% staan negatief teenoor hul beplannings- en organiseringsvaardighede.
(c) 69% ervaar die kerkleierskap negatief as dit kom by vertroulikheidswaardes teenoor vergaderings en lidmate.
(d) 69% is negatief oor hul diepe groei met sterk geestelike disciplines
(e) 72% meen die leierskap is nie ywerig en inspirerend nie en spoor nie lidmate aan nie.

Terwyl hierdie toedrag van sake rooi ligte is vir die kerkleierskap, is dit belangrik dat met bepaalde realiteite rekening gehou moet word: eerstens is daar die erfenis van die eerwaarde-sendeling era wat impakteer op die leierskap en tweedens is 38% van die response se opvoedingsvlak graad 7 tot graad 9. Hierdie is die kerngroep.

Dit is dié groep wat op nabygeleë plase en in die dorp werkies opneem en ook die groep waaruit die leierskap van die gemeente kom. Laastens is diegene met sterk leierspotensiaal terselfdertyd ook diegene wat deur die week in Kaapstad en op

plase werk. Diegene wat tersiêre opleiding voltooi, wyk ook weer uit na groter dorpe en stede om daar betrekkinge te aanvaar. Op dié manier verloor die gemeenskap en die kerk baie van hul entrepreneurs asook opgeleide en bekwame mense wat nie weer terug kom Saron toe nie. Diegene wat in die dorp agterbly, is gewillig, maar dit ontbreek hulle aan die wil om sterk leiding en eienaarskap van die gemeente op te neem. Verder het meeste van diegene wat plaaslik is en professionele posisies beklee, nie die geduld om met gewilliges ŉ pad te loop nie.

2.2.5 Administrasie van die gemeente

Die totale administrasie (finansies en diakonie ingesluit) van die gemeente is vroeër deur die eerwaarde (sendeling) en later deur die leraars wat daarna gevolg het, gedoen. Baie administratiewe handelinge het ongelukkig eenvoudig tussen die hande van die eerwaarde / sendeling / leraar deur geval en is eers dekades daarna ontdek wanneer na daardie inligting gesoek word.

Die finansies van die gemeente is wel sedert 1984 tot 1991 op ŉ naweekbasis deur ŉ persoon met die naam van Henry Lesch wat voltyds in diens van die privaatsektor was, hanteer. Alhoewel hy dit uitstekend kon doen, was dit steeds ongemaklik omdat hy aanvanklik slegs naweke fisies met die finansies betrokke kon wees. Dit is eers toe hy vanweë swak gesondheid vroeg met pensioen aftree dat groter aandag aan die gemeente se finansies geskenk kon word. Namate sy gesondheid verswak het, het dit onmoontlik geword met die eise verbonde aan die bestuur van die finansies. Die huidige leraar moes uiteindelik die keuse maak: óf hy bestuur self die algehele administrasie (finansies ingesluit) van die gemeente en skeep die pastorale verantwoordelikhede af óf hy beïnvloed die gemeente om self die verantwoordelikheid van die administrasie te neem en daarmee saam die ontsettende vreemdheid wat dit vir lidmate ingehou het.

Die keuse het op laasgenoemde geval. Vanweë die feit dat hierdie aspek tradisioneel beskou is as deel van die leraarsverantwoordelikheid het dit nie sonder stramheid van sommige lidmate gepaard gegaan nie. Die gemeentevraelys toon dat daar 19% van die respondente van opinie is dat die administratiewe verantwoordelikheid dié van die leraar is.

Vandag word die gemeente se administrasie deur ŉ Hoofuitvoerende- asook ŉ Administratiewe Beampte hanteer. Terwyl die totale administrasie van die gemeente

deur die Kerkorde, Algemene Bepalinge en Reglemente van die Streeksinode Kaapland gereël word, het die volgende geweldig baie gehelp om die status quo tot ŉ mate te verskuif: groter fokus is op geestelike groei en gemeentelike verantwoordelikheid begin plaas, deursigtigheid en verantwoordbaarheid met verslaggewing is aangemoedig asook streng interne beheermaatreëls, -stelsels en beleid is geïmplementeer. Die lidmate spreek as volg opinie uit oor die hantering van die administrasie en finansies soos dit tans daarna uitsien: 26% meen dit is deursigtig en verantwoordelik, 28% is van opinie dat dit presies en akkuraat is, terwyl 45% reken die stelsels is goed, maar moet nog verbeter. 1% is van opinie dat dit slordig is.

Die diakonale verantwoordelikheid van die gemeente setel sedert Oktober 2010 in BADISA Saron Gemeenskapsdiens, ŉ geregistreerde Nie-winsgewende Organisasie wat ŉ gesamentlike bediening van die NGKSA (Wes-en Suid-Kaap sinodes) en die VGKSA (Kaapland sinode) is. Die Kerkraad van die VGK Saron het vir die afgelope 21 jaar as regspersoon opgetree. Die diens aan die gemeenskap word gelewer deur die volgende personeel: ŉ maatskaplike werker en ŉ ontwikkelingswerker met administratiewe verantwoordelikhede. Hierdie diens word later breedvoeriger bespreek onder die opskrif, **eksterne bediening**.

2.3 Materiële bronne

Die materiële bates van die gemeente is ten nouste verweef met die lidmate van die gemeente en dra op unieke wyse by tot die karakter van die gemeente. In gesprekke met lidmate kom ŉ mens agter dat genoemde bronne eintlik belangrike simbole is met spesifieke inhoud en sentimente. Die navorser is van mening dat dit belangrik is om hierdie "sacred places" en "most tangible and powerful resources" (Ammerman 1998:164) as simbole aan die eenkant te beskryf, terwyl die beskrywing aan die anderkant met ŉ visuele beeld gekomplementeer sal word.

2.3.1 Die kerkgeboue

Die gemeente het die volgende eiendom wat benut word: kerkgebou, kerksaal, ou pastorie, nuwe pastorie en lykhuis. Dit het ook gebruiksreg op die ou kliniek waarin die administrasie van die diakonale program asook die kerkadministrasie geskied. Die volgende is belangrike feite ter sprake ten opsigte van die kerkgeboue van die gemeente:

2.3.1.1 Die kerk

Die eerste kerkgebou was ’n koeistal wat 200 mense gehuisves het (Plaatjes 1960:6). Met die vlytige hulp van die Saroners, wat sonder betaling gewerk het, is ’n nuwe kerkgebou in April 1853 ingewy (:8). Namate die gemeente gegroei het, is vereis dat ’n fondamentsteen van ’n nuwe vlerk op 25 April 1895 gelê word (:13).

Vandag versimboliseer hierdie imposante kerkgebou (Botha 2001:iv) in aktiwiteite soos eredienste, bidure, feestelike geleenthede, begrafnisdienste, huweliks-bevestigings, ringsittings, vroue-en ander verenigingsbyeenkomste asook belydenis-aflegging - ’n kombinasie van lief en leed asook geloof en vertroue. Dit is veral vir ouer lidmate vertroostend indien hul kinders vanuit dieselfde kerk soortgelyke ervarings as hulself beleef. Indien hul kinders byvoorbeeld vanuit die kerk trou, is daar vreugde, maar indien hulle tuintroues elders het, is dit vir ouers ’n pynlike ervaring. Aanpassings in dié opsig word egter geleidelik waargeneem. Eweneens is dit vreugdevol vir lidmate indien hul kinders of geliefdes vanuit die kerkgebou begrawe word, maar pynvol indien dit om een of ander rede nie kan gebeur nie.

Die Kerkgebou

2.3.1.2 Die kloktoring met klok

Die klok is ’n belangrike simbool vir die gemeente. Dit staan in noue verband met die verkondiging van die Woord van God. Bo en behalwe die bekendmaak van die aanvang van kerkdienste het dit vroeër ook die volgende doel gedien: waarskuwing ten tye van gevare soos brande asook kennis van sterfte of van een of ander groot gebeurtenis. Indien die klok gelui het, het almal, ongeag hoe laat dit was, na die kerk toe opgetrek. Hulle het net geweet: Dis of moeilikheid of iets belangriks!

Die volgende inskripsie wat op die klok aangebring is, naamlik: James Barwell, Birmingham, 1876 gee ’n idée van die ouderdom van die klok. Die toring is in ’n unieke Neogotiese styl gebou en het ’n klank reikwydte van ongeveer 5 km.

Die kloktoring met klok

2.3.1.3 Die kerksaal

Die kerksaal soos dit huidiglik daartoe uitsien, was aanvanklik ’n skoolgebou. Dit het begin in ’n ou wynkelder (Plaatjes1960:6). Hierna is ’n nuwe skoolgebou in 1877 opgerig (:19) en moes daar vanweë die snel groei in 1914 asook 1928 nog klaskamers aangebou word (:34). ’n Staatskool is in 1964 opgerig.

Vandag is die ou skoolgebou ’n kerksaal en word aangewend vir vergaderings, ’n dienspunt van gemeenskapsbelang (munisipaliteit en staatsdepartemente), fondsinsamelingsfunksies, dit huisves ’n voorskoolse sentrum met 160 kinders en is vroeër ook vir begrafnisse gebruik. Vanweë die strydpunt rondom begrafnisse is die gebruik vir dié doeleindes gestaak.

Die Kerksaal

2.3.1.4 Die Ou Pastorie

Hans Fransen (2004:345) in sy boek, *The Old Buildings of the Cape*, verwoord die oorsprong van hierdie gebou as volg: dit is die ou opstal van die plaas, De Leeuwenklip, met ŉ grootte van 60 morg wat in 1762 aan Cornelius De Waal toegeken is. Hilletjie Mostert (vrou van Cornelius De Waal) het die plaas ná haar man se dood in 1774 aan hul seun, Jan De Waal, getransporteer. Dit het ŉ besondere gewel wat met die herhaalde krulversiering van boloppervlak, pleisterskulp en waaiervormige skulp- versiering ŉ ewe besondere karakter en identiteit aan die gebou verleen. Die vorm het na alle waarskynlikheid van ŉ T- na ŉ H-vorm ontwikkel.

Eerwaarde Johann Külpmann het die plaas in 1846 van ene Mnr. P. J. Truter aangekoop (Plaatjes 1960:5). Dit het gedien as woonhuis vir predikante wat die gemeente bedien het. Huidig word ŉ dienssentrum vir bejaardes, ŉ sentrum vir gestremdes, ŉ tuisversorgingseenheid asook ŉ naaldwerk-industrie in die Ou Pastorie gehuisves. Die solder dien huidig as ŉ ongeorganiseerde argief.

Die Ou Pastorie

2.3.1.5 Die nuwe pastorie

Hierdie is die nuwe woonhuis vir predikante en hul gesinne en is op 10 Mei 1992 ingewy. Dit is opgerig nadat ŉ behoefte ontstaan het vir die bejaardes van die gemeente om gedurende die dag in ŉ dienssentrum gehuisves te word. Die huis is deur lidmate van die gemeente kontant opgerig. ŉ Interessantheid is dat lidmate vroeër nie die Ou Pastorie van voor genader het nie. Hulle het wel die Pastorie van

die kombuiskant genader. Vandag is daar baie groter vrymoedigheid by lidmate om die Nuwe Pastorie met hul probleme van voor te benader of om sommer net te kuier.

Die Nuwe Pastorie

2.3.1.6 Die lykhuis

Die lykhuis dien as bergplek vir die oorskot van afgestorwe lidmate asook dié van omliggende gebiede indien daar plek beskikbaar is. Vroeër, toe elektrisiteit ontbreek het, is die oorskot gedurende die week begrawe. Later is vanweë die werksomstandighede van families versoek dat die begrafnis op ŉ Sondag moet plaasvind. In sulke gevalle is die oorskot, ná al die rituele by die huis, in die grafte geplaas. Laasgenoemde is halfvol met sand opgevul en dan is die normale diensverrigtinge die naweek (Sondag) gedoen. Tans word uitbreidings wat ŉ volledig toegeruste lykhuis met kantoorfasiliteite insluit, beplan.

Die Lykhuis

2.3.2 Ander eiendom

2.3.2.1 Grond

Die grootte van die kerkgrond is 12,7335 morg en staan bekend as Gedeelte 2 van Saron No. 40. Daar is ŉ proses aan die gang waarvolgens die lidmate van die

gemeente die onbenutte kerkgrond gebruik om groente te verbou vir die barmhartigheidsbediening van die gemeente.

2.3.2.2 Die orrel

Hierdie orrel is ’n A. W. Kampmann en is slegs een van twee wat in die land is. Die ander is die eiendom van die NGK Ida naby Elliot in die Oos-Kaap. Die orrel van die VGK Saron is in 1897 vanuit Elberfeld verkry (Troskie 2010 nr 29). Dit het met ’n blaasbalk gewerk en is tydens eredienste deur lidmate in ’n aflosspan, gepomp. Daar is al verskeie pogings aangewend om hierdie erfenisstuk te herstel, maar tot dusver is dit vir die gemeente onbekostigbaar. Die orrel verdien egter om behoorlik gerestoureer te word, aangesien dit die enigste van twee in die land is, aldus Troskie.

Die A. W. Kampmann orrel

2.3.2.3 Die begraafplaas

Die begraafplaas het ’n unieke karakter met die wit ringmuur. Soos reeds vermeld, word die grafte een keer ’n jaar tydens die paasnaweek behoorlik skoongemaak. Dit is ’n belewenis om te sien hoe almal van heinde en ver stroom om hierdie funksie te verrig. Te midde van die vreugde wat tydens die skoonmaakproses heers, word nou en dan ’n traan weggepik. Die absolute deernis en respek wat met hierdie proses saamgaan, val ’n mens dadelik op.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die Begraafplaas

2.3.3 Finansies

Die finansies van die gemeente kom uitsluitlik van lidmate en wel by wyse van die gee van dankoffers. Tydens die eerwaarde era het lidmate ŉ bydragstelsel gehandhaaf. Die Bybelse beginsels van offervaardigheid is ongelukkig nie aan lidmate oorgedra nie omdat die fokus op die instandhouding van materiële bronne was. Dit het al moeiliker geword om instandhouding te handhaaf. Allerlei offers is gedurende die afgelope jare in plek gestel om instandhouding te diens, naamlik ’n pinkster-, paas-, doop- en kersoffer. Daar is al by ŉ geleentheid ŉ verjaarsdagoffer ook ingestel. Na die omskakeling van die Bydragstelsel na die Tiende-stelsel het net die kersoffer nog behoue gebly. Verder is daar die jaarlikse basaar op Paasmaandag en ’n funksie gedurende Oktober met ’n sosiale inslag, byvoorbeeld ’n debutantebal.

Dit is belangrik om die gesindheid van lidmate met betrekking tot dankoffers in konteks te plaas. Die gemeente is gestig deur die Rynse Sendinggenootskap uit Duitsland. Terwyl die gemeente aan die een kant deur die Sendinggenootskap uit Duitsland ondersteun is, het die Genootskap dit mettertyd noodsaaklik gevind dat lidmate ’n bydrae lewer. Dit is op ’n bydragkaart aangedui. Aanvanklik het dit behels dat elke familie ŉ bydrag van £1 ten bate van die onderhoud van die kerk, skool asook die eerwaarde doen (Plaatjes 1960:5). Soos vroeër vermeld, is hierdie "bydragstelsel" ongelukkig nie volgens Skrifbeginsels geïmplementeer nie. Dit het meer gegaan om die instandhouding van die kerkeiendom. Lidmate is in ’n sekere sin vir hul "bydrag" beloon deurdat hulle toegang tot die sakramente asook ’n begrafnis uit die kerk verkry het.

Dié soort "beloning" het die weg gebaan vir diep tradisie-lyne wat oor dekades heen in verskillende Godsbegrippe geploeg is. Hieroor word meer in hoofstuk vier onder

die opskrif begrafnisbeleid uitgebrei. Terwyl daar aan die een kant respek en begrip is vir tradisie-lyne, moet aan die anderkant in gedagte gehou word dat ’n verouderde kultuur veerbaarheid verloor en beginsels van beheer ontwikkel wat aanpasbaarheid of kreatiwiteit in veranderde omstandighede blokkeer (Arbuckle 1993:54). Tot vandag toe is daar lidmate wat glo dat hul "bydrag" genoeg is om bepaalde voorregte in die gemeente te koop!

Hendriks (2004:179) dui dié realiteit as volg aan: "In many churches, members have never been taught to pay their tithe. Missionaries frequently focused on a specific amount and this has caused the contributions per member to remain unchanged over a long period." Hierdie realiteit maak dit ontsettend moeilik vir lidmate om aanpassings te hanteer. Die grafiek wat volg, dui die gemeente se finansiële posisie in terme van jaarlikse inkomstes en uitgawes vir die afgelope 10 jaar (2000 tot 2009) aan.



Figuur 3: Totale inkomste en uitgawes sedert 2000 tot 2009

Die kerkraad het egter die dapper stap geneem om tydens ’n Kerkraadsvergadering in 2008 te besluit om op grond van die Bybelse beginsel met betrekking tot die gee van tiendes die lidmate voor te berei om vanaf 01 April 2009 eerder uit dankbaarheid ’n tiende van hul maandelikse inkomste te offer. Daar word nie van diegene sonder ’n inkomste verwag om te offer nie. Lidmate word ook nie gedwing om op ’n spesifieke

tyd oor te skakel nie, maar word aangemoedig om met verloop van tyd inskakeling in die stelsel te vind soos wat hulle deur die Heilige Gees oortuig word om te doen.

Die volgende grafiek toon die dankoffersituasie van die gemeente vir die periode 01 April 2009 tot 30 September 2009. Daar word interessantheidshalwe 'n vergelyking getref tussen die ooreenstemmende periode 'n jaar gelede, naamlik April tot September 2008.



	2008 Lidmate	2009 Lidmate
April	296	213
Mei	393	397
Junie	246	279
Julie	221	213
Augustus	348	318
September	202	258

Figuur 4:

Inkomste van die gemeente vir April tot September vir die jare 2008 en 2009

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.4 Verhoudingsbronne

2.4.1 Die verhouding met die breë kerk

Die VGK Saron het noue bande met die kerk op Rings-en Sinodale vlak. Op Ringsvlak vorm dit deel van die VGK Ring van Tulbagh, terwyl dit op Sinodale vlak deel vorm van die VGK Streeksinode Kaapland asook die Algemene Sinode van die VGKSA. Die Streeksinode Kaapland bestaan huidig uit 316 gemeentes en 30 Ringe wat na aanleiding van die VGK Jaarboek 2008 ’n belydende lidmaattal van 216 823 asook ’n dooplidmaattal van 189 273 aandui. Die Algemene Sinode van die VGK registreer ’n dooplidmaattal van 496 733 asook ’n belydende lidmaattal van 542 873 aandui (Jaarboek 2009).

2.4.2 Die verhouding met die plaaslike gemeenskap

Dit is belangrik dat onthou word Saron was aanvanklik ’n kerkgemeenskap. Intussen het etlike veranderinge ingetree en het ’n duideliker onderskeid tussen kerk en gemeenskap tot stand gekom. Hierdie veranderinge het egter met worsteling en konflik gepaard gegaan. Die amptelike verklaring van Saron tot ’n dorpsgebied op 29 April 1925 het terselfdertyd beteken dat die kerk se greep op die dorp verslap het. Daar is wel ’n advieskomitee in die lewe geroep wat sake van kerk- en gemeenskapsbelang hanteer het. Vandag vervul die kerk steeds bepaalde funksies wat eintlik die verantwoordelikheid van ’n plaaslike owerheid is. Die daarstel van die saal as ’n gemeenskapsfasiliteit is een van die funksies.

Histories dien die kerksaal van die gemeente as gemeenskapsaal. Dit help om op ’n sonderlinge wyse verhoudinge te bou, die gemeenskap te dien en terselfdertyd geleentheid aan die gemeenskap te bied om te deel in die onderhoudskoste van die saal (Hendriks 2004:190). Die gemeenskap benut die saal vir gesinsvieringe, vergaderings en soortgelyke aktiwiteite.

2.4.3 Die verhouding met eksterne rolspelers

Baie eksterne rolspelers in die gemeenskap maak gebruik van die kerksaal om hul dienste aan die gemeenskap beskikbaar te stel, onder andere verskeie staatsdepartemente soos Maatskaplike Dienste en Armoede-verligting, Departement Landbou en Landelike Ontwikkeling, Departement Arbeid asook die Suid-Afrikaanse Sosiale Sekuriteits-agentskap (SASSA). Verder is daar die Drakenstein Munisipaliteit, die plaaslike skole asook voorskoolse groepe met wie verhoudinge

gevestig word. Daar was ’n stadium toe die gemeentelike fasiliteite uitsluitlik vir die gebruik van lidmate daar gestel is, maar oor die jare het dinge verander en het daar alreeds verskuiwings en aanpassings gekom wat verstewiging in verhoudings meegebring en vennootskappe gevestig het. Daar is egter ruim moontlikhede om na buite gerig te bly.

2.5 Die gemeentelike bedieninge

Die bedieninge van die VGK Saron vind op twee vlakke plaas, naamlik intern (wat direk op die gemeente betrekking het) en ekstern (wat op die gemeenskap betrekking het).

2.5.1 Interne bedieninge

Hierdie bedieninge sluit die volgende in: vrouebediening, kinder-en jeugbediening (waarby die brigade, sondagskool en kinderbond ingesluit is), asook koorsang (kerk-, kinder- en juniorkoor asook die Maranatha Mannekoor).

2.5.2 Eksterne bedieninge (gestuurdheid)

Hierdie bediening verwys veral na die diakonale verantwoordelikheid wat die gemeente het ten opsigte van die breë gemeenskap. Die gemeente kon binne die bestek van 21 jaar die werksaamhede suksesvol organiseer in ’n geregistreerde Nie-winsgewende Organisasie, naamlik die Saron Gemeenskapsdiens. Sedert 01 Oktober 2011 het die gemeente hierdie werksaamheid laat aansluiting vind by BADISA, die gesamentlike diens van barmhartigheid van die sinodes van die VGKSA (Kaapland) en die NGK (Wes- en Suid-Kaap).

2.5.2.1 Visie

Die BADISA Saron Gemeenskapsdiens het tydens ’n strategiese werkswinkel gedurende Februarie 2011 die volgende visie geformuleer:

- Ons werke gee vlerke.

2.5.2.2 Missie

Die missie van Badisa Saron Gemeenskapsdiens is:

- Gedryf deur die liefde van Christus lewer Badisa Saron Gemeenskapsdiens gesinsorgdienste aan die mense van Saron en omgewing deur toegewyde, vaardige personeel en die ondersteuning van mede-rolspelers.

Dit het verder die volgende Kritiese Prestasie Areas, naamlik personeel, finansies, organisasie ontwikkeling, opleiding, fondswerwing, bemarking, batebestuur, programontwikkeling/dienslewering, administrasie, skakeling en netwerk, vrywillgers en navorsing. ’n Verskeidenheid van programme wat in die behoeftes van lidmate en inwoners voorsien, word bedryf, byvoorbeeld ’n dienssentrum vir bejaardes, ’n voorskoolse sentrum, ’n tuisversorgingseenheid, oog-op-die-kind-projek, gesinsherenigingsdienste, krale-projek, ’n opleidingsprojek vir vroue (steenmakery, bou en verf) asook ’n Lean-On-Me Vigsondersteuningsgroep. Huidig word die programme van die organisasie deur die volgende rolspelers befonds:

- Departement Maatskaplike Dienste en Armoedeverligting
- Departement Gesondheid
- VGK Saron
- Nasionale Loteryfonds
- Gemeenskapskas

2.6 Gemeente en leierskap se gesindheid teenoor profiel en bates

Die lidmate van die gemeente tesame met die leierskap openbaar oor die algemeen ’n positiewe gesindheid teenoor die profiel en bates van die gemeente. Hierdie gesindheid is veral waarneembaar in die manier waarop die lidmate en leierskap daaroor praat, toegang daartoe verkry of toegang geweier word. 45% van die respondente reken die eiendom kan net so bly, maar benodig beter sekuriteit.

2.7 Samevatting

Die doel van hierdie hoofstuk was om ’n duidelike beeld te vorm van die profiel en bates van die gemeente en hoe dit aansluiting vind by die identiteit van die gemeente. Die bronne wat onder bespreking was, is menslike bronne (lidmate, bywoning van eredienste en bidure, die eerwaarde/leraar-era en administrasie). Daar is ook ’n blik geneem op die materiële bronne soos die kerkgeboue, finansies en grond. In die verhoudingsbronne is veral gekyk na die breë kerkverband asook die verhouding met die plaaslike gemeenskap, eksterne rolspelers en die gemeentelike bediening.

Na gelang van die inligting wat versamel is, is dit duidelik dat die profiel en bates van die gemeente alreeds iets van die identiteit van die gemeente weerspieël en dat ’n nou-verweefdheid alreeds tussen profiel / bates en identiteit sigbaar is. Die inligting

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

help ook om by die doel van die studie uit te kom, naamlik om die identiteit en leierskapsuitdagings van die plaaslike VGK te identifiseer.

Dit neem ook die gemeente en leierskap verder in die ontdekking dat ŉ geloofsgemeenskap se identiteit ten diepste geanker is in die drie-enige God en dat Sy bestaansdoel geformuleer word deur God se doel met die wêreld (*missio Dei*).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 3

3. Kontekstuele analise: ekologie van die gemeente

3.1 Inleidende opmerkings

Die navorsingsvraag: wat is die verband tussen die VGK Saron se identiteit en die leierskapsuitdagings waarvoor dit staan, is van wesenlike belang. Dus, die doel is om die identiteit en die leierskapsuitdagings te identifiseer, dit duidelik te formuleer en agter te kom wat die probleme van die gemeenskap is en hoekom die leraar so sentraal in alles staan.

Indien hierdie doel bereik word en die gemeente asook leierskap kan ontdek dat ŉ geloofsgemeenskap se identiteit ten diepste gewortel is in die drie-enige God en dat sy bestaansdoel geformuleer word deur God se doel met die wêreld (*missio Dei*) kan die huidige impasse deurbreek word.

Terwyl die vorige hoofstuk gefokus het op die profiel en bates van die gemeente op drie vlakke, naamlik menslike bronne soos lidmate, byeenkomste, offers en die onderlinge verband daarvan, materiële bronne soos die kerkgeboue, grond, ens. en verhoudingsbronne soos die verhouding in breë kerklike verband en die gemeenskap, fokus hierdie hoofstuk spesifiek op die konteks of ekologie van die gemeente.

Ekologie verwys na die interafhanklikheid waaruit onderskeie elemente tot mekaar in verband staan (Hendriks 2004 70). As dit van toepassing op die gemeente gemaak word, verwys dit na die interaksie tussen die gemeente en ander gemeenskapseenhede, mense, organisasies (ook kerke en gemeentes) en kulture, sy konteks.

Die analise wat volg, is dié van die VGK Saron, ŉ plattelandse gemeente ongeveer 120 kilometer vanaf Kaapstad in die Wes-Kaapprovinsie. Soos in die vorige hoofstuk aangedui, vorm dit deel van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika (VGKSA), spesifiek die Streeksinode Kaapland.

Indien dit wat alreeds in die inleiding in Deel Een gesê is, in gedagte gehou word, naamlik dat daar teen die gevaar van te veel inligting versamel, gewaak word, kan

die vraag aan die een kant gestel word waarom daar ook nog ’n kontekstuele analise nodig is. Aan die ander kant is dit belangrik om eweneens te waak teen die weglaat van inligting wat deurslaggewend tot die konteks van die gemeente is. In die lig hiervan beskou die navorser ’n kontekstuele analise as van essensiële belang. In hierdie hoofstuk sal daar intens gereflekteer word oor die verhouding van die VGK Saron teenoor die konteks met globale en plaaslike invloede.

3.2 Kontekstuele analise van die gemeente

Die konteks van die VGK Saron word metodologies op etnografiese wyse ge-analiseer met spesifieke verwysing na die mikro-, meso- en makro-vlakke. ’n Etnografiese wyse van analiseer, behels ’n spesifieke sosiaal-wetenskaplike navorsingsmetodologie wat onder ’n breër navorsingsraamwerk, genoem interpreterende navorsing (Marais en Ellison 2007:5) sorteer. Die doel van etnografie is om ’n kultuur onder woorde te bring (:5) deur beskrywing, geskiedenis, stories en metafoor rondom vrae wat diep luister na die gedragspatrone van mense en hul geloof in mekaar in die gemeentelike lewe (:6). Soms word dit ook beskryf as die skepping van ’n kulturele portret (Osmer 2008:51).

Die beste manier om kultuur onder woorde te bring, is om soveel as moontlik lidmate van die gemeente toe te laat om self betrokke te wees hetsy by wyse van persoonlike onderhoude te voer of in die hoedanigheid as respondent. Waar lidmate self die onderhoude voer, is dit voorafgegaan deur deeglike opleiding wat deur die navorser verskaf is. ’n Eksterne leesspan wat duidelike patrone op ’n afstand beter kan identifiseer as die onderhoudspan self (Marais en Ellison 2007:6) sal die inhoud interpreteer. Op dié wyse is lidmate in ’n posisie geplaas om hul eie konteks te analiseer.

’n Kontekstuele analise is veral op die meso en mikro vlak nodig indien ’n gemeente selfgesentreerd is "....or to such an extent focused on its own institutional well-being that it loses sight of its missional character and the needs and challenges that must be addressed in its community" (Hendriks 2004:69). Die finansiële besonderhede het vroeër onomstootlik hierdie feit in die gemeentelike bediening bevestig deurdat slegs 3% van die besteebare uitgawes oor ’n periode van 10 jaar aan buite-gemeentelike aktiwiteite aangewend is, terwyl 97% vir selfonderhoud gegaan het.

Alhoewel die VGK Saron huidiglik ’n baie geringe bewustheid (3%) van haar missionale verantwoordelikheid teenoor die konteks waarin dit gemeente is, toon, is dit van wesenlike belang dat kennis geneem word van die 86% wat aandui dat die lidmate graag wil hê dat die God wat mense stuur, aan hulle bekend gemaak moet word.

Laasgenoemde feit bevestig dat die gemeente steeds grotendeels in haar self gekeer is. Dit word belangrik dat die gemeente gehelp word in die begeerte om die siekte van of geneigdheid om na binne te groei, te oorbrug (Hendriks 2004:69). Dit is immers die gemeente as geheel wat deur die drie-enige God gestuur word om die omgewing of konteks waarin dit bestaan, te beïnvloed, maar ook hoe om die invloed wat van die konteks na die gemeente uitgaan, op te vang en nuut te beïnvloed met ’n gesindheid van gestuurdheid.

In hierdie proses van gestuurdheid, luister na mekaar en wedersydse beïnvloeding is die drie-enige God se Woord en die VGK Saron die primêre agente (Hendriks 2004:74). Die primêre doelwit van die gemeente is om op die drie-enige God te fokus, na Hom te luister en te verneem hoe Hy as die God wat stuur, deur verskillende persone en kulture spreek (:74).

Wanneer lidmate self deel neem aan onderhoudsvoering, raak hulle op hierdie manier self betrokke by ’n basiese sosiologiese metodologie van gemeente-analise in eie omgewing (Hendriks 2004:17). Hierdie proses van self-analise binne die eie konteks is ’n essensiële stap in die proses van teologie doen (:17).

Op dié manier word weggedoen met ’n "top down"-analise en geboorte geskenk aan ’n "bottom-up"-teologie wat in ’n sekere sin uit die wortels van die gemeente ontstaan - ’n soort radix-teologie. Hierdie Latynse woord beteken onder andere "wortel" en verwys na daardie dieperliggende energie wat aanleiding gee tot alle beweging, gevoel en groei in ’n persoon. Binne ’n konteks van gemeentelike teologisering kom hierdie dieperliggende energie nuut vanuit die gemeente en help om prosesse soos transformasie aan die gang te sit.

Dit is immers die enigste manier hoe mense eienaarskap van ’n proses neem. Hendriks (2004:74) argumenteer tereg, "If theology is done *for* the local people, they do not take ownership of it and do not grow spiritually. They act like slaves, not like

sons and daughters." Eers wanneer mense hul persoonlike wedervaringe vanuit ’n posisie van swakheid na die oppervlakte bring dan kristalliseer dit as uitdagings uit en kan dit deur die gemeente of leierskap aangedurf word. Terwyl die fokus aan die een kant sterk op die plaaslike gemeente geplaas word, mag die breëre omgewingsinvloed (:74) van die hele proses nie losgedink word nie.

Vervolgens word die fokus verskuif na die VGK Saron en die konteks op makro-, meso- en mikro-vlak en hoe die verskillende kontekste mekaar wedersyds beïnvloed, terwyl die historiese verhaal van die gemeente by die identiteits-analise hanteer sal word. Dit is veral belangrik om allereers te kyk na die volgende 2 illustrasies wat die posisie van die gemeente in verhouding met die wêreld sedert die grondlegging van die gemeente aandui alvorens na die invloed van die onderskeie kontekste gekyk word.



Illustrasie 1: Die posisie van die gemeente sedert die grondlegging:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hierdie illustrasie toon die gemeente sedert 1846 toe dit nog onder die beheer van die Rynse Sendinggenootskap gestaan het. Behalwe die Rynse Sendinggenootskap (verteenwoordig deur die enkele pyl wat uit Barmen, Duitsland na die gemeente wys) wat van tyd tot tyd invloed uitgeoefen het, was daar streng gesproke geen ander invloed wat die gemeente direk geraak het nie. Die wêreld (indien dit ooit vir die gemeente bestaan het) was relatief klein. Die gemeente was alles. Die gemeente was die wêreld. Die sirkels binne die kerk verteenwoordig die verskillende komponente, o.a. die skool, landdros en die polisie, as burgerlike gesag asook gesondheidsdienste.

Saron was ’n kerkdorp en as sodanig het die kerk deur die eerwaarde alles met streng wette beheer en invloed op alles uitgeoefen: die ekonomie, die waardesisteem, spiritualiteit, die gesinslewe en gesagshantering. Hy was kerklik en burgerlik die hoof van die gemeenskap (Plaatjes 1960:8). Die eerwaarde het eintlik die identiteit van die gemeente bepaal. Hy was die slagaar van die gemeente.

Die pyltjies in illustrasie I wat die onderskeie komponente verbind, dui die wedersydse invloed wat daar van die een na die ander uitgegaan het. Tog was hierdie invloed nie noemenswaardig nie omdat dit maar net weer opgevang is in die invloed van die kerk / eerwaarde. Die kerk / eerwaarde het hierdie invloed sterk uitgeoefen tot in 1945 toe die Rhynse Sendinggenootskap finaal uit Suid-Afrika onttrek het (Plaatjes 1960: 22). Hierdie onttrekking is voorafgegaan deur onderhandelinge tussen die Binnelandse Sendingkommissie en Barmen waartydens laasgenoemde deur ene Inspekteur Driessler verteenwoordig is om die onttrekking te bespreek (:21). Saron, ingesluit Wupperthal en Steinthal is nie dadelik deur die NGKerk oorgeneem nie. Die oorgee van Saron het eers in 1945 plaasgevind (:22). Die Binnelandse Sendingkommissie wat deur die NGKerk in die lewe geroep is, het die verantwoordelikheid gehad om al die sendingaktiwiteite in die land namens die NGK te diens.

Die oorgaan van die Rhynse Sendinggenootskap na die NGK het egter nie noodwendig beteken dat daar ’n verandering in die sendingmentaliteit van die dag aangebreek het nie. Inteendeel, alle aanduidinge is daar dat die NGK eintlik hierdie mentaliteit in so ’n mate verdiep het dat die Suid-Afrikaanse regering met die bewindsoorname van die Nasionale Party in 1948 dit in landsbeleid ingeskryf het.

Die volgende illustrasie toon aan hoedat die invloed van buite, verandering in die gesagsposisie van die kerk teweeg gebring het.



Illustrasie 2:

Die invloed van buite bring verandering in die gesagsposisie van die kerk

3.3 Die makro-vlak

Wanneer na die makrovlak verwys word, moet daaronder verstaan word die wêreldwye konteks. Soos vroeër aangetoon, sê Friedmann in *The World is Flat* (2006) dat al die kennis sentrums van die planeet in een enkele globale netwerk met mekaar verbind word (2006:8). Dit impliseer dat daar nie meer sprake van afstand of grense is nie. Die wêreld is in een enkele groot familie saamgeweef. Ons praat dus

van ŉ baie wyer konteks, ŉ globale een, "a new world" (Castells 2004:2). Vervolgens word nou na dié wêreld en die invloed wat dit uitoefen, gekyk.

Die illustrasie hierbo (2) toon duidelik dat globalisasie alreeds begin het om sterk invloed op Saron uit te oefen. Alhoewel daar hedendaags baie oor die konsep van globalisasie gepraat word, is dit in ŉ sekere sin ŉ konsep wat al vroeg reeds sy invloed laat geld het. Die Exoduservaring van die volk van Israel in die Bybels-historiese tyd is ongetwyfeld baie sterk met globalisasie te assossieer. Ander gebeure is die verspreiding van die Christendom asook die Kruistogperiode. Friedman voeg as ŉ historiese argument nog die volgende drie belangrike tydvakke by (2006: 9,10,11):

- Die ontdekkingsreise van Columbus sedert 1492 tot 1800 waartydens die Ou Wêreld met die Nuwe Wêreld by wyse van handelsbetrekkinge geopen is en die wêreld van groot na medium gekrimp het. Dié inisiatief het van bepaalde lande uitgegaan.
- Die multinasionale maatskappye wat die geboorte en rypwording van ŉ wêreld-ekonomie sigbaar gemaak het en tussen 1800 tot 2000 die wêreld laat krimp het van medium tot klein. Dit is slegs deur gebeure soos die Groot Depressie en die twee Wêreldoorloë onderbreek.
- Die derde fase van globalisasie is ingelui deur die vermoë van individue om met mekaar te skakel, netwerke te bou en handel te dryf. Die ontwikkeling in elektroniese tegnologie en die internet het rondom 2000 dié periode ingelei. Tyd en afstand is deur informasietegnologie herdefinieer. Almal wat toegang daartoe het, ongeag nasionaliteit, ras of konteks, kon op ŉ gelyke vlak kompeteer.

Verder het inligting mag gedesentraliseer (:47).

Die voorafgenoemde het elk in mindere of meerdere mate binne die breë netwerk van historiese gebeure ŉ bydrae gelewer dat selfs ŉ dorp soos Saron uit sy kokonlewe ontwaak het. Dit is egter veral die media of kommunikasie en inligting wat Saron totaal en al uit sy geslote lewe ontruk het.

Met die aansluiting van Saron by die Pos-en Telegraafdiens in die jaar van Uniewording in 1910 (Plaatjes 1960:16) was in ŉ sekere sin die begin treë van

kennismaking met ŉ groter wêreld. Adams en McRindle in *Pandora's Box* (2008) is tereg van opinie dat die publieke telefoonstelsel beskou kan word as die voorloper van die moderne Internet en dat dit alreeds in die 1940's en 1950's duisende mense wêreldwyd toegang gebied het tot inligting (:347). Hierdie toegang het inderdaad beteken dat die kontak met nuwe inligting geleidelik die leefwêreld van die mense wêreldwyd, maar spesifiek op Saron verbreed het.

Dis ongetwyfeld so dat die era van globalisasie indrukwekkende wetenskaplike en tegnologiese innoverings op byvoorbeeld die gebied van inligting en kommunikasie meegebring het (Castells 2004:56). Dit het onder andere ook meegebring dat die identiteit van die gemeente nie meer, soos in die verlede, van bo af geskep kon word nie. Castells sê: "*Legitimising identity* seems to have entered a fundamental crisis because of the fast disintegration of civil society inherited from the industrial era..." (:70). Die kerk oefen nie meer ŉ monopolie uit ten opsigte van die invloed wat na die lidmate uitgaan nie. Al hoe meer lidmate voel die behoefte om los te breek van die patriargale verhouding wat tussen die sendeling en die inwoners bestaan het (Plaatjes 1960:18).

Terwyl hierdie patriargale verhouding aan die eenkant meegehelp het om die streng wette van die Sendinginstituut na te kom (Plaatjes 1960:18), was dit aan die anderkant ŉ stelsel wat gekenmerk is deur die geïnstitusionele gedwonge gesag van mans oor vroue en hul kinders in die familie-eenheid en wat in die beoefening daarvan na die totale organisasie van die gemeenskap deursypel het (Castells 2004:192). Castells se opinie dat patriargalisme sonder die patriargale familie as hoeksteen, gedoem is tot puur dominering is in die kol (:193).

In Saron het inligting vanuit alle oorde na lidmate gestroom en in ŉ sekere sin meegehelp om vanweë die geleidelike transformasie van veral die vrou se werk en bewussyn die patriargale familie-strukture plaaslik uit te daag (2004:193). Al hoe meer vroue byvoorbeeld beskou hulself as gelyk met mans, veral in terme van hul regte asook beheer oor hul liggame en lewens (:194). Die gemeentevraelys wat deur gesinshoofde voltooi is, bevestig Castells se opinie dat enkel gesinne en enkelouergesinne vinnig toeneem (:197) deurdat 76% aandui dat hulle vroulik is. Selfs in geval van verskeie gesinne waar daar ŉ huweliksband is, is dit die vrou wat

verantwoordelik is vir die totale huishouding en dit as sodanig in geheel oorgeneem het.

As ons van die veronderstelling uitgaan dat die huisgesin die kleinste vorm is waarin die gemeente manifesteer, dan weerspieël transformasie in die huisgesin in ŉ mate ook in die gemeente. Soos die man in die huis lankal nie meer die enigste met regte is nie en ook nie die enigste is wat beheer oor die totale gesin uitoefen nie, so is die eerwaarde destyds en die dominee deesdae lankal nie meer die enigste ingeligte wat identiteit kan bepaal nie. Lidmate is vandag ingelig en indien die predikant nie daarop bedag is nie, bleik lidmate selfs meer ingelig te wees vanweë die feit dat veral kinders vandag op feitlik elke gebied tegnologies sneller beweeg.

Hierdie toedrag van sake, te wete die geleidelik-onbewustelike verskuiwing in die kultuur van die gemeente vanweë die invloed van globalisasie, noop veral die kerkleierskap om in ŉ snelveranderende wêreld nuut te kyk na **hoe** hulle leiding aan die gemeente verskaf.

Die kerkleierskap moet gevolglik voortdurend onderskeidend leiding aan die gemeente bied. Sodoende kan daar onderskei word tussen die voor- en nadele van globalisasie, terwyl die voordele benut en die nadele geminimaliseer word (Friedman 2006:488). Vanweë die invloed van die media en die fokus op diversiteit wat globalisasie na verskeie uithoeke van die wêreld bring, is meer radio, televisie, telekommunikasie, reisvaardigheid en handel beskikbaar in ŉ wêreld wat plat geword het (:483). Hierdie beskikbaarheid bring ŉ groeiende sekularisasie en individualisme mee, terwyl dit die rol van die tipies patriargale man voortdurend afbreek. Die vraag na die verband tussen die identiteit van die gemeente en die uitdagings vir die leierskap word langs dié weg te berde gebring.

Die leierskap moet nuut dink in ŉ veranderende konteks omdat globalisasie in die hedendaagse eeu oor dinge gaan wat impakteer op die diepste ingewortelde aspekte van die samelewing (Friedman 2006:48). Indien die verplatting van die wêreld voortduur, kan dit gelykgestel word aan die produksie van verandering in die rol van onder meer individue, regerings, besighede, oorlog, vroue, godsdiens, kuns, wetenskap en navorsing soos wat dit deur Gutenberg se drukkery en die opkoms van

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die nasie-staat of Industriële Ontwikkeling teweeggebring is (:49). En dit raak die gemeente-konteks direk.

Dus, 'n gelegitimerend gevormde identiteit (Castells) se mag is deur globalisasie verbreek en die invloede uit die "flat world" (Friedman) is besig om kultuur te verander waarvan die mees opmerklike verandering die afbreek van patriargalisme is.

In Saron is dit veral die kerklike geloofslewe as diep ingewortelde aspek wat geraak is en waarvan die rol steeds beïnvloed word. Daar het al hoe meer komponente los van die kerk voortbestaan/ontstaan wat betekenisvolle invloed op die lidmate uitgeoefen het. In gesprekke met lidmate is hulle dit eens dat die kerkgemeenskap nie gestol bly voortlewe het nie, maar dat lidmate al hoe meer geforseer was om vanweë werksgeleenthede in die stede uit die gemeente-/dorpsgrense begin beweeg. Hulle het bewus geword van ’n groter wêreld en naweke of wanneer hulle terug huis toe kom, bring hulle nuwe inligting saam.

Die Sendingraad het op 06 April 1929 by die Tulbagse Afdelingsraad aansoek om dorpstatus gedoen. Hierdie status is op 06 Desember 1929 verkry en op 29 Augustus 1950 is Saron tot Saron Plaaslike Gebied geproklameer met die Binnelandse Sendingkommissie as trustees (Plaatjes 1960:39). Dit het verdere verskuiwing in die kultuur van die gemeente teweeggebring. Verskeie kerkgenootskappe het die gemeenskap geïnfiltreer. Alhoewel die gemeente nog steeds sterk invloed uitgegoefen het, het meer komponente los van die gemeente vorm aangeneem en ontstaan.

Terselfdertyd het dit gebeur dat die wêreld intussen vir die Saroners groter geword en die stede het vir stedelinge, veral diegene wat hulle met aktiwiteite van misdaad besig gehou het, kleiner geword. Waarneming dui daarop dat misdadigers klein dorpies soos Saron uitgesoek het om hul aktiwiteite voort te sit. Aanvanklik het die misdaad op Saron bloot behels dat mense mekaar aangerand het. Later het dit ander vorme aangeneem soos die gemeenskap geïnfiltreer is, naamlik handeldryf in dwelms, huisbrake en vandag is dit veral die moraliteit van die gemeenskap wat aangeval word deur pornografiese material wat vrylik van die internet en selfoon afgelaai word.

Hierdie verwikkelinge bring ongetwyfeld bepaalde uitdagings vir die leierskap van die gemeente mee. Die uitdagings raak groter namate die eerwaarde-gebaseerde identiteit asook verhoudings en kommunikasie van / in die gemeente skuif.

Dié verskuiwing is onherroeplik en is veral deur die ontploffing in informasietegnologie teweeggebring. Op hierdie wyse het identiteit wat deur gelegitimeerdheid gevorm is, versand.

Vanweë die vorming van magsidentiteite en die tegnologies-georiënteerde karakter daarvan word die mag nou in die hande van die mense geplaas. Dit is ironies dat die verskuiwings veral enorme ekonomiese uitbuiting, armoede en onsekerheid in plaaslike gemeenskappe getoon het. Dit lei tot weersin teen globale magte, ŉ herorganisering van identiteite om hierdie magte aan te val en lei tot ŉ wedloop om wie die "mind" kan "control".

3.3.1 impak van globalisasie op die plaaslike gemeenskap

Dit is ongetwyfeld so dat gebeure op die makro-vlak ŉ direkte impak het op die plaaslike gemeenskap asook die gemeente. Daarom is dit essensieel om te weet wat op hierdie vlak, in die wyer wêreld van God aangaan. Dit is die wêreld waarheen hy Sy Seun gestuur het....ŉ wêreld waarin alles moet verander (McLaren 2007:23). Dit impliseer ook die kerk en kom die beginsel van aanpassing in ŉ veranderde wêreld, waarvan Friedman praat, ook hier ter sprake. Veranderinge op die makro-vlak impakteer direk op die kerk wat juis midde die veranderde wêreld getuie, lig en sout van die aarde moet wees.

In die wêreld waarin ons woon,word ons lewens as geheel gevorm deur botsende neigings van globalisering en identiteit (Castells 2004:1).

Daar was ŉ tyd toe Saron ŉ geslote gemeenskap was, afgesny van die wêreld buite-om. Vandag is dit anders en voel ons die impak van die verskynsel van globalisasie wat teen ŉ geweldige spoed gebeur en baie meer mense in die wêreld (Saron ingesluit) op een spesifieke tydstip beïnvloed (Friedman 2006:49).

3.3.2 Lidmate in gesprek oor globalisasie

Dit is belangrik om lidmate self te laat praat oor wat die invloed van globalisasie op hul lewens is. Die response wat volg, is verkry vanuit ŉ vraelys (Bylaag 3) wat aan 10 lidmate in die gemeente gesirkuleer is. Hierdie klein steekproef bewys in watter mate

enige willekeurige 10 lidmate bewus is van wat aangaan en het ook opinies van belangrike mense. Dit is totaal teen die grein van wat mense 100 jaar gelede oor die eerwaarde sou sê. Die opinie-vorming en bewustheid van gebeure binne hul konteks dui sterk op ŉ totale kultuurskuif in die gemeente.

Hierdie lidmate het nie aan enige ander vraelys vir die gemeentelike navorsing deelgeneem nie. Die beweegrede is om soveel as moontlik lidmate aan die navorsing deel te hê en hulle sodoende eienaarskap van die hele proses asook die resultate te laat neem. Dit toon tog dat die makro-wêreld op ons gemeente impakteer. Dit is vir die gemeente en veral vir die leierskap belangrik om van hierdie ervarings kennis te neem sodat die gemeente nie fokus verloor van haar missionale karakter asook die nood of uitdagings wat in die gemeenskap aangespreek behoort te word nie (Hendriks 2004:69). Dit is die gemeente, veral die leierskap wat hierop moet reageer. Immers, "....a congregation is formed by people who relate to one another, who experience conflict, growth, challenges, who make plans, who need leaders...." aldus Hendriks (:70).

Die vrae met antwoorde wat aan die lidmate gestel is en deur hulle beantwoord is, word vervolgens aangedui.

1. Hoeveel van diegene in u huis wat matriek geslaag het, het werk gekry?

Werk gekry	8
Nie werk gekry	7

2. Noem twee huidige aktiewe politieke leiers wat ŉ positiewe bydrae lewer.

Aktiewe politieke leiers met positiewe bydraes wat genoem word, is die volgende:

(i)	Barack Obama	:	6
(ii)	Helen Zille	:	5
(iii)	Patricia de Lille	:	2
(iv)	Jacob Zuma	:	3
(v)	Kgalema Motlantle	:	1

3. Noem twee huidige aktiewe politieke leiers wat ŉ negatiewe bydrae lewer.

Aktiewe politieke leiers met negatiewe bydraes wat genoem word, is die volgende:

(i)	Robert Mugab	:	8
(ii)	Julius Malema	:	5
(iii)	Jacob Zuma	:	2
(iv)	Naledi Pandor	:	1
(v)	Christopher Joachims	:	1

4. Vertel hoe ŉ wêreldgebeurtenis soos 9/11, die MIV/Vigs-pandemie of enige ander gebeure u persoonlik raak of geraak het?

(a) 9/11:

(i) lewens word in ŉ ookwink vernietig
(ii) dit het my geruk dat mense so ver gaan
(iii) ek besef hoe nietig die mens is
(iv) dis asof ek die mense geken het
(v) dit lei tot wantroue in moslems
(vi) dit stem my onrustig
(vii) dis kommerwekkend

(b) MIV/Vigs pandemie

(i) ŉ mens moet jou morele waardes behou en daarvolgens lewe
(ii) meer geld moes vir die dept. van Gesondheid gaan ipv vir behuising
(iii) leerders in my sorg is lusteloos en het ŉ lae konsentrasie peil
(iv) dis ŉ tragedie

(c) Skoolbus / taxi ongeluk

ŉ ongeluk by die treinbrug in Eersterivier waar tien kinders omgekom het, het my diep geraak

(d) Tsunami:

wys hoe magtig God is

5. Wat kyk u die meeste op televisie?

(i)	nuus	:	7
(ii)	7de laan	:	6
(iii)	sport	:	2
(iv)	gospel gold	:	1
(v)	forgive and forget	:	1
(vi)	generations	:	1
(vii)	oprah	:	1
(viii)	binnelanders	:	1
(ix)	crime investigations	:	1
(x)	national geographics	:	1
(xi)	fokus	:	1
(xii)	medical detectives	:	1

(xiii)	dokumentêr	:	1
(xiv)	aktualiteit	:	1
(xv)	aksie films	:	1

6. Wat beïnvloed u huisgesin en huwelik negatief?

(i) swak kommunikasie
(ii) onreëlmatige lang ure
(iii) min sosiale tye saam
(iv) afwesigheid van beplande vakansie
(v) eksterne probleme
(vi) alkohol misbruik
(vii) werksomstandighede
(viii) persoonlike verskille
(ix) kommunikasie – afstand
(x) vermaning met betrekking tot vriende-keuse van kinders lei tot onenigheid tussen ouers
(xi) televisie
(xii) mxit lei tot geen kommunikasie tussen huismense nie
(xiii) negatiewe invloede van buite
(xiv) werkloosheid

7. Vroue-regte is ŉ belangrike saak. Wat is u mening oor die rol van vroue?

(i) bied ondersteuning aan gesin en gemeenskap
(ii) hulle moet meer geleenthede kry vanweë hul groter hardwerkenheid en betroubaarheid
(iii) vroue-regte moet gerespekteer word
(iv) na die man is die vrou die belangrikste figuur in die huishouding, werksplek en gemeenskap
(v) vroue is die steunpilaar in die huis en die gemeenskap en moet gerespekteer word
(vi) hulle is die toppunt van die huishouding en moenie mishandel word nie
(vii) vroue moet top posisies beklee, nie deur mans gedomineer word nie en goed gekwalifiseerd wees vir posisies
(viii) vroue is die ruggraat van die gemeente of gemeenskap en moet hulself bemagtig
(ix) dis nie nodig om afhanklik te wees van mans wat mishandeling toepas nie
(x) vroue het die reg om uit te styg bo hul lewensomstandighede

Die antwoorde wat deur respondente verskaf is, toon duidelik dat die impak van die globale ekonomiese reses ŉ draai op Saron gemaak het. Verder impakteer oorsese politici positief en negatief op die gemeenskap. Internasionale gebeure maak veral

impak op die emosies, terwyl huwelike en gesinslewens ook nie gespaar word nie. Daar is ook ’n sterk bewustheid van vroueregte en hou moontlik verband met demokrasie, hier en internasionaal. Daar is beslis ’n algehele impak op lidmate wat groot uitdagings laat.

Dis veral die leierskap van die VGK Saron wat bewus moet wees van hierdie impak op lidmate asook die groot uitdagings wat dit vir lidmate meebring. Die gemeentelike uitdagings om nie institusionele bloudrukke na te boots oor hoe om kerk te wees nie, moet veral deur die leierskap ernstig op geneem word. Hulle moet eerder in kontak bly met die lewende missionale God wat die kerk roep om waar ook al, apostolies te wees (Hendriks 2004:71).

Dit sal help om lidmate wat swig onder die impak wat veranderinge op veral die ekonomie en moraliteit het, beter sin vir die lewe te gee.

Die onlangse globale ekonomiese resessie waartydens massiewe finansiële instellings soos banke eenvoudig inmekaar gevou het, het die gewone mens in Suid-Afrika oor die algemeen en die Saroner spesifiek geraak. Dit is veral die gevolglike prysstygings in voedsel, brandstof, die bou-industrie asook inflasie en die wisselkoers wat inwoners erg geknou het. Die plaaslike boere wat in uitvoerprodukte spesialiseer en wat ’n werk aan baie plaaslike mense verskaf, is erg geknou. Dit het werkloosheid en geldnood tot gevolg gehad.

Dit kan ook nie anders nie want ons is in kontak met die wye wêreld met ons rekenaars en ons selfone. Die snelveranderde rewolusie op die gebied van die informasie tegnologie en die herstrukturering van kapitalisme het ’n nuwe vorm van gemeenskap, die netwerk gemeenskap tot stand gebring (Castells2004:1). Kapitalisme word deur informasie gedryf en multinasionale maatskappye manipuleer die aandele-beurs op die internet. Dit het verreikende implikasies op die huishoudings in Saron.

Die leierskap van die VGK Saron moet ook bewus wees van internasionale kriminaliteit en misdadigheid wat sommer in die sitkamer by wyse van die televisie op ons lidmate impakteer. Internasionale dwelmroetes het ’n manier om deesdae hul weg te vind na ons kinders en jongmense hier op Saron deurdat baie mense in die

stede wat met hierdie netwerke verbind is en vanweë polisie-klopjagte uitvlugting soek in gemeenskappe soos Saron beland.

Alhoemeer jongmense het vanweë die selfoon toegang tot oorsese gewoontes, gebruike, kleredragstyle, leefstyle, musiek en verskeie webtuistes. Hierdie blootstelling het nabootsing tot gevolg. Nabootsing bring verandering en verandering bring onsekerheid. Die kaart wat volg, dui aan dat Suid-Afrika 7de op die top tien lys is van lande met die hoogste misdaadsyfer. Hierdie syfer dui die hoeveelheid misdade per 100 000 mense aan. Die inligting is gebaseer op hospitaal- en versekeringsrekords asook inligting wat verkry is van wetstoepassers.

Wêreldkaart wat die top tien lande met die hoogste misdaadsyfer aandui

3.3.3 Internasionale dekade van die inheemse mense van die wêreld (1995 – 2004)

Die Internasionale Dekade van die Inheemse Mense van die Wêreld (http://.un.org/rights/indigenous/mediaadv.html) (Gekontroleer 27-10-2011) is 'n poging van die Verenigde Volke-Organisasie om al die regerings van die wêreld te help om aan die eerste inwoners van hul onderskeie lande Eerste Nasie status toe te ken. Hierdie status sou die eerste inwoners van lande polities, ekonomies en kultureel akkommodeer.

In die Suid-Afrikaanse konteks beteken dit dat hierdie status aan Khoe-San afstammelinge toegeken moes word. In sy insiggewende verslag, *South Africa:*

Constitutional, legislative and administrative provisions concerning indigenous peoples (2009), noem G. Wachira Mukundi Khoe-San mense die mees gemarginaliseerde in Suid-Afrika (:3). Hierdie gemarginaliseerdheid is veral ten opsigte van fundamentele menseregte en gelykwaardigheid (:6); erkenning van identiteit, taal en kultuur en grondregte (:7) asook toegang tot ekonomiese sosiale en kulturele regte (:8).

Die Suid-Afrikaanse regering het in plaas van hierdie status onvoorwaardelik toe te ken verkies om die *Kommissie vir die Bevordering en Beskerming van die Regte van Kulturele, Godsdienstige en Linguistieke Gemeenskappe* in die lewe te roep. As ʼn afstammeling van die Namakwa-groepering van die Khoe-San is die navorser van mening dat hierdie asook die aanvaarding van ʼn memorandum in 2004 ʼn positiewe stap deur die demokraties-verkose regering is. Dit spel ʼn beleidsproses vir die erkenning van die Khoe-San as kwesbare inheemse gemeenskappe uit. Die bedoeling van die Verenigde Volkere-Organisasie met artikel 1(2) van Konvensie 169 is egter anders, naamlik **erkenning** van Khoe-San mense as die **eerste inwoners** van Suid-Afrika (Mukundi 2009:22) en gevolglik om Eerste Nasie status aan hulle toe te ken.

Die Suid-Afrikaanse regering se onvermoë om tot dusvêr die Verenigde Volkere-Organisasie se resolusies te honoreer, impakteer beslis negatief op die politieke, ekonomiese en kulturele posisie van die gemeente, veral omdat 74% van die respondente hulle beskou as Khoe-San afstammelinge. Die miskenning van die identiteit van die inwoners van Saron versmoor die dors daarna in ʼn demokratiese bestel. Dit het ook verreikende implikasies vir die leierskap van die gemeente deurdat die demokraties-verkose regering in ʼn sekere sin die verlengstuk kom word van die koloniale regerings. Laasgenoemde het die menswaardigheid en gevolglik die leierskap van die eerste inwoners verag.

Daar is egter nuwe hoop met die uitroep van ʼn *Tweede Dekade vir Inheemse Mense (2005-2014)* http://www.un.org/esa/socdev/unpfii/en/second.html (Gekontroleer 27-10-2011) en word vertrou dat die Suid-Afrikaanse regering grootmoedig sal wees en die resolusies van die Verenigde Volke-Organisasie in dié opsig eerbiedig.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dit gaan ongetwyfeld geweldig positief impakteer op die inwoners oor die algemeen en die VGK Saron as gemeente spesifiek deurdat ŉ leierskap ontwikkel wat eienaarskap neem vir die uitdagings in die gemeente en gemeenskap.

3.4 Meso-vlak

Die meso-vlak dui veral op die invloed wat na die gemeente uitgaan vanaf die nasionale, provinsiale asook streekvlak. Die invloed wat op dié vlakke gebeur, het ŉ besliste uitwerking op die plaaslike gemeenskap en gemeente. Daar is veral die volgende verwikkelinge en ontwikkelinge wat direkte invloed op Saron het:

3.4.1 Die geboorte van die demokrasie

Een van die mees betekenisvolste draaipunte in die geskiedenis van Suid-Afrika is die vervanging van ŉ apartheidsregering wat deur ŉ wit minderheid bestuur was met ŉ demokraties-verkose regering in 1994. Hierdie nasionale politieke verwikkelinge het die land oor die algemeen, maar ŉ dorpie soos Saron spesifiek, hopeloos onkant gevang. Dit het opeenvolgende konfliksituasies op plaaslike owerheidsvlak ontlok wat gesinne vir jare in onvrede met mekaar laat leef het. ŉ Nuwe kultuur het ook ontstaan waar mense sterk begin steun het op hul demokratiese regte en is individualisme asook persoonlike status sterker omlyn. Hierdie kultuur tesame met die verskynsel van globalisasie het tot gevolg gehad dat die kerk se mag geleidelik verkrummel het.

3.4.2 Nuwe wetgewing

Die demokratiese bestel het noodwendig nuwe wetgewing meegebring. Die belangrikste in dié verband is die Nuwe Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika. Dit het die posisie en identiteit van die inwoners nuut gedefinieer. Een van die sleutelaspekte van die grondwet is dat alle mense gelykwaardig is en verdien om as sulks behandel te word. Daar is al baie gedoen in terme van die transformasie-proses, maar daar is steeds ŉ lang pad om te gaan. Saron is een van 24 voormalige landelike sendingstasies, bekend as landelike gebiede en is deur *Wet 9 van 1987* gereël. Hierdie wet is herroep en vervang met die *Wet op Transformasie van sekere Landelike Gebiede, Wet 94 van 1998.* Laasgenoemde is bedoel om gemeenskapsgrond ten gunste van die gemeenskap aan die munisipaliteit oor te dra. Die munisipaliteit het weer die verantwoordelikheid om die grond aan ŉ entiteit oor te dra wat die gemeenskap bevoordeel. Vanweë die feit dat daar ŉ grondeis ten opsigte

van Saron ingedien is, kon die transformasie wetgewing in die dorp nog nie in plek kom nie. Dit het tot gevolg dat geen noemenswaardige ontwikkeling in die afgelope dekade kon plaasvind nie. Die gevolg is dat verarming in die gemeenskap dieper in die lewe van mense ingekerf is.

Die Restitusie van Grondregte Wet 22 van 1994 is in die lewe geroep om historiese onteienings te hanteer. Hierdie wet het die Kommissie op Restitusie van Land Regte en ŉ Grondeise Hof met dieselfde magte as die Hoë Hof gevestig (Mukundi 2009:42). Ongelukkig is die afsnydatum op 19 Junie 1913 vasgestel en is inheemse gemeenskappe soos Saron nie toegelaat om grond te eis wat voor die afsnydatum deur koloniale wetgewing onteien is. Die wet is eintlik ŉ goeie een om tot ŉ mate die onreg van die verlede reg te stel. Die afsnydatum is egter problematies vir ŉ gemeente soos die VGK Saron (74% van die respondente erken hul Khoe-San afstammelingskap), omdat dit die armoede situasie verdiep. Mukundi (2009:59) maak 12 betekenisvolle aanbeveling met betrekking tot die posisie van die Inheemse mense van Suid-Afrika. Die navorser beskou die volgende drie aanbevelings van sy verslag as van wesenlike belang, naamlik:

- Die Khoe-San moet deur die staat as eiesoortig gesien word met erkenning van taal en die voorsiening van amptelike statistiese data vir die identifisering van behoeftes en areas van ingryping sodat daar op dié wyse betekenis aan hul fundamentele regte gegee kan word.
- Een van die sleutelingrypings is om die sosio-ekonomiese omstandighede deur behoorlike wetgewing en ŉ raamwerk wat ten doel het die aanspreek van herhaalde armoede daar te stel. In dié verband moet inheemse mense aktief hierby betrokke wees asook ontwikkelingsvennote en verwyssing na internasionale standaarde soos die *Internasionale Arbeidsorganisasie Konvensie 169.*
- Die restitusie van grondeise en vergoeding by inheemse mense moet bespoedig word en indien nodig moet die konsep van inboorlinge / oorspronklike titel herken word veral as dit strydig is met die statutêre beperkte periode van 1913.

Indien aanbevelings soos hierdie ernstig deur die demokraties-verkose regering van Suid-Afrika opgeneem word, sal die negatiewe impak wat sekere wetgewing huidig

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

op die gemeenskap en gevolglik ook die VGK Saron as gemeente het, aansienlik verminder word.

3.4.3 Herafbakening van munisipale grense

Saron het bepaalde statusveranderinge sedert die ontstaan daarvan ondergaan. Eerstens was dit ŉ kerkdorp. Later is dit tydens die verkryging van dorpstatus deur ŉ Adviesraad bestuur. Laasgenoemde is vervang met ŉ Bestuursraad wat onder die beskerming van die eertydse Administrasie van Kleurling Betrekkinge gedien het. Tog het inwoners gewoond geraak aan die idee dat hulle self die dorp bestuur. Later het Saron munisipale status verkry totdat die herafbakening van gebiede plaasgevind het en gevolglik is uitgebreide munisipaliteite gevorm. Saron is ingeskakel by die Drakenstein Munisipaliteit wat bestaan uit die dorpe Saron, Gouda, Hermon, Wellington en Paarl. Die Drakenstein Munisipaliteit is weer by Kaapse Wynland Distriks Munisipaliteit ingedeel. (Sien Kaarte in hoofstuk 2)

Hierdie herafbakening het beslis voordele vir die inwoners van Saron meegebring, maar dit het ook grootskaalse onsekerheid, ongelukkigheid en ŉ natuurlike wantroue meegebring.

Saron is die enigste dorp in die Drakenstein Munisipale omgewing wat voorheen onder die bestuur van *Wet 9 van 1987* was. Dit wil voorkom asof daar onkunde is oor hoe om met hierdie dorp en sy inwoners te handel sodat ontwikkeling aan die eenkant ŉ hupstoot kry, terwyl die sentimente van die inwoners aan die anderkant steeds gerespekteer word. Die dorp en sy mense het tog duidelik ŉ identiteit anders as die tradisionele munisipale karakter. Een van die huidige knelpunte is die waterkwessie. Volgens die inwoners is hulle geregtig op die water wat sedert die grondlegging van Saron vanuit ŉ fontein deur God aan hulle gegee is. Hulle is bereid om vir die beskikbaarstelling (pypleiding en chloorbehandeling) van die water te betaal, maar nie vir die water as sulks nie. Die munisipaliteit verkies egter dat vir die beskikbaarstelling én vir die water betaal word. Die argument is dat alle waterregte in die regering van die dag setel.

Die herafbakening van grense maak op ŉ manier die plaaslike politieke leierskap onsigbaar. Dit impakteer sleg op die gemeenskap wat sterk steun op die fisiese teenwoordigheid van leierskap. Die besluitneming word nie meer ín die gemeenskap gedoen nie, maar deur "mense van buite". Die swak bywoning van

beplanningsvergaderings is ŉ bewys van hoe die gemeenskap die herafbakeningskwessie ervaar.

3.4.4 Geïntegreerde ontwikkelingsplan (2010/2011)

Die nuwe politieke dispensasie het dit moontlik gemaak vir tradisionele munisipaliteite om verarmde gemeenskappe soos Saron in ŉ beter ekonomiese omgewing op te vang. Na aanleiding van die 2010/2011 GOP verdien die meeste van die bevolking (69, 2%) van die Drakenstein Munisipale omgewing of ŉ lae inkomste of glad geen inkomste nie. Verder word gemeld dat daar ŉ toename is in sosiale probleme, veral in die area van morele verval, armoede asook die afwesigheid van sosiale infrastruktuur en dienste.

3.4.5 Saron Geestelike Leiersforum

Daar het ŉ dringende behoefte by onder andere die munisipaliteit en befondsers van ontwikkelingsinisiatiewe ontstaan om fondse deur ŉ verteenwoordigende liggaam na Saron te kanaliseer. Hierdie forum is by wyse van ŉ uitnodiging onder inisiatief van die navorser in die lewe geroep. Die uitnodiging meld die belangrike uitdagings waarvoor lidmate daagliks te staan kom, naamlik geestelike verval, ekonomiese uitbuiting, morele verval, MIV, werkloosheid en armoede. Verder noem navorser in die uitnodiging dat geestelike leiers geroep is om lidmate geestelik te versterk, maar om ook op die materiële gebied te help.

Die ontmoeting op Dinsdag 03 Februarie 2009 is bygewoon deur die volgende denominasies: Calvary Baptiste Sending, Calvyn Protestante Kerk, Morawiese Broedersvereniging, Nuwe Apostoliese Kerk en die VGK Saron. Na ŉ lang gesprek is ooreengestem dat daar wel ŉ dringende behoefte aan so ŉ forum is, dat dit hoofsaaklik op die geestelike behoeftes sal fokus en dat di. W. G. Cloete (VGK) en D. Mackriel (CPK) onderskeidelik as Voorsitter en Sekretaris van die interim-komitee sal dien. Die volgende denominasies het by die volgende ontmoeting op 17 Februarie 2009 aangesluit, naamlik Zoar Pinkster en Effrata Ministries. Daar was hierna nog net een ontmoeting en toe is dit die einde... Die navorser maak etlike afleidings uit die hele proses:

- Daar is oor die algemeen ŉ baie sterk instandhoudingskarakter by die kerke teenwoordig. Daar is ook ŉ siening dat die geestelike húlle verantwoordelikheid is, terwyl die uitdagings in die gemeenskap nie eintlik die

kerk se verantwoordelikheid is nie. Dit herinner sterk aan die woorde van McLaren (2007:33):

"(I)t has specialized in dealing with “spiritual needs” to the exclusion of physical and social needs. It has specialized in people’s destination in the afterlife but has failed to address significant social injustices in this life. It has focused on “me” and “my soul” and “my spiritual life and eternal destiny,” but it has failed to address the dominant societal and global realities of their lifetime: systemic injustice, systemic poverty, systemic ecological crisis, systemic dysfunctions of many kinds."

- ’n Sterk teken van individualisme is waarneembaar. Elke kerk wil beskerm wat sy eie is en is bang vir die risiko om enige grense oor te gaan.
- Daar is nog te veel wantroue en persoonlik-gerigtheid, terwyl die groter saak, naamlik die oprigting van sigbare tekens van die koninkryk, skade ly.
- Die kerkleiers het ’n geleentheid verby laat gaan om die inwoners van Saron uit hul haglike omstandighede te help bevry.

Die disintegrering van die Saron Geestelike Leiersforum is ’n onbetwisbare bewys van hoe selfgerigte leiers geleenthede om sigbare tekens van die Koninkryk op te rig deur die mense in Saron uit hul gebroke omstandighede te bevry, by hulle laat verbygaan.

3.5 Gemeenskapsleiers in gesprek

Die volgende gemeenskapsleiers is as gespreksgenote geïdentifiseer met wie die navorser onderhoude gevoer het. Die vrae is oop en die antwoorde is verbatim opgeneem. Die onderhoude is daarop afgestem om die gemeente te help om uit hul selfgerigtheid te groei deur bewus te word van die uitdagings rondom hulle en volle verantwoordelikheid daarvoor te aanvaar. Hierdie gespreksgenote verteenwoordig spesifieke samelewingskomponente, naamlik justisie (landdros), die Suid-Afrikaanse Polisiediens (stasie kommissaris), onderwys (skoolbestuurder van Saron Primêre Skool) asook gesondheidsdienste (senior verpleegkundige van die Saron kliniek).

Die doel van die gesprekke verder is om antwoord op ’n reeks vrae te kry, naamlik, van watter uitdagings die rolspelers bewus is? Help dit wat húlle sien die lidmate van die VGK Saron om bewus te word van wat God sien (die nood van die mense) as Hý na die gemeente en die gemeenskap kyk? Is die dienste wat hulle op Saron lewer

vanweë eienaarskap van die uitdagings of is dit maar net nog ŉ werksgeleentheid waar die individu se behoeftes aandag kry. Wat is die samewerking van mede-rolspelers, die positiewe impak van wat hulle doen en hoe hulle reken die VGK Saron hul dienste kan versterk? Die volgende vrae is gestel:

1. Wat is na u mening die grootste uitdagings wat die gemeenskap van Saron in die gesig staar?
2. Vertel my meer van die dienste wat u op Saron lewer en sê ook hoe suksesvol die diens is.
3. Is daar sprake van enige samewerking tussen u en ander rolspelers in die gemeenskap en hoedanig is die samewerking?
4. Na u mening, wat is die dinge wat die meeste positief op die gemeenskap impakteer?
5. Hoe kan die VGK Saron help om die dienste wat u op Saron lewer, te versterk?

3.6 Opsommings, afleidings en interpretasies

Die navorser maak die volgende afleidings uit die response (as Bylaag 4 aangeheg): daar is ŉ sterk bewustheid van die kernuitdagings waarvoor die gemeenskap staan en sluit die volgende in: gebrek aan permanente indiensneming, middelafhanklikheid, werkloosheid, kinderverwaarlosing, jeugmisdaad, armoede en die aanvaarding van die verantwoordelikheid van ouerskap. Hierdie fokusareas lê die breë konteks van Saron bloot. Dit is die dinge wat direk op mense se lewens op ŉ daaglikse / deurlopende basis impakteer en bepalend is vir hoe mense deur ŉ week kom.

Wanneer die drie-enige God mense, spesifiek die VGK Saron stuur, dan is dit om ŉ verskil aan hierdie uitdagings in die gemeenskap te maak. Dit is noodsaaklik om deur die grense van individualisme, selfgerigtheid en persoonlike status te breek en vennootskappe te vorm met ŉ groter slaankrag teen die uitdagings soos genoem. Met die VGK Saron as die grootste kerk op die dorp, berus die verantwoordelikheid baie swaarder op dié gemeente. "Kyk, Ek stuur julle," geld spesifiek vir die gemeente en dié uitstuur is dringend (Lukas 10:3) ongeag die vernietigingsaard van die uitdagings.

Die swak samewerking wat deurlopend ervaar word, is vanweë individualisme en selfgerigtheid. Dit hou beslis vertragings in vir die sosio-ekonomiese opheffing van

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die inwoners. Hierdie vertragings is ten diepste ŉ vertraging in die ontworteling van die neerdrukkende omstandighede van die mense na wie God ons stuur.

Dit uitdagings en positiewe dinge word wel raakgesien, maar meer vanuit die eie konteks. ŉ Meer hollistiese benadering sal ongetwyfeld groter samewerking tot gevolg het.

Die sieninge uit die verskillende samelewingskomponente help die lidmate van die VGK Saron om sterker bewus te word van dit wat God raaksien indien Hy na die gemeente en die gemeenskap kyk. Die gemeente word langs hierdie weg gehelp om eienaarskap van die uitdagings te aanvaar, besef dat hulle geroep, versamel en uitgestuur word na die nood van mense. Dit help veral die leierskap van die VGK Saron om bewus te word van die konteks van die gemeente en die uitdagings wat dit meebring.

3.7 "Vreemdelinge" in gesprek

Dit was ook belangrik om die siening van “vreemdelinge”in die gemeenskap met betrekking tot die gemeente te kry. Met "vreemdelinge" word bedoel persone wat geen amptelike bande met die gemeente het nie, maar wel so dan en wan by die gemeente besoek aflê. Dit is ook persone wat glad nie plaaslik aan enige kerk verbonde is nie Hierdie persone is ook in die beste posisie om objektiewe menings van die gemeente te opper. Die navorser het die volgende oop vrae aan vyf verskillende persone gestel:

- Hoe ervaar u tans die VGK Saron?
- Kan u iets van God se identiteit in ons gemeente raaksien?
- Speel ons gemeente enige rol in terme van liefde, eenheid, versoening en armoede in die gemeenskap?

Die doel van hierdie gesprekke / onderhoude is die volgende:

- om vas te stel of diegene in die gemeenskap wat glad nie voorheen of huidig deel was of is van ons gemeente en nie plaaslik verbonde is aan enige ander kerk-denominasie nie, wel iets van die karakter / identiteit / beeld van die drie-enige God in die VGK Saron kan sien en ervaar.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.7.1 Opsommings, afleidings en interpretasies

Die waarde van hierdie response is dat dit lig werp op die navorsingsvraag, naamlik wat die verband is tussen die VGK Saron se identiteit en die leierskapsuitdagings waarvoor dit staan. Gevolglik help dit om by die doel van die navorsing uit te kom, naamlik om die identiteit en leierskapsuitdagings te identifiseer.

Dit is verblydend om by al die respondente wat die status van "vreemdelinge" tot die gemeente het te verneem dat hulle baie beïndruk is met die pogings wat die VGK Saron aanwend om versoening, eenheid en liefde te laat uitkristallisseer asook die rol wat dit speel in die verligting van armoede in die gemeenskap, veral met die programme waarby die gemeente in die gemeenskap betrokke is.

Hulle skroom nie om te sê dat hulle tog iets van God se beeld / identiteit / karakter in die manier hoe die gemeente aanbid, kan raaksien nie. Die manier hoe die gemeente in die kerk aanbid, word baie positief ervaar, maar wanneer die lidmate in die openbaar verskyn, is die ervaring negatief.

Dié insette is essensieel omdat dit die gemeente en leierskap help om te ontdek dat ‘n geloofsgemeenskap se identiteit ten diepste geanker is in die drie-enige God. Die bestaansdoel van so ’n geloofsgemeenskap word geformuleer deur God se doel met die wêreld (*missio Dei).*

Na aanleiding van die response ontvang, aanbid die gemeente God op ’n eerlike wyse tydens eredienste. Tog bly die gemeente in gebreke om hierdie aanbidding met mekaar gedurende die week voort te sit. Dit kom daarop te neer dat die gemeente deur God geroep en rondom Sy Woord versamel word, dat Hy met hulle in gesprek tree en hulle uitstuur. In hierdie uitstuurproses ontmoet die gemeente as geloofsgemeenskap God se doel met die wêreld. Dit het immers betrekking op die betrokkenheid van die gemeente in die gemeenskap. Indien die gemeente en leierskap dit snap, sal die fokus op die drie-enige God bly omdat die gemeente as geloofsgemeenskap sy identiteit in die geankerdheid van God vind.

Daar is ’n bestaande opinie wat lui dat mense se ware karakter in die teenwoordigheid van vreemdelinge na vore kom. Daarom was dit nodig vir objektiewe menings vanuit die mond van "vreemdelinge" teenoor wie die lidmate / gemeente in die openbaar verskyn. Dit help die gemeente om introspeksie te hou en

die noodsaaklikheid te besef dat die gemeente ŉ metamorfose of transformasie moet ondergaan.

3.8 Mikro-vlak

Gemeentes word nie alleen deur die makro- en meso-vlak nie, maar ook op die mikro-vlak beïnvloed. Hier word gekyk na die aspekte /aangeleenthede / faktore wat die waardes en gebruike in die gemeente beïnvloed. Vrae wat op die mikro-vlak gestel word, is veral daarop ingestel om die kultuur van ŉ gemeente vas te stel. Dit is egter belangrik om rekening te hou met die feit dat gemeentes in verskillende kategorieë ingedeel word, verskillende perspektiewe genereer (Hendriks 2004:35) asook verskillende leierskap en besluitnemingsstyle vereis (:36).

Indien ons na drie tipiese tiperings van gemeentes kyk, naamlik gemeente-tipe, teologiese modelle teorie en die sisteemteorie dan bewys al drie waarom die kerkleierskap nie werklik die gemeente eien as ŉ verantwoordelikheid wat God aan hulle toevertrou het nie. Die leraar staan sentraal in alles en dis moeilik om leierskap te ontwikkel wat eienaarskap neem van die evangelie en die uitdagings van die gemeenskap. Genoemde tipiese tiperings toon ook dat dit belangrik vir die gemeente en die leierskap is om te ontdek dat ŉ geloofsgemeenskap se identiteit ten diepste geanker is in die drie-enige God en dat sy bestaansdoel geformuleer word deur God se doel met die wêreld (die *missio Dei*).

Die transformasiemodel as ŉ "bottom-up" teologiese model, is stewig in die Bybel geanker en fokus sterk op die saak van die hooplose en die arme. Dit baan die weg vir die ontwikkeling van missionale leierskap en word in dié opsig deur ŉ sisteem ses en -sewe benadering[3] gekomplimenteer. In laasgenoemdes word elke vorm van lewe gekoester (ses) en die wêreld as komplekse netwerk met voortdurende veranderings wat ŉ holistiese benadering benodig (sewe).

3.8.1 Etnografiese navorsing

Volgens Marais en Taylor Ellison in *Push Through the Pain*, (2007:2), is etnografiese navorsing eintlik ŉ manier om fyn te luister na die kultuur van die gemeente. Dit help ook om antwoord te verskaf op die navorsingsvraag en die doel, naamlik die verband

---

[3] *Ibid*

tussen die VGK Saron se identiteit en leierskapsuitdagings waarvoor dit staan. Marais en Taylor Ellison gee voorkeur aan hierdie soort navorsing vanweë nuwe beskrywings, beelde en metafore wat ontdek wat God in plaaslike gemeentes doen. Dit dra ongetwyfeld daartoe by om die leierskap te help ontdek dat ʼn geloofsgemeenskap se identiteit ten diepste geanker is in die drie-enige God en dat sy bestaansdoel geformuleer word deur God se doel met die wêreld (*missio Dei*). Verder is Marais en Taylor Ellison oortuig: "God is at work in these events even if God “hides” somewhere in the story."(2007:5).

Etnografie beteken letterlik om ʼn kultuur in skrif om te skakel en "...is a specific social science research methodology …"(2007::5) met een van die briljante aspekte dat verhoudinge van vertroue in kulture, gemeentes en sisteme gebou word. (:7). Die vrae wat tydens die navorsing gestel is, het ʼn deeglike toets ondergaan en is aan die volgende kategorie persone gevra:

(a) **familie:** Hierdie groep lidmate is deel van die leierskap en gevolglik is hulle besluitnemers. Aan hulle is een onderhoud toegestaan.

(b) **"inside strangers"**: Die groep vorm nie deel van die leierskap nie, maar is wel meelewend in die gemeente, veral in terme van eredienste en aktiewe betrokkenheid in die gemeente. Aan hulle is 2 onderhoude toegestaan.

(c) **"outside strangers"**: Dit is diegene wat met ʼn vreemdelings-oog van buite na die gemeente kyk. Hulle is lidmate van die gemeente, maar is nêrens in die gemeente betrokke nie. Hulle is die kerkloses en die afvalliges. Daar is een onderhoud aan dié groep toegestaan.

Die navorser het gedurende 2007 vir die eerste keer etnografiese navorsing in die gemeente gedoen. Dié navorsing is in 2008 met heeltemal ander lidmate herhaal. Die vrae wat gestel was, is dieselfde, terwyl die antwoorde verskil. Dit was belangrik dat die navorser die hele proses moes fasiliteer en nie self direk by die onderhoude betrokke wees nie. Dit het eerlike antwoorde van die respondente in die proses van vasstelling en luister na kultuur, verseker.

3.8.1.1 Die proses van vasstelling en luister na kultuur

In hierdie proses is veral twee spanne van wesenlike belang, naamlik ŉ luisterspan en ŉ leesspan. Die onderskeiding in *Partnership for Missional Churches, Local Church Guide for Spiritual Discernment*, was ook die werkswyse van die navorser:

3.8.1.2 ŉ Luisterspan

(a) teken individuele lede in die onderskeie kategorieë (familie, "outside strangers" en "inside strangers") se response op agt vrae op.

(b) praat nie oor die onderhoude wat gevoer word nie.

(c) sit nie wat hulle hoor deur hul eie filters nie.

(d) kry die antwoord sonder om daaraan deel te neem.

(e) laat die ander persoon in beheer bly en weet dat "alles wat jy sê gaan belangrik wees."

(f) behou oogkontak en laat toe dat die ander persoon sien hoe hy / sy neerskryf.

(g) lees terug om seker te maak.

3.8.1.3 ŉ Leesspan

(a) se lede lees individueel al die response reflektiewelik.

(b) teken observasies, insigte en merkwaardighede aan.

(c) se lede kom hierna byeen en luister na mekaar se refleksies.

(d) formuleer die belangrikste indrukke omtrent die gemeente se kultuur aan in terme van waardes, persepsies, standaarde, gewoontes en metafore.

(e) se leier teken die terugvoering op die kultuur aan en beveel vrae aan vir verdere bespreking.

(f) evalueer die verslag deur te let op betroubaarheid, vertroulikheid en verstaanbaarheid.

3.8.1.4 Gemeentelike proses

Die navorser het tydens elke navorsingsessie ŉ luisterspan van 6 geïdentifiseer en deeglike opleiding aan hulle verskaf. Die luisterspan het as ŉ navorsingspan diep en intens geluister na wat die **familie**, **"outside strangers"** en die **"inside strangers"** sê in die stories wat hulle vertel het en dit opgeskryf. Elkeen van die luisterspanne het 4 onderhoude per navorsingsessie gevoer. Die antwoorde van die eerste

navorsing is na ’n Leesspan van die Suider-Afrikaanse Vennootskap van Gestuurde Gemeentes gestuur (SAVGG) waar dit onder leiding van Pieter van der Walt gelees en geïnterpreteer is. Die SAVGG het ongeveer 12 jaar gelede die lig in Suid-Afrika gesien en vorm deel van die *Partnership in Missional Churches.* Laasgenoemde werk onder die vaandel van ’n nie-winsgewende organisasie, *Church Innovations* en is gesetel in St. Paul, Minnesota.

Die antwoorde is nie weer aan die gemeente beskikbaar gemaak nie, maar ’n leesverslag is wel ontvang. Vanweë die belangrikheid van die inhoud van die verslag betreffende die kultuur van die gemeente in terme van waardes, standaarde wat aangelê word vir sukses en die persepsies omtrent God en kerkwees waarmee die gemeente lewe, word dit hier deurgegee:

3.8.1.4.1 Leesverslag een

Die leesspan spreek die vertroue uit dat die opmerkings die gemeente sal help in hul beplanning en dat hierdie beplanning ’n verryking sal wees en tot betekenisvolle geestelike groei en verdieping bydra. Die verslag met die vrae wat gestel is, volg nou hierna:

1. Vertel ’n storie oor hoe jy God se teenwoordigheid en aktiwiteit in hierdie gemeente ervaar.

Dit blyk duidelik dat kerk toe gaan baie belangrik geag word in julle gemeente. Heelwat vertellings draai om kerkbesoek. Die eredienste word gesien as die sentrale plek in die gemeente, waar die teenwoordigheid van God op ’n besondere manier beleef word.

By die eredienste is die belangrike ding vir mense die boodskap wat daar "ontvang" word, of waardeur ek "geraak word" of "nader aan God voel". God is veral teenwoordig by die dienste, en dit is waar Hy werk.

Die gemeente het ’n baie hoë dink van die amp van leraar. Die Woordverkondiger word gesien as die belangrike "bemiddelaar" van God se werk in die gemeente. Daar word dan ook soms in die antwoorde doelbewus waardering uitgespreek vir die rol wat die leraar speel as die een wat deur die Here gebruik word.

Daar word waardering betuig vir die leiers wat "hard probeer".

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2. Beskryf ‘n ervaring van betekenisvolle aanbidding van God wat jy in die gemeente gehad het.

Uiteenlopende ervarings van betekenisvolle aanbidding word genoem, hoewel een of twee dinge uitstaan.Hierdie vraag toets eintlik ook: Wanneer dink lidmate het hulle werklik met God te doen? Die (meer spesifieke) antwoorde is: toe ’n siek dogter genees is; toe ons gemediteer het in die katkisasieklas; toe ons uitgereik het na MIV-positiewes; toe ons almal saam gebid het vir iemand wat weggeraak het; tydens gebedstye in bidure of tuis; as ons luister na sy Woord; as ons saamsing; by geleentheid van belydenisaflegging; in ’n spesifieke teks tydens ’n preek.

In al hierdie beskrywings kom daar ’n paar groter lyne na vore. Julle ag dit belangrik om saam in God se teenwoordigheid te kom, na die Woord te luister, te sing en te bid. Ook om uit te reik en óm te gee vir mense wat swaarkry en in nood verkeer.

3. Vertel van die manier waarop mense in die gemeente baklei.

Julle is eerlik oor konflik en hierdie eerlikheid kan groot seën vir die toekoms van die gemeente inhou. Julle probeer nie onder die mat invee dat daar stryd tussen mense in die gemeente is nie. Meestal gaan dit oor kleiner dingetjies, maar vir "gestuurde" gemeente-wees, is dit nie werklik belangrik waaroor konflik gaan nie. Wat belangrik is, is hoe die konflik hanteer word. Daar is ’n persepsie in die gemeente dat die leierskapskultuur een is van "mense dwing" om byvoorbeeld die kerk te besoek en dankoffers te betaal. Die persepsie is ook dat daar nie baie oop gesprekvoering in die gemeente plaasvind nie, sodat mense die gevoel het hulle word nie werklik gehoor nie. Ons het gewonder hoe julle as leierspan hierdie persepsie sou kon hanteer?

Iemand noem dat ’n spesifieke konfliksituasie "goed hanteer" is. Ons het net gewonder wat julle as die goeie hantering van ’n konfliksituasie beskou? Hierdie vraag is volgens ons juis belangrik omdat daar op die pad wat julle nou betree het van saam dink en bid en onderskei, noodwendig konflik ontstaan oor die roeping van die gemeente. Watter meganismes sou julle kon versterk vir die positiewe hantering van konflik?

4. Wat maak jou angstig oor die toekoms van die gemeente, en wat gee jou hoop?`

Daar is angs oor mense vloek en drink op straat, vanweë sjebeens en kinders wat die lewe invaar en "sonder respek raak". Die onbetrokkenheid van lidmate dra ook by tot angs oor die toekoms van die gemeente.Heelwat angste hou verband met "streng kerkwette".

Die hoop hou verband met die vaste vertroue dat die Here sy kerk in stand hou en die wete dat Hy ŉ plan het. Daar is ook diegene wat vashou daaraan dat mense tog uiteindelik by mekaar sal bly staan en dat die gemeenskapsgevoel, die bystaan van mekaar en onderlinge verbondenheid sal help om die gemeente te laat slaag. Iemand noem ook dat die uitreik na nie-meelewendes hoop gee.

5. As jy die gemeente vir 5 jaar sou verlaat en in daardie tyd geen kontak met die gemeente het nie, wat sou jy verwag as jy terugkeer? En wat sou jy hoop om te sien?

Die meerderheid van antwoorde het te doen met dinge wat mense hoop om te sien as hulle sou terugkeer. Een van die dinge wat genoem is, is getallegroei en ook dat smokkelhuise weg sal wees.

Wat egter die meeste uitstaan van wat mense hoop om te sien oor 5 jaar, is eenheid in die gemeente, "eenheid in Christus", vrede en goeie onderlinge verhoudinge.

Ons kan met taamlike sekerheid sê dat goeie verhoudings tussen gemeentelede vir julle gemeente uitstaan as ŉ baie belangrike waarde. Dit is vir julle belangrik om goed met mekaar oor die weg te kom, mekaar te ondersteun en te versorg. Dit word as pynlik ervaar wanneer dit nie die geval is nie.

Dit is moontlik nou vir julle baie belangrik om te vra wat "eenheid in Christus" prakties vir julle gemeente-wees en vir die uitleef van julle gesamentlike roeping, beteken.

6. Beskryf die gemeente aan ŉ nuwe persoon en vertel hom/haar hoe hy/sy versorg sal word.

Een persoon sê: "Daar word ŉ woord van verwelkoming uitgespreek spesiaal aan besoekers en nuwe gemeentelede. Selfs ŉ spesiale lied word gesing aan dié wat

deel word van die gemeente. Dit gee ŉ mens ŉ warme gevoel, jy voel sommer welkom."

Die algemene gevoel of persepsie kan opgesom word as een van: "Hier staan ons saam wanneer daar nood is, ons kan baie vriendelikheid en warmte vir mekaar bied. Hierdie warmte en vriendelikheid word egter in sommige opsigte bedreig vanweë ŉ sisteem van baie reëls en regulasies, wette in verband met kerkgang, ens."

Julle as leiers sal waarskynlik nie sisteme oornag net tot niet kan maak en nuwes in plek sit nie. Maar hierdie proses sal onder andere van julle vra om na te dink oor julle sisteme in die gemeente en om dit te toets teen die styl en praktyke van "gestuurde gemeente"-wees. Dit sal vra dat julle nuut dink en nuut beplan en nuut doen met die oog daarop om vreemdelinge deel te maak van die gemeenskap van gelowiges.

7. Vertel hoe jy voel oor die veranderinge wat in die afgelope 3-5 jaar in die gemeenskap rondom julle plaasgevind het.

Die persepsie van lidmate is dat die gemeenskap meer wêrelds geword het. Die Sondag het net ŉ gewone dag geword, mense kom kerk toe wanneer hulle wil, elkeen leef net vir homself, en kinders word sonder godsdiens groot. Hierdie tendense is natuurlik veel wyer sigbaar as net in julle eie gemeenskap.

Ons het gewonder hoe julle oor die roeping van die gemeente dink in dié tyd van radikale verandering, soos hier deur die gemeente beskryf word. Hoe reageer die gemeente op ŉ veranderende samelewing?

Hierdie is moontlik kernvrae vir die proses van leierskap in die gemeente. Wat gaan julle gemeente se gesamentlike roepingsverstaan wees, met ander woorde hoe gaan die span leiers en die gemeente ervaar dat hulle almal saam luister na God se roepstem en gehoorsaamheid daaraan nastreef?

Die dryfveer van ŉ gestuurde gemeente is hoe almal saam die gemeente se roeping van die Here hoor en uitleef. Die proses van die Vennootskap van Gestuurde Gemeentes wil julle hierin tot diens wees. Daar word genoem dat kerkleiers uitreik na mekaar en dat dit baie waardeer word.

8. Vertel hoe jy voel oor die veranderinge wat in die afgelope 3-5 jaar in die gemeente plaasgevind het.

Dit blyk duidelik dat die verandering van die omgewing ŉ invloed het op hoe die gemeente beleef word. Die mag en invloed van die kerk is nie meer so vanselfsprekend nie. Die waardes van die samelewing verander en die "afgedwaaldes" word meer. Dit alles het ŉ effek op die moraal van leiers en personeel.

Nou blyk dit uit die antwoorde dat die reaksie een van veral twee sou kon wees: óf die leiers kan die verlede ten alle koste probeer handhaaf en dwingende reëls af forseer om sy mag te bewys en mense onder die kerk se kontrole te probeer hou; óf die leiers kan hulle energie gee vir ŉ proses van saam luister (na God en na mekaar) en die bediening beplan om as gemeente aan die roeping van God gehoorsaam te wees.

Iemand stel dit soos volg: "Ek weet dat ons oppad is êrens heen. Ek hoop dat God ons sal lei in die proses." Meer as een persoon meld dat God se teenwoordigheid nuwe hoop bring. Hoe is God teenwoordig in julle gemeente? Waar is Hy besig, hoe werk hy?

Hoe moet die fokus en bediening van die gemeente nou lyk? Hoe kan julle as leiers gesamentlik hieroor besin en saam die wil van God ontdek in verband met die roeping wat Hy nou vir julle het?

3.8.1.4.2 Leesverslag twee

Die leesverslag wat hier volg, is ŉ objektiewe vertolking van 4 Magister in Teologie (Bedieningspraktyk) studente van 2007 verbonde aan die Universiteit van Stellenbosch wat glad nie met die gemeente bekend is nie. Die navorser het die stories van die gemeente (Bylaag 4) soos versamel deur die luisterspan aan die studente beskikbaar gemaak. Die formaat waarin dit aangebied word, is eers die vrae wat gestel is, gevolg deur die interpretasie wat deur die studente gegee word asook etlike opmerkings en vrae

1. Beskryf die gemeente aan ’n nuwe persoon.

In die algemeen het die mense binne en buite die gemeente ’n baie positiewe gesindheid en gevoel teenoor die gemeente. ’n Mens kry die indruk dat mense wat deel is van die gemeente trots is op die gemeente en dit getuig van ’n diep lojaliteit. Julle is ’n gasvrye gemeente wat vreemdelinge verwelkom en mekaar voortdurend ondersteun op ’n baie praktiese wyse. Julle wys inderdaad iets van die koninkryk van God wanneer julle so hulpbehoewend is teenoor mekaar. Daar is enkele opmerkings oor afgunstigheid wat binne die gemeente ervaar word.

1.1 Opmerkings en vrae

Dit wil voorkom asof julle gemeente ’n gasvrye gemeente is waar vreemdelinge welkom voel en verwelkom word. (Wie dink julle is die mense wat vreemdelinge is in julle gemeenskap wat verwelkoming nodig het?). Dit is wonderlik om te sien hoe julle mekaar versorg en help binne die gemeente, want iets van God se droom vir hoe die samelewing moet lyk, word deur julle sigbaar.

(Na wie toe dink julle kan hierdie versorging en hulpverlening uitkring binne jul gemeenskap? Waar dink julle is ook ander nood buite jul gemeentekring waar hierdie hulpverlening ’n verskil in mense se lewens kan maak? Hoekom dink julle sal party mense voel daar is afgunstigheid? Sou daar wel afgunstigheid wees, hoe dink julle kan mens so iemand help sonder om hulle te veroordeel - want om afgunstig teenoor iemand te wees, vertel mos van ’n diep seer wat in iemand verskuil is).

2. Hoe leer gemeentelede wat dit beteken om ’n volgeling (dissipel) van Jesus Christus te wees?

Dit is duidelik dat die Woord en eredienste/preek en bidure/gebedsessies ’n groot rol in julle geloofsvorming speel. Die preke van die leraar is uiteraard baie belangrik en daar is ’n positiewe ervaring van die woordverkondiging. Die eredienste is geweldig belangrik vir die gemeentelede. Mense kyk baie krities na die leiers as voorbeeld, hul glo dus dissipelskap moet deur die leiers gemodelleer word. Waar daar tans nog baie na die leraar gekyk word, is daar al enkele stemme wat insien dat hulle self ook die Woord met vrymoedigheid kan gebruik en kan mee-werk aan die maak van dissipels. Agting vir die Woord is baie hoog en die Bybel is vir hulle formatief. Soos in meeste gemeenskappe is die dominee die "expert" en die mense is baie afhanklik van sy insigte en voorbeeld.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.1 Opmerkings en vrae

Die Bybel speel ŉ groot rol in julle gemeente en dis wonderlik. ŉ Mens kom agter dat julle regtig julle lewe volgens die Woord wil inrig. Ons wonder tog of julle nie ook moet wandel in tekste wat mense iets sal laat ontdek dat die Bybel nie net vir ons wil voorskryf wat moreel reg of verkeerd is nie, maar hoe ons deel is van God se roeping, Sy vennote om die wêreld (ook buite die kerk) te dien. Dit is wonderlik om te sien hoe julle volgelinge van Christus is. Christus was mos voortdurend aan die rondbeweeg na ŉ verskeidenheid van mense met gebrokenheid. Na wie toe dink julle is Christus aan die beweeg binne julle gemeenskap, waarheen julle Hom sekerlik getrou sal volg? Hoe kan julle gemeentelede help om nie so afhanklik van die dominee te wees nie, maar self te ontdek dat hulle ook geroep is tot die maak van dissipels.

3. Vertel iets wat illustreer hoe jy ervaar dat God teenwoordig is en hoe Hy in hierdie gemeente werk.

As iemand siek of in die nood was, dan is dit vir mense wonderlik hoe God Homself kom wys deur uitkoms, hulp, ondersteuning van die kerk (gemeentelede, leiers en leraar). Die kerk en haar werk is vir die mense die beliggaming van God. Die verwagting van die mense rondom die gemeente is dat die mense in die gemeente moet help, want so is God by hulle werksaam. As gemeentelede nie help nie – is dit God wat nie help nie. Voorspoed en heelheid is vir mense teken van God se teenwoordigheid. *God is teenwoordig deur die kerk. Die kerk word verteenwoordig deur die mense in die gemeente.*

3.1 Opmerkings en vrae

Dit is wonderlik om te hoor hoe mense in die doodgewoon alledaagse vir God raaksien as die teenwoordige. Ons wonder of julle dit regtig duidelik hoor en besef hoe wonderlik God julle reeds gebruik (Patroon 4): Mense ervaar God se teenwoordigheid-deur julle praktiese hulp as individue (kerkraadslede, leraar en gemeentelede) wat hulle besoek, hulle ondersteun, hulle versorg, hulle troos en help. Hier is iets wonderlik wat julle moet raaksien: God is deur julle sigbaar/teenwoordig. Julle het ons weer herinner dat die werking van die Gees sigbaar word deur die doodgewone, maar kosbaarhede soos liefde, vreugde, vrede, geduld, minsaamheid... Is daar enige plek waar gemeentelede die ruimte het om stories vir

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

en aan mekaar kan vertel van hoe die Here hulle gebruik het om bepaalde liefdesdade spesifiek in die gemeenskap te verrig?

4. Beskryf ’n ervaring van betekenisvolle aanbidding van God wat jy in die gemeente gehad het.

Die ge-organiseerde aanbiddingsgeleenthede (eredienste, pinkster, bidure, nuwejaarsdiens) beteken baie vir die lidmate en hulle het ’n aanbiddingsverwagting wanneer hulle bymekaar kom. Minder ervaringe in die alledaagse lewe of op plekke buite die erediens kom egter na vore. *Weereens afhanklik van die erediens-prediking, woordverkondiging. Dit dui op ‘n sterk erediens-gesentreerde – leraar – afhanklike-bediening. Mense ervaar God.*

4.1 Opmerkings en vrae

Ons wonder tog of die aanbidding buite die gemeente-aktiwiteite uitkring al dan nie.

5. Vertel van ’n situasie waarin jy en / ander mense bv by ’n probleem of konflik by die kerk betrokke was en hoe dit hanteer is.

Die begrafnisbeleid het beslis konflik/spanning veroorsaak. Die probleem met die begrafnisbeleid skep die indruk dat lidmate nie gelykvormig behandel word nie, maar dat daar ’n klasse-sisteem van geloof is. Daar is mense wat voel daar word teen hulle gediskrimineer op grond van die begrafnisbeleid. Konflik wat nie opgelos word nie, kan later gevoelens skep. Konflik moet nie gelos of vermy word nie – met so ’n hegte familie-band is die oplos van konflik radikaal omdat verhoudinge so diep is.

5.1 Opmerkings en vrae

Julle klink na ’n baie hegte familie en tog gebeur misverstand en konflik mos maar in elke familie. Dit klink tog asof konflik soms vermy kan word of nie opgelos word nie. Wat dink julle doen sulke onopgeloste konflik aan die atmosfeer binne in ’n gewone familie? Hoekom is ons soms geneig om konflik nie heeltemal op te los nie? Hoe dink julle kan ’n mens iets soos ’n begrafnisbeleid gebruik om vir die gemeenskap van die genade van God te vertel? Wat dink julle sal so ’n genade-deursypelende-begrafnisbeleid julle kos? Wat dink julle kan mense hoor by ’n begrafnisbeleid wat genade verkondig en wat verwelkom?

6. Wat maak jou angstig oor die toekoms van die gemeente, en wat gee jou hoop?

Hier is ŉ geweldige afhanklikhied van die leraar en die vrees as hy sou weggaan. Bekommernis oor die jeug en die gemeente. Daar is kontras tussen emosie hier en by Vraag 1?? En ŉ tydsgees van minder betrokkenheid by die kerk. In Vraag 1 is lidmate beïndruk met hul gemeente en gemeentelede se meelewendheid. Die jeug wat nie in die gemeente bedien word nie en die onbetrokkenheid van kerkraadslede is negatiewe elemente. Die leraar gee lidmate hoop. Daar is ŉ besef van afhanklikheid van God-hoop op God. Die draers van hoop is die kerk – die kerk moet die hoop dra deur die gemeentelede wat praktiese behoeftes aanspreek.

6.1 Opmerkings en vrae

Geen.

7. Vertel hoe jy en ander voel oor die veranderinge wat in die afgelope 3 – 5 jaar in die gemeente plaasgevind het?

Die gemeente is gereed vir verandering – wyer as net op uiterlike strukturele vlak, maar dieper veral met hierdie tinteling van opgewondenheid oor die 'gestuurdheid'. Dit lyk asof daar groot vertroue in die leraar is. Verandering is aan struktuur, geboue en organisasie- maar mens hoor nie veel van dieper teologiese skuiwe/beweging nie. Daar het wel tegniese veranderinge in die gemeente plaasgevind, maar daar het ongelukkig geen aanpassende veranderinge in die gemeente plaasgevind nie.

7.1 Opmerkings en vrae

Geen.

8. Hoe voel jy en ander oor die veranderinge wat in die afgelope 3 – 5 jaar in die samelewing rondom julle plaasgevind het.

Die mense is almal baie bly oor die dienste (biblioteek, brandweer, polisiestasie, kliniek) wat aangebring is binne die gemeenskap. Daar is groot kommer en angstigheid oor die verval in die gemeenskap, veral as dit kom by die jeug vir wie daar geen positiewe opbouende aktiwiteite is nie. Wat dink julle wil hierdie twee pole vir julle as gemeente sê? Kan julle sien waar is God besig om dinge in julle gemeenskap te verander en nuwe goed te begin? Ons is oortuig dat hierdie kombinasie binne die gemeenskap van bekommernis oor maatskaplike verval en die

geweldige positiewe belewenis oor die basiese dienste wat vir die gemeenskap opgerig is duidelik met julle wil praat. Watter volgende basiese diens het die gemeenskap nodig? Gee mense kapasiteit om basiese dienslewering binne die gemeenskap te doen.

8.1 OPMERKINGS en vrae

Geen.

3.8.1.4.3 Algemeen: om oor te reflekteer

(a) Die begrafnisbeleid is ŉ wonderlike geleentheid om iets van die kontra-kultuur te wys en om dit as ŉ geleentheid te gebruik om iets van die koninkryk na die buitestanders te kommunikeer. Dit gaan beslis ŉ groot risiko inhou, maar die evangelie praat tog immers eers van 'belong' en dan 'belief' en nie andersom nie.

Praktyke binne die huis demonstreer God se bedoeling van hoe die samelewing kan/moet wees – wees net versigtig vir ŉ na binne gerigtheid en ŉ verdeling binne die gemeente.

(b) In hoe ŉ mate het die situasie in Saron se gemeente verander sedert die kolonialistiese sendingbewegings wat daar was? Die sendeling was die 'expert' en het die mense afhanklik van hom gehou, hy was die bedienaar en die ander het ontvang. Daar was nie bemagtiging tot dissipelmakers nie- die sendeling moes dit immers doen. Ons sien iets van dieselfde patroon hier waar die mense die leraar nou die alleen-bedienaar gemaak het van 'geestelike' dinge en hulle sal die maatskaplike elemente bedien. Ek dink die gemeente kan iets wonderlik ontdek van hoe aanbidding gebeur deur hierdie liefdesdade en hoe hulle bemagtig kan word om saam-sonder ŉ 'expert'- die Woord kan gebruik en saam daarin soek...

3.8.1.4.4 voorlopige waarderende waarnemings / uitdagings

Die etnografiese navorsing is op 2 verskillende tye met en deur verskillende persone gedoen. Die ooreenkomste tussen die twee verslae is verstommend. Die volgende is van die belangrikste waarnemings / uitdagings wat uit die verslae na vore tree:

3.8.1.4.4.1 Waarnemings / uitdagings verslag 1

(a) Die erediens staan sentraal in die gemeentelike lewe en God se teenwoordigheid word baie spesiaal hier ervaar. Dit is belangrik vir die

gemeente om in God se teenwoordigheid te wees, na Sy Woord te luister, te sing en te bid.

(b) Lidmate het ŉ hoë dunk van die amp van die leraar.

(c) Daar is ŉ persepsie dat die leierskapskultuur een van lidmate dwing om kerkbesoek te doen en dankoffers te betaal.

(d) ŉ Oop gesprekvoering is afwesig en laat lidmate versmoor voel. Die saamstaan tydens nood asook die vriendelikheid en warmte vir mekaar word deur ŉ sisteem van reëls en regulasies versmoor.

(e) Verder is daar angstigheid by lidmate oor die gevloek en drinkery op straat, sjebeens, kinders wat die lewe sonder respek invaar en die streng kerkwette.

(f) Die eenheid in die gemeente, in Christus asook vrede en goeie onderlinge verhoudinge is belangrik asook die onderlinge sorg en ondersteuning.

(g) ŉ Belangrike vraag vir die gemeente is: Hoe kan almal saam die gemeente se roeping van die Here hoor? Veral in ŉ proses van verandering waar nuut gedink en nuut beplan word.

3.8.1.4.4.2 Waarnemings / uitdagings verslag 2

(a) Daar is ŉ diep lojaliteit, gasvryheid en omgee onderling met mekaar wat iets van God se Koninkryk wys. Dit het die potensiaal om uit te kring na "vreemdelinge".

(b) Die Woordverkondiging word tydens die eredienste en bidure positief ervaar. Hiermee saam het Bybellees groot waarde met die fokus wat sterk op die leierskap steun.

(c) Daar is ŉ sterk erediens-gesentreerde-leraar-afhanklike bediening in die gemeente teenwoordig.

(d) Die gemeente reageer ook stadig op aanpassende verandering.

(e) Die begrafnisbeleid wat baie leed en pyn veroorsaak, het tog die potensiaal om as ŉ missionale geleentheid te dien.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(f) Verder is die kerk se invloed nie meer so vanselfsprekend nie en is ŉ belangrike vraag: Hoe reageer die leierskap op ŉ veranderde wêreld?

3.9 Ons is nou hiér

Ten einde die groter konteks van die VGK Saron vas te stel en die leierskapimplikasies wat dit het, word die ontdekkings op die makro-, meso- en mikro-vlak asook die gemeentevraelys vervolgens kortliks puntsgewys onder woorde gebring om sodoende inhoud te gee aan die "Ons Is Nou Hier"-stelling.

3.9.1 Ontdekkings op die makrovlak

Die volgende ontdekkings is op die makro-vlak gemaak:

(a) Globalisasie het die wêreld paradigmaties (Buchanan & Hendriks 1995:34) verander en verplat (Friedman 2006).

(b) Die netwerkgemeenskap word gevestig en die informasietegnologie verander die wêreld in een massiewe gemeenskap.

(c) Gelegitimeerde identiteitsvorming (van bo af) verval en identiteitsvorming vind al hoe meer reaksionêr of projekgedrewe plaas.

(d) Patriargalisme en waardes verkrummel. ŉ "Multiple identity disorder" is waarneembaar en vrouens tree al hoe meer op die voorgrond.

(e) Armoede en onsekerheid verdiep in plaaslike gemeenskappe.

(f) ŉ Wedloop neem ŉ aanvang om die "mind" van die individu te "control".

(g) Multinasionale maatskappye manipuleer die aandelebeurs – dit raak die Saron huishouding direk.

(h) Die Globale Ekonomiese Resessie raak die bou-industrie, landbousektor, uitvoerbedryf asook inflasie en die wisselkoers direk en het werkloosheid tot gevolg…ook op Saron.

(i) Internasionale kriminele en –dwelmroetes vind hul weg na jongmense in Saron.

(j) Nabootsing van oorsese gewoontes, gebruike, leefstyle, musiek en webtuistes bring onsekerheid in die plaaslike gemeenskap.

(k) Die Suid-Afrikaanse regering honoreer nie die Dekade van die Inheemse Mense van die Wêreld (1995-2004) nie en verleng armoede in Saron as inheemse gemeenskap.

3.9.2 Ontdekkings op die meso-vlak

Die ontdekkings wat op die vlak gemaak is, is die volgende:

(a) Die nuwe demokratiese bestel in Suid-Afrika bring nuwe hoop vir die inwoners, maar terselfdertyd word individualisme, persoonlike status, armoede, korrupsie en misdaad sterker omlyn met die kerk wat sy bevoorregte posisie verloor.

(b) Die afsnydatum van 19 Junie 1913 vir grondeise benadeel inheemse gemeenskappe soos Saron wat hul grond in 1909 met die sendingwet verloor het.

(c) Die herafbakkening van munisipale grense het onsekerheid in die gemeenskap gebring en die gemeenskap apaties gelaat.

(d) ŉ Plaaslike grondeis word ŉ verskoning om ontwikkeling in Saron te vertraag.

(e) Die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan 2010/2011 toon ŉ toename in sosiale probleme soos morele verval, armoede asook die afwesigheid van sosiale infrastruktuur en dienste.

(f) Die kortstondige leeftyd van die Saron Geestelike Leiersforum en die daaropvolgende disintegrasie laat die gemeenskap geestelik en materieel armer.

(g) Plaaslike gemeenskapsleiers en rolspelers identifiseer die volgende kerk uitdagings in die gemeenskap: gebrek aan permanente indiensneming, middelafhanklikheid, werkloosheid, kinderverwaarlosing, jeugmisdaad, armoede, MIV en afwesigheid van die aanvaarding van die verantwoordlikheid met betrekking tot ouerskap.

(h) "Vreemdelinge" dui aan dat die VGK Saron met wonderlike eredienste op ŉ Sondag ŉ eie kultuur ontwikkel het (Buchanan & Hendriks 1995:54-55). Van dié bediening kom gedurende die week nie veel tereg nie.

3.9.3 Ontdekkings op die mikro-vlak

Die volgende ontdekkings is gemaak tydens die navorsing wat op die mikro-vlak gedoen is:

(a) Die VGK Saron val in die kategorie van die "pastoral-sized" gemeentetipe en beweeg tans tussen die institusionele en die verkondigingsmodel.

(b) Ten opsigte van die sisteemteorie, beweeg die VGK Saron tussen sisteen 2 en 3, terwyl dit teologies op voetspoor van die gereformeerde tradisie in ŉ sisteem 4 wêreldbeskouing beweeg.

(c) Die erediens en die Woordverkondiging staan sentraal in die gemeente.

(d) Daar word ŉ sterk fokus op die amp van die leraar geplaas.

(e) Die tradisionele kerkkultuur dwing lidmate om offers te gee en kerk toe te kom.

(f) Daar is ŉ sterk erediens-gesentreerde-leraar-afhanklike-bediening in die gemeente teenwoordig.

(g) Die begrafnisbeleid lê twee Godsbegrip vertrekpunte bloot. Die een Godsbegrip bied ŉ missionale geleentheid vir die gemeente.

(h) Die VGK Saron bestaan uit tradisionaliste asook ontluikendes en verkeer in ŉ oorgangsfase.

3.9.4 Ontdekkings uit die gemeentevraelys

Die gemeentevraelys het die volgende ontdekkings na vore gebring:

(a) Die meeste van die gesinshoofde is vroulik (76%).

(b) Die kern ouderdomsgroep is tussen 35 en 44 jaar.

(c) Werklose gesinshoofde registreer 23%.

(d) Altesaam 74% erken hul Khoe-San afstammelingskap (ouderdom speel nie ’n rol nie).

(e) Die kerngroep se opvoedingsvlak is graad 7 tot 9.

(f) Individualisme, selfgerigtheid en ’n voorkeur vir ’n herder-kudde model van bediening word deur al die meetinstrumente bevestig.

(g) Altesaam 86% van die gesinshoofde is glad nie betrokke in die gemeente nie.

(h) Lidmate staan nie volledig apaties teenoor die gemeente nie.

(i) Altesaam 70% verwag dat die leraar huisbesoek moet doen.

(j) Die beplanning van die gemeente kan verbeter (78%).

(k) Altesaam 97% wil hê dat die God wat stuur, moet aan hulle bekend gemaak word.

(l) Die Kerkraad word deurgaans negatief ervaar.

Die navorsing se resultate is duidelik en die vrae van Hendriks (2004:205) is grootliks beantwoord.

- Wie is ons?
- Waar kom ons vandaan?
- Waar is ons nou?
- Waarheen is ons oppad?
- Waaroor is ons besorg?
- Wat is die rede vir ons bestaan?
- Die reis na ’n alternatief kan in alle erns begin.

3.10 Samevatting

Die fokus in hierdie hoofstuk het verskuif vanaf die profiel en bates van die gemeente na die ekologie daarvan. Hierdie verskuiwing het dit moontlik gemaak om die konteks van die VGK Saron metodologies op etnografiese wyse te analiseer. Dit is veral die makro-, meso- en mikro-vlakke wat aan die orde gekom het. Die analise is gedoen deur soveel as moontlik lidmate (43) aan die proses deel te laat neem by

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

wyse van die voer van persoonlike onderhoude of in die hoedanigheid van respondent. Diegene wat aan die gemeente-vraelys deelgeneem het, is hierby uitgesluit.

Diegene wat onderhoude gevoer het, het deeglike opleiding ontvang, terwyl ŉ eksterne leesspan wat duidelike patrone op ŉ afstand beter as die onderhoudspan kan identifiseer, die inhoud geïnterpreteer het.

Die verskillende kontekste toon duidelike wedersydse beïnvloeding van mekaar en ook hoe invloede van buite verandering in die gesagsposisie van die plaaslike kerk teweeggebring het. Globalisasie is veral deur drie fases ingelei te wete die ontdekkingsreise deur bepaalde lande, multi-nasionale maatskappye wat wêreldekonomieë sigbaar gemaak het en die vestiging van netwerke deur individue.

Saron is as kerkdorp deur die eerwaarde-sendeling met streng wette beheer en daar het ook sterk invloed van die eerwaarde-sendeling uitgegaan. Op dié wyse is die identiteit van die gemeente legitimerend gevorm. Hierdie legitimerend gevormde identiteit se mag is egter deur globalisasie verbreek en die invloede uit die "flat world" is besig om die kultuur te verander waarvan die mees opmerklike verandering die afbreek van patriargalisme is. Lidmate breek met die patriargale verhouding tussen sendeling en lidmaat. Op dié manier word die identiteit van die gemeente nie meer van bo-af bepaal nie.

Saron is deur die media, kommunikasie en inligting uit sy geslote lewe ontruk. Die kultuur het geleidelik-onbewustelik verskuif en die kerkleierskap is voor nuwe uitdagings gebring soos hoe om die gemeente sinvol te bedien binne ŉ snelveranderende wêreld.

In die gesprek ten opsigte van globalisasie waaraan lidmate by wyse van ŉ vraelys deelgeneem het, toon duidelik dat lidmate, anders as 100 jaar gelede, vandag bewus is van wat om hulle aangaan en dat hulle eie opinies oor aangeleenthede het. Dit dui onmiskenbaar daarop dat die kultuur in die gemeente verskuif en dat hierdie verskuiwing vanweë invloed van buite die gemeente is.

Daar is ook ander verwikkelinge wat op een of ander manier op die gemeente en gemeenskap impakteer soos byvoorbeeld die onvermoë van die nuutverkose

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

demokratiese regering om ooreenkomstig die VVO se resolusies aan Khoe-San afstammelinge Eerste Nasie status toe te ken. Dit versmoor die leierskappotensiaal en menswaardigheid van dié afstammelinge. Hiermee saam is daar ook nog verwikkelinge soos herafbakening van munisipale grense en nuwe wetgewing wat eweneens na een of ander kant impak op die gemeenskap het.

Die etnografiese navorsing bring die volgende aspekte na vore: ŉ leierskapskultuur van dwang, versmoring van die gemeentelike gawes van vriendelikheid, diepe lojaliteit, gasvryheid en warmte deur ŉ sisteem van reëls en regulasies en ŉ sterk erediens-gesentreerde-leraar-afhanklike bediening.

Verder is die bevindinge wat uit die vraelys na vore gekom het ook gelys.

Al die voorafgenoemde help ongetwyfeld die gemeente en leierskap om te ontdek dat ŉ geloofsgemeenskap se identiteit ten diepste geanker is in die drie-enige God en dat sy bestaansdoel geformuleer word deur God se doel met die wêreld *(missio Dei).* In hierdie ontdekking ontwikkel die gemeente en leierskap die vermoë om deur individualisme, selfgerigtheid, persoonlike status en instandhouding te breek en aanpassings te maak oor hoe om die gemeente sinvol te bedien binne ŉ snelveranderende wêreld.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 4

4. Die proses analise-verhoudings en kommunikasie in die gemeente

4.1 Inleiding

In die vorige hoofstuk het die fokus geval op die konteks waarbinne die VGK Saron as gemeente die lig in die wêreld en sout van die aarde moet wees. Die wêreld het verander en noop die kerk om dieselfde te doen. Vanweë die feit dat die VGK Saron stadig op verandering reageer, is verhouding en kommunikasie van wesenlike belang. Die fokus word gevolglik in hierdie hoofstuk daarheen verskuif.

Daar is ŉ onlosmaaklike oorsaaklike verband tussen identiteit en prosesse. Soos die identiteit van ŉ driejarige en ŉ dertigjarige verskil in terme van hoe hulle kommunikeer en verhoudings hanteer, so sal die identiteit van ŉ gemeente ook sy verhoudings en kommunikasie bepaal. Eweseer is daar ŉ bepaalde korrelasie tussen identiteit en leierskap.

Die argument in hierdie tesis is dat die identiteit van Saron radikaal aan die skuif is. Die vorige hoofstukke het dit reeds aangetoon en die redes daarvoor uitgespel. Die hipotese van die navorsing is dat die teologiese fundering van die identiteit van die gemeenskap direkte implikasies het vir die aard en leierskap van die gemeente. Eerwaarde-gebaseerde identiteit en leierskap is vir altyd verby. Verhoudings en kommunikasie het volledig geskuif...simbolies geïllustreer deur die verskuiwing van die invloed van die kerkklok met sy 5km reikwydte na die selfoon met sy wêreldwye reikwydte.

Die navorser is van mening dat ŉ ontleding van die invloed van veranderende prosesse sal help om die situasie soos dit was beter te verstaan en terselfdertyd die uitdagings waarvoor die gemeente staan in die vestiging van ŉ nuwe missionale identiteit en leierskap beter te kan uitspel.

In hierdie nuwe missionale identiteit en leierskap kry die metafoor van die liggaam wat deur Paulus in 1 Korinthiërs 12 gebruik word besondere betekenis (Hendriks 2004:146). Die liggaam se funksies en werkverrigting is gans anders as byvoorbeeld dié van ŉ masjien. Terwyl in laasgenoemde se geval daar geglo word dat die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

bestudering van individuele komponente van sleutelbelang is vir die verstaan van die werking van die masjien as geheel, beklemtoon eersgenoemde die unieke, maar onlosmaaklike verhouding tussen die onderskeie liggaamsdele (:145).

Easum en Bandy (1997:111) maak die interessante opmerking dat die kwessie van beheer die agendas van institusionele kerke oorheers. Dit maak van hierdie kerke masjiene met ŉ beheersentrum wat rigting aan die aktiwiteite besorg en na willekeur nuwe deelnemers aan boord bring (:113). Dit is anders as die simbool van spirituele rooihout as organisme en simbool wat hulle gebruik vir die kerk en wat in alle opsigte op groei fokus (:114). Die simbool van die spirituele rooihout sluit ten nouste aan by die liggaamsimbool wat Paulus gebruik.

Die proses-analise in hierdie hoofstuk wil daarom aanduiding bied van hoe die VGK Saron deur beplanning (formeel of informeel), kommunikasie, gemeenskapsbou en hantering van gemeentelike konflik die Liggaam van Christus versinnebeeld (Hendriks 2004:146). Dit bied aan die eenkant ŉ uitstekende geleentheid vir onder andere die leierskap van die gemeente om te besef, ".....they are facilitators or missionaries helping the body to realign itself to its purpose and function," terwyl dit aan die anderkant geleentheid bied aan die geloofsgemeenskap om bemagtig te word om te teologiseer (:146).

Vervolgens word daar gekyk na hoe die gemeente huidig funksioneer teenoor dit wat hierdie funksionering behoort te wees na gelang van gawes en talente van die lidmate.

4.2 Formele en informele dimensies

Die eerwaarde tyd en identiteit was die institusionele stelsel. Hy het dié formele stelsel gegiet deur sy dominerende proses van reëls en kerkorde en wette waarvan nie durf afgewyk word nie. Dit is outoritêr aangebied en lidmate het ŉ outoritêre Godsbegrip gevorm wat dié institusionele stelsel aanvaar het asof komende van die drie-enige God self. Huidig is daar van die ouer lidmate wat steeds hierdie stelsel in plek probeer hou, terwyl alle aanduidinge daar is dat dit die kerk gaan doodbloei indien die kerk hiermee sou voortgaan.

Vandag reël Die Kerkorde en Algemene Bepalinge van die VGKSA, spesifiek die Streeksinodale Bepalinge en Reglemente van die Streeksinode Kaapland die

prosedures, beleid en praktyke in die gemeente. Indien die kerk die fokus hierop verabsoluteer, word dit bloot net die eerwaarde tyd met sy institusionele stelsel in nuwe gedaante. En om dáárheen terug te gaan beteken die dood vir die kerk...

Daar het egter ŉ nuwe era aangebreek...Die identiteit met sy kloktoring reikwydte met die eerwaarde as die dominante figuur het verskuif na die selfoon-identiteit met sy wêreldwye reikwydte waar lidmate posisies van deelnemers in plaas van ŉ gehoor inneem. Die kultuur in Saron het verskuif... Friedman in *The World is Flat* (95, 96) verwoord hierdie wêreldwye verskuiwing treffend as volg:

> "The newfound power of individuals and communities to send up, out, and around their own products and ideas, often for free, rather than passively downloading them from commercial enterprises or traditional hierarchies, is fundamentally reshaping the flow of creativity, innovation, political mobilization and information gathering and dissemination. It is making each of these things a bottom-up and globally side-to-side phenomenon, not exclusively a top-down one... Uploading is, without doubt, becoming one of the most revolutionary forms of collaboration in the flat world. More than ever, we can all now be producers, not just consumers....Our communication infrastructure has taken only the first steps in this great shift from audience to participants, but that is where it will go in the next decade."

Hierdie verskuiwing of verplatting van die wêreld het ongelooflike geleenthede geskep wat oor die algemeen mense wêreldwyd en spesifiek die inwoners van Saron van verbruikers na produseerders omvorm het. ŉ Nuwe era van medewerking met mekaar het aangebreek waar allerlei mense wêreldwyd met mekaar kan kommunikeer, kompeteer, kennis uitruil, maatskappye vestig en dienste en goedere koop en verkoop (Friedman 2007:93). Die drie belangrike vorme van "uploading" wat die wêreld ingrypend verander het en deur Friedman genoem word, is die volgende:

4.2.1 "Community developed software movement"

Hierdie sagteware is deur multi-volunteers en georganiseerde groepe ontwikkel. Dit vind oorsprong in ŉ student van die Universiteit van Helsinki, Linus Torvalds wat in 1991 sy operasionele sisteem op die internet gepos het. Hy het alle programmeerders uitgenooi om dit te verbeter en het versoek dat hulle dit vrylik beskikbaar hou. Dit is wêreldwyd beskikbaar en net so goed of selfs beter as Microsoft. Hierdie tipe sagteware is nie ŉ geheim nie en dit is ook nie gepatenteer nie.

4.2.2 "Blogging" / "podcasting"

Die wêreldwye verskuiwings wat plaasgevind het, het tot gevolg dat intelektueles wat deur die elektroniese wêreld geabsorbeer word hul eie nuus en opinies ("blogging") op die web aanbied asook liedere, videos, idees en ideologieë ("podcasting"). Op dié manier word die middelpersoon wat gewoonlik tradisionele musiekwinkels en beheerliggame is, uitgeskakel.

4.2.3 Wikepedia:

Dié elektroniese ensiklopedia waarvolgens enigiemand inligting kan oplaai, toon verstommende groei en is alreeds groter as die Encyclopaedia Britannica. Die voorafgenoemde vorme van "uploading" toon onmiskenbaar die verplatting van die wêreld – ’n verplatting waar aan Saron onlosmaaklik aan verbind is.

Etlike van die verskeidenheid van "uploading"-vorme wat Saron en spesifiek die lidmate van die VGK Saron direk raak, is die volgende:

WIKIPEDIA

English
The Free Encyclopedia
3 752 000+ articles

facebook

skype

YouTube

twitter

Terwyl die voorafgenoemde as groeiende nuwe werklikheid diegene wat in die wêreldwye veranderende omgewing gebore word, fassineer en nuwe geleenthede aan hulle bied, is dit die tradisionaliste wat daarteen in opstand kom. Vir die tradisionaliste in wie ŉ institusionele en outoritêre sisteem oor dekades heen deur die eerwaarde tyd ingekerf is, is dié nuwe wêreld ŉ vreemde een wat bedreiging vir die mensdom op Saron inhou.

Dit is belangrik dat hierdie groeiende nuwe werklikheid nie in die gemeente gekeer word nie, maar dat eerder gesoek word na ŉ manier hoe die nuwe geleenthede wat dit bied, gebruik kan word om deur die ou muwwe identiteit te breek. Dit beteken glad nie dat alles van die verlede sleg is nie. Dit beteken wel dat die DNS van Saron en die Khoe-San identiteit in die nuwe houers van ons tyd vertaal moet word. Daar ís die gemeenskaplike van storiesvertel en broodbreek wat so na aan die Bybel se mees sentrale begrippe is dat dit nie moeilik is om dit missionaal oor te vertaal en in gebruik te neem nie.

Hierdie twee wêrelde, identiteite en leierskappe wat eintlik maar formele en informele prosesse verteenwoordig, moet saam met die dinamiek in die gemeente verstaan en beïnvloed word.

Indien laasgenoemde nie gebeur nie, kan die gevare wat beide inhou, naamlik onderwerping en manipulasie van lidmate (formeel) en ongedissiplineerdheid (informeel) katastrofies vir die gemeente wees (Hendriks 2004:149).

In 2008 het die Sinodale Kommissie van die Streeksinode Kaapland ŉ leierskapskonferensie vir predikante gereël. Dit is in Wellington gehou en het gehandel oor konflikhantering. Hiertydens is bepleit dat daar nie eerste na die Kerkorde (formeel) gegryp moet word nie, maar dat allereers oorweging geskenk word aan unieke gemeentelik-kontekstuele maniere (informeel) van aangeleenthede hanteer. Dit is nie ŉ afwysing van die formele manier van dinge doen (kerkorde) nie. Dis eerder die erkenning dat die informele en die formele manier van dinge doen, deel van ŉ proses is en dat eersgenoemde die laasgenoemde kan voorafgaan.

4.2.4 Beplanning

Beplanning is ŉ belangrike aspek in die algehele proses van die doen van teologie (Hendriks 2004:151). Dit behoort daarom heeltemal tereg ŉ deelname te wees in

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

transformerende beplande handelinge wat in gehoorsaamheid aan die drie-enige God geskied (:152). Vervolgens word verwys na hoe die gemeente tot hede teologie, naamlik beplanning gedoen het.

Tot dusver het die kerkleierskap in beheer gestaan van die beplanning. Dit is veral gedoen tydens vergaderings van verenigings, kommissies en die kerkraad. Daar is ook strategiese beplannings tydens naweekkampe gehou. Die lidmate self het egter ŉ liefde vir doen, gesels en stories vertel. Stories, in watter vorm ook al, vorm die fondament van gemeentelike kommunikasie en besluitneming. "Stories are a vital part of the spiritual genetic code of God's people. It's in our DNA, " aldus Tim Keel (2007:33). Tog is lidmate tot dusver van hierdie proses uitgesluit. Die kerkleiers het beplan en die lidmate moes doen, ongeag of lidmate voel hulle word deur die drie-enige God in ŉ heel verskillende rigting gestuur as wat die kerkleierskap aandui. Boonop word die kerkraad in die gemeentevraelys uitgewys as nie van die beste beplanners en organiseerders nie. Daar is 53% van die respondente wat aandui dat die kerkleierskap nie juis beplannings- en organiseringsvaardighede het nie.

Die feit dat 78% reken die beplanning van die gemeente kan verbeter, is moontlik aanduiding dat lidmate self deel wil wees van die gemeentelike beplanning. Die gemeente maak eintlik geskiedenis met hul deelname aan dié vraelys, want só skryf die gemeente haar eie teologie.

Dit is ongetwyfeld vir die kerkleierskap ŉ leer-ervaring van besondere betekenis. Die leierskap het nou ŉ geleentheid om die teologie van die lidmate op te vang, te onderskei en om in die teenwoordigheid en krag van die Heilige Gees rigting aan die Liggaam van Christus te gee om ŉ missionale liggaam te wees, ŉ teken van hoop, ŉ teken van die Koninkryk (Hendriks 2004:153).

Beplanning is ŉ kuns en vereis groot aanpasbaarheid (2004: 154). Deur die lidmate betrokke te kry, is aanduiding van die benutting van hierdie aanpasbaarheid. Op dié wyse word beplanning ŉ avontuur van die onderskeiding van die missionale "guidance" van God en word dit ŉ proses van die ontdekking van betekenis in die lewe van die geloofsgemeenskap (:154).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.3 Kommunikasie

Daar is ŉ baie nou band tussen beplanning en kommunikasie. Laasgenoemde word in die gemeente gedoen om die besluite wat deur die kerkleierskap geneem is, bekend te maak. Die enigste metode tot dusver is by wyse van afkondigings tydens die erediens. Vanweë die geselskarakter van die lidmate word die inligting wel wyer as die getal lidmate wat in die erediens versamel, geneem. Tog word die beperkende aard van die metode voelbaar in die deurval van inligting tussen lidmate wat die erediens bywoon en die wat nie. Dit bly dus ŉ uitdaging vir die kerkleierskap oor hoe om tegelykertyd die meeste lidmate suksesvol met inligting te bereik. Tydens een van die teologiese strategiese beplanningskampe is die behoefte aan ŉ gereelde gemeentelike nuusbrief uitgewys. Die plan as geheel kon ongelukkig nie realiseer nie vanweë ŉ tekort aan fondse.

4.4 Gemeenskapsbou

Hendriks stel die volgende kritieke vrae: "What motivates people to identify with a congregation? What builds community and draws the boundaries that define those inside and those outside" (2004:158).

Dié vrae is veral vir die VGK Saron van essensiële belang omdat die gemeente volgens die notules sedert 1970 afsplitsing ervaar het. Die vrae wat ontstaan is: Waarom het lidmate dit inderdaad belangrik geag om die gemeente te verlaat? Was daar nie genoegsaam "lym" om lidmate te bind nie? Is dit moontlik die blootlê van ŉ onvermoë van die kerkleierskap en/of lidmate om konflik te hanteer? Hoe verklaar ŉ mens dit dat so baie mense wat die kerk een of ander tyd om een of ander rede verlaat het, teenwoordig is tydens gemeentelike aangeleenthede wat juis sterk bindend van aard is, naamlik begrafnisse en die jaarlikse basaar op Paas-Maandag?

Die volgende areas wat onder bespreking gebring word, is baie sterk bindende boustene in die gemeente. Alhoewel dit sterk ooreenkomste toon met die afdeling in hoofstuk 5 wat handel oor rituele en simbole word dit hier breedvoerig onder woorde gebring:

4.4.1 Begrafnisse

Die navorser kon hierdie ritueel vir bykans 24 jaar saam met die gemeente beleef. Een van die uitstaande invloed wat van ŉ sterfte uitgaan, is dat dit mense saamtrek. Hoe meer tragies die heengaan, hoe sterker kom die ondersteuning na vore. Vir baie

is dit ŉ geleentheid om sommer weer dinge in orde te kry. Daarom dat baie wat met die oorledene of die familie ongunstig geleef het tydens die sterfte alles laat staan en na die sterfhuis optrek. Dit is veral met die "uitneem van die lyk" waar ŉ sterk gees van verbondenheid waarneembaar is.

Na die amptelike prosedures wat bevestig dat die persoon gesterf het, afgehandel is, word ŉ tyd bepaal wanneer die lyk uit die huis na die lykhuis geneem word. Hiertydens kom familie en vriende saam, liedere word gesing, die koster lewer ŉ boodskappie en daar word afskeid geneem. Dit is ook asof die oorledene hiertydens afskeid van die huis moet neem. Daar is ŉ ergerlike ongemak by lidmate jeens begrafnisondernemers wat onverskillig teenoor hierdie ritueel staan. Die begrafnisdiens self word voorafgegaan deur ondersteuningsdienste wat deur die kerkraad by die sterfhuis gereël word.

Vir baie is dit ook ŉ geleentheid om ŉ werkie by laasgenoemde te verrig. Die sterfhuis is tradisioneel deur een van die 3 sterfklubs (Broedersvereniging, Morestêr en Moreson) op die dorp bedien. Vir dekades kon begrafnisondernemings nie deur die kors van die sterfklubs breek nie. Dit is maar in die afgelope dekade en ŉ half wat begrafnisondernemings in alle erns dienste op Saron aangebied kry. Tans is daar Valley Funerals, Willy's- en Philander Begrafnisdienste. Die gemeente het self ŉ begrafnisskema, naamlik Na-Waters-Waar-Rus-Is. Laasgenoemde ontvang finansiële dienste vanaf Nu-era Finansiële Dienste in Bellville, Kaapstad. Die begrafnisse word deur Valley Funerals gedoen.

4.4.2 Paasnaweek

4.4.2.1 Passie-spele op Goeie Vrydag

Vir die eerste keer in die geskiedenis van die gemeente is ŉ passie-spele in 1999 op Goeie Vrydag gehou. Hierdie aangrypende gebeure is inderdaad passie-vol uitgebeeld. Daar is egter diegene wat van opinie was dat die kerk te ver gegaan het. Nadat diegene daaraan herinner is dat dit maar op dieselfde neer kom as die uitbeelding van die geboorte van Jesus Christus het daar ŉ mate van berusting gekom.

Die proses het as volg verloop: dit het begin met die intog in Jerusalem op ŉ donkie na die pastorie (Simon se huis), hierna na die gallery in die kerk as die bovertrek, die

tuin (Getsemane), bo die afdak van die saal (hofverrigtinge) en na die Klipkoppies (Golgotha) waar die kruisiging plaasgevind het. Hierna is met die Nagmaalsvieringe in die kerk afgesluit. Alhoewel die rolle slegs deur lidmate vertolk word, neem baie lidmate van ander kerke hieraan deel. Die hele proses skep ŉ ongelooflike atmosfeer van empatie en verbondenheid en word voorafgegaan deur ŉ week van vas en gebed.

ŉ Toneel uit die Passie-spele

4.4.2.2 Skoonmaak van die grafte en opstandingsdiens

Die Saterdag word tradisioneel gebruik vir die herstel en skoonmaak van die grafte. Dié is ŉ belewenis. ŉ Mens moet fisies in die begraafplaas wees om die gevoel van verbondenheid te ervaar. Alhoewel ŉ munisipale begraafplaas intussen aangelê is, bly die VGKerk begraafplaas ŉ bindingsfaktor wat alle families op een of ander wyse aanmekaar weef.

Paas-Sondagmôre om 6h00vm trek die gemeente op na die begraafplaas vir ŉ opstandingsdiens. Die begraafplaas word omskep in ŉ Tuin van Herinnering hoe helderder die dag breek. Die erediens wat later volg, sluit die gebeure op die Sondag af. Terwyl al hierdie aktiwiteite aan die gang is, krioel dit die hele naweek tot selfs deurnag van voorbereidings vir die basaar op Paas-Maandag.

Skoonmaak van Grafte

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.4.2.3 Basaar op Paas-Maandag

Hierdie gebeure is uitdrukking van ʼn kragtige getuienis van ʼn dankbare gemeente. Tog is dit nie net die gemeente wat saamtrek nie, maar die ganse gemeenskap - ook diegene wat een of ander tyd van die gemeente vervreemd geraak en by ander geloofsgemeenskappe aangesluit het of nuwe geloofsgemeenskappe wat mettertyd in Saron gevestig geraak het. Daar is oral blydskap, vrede, dankbaarheid, vrolikheid, vriendelikheid, nederigheid, goedhartigheid en selfs selfbeheersing wat waargeneem word. Kortom: op Paas-Maandag kristalliseer die vrug van die Gees, naamlik die liefde. Die vraag aan die kerkleierskap is: hoe kan die leierskap die aktiewe teenwoordigheid van die drie-enige God wat op hierdie dag so sterk na vore tree, missionaal begelei sodat die gemeente ʼn groter bewustheid van hul gestuurdheid ervaar?

4.4.3 Belydenisaflegging

Na die erediens waartydens belydenis van geloof afgelê word, begin dit te wemel van bedrywigheid. Oral is mense besig om te beweeg en te versamel: koek, koeldrank, lekkers, hoender, enigiets wat te kry is by die huis waar ʼn nuwe lidmaat gebore is. Dit is tradisie. En sommige doen die rondte van Vader Cloete by almal: sestig lidmate beteken sestig rondtes!

In die Khoe-San tradisie is daar ʼn uitdrukking "na-i-ma". Oorlewering wil dat almal in ʼn kring sit. Hierna word die askoek (brood wat onder die as gaar gemaak word) vinnig tussen die hande beweeg en met die plat hand geslaan om van die as ontslae te raak. Die hoof van die familie neem dit, byt ʼn stuk af en gee dit vir die volgende persoon wat presies dieselfde doen totdat die kring voltooi is. As daar vreemdelinge opdaag, word hulle by die kring verwelkom en eet hulle saam. In Afrikaans word dit sommer genoem *"byt-en-gee".* Dit wat daar gebeur, word in die Nama-taal genoem *"khoe-!amxa sib"* wat beteken "eerste mense se liefde vir mekaar".

Hierdie voorouerlike beginsels kom sterk deur op die Sondag van belydenisaflegging. Daar is ʼn geweldige en dinamiese omgee- en bindingsenergie in hierdie aktiwiteit. Dit is nie net lidmate wat op hierdie dag rondomtalie nie, maar daar is deelname deur ʼn groot deel van die gemeenskap. Hierdie koinonia- of gemeenskapsbou aspekte is uiters positiewe ervarings wat alreeds ʼn missionale karakter openbaar.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.4.4 Hantering van konflik in die gemeente

Vanweë die familie-aard van die gemeente is dit baie sensitief en uiters ontvanklik vir konflik. Tydens groot konflik- en krisissituasies het lidmate mekaar verloor. Van die belangrikste situasies is die twis met die Rynse Sending Genootskap om grondeienaarskap, die aardbewingskrisis (1969), die leraar-kerkraad gesindheidskwessie in die vroeë tagtigs en die sterk profetiese woord teen sosiale ongeregtigheid tydens die laat tagtigs en vroeë neëntigs. Daarbenewens is daar ook nog die begrafnisbeleid wat baie seer en pyn in die lewens van families veroorsaak het.

Al die aanduidinge is daar dat pogings van ʼn beheerde aard wel aangewend is om die sake by te lê, maar dat nêrens spoor gevind word nie van duidelike konflik bestuursmeganismes wat afgerond word met ʼn duidelike strategie, naamlik besluitneming, analisering, en die oorweging van ʼn strategie (Hendriks 167-168).

Die twee aangeleenthede wat hier aan die orde kom, is eerstens die twis met die Rynse Sending Genootskap om grondeienaarskap en wat volgens oorlewering uitgeloop het tot die stigting van Lilyvale N.G.Sendingkerk en tweedens is daar die begrafnisbeleid.

4.4.4.1 Lilyvale N. G. Sendingkerk

Die eerste vergadering van hierdie gemeente is gehou op 08 Januarie 1932 op die stoep van ene Mnr. J. Van Niekerk (mondelinge oorlewering wil dat hy die veldkornet van die dag was) van die plaas, Vorentoe. Dit word ook as die amptelike stigtingsdatum van die gemeente beskou. Volgens oorlewering het etlike lidmate besluit om bande te breek met die Rynse Sending Genootskap na die tweede onsuksesvolle hofgeding in die hooggeregshof oor grondeienaarskap. Die doel van die vergadering van 08 Januarie 1932 was om ʼn kerk en klein skooltjie in die lewe te roep. In die notule van die byeenkoms word Mnr. J. Van Niekerk bedank vir die onafhanklike stuk grond wat aan die erfhouers beskikbaar gemaak is. Die naam van die gemeente, Lilyvale, het ʼn interessante verloop. Dit word op die dorpskaart wat geteken is, aangedui as *Lelieën dal*, maar is deur ʼn Engelse Afrikaner wat die planne geteken het, verander na *Lilyvale*.

Teen 1936 het die lidmaattal op 115 gestaan. Die begin van ʼn uittog uit *Lilyvale* was toe 2 ouderlinge op 03 September 1936 saam met hul gesinne hul vertrekkaarte

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

aangevra het. Verder is die bestaande skoolhoof deur die Kerkraad beskou as partydig. Hy is ervaar as iemand wat hom ophou met mense wat afbrekend is, kwaad stook, in onvrede met baie van die kinders se ouers leef en gevolglik swak samewerking toon.

Die Kerkraad weier gevolglik Eerwaarde Bastiaanse se versoek om Mnr. H. La Moer vir die volgende 6 maande aan te stel. Die aanstelling het gegaan na Mnr. J. D. Belelie. Mnr. La Moer het hom aangesluit by ŉ privaatskool wat deur Mnr. Van Niekerk begin is. Die Kerkraadsvergadering van 01 Maart 1938 dui aan dat Mnr. J. Van Niekerk aan Eerwaarde Bastiaanse versoek het om Mnr. La Moer en die kinders in die privaatskool op te neem in die Ned. Geref. Kerkskool. Die Kerkraad het die versoek geweier, maar bevestig dat die skool se deure vir al die kinders in die omgewing oopstaan. Vanweë ŉ onvermoë om die konflik op te los, sluit die kerk se deure met ŉ nagmaalsdiens op 20 Maart 1938 en die skool se deure op 31 Maart 1938.

Daar was geen meganisme om die konflik tussen die Rynse Sending Genootskap en ontevrede lidmate op te los nie. Die navorser maak die afleiding dat indien konflik nie opgelos word nie dan manifesteer dit maar net weer op ander maniere. In dié geval was dit by die skool.

4.4.4.2 Die begrafnisbeleid

Die sterk verbondenheidsaard van begrafnisse ten spyt, was dit ŉ jarelange twispunt wat oneindige leed, pyn en verwoesting van verhoudinge en gesindhede meegebring het vir die familie van die “dooie lidmaat” (die term vir lidmate wat nie met die gemeente meegeleef het nie), maar ook vir die gemeente en in besonders die leraar asook die kantoorpersoneel wat fisies eerste kontak met die bedroefde familie maak. Dit is uiters moeilik deur lidmate verstaan dat die gemeente ŉ pastorale beleid ten opsigte van begrafnisse kan volg wat mense seermaak. Indien die beleid op so ŉ wyse aangepas word dat dit later ander “dooie lidmate” akkommodeer, word dit net moeiliker verstaan.

Dit is een van die aspekte waaroor die kerkleierskap die meeste gestruikel het. Die een oomblik word besluit om almal uit die kerk te begrawe, maar vanweë die ongeduld en onbegrip van meelewende lidmate word spoedig weer andersom besluit. Laasgenoemde wat besluit om slegs hul bydrag te betaal sonder meelewing

met die gemeente dwing ast'ware die kerkraad om aanpassings aan die beleid te bring. Die situasie word vir 'n tyd lank genormaliseer totdat daar weer 'n "dooie lidmaat" tot sterwe kom. Hernude ongelukkigheid stroom in en dwing die kerkraad om families in droefheid tegemoet te kom deur die saal beskikbaar te stel. Nie lank nie dan is daar twee strome: kerk- en saalbegrafnisse.

Eintlik is die konflik wat hier ter sprake is die blootlê van twee spiritualiteite en eintlik twee kerkbegrip vertrekpunte. Daar is diegene wat die lidmate wat agterstallig met hul bydrag is en as sulks as "dooie lidmate" bekend staan, 'n begrafnisdiens uit die kerk wil weier. Hulle is die tradisionaliste (waarvan vroeër melding gemaak is) wat met 'n institutêre kerkbegrip werk. Volgens hulle is daar reëls en regulasies wat behou moet word. Hulle soek dan ook vir ferm orde en dissipline en hierdie straf rondom een van die belangrikste rituele in die gemeente – begrafnisse- is die wyse waarop eenheid en samewerking van die groep deur "bestraffingsmaatreëls" behou word. Hierdie mense se Godsbegrip is een van God as die Regter, die Streng God wat onreg straf soos Hy telkens met die goddelose en afgedwaalde Israel gedoen het. Hulle is van mekaar afhanklik vir oorlewing - soos tipies ook in landelike / landbou gemeenskappe. Diegene wat nie saamwerk nie, is 'n bedreiging vir hulle sekuriteit. Dié soort groeps-individualisme is eintlik gevaarlik, terwyl *ubuntu* wesenlik belangrik is.

Hierdie kerkbegrip vertrekpunte toon duidelik dat Saron tans in 'n liminale fase is – 'n oorgangsfase, soos Alan J. Roxburgh (2005) dit in sy uitstekende werk, *The Sky is Falling,* beskryf. Gevolglik het ons in 'n veranderde wêreld nuwe lense nodig om ons te help om ons konteks in tye van verandering en oorgang te lees (2005:48) en om nuwe raamwerke, vaardighede en moontlikhede te kweek (:50). Roxburgh (:54) onderskei verder die volgende vyf belangrike fases van verandering wat kan wissel van kort periodes tot uiterste lang periodes:

- stabiliteit
- diskontinuïteit
- ontworteling
- transisie
- reformasie

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hy identifiseer twee belangrike groepe in hierdie sirkel van verandering, die Liminale en die Ontluikendes. Dit is dié twee groepe wat ons in die VGK Saron vind. Die Liminale vind gewoonlik die veranderinge vreesagtig (2005:81), terwyl die Ontluikendes deur verandering gestimuleer word (:82). Beide groepe leef in dieselfde wêreld en probeer dieselfde kultuur na te streef. Tog vind hulle dit moeilik om geskille eenkant te sit en die uitdagings saam aan te durf. Roxburgh (:83) stel as oplossing voor ʼn konstruktiewe dialoog tussen die twee.

Dit is natuurlik nodig om te onderskei tussen verandering en transisie sodat die regte omgewing vir dialoog geskep kan word. Die onderskeid wat Roxburgh tref, is die volgende: verandering is dit wat van buite af plaasvind en waaroor ons geen beheer het nie, terwyl transisie ʼn respons van binne op verandering is en waaroor ons wel ʼn mate van beheer het (:90).

In Saron werk baie mense buite die gemeente, maar kom weer naweke of vakansies terug waar hulle wortels is. Tog het hulle finansieel onafhanklik geword omdat hulle ʼn groot deel van hulle lewens in ʼn geglobaliseerde wêreld begin leef het. Boon-op het die media hulle ingesteldheid begin draai...en breek hulle weg uit die gemeente indien die gemeente te veel druk op hulle toepas. Hulle is finansieel en andersinds onafhanklik genoeg om hulle teen die groepsdruk te verweer. Met ander woorde, individualisme en sekularisasie het alreeds sterk begin insypel. Tydens die dood word al die mense egter met die onafwendbaarheid daarvan gekonfronteer en is op mekaar aangewese.

Dit is wel waarneembaar dat ʼn groot groep in die gemeente se kerkbegrip intussen verskuif het vanweë die invloed van die prediking en die bediening asook die invloed van die tyd. Saron se konteks en die werklikheid is nie meer wat dit vyftig en honderd jaar gelede was nie. Die wêreld hét verander... en ook die meerderheid lidmate. Hulle begin insien dat die gemeente se benadering moet verander en dat jy nie domastrant aan tradisie kan vashou nie. Diegene wat missionêr begin dink, wie se Godsbegrip skuif en wat God as drie-enige God sien en God se missionêre hart, die *missio Dei* begin verstaan, begin alreeds anders dink oor die begrafnissituasie. Hulle sien hierdie as ʼn geleentheid om uit te reik na die kerk-vervreemde mens in nood. Dis ʼn evangelisasiegeleentheid.

As gevolg van hierdie bewustheid wat ingetree het, het die kerkraad uiteindelik besluit om alle lidmate uit die kerk te begrawe, of hulle meeleef of nie. Diegene wat ŉ sterk liefde vir die gemeente het en wat ewe sterk voel elkeen moet sy deel bydra blyk hulle geleidelik met die gedagte te versoen. Tog meld die beleid dat dooplidmate op die laatste op 18 jarige ouderdom lidmaat moet word. Met die onlangse tragiese sterfte van ŉ jongman (dooplidmaat) op 25 jarige ouderdom is bewys dat die aangeleentheid steeds problematies is. Die versoek van die familie kon nie toegestaan word nie op grond van die feit dat die beleid ŉ ouderdomsbeperking van 18 jaar daarstel. Met al die mooi bedoelinge van die Kerkraad met die beleid het dit egter weer eens seergemaak.

Die hele aangeleentheid was aanvanklik vir sommige bloot ŉ kleitrappery, terwyl dit vir ander ŉ bewys was van die teenwoordigheid van ŉ kreatiewe spanning. Hendriks (2004:165) sê: "When these tensions are suppressed, eventually a slow process of decline or an open explosion or crisis may spread like a wild fire through a congregation". Die spanning wat aanvanklik deur die begrafnisbeleid gegenereer was, het die potensiaal gehad om juis dít in die gemeente te veroorsaak. Die uiteindelike is dat dit ŉ besondere groei-potensiaal vir die gemeente toon.

Vandag verwys weinig na hierdie spanning. Dis duidelik ŉ bewys dat die gemeente aan die eenkant besig is om daaruit groei, terwyl daar aan die anderkant families is wat seker vir lank nog met die seer sal sit omdat hulle van opinie is dat die kerk hulle seergemaak het. Die vraag aan die kerkleierskap is: Hoe gemaak met hierdie lidmate? Is die leierskap bereid om aan die lidmate te sê: "Ons het dit anders bedoel, maar julle tog in die proses seergemaak. Ons is jammer." Hoe sal dit ervaar word indien die leierskap al hierdie lidmate deur ŉ proses neem en die gordyn finaal daaroor laat sak met dié woorde aan die lidmate op ŉ Sondag-oggend tydens die erediens?

Dit is inderdaad so dat baie mense konflik as negatief ervaar en dat dit selfs onderdruk word, terwyl daar weer diegene is wat dit "....embrace ....as good, a sign of vitality and growth" (Hendriks 2004:165). In die VGK Saron se geval kan elke ervaring gesien word as ŉ snoei-proses. Daar het nuwe groei na vore getree: passiewe lidmate is alreeds opgewek, andere sluit aan, terwyl diegene wat die gemeente verlaat het weer een vir een terug kom...

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.5 Samevatting

Die belangrike boustene in die gemeente is in hierdie hoofstuk onder woorde gebring. Die hoofstuk bied ʼn geheelprent van die beplanning, kommunikasie, elemente van gemeenskapsbou en die hantering van konflik in die gemeente. Hierdie boustene dien ook as sterk motivering vir lidmate om tot die gemeente te behoort. Die begrafnis, Paasnaweek-gebeure en belydenisaflegging het as boustene ʼn ryk potensiaal wat alreeds iets van die hart van die *missio Dei* blootlê en wat deur beide lidmate en leierskap raakgesien behoort te word as ʼn geleentheid wat die drie-enige God bied om die oë van die hele gemeente oop te maak vir die *missio Dei* geleenthede in die onmiddellike omgewing.

Die hoofstuk verwoord ook hoe die identiteit van Saron radikaal aan die skuif is. Hierdie verskuiwing is ʼn totale wegbeweeg van die eerwaarde-gebaseerde identiteit en leierskap. Hiermee saam het ook verhoudings en kommunikasie verskuif en word simbolies geïllustreer deur die verskuiwing van die invloed van die kerkklok met sy 5km reikwydte na die selfoon met sy wêreldwye reikwydte.

Die eerwaarde tyd en identiteit met die eietydse verhoudings en kommunikasie was die institusionele stelsel en as sulks ʼn formele een wat deur ʼn proses van reëls en kerkorde en wette gevorm is en waarvan nie afgewyk durf word nie. Die outoritêre Godsbegrip wat by lidmate gevind word, kom hiervandaan. Aan die anderkant is daar die verplatting van die wêreld wat nuwe geleenthede meebring en lidmate van verbruikers na produseerders omvorm. Dit is veral die onderskeie vorme van "uploading" wat die wêreld verander het.

Terwyl in gedagte gehou word dat nie alles van die verlede sleg is nie word rekening gehou daarmee dat die groeiende nuwe werklikheid wat deur die ou muwwe identiteit breek, onstuitbaar is. Indien die geleenthede wat laasgenoemde meebring, raakgesien en benut word, word dit ʼn springmat vir die missionale vertaling van die oue in die nuwe…

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 5

5. Identiteits-analise van die VGK Saron

5.1 Inleiding

In die vorige hoofstuk is die belangrike boustene in die gemeente geïdentifiseer, van naby ondersoek en belangrike potensiaal in terme van verbondenheid in die gemeente uitgelig. Dit het ook twee belangrike Godsbegrip vertrekpunte onderskei wat belangrik is vir die leierskap om van kennis te neem.

Die een groep soek vir ferm orde en dissipline en sien God as die Regter, die streng God wat die onreg straf. Hulle Godsbegrip is deur die eerwaarde tyd gegiet en is nie ontvanklik vir verandering nie. Die ander groep is uit die era van "uploading" en sien die geleenthede raak wat dit aanbied. Hulle is ontvanklik vir verandering en sien ook God as een van liefde, vergifnis en omgee.

Die hoofstuk dui onmiskenbaar aan dat die wêreldwye verandering ŉ verskuiwing in die kultuur van Saron teweeg gebring het. Gevolglik verskuif die fokus nou na die kern van die VGK Saron se identiteit. Op dieselfde wyse as wat ŉ persoon se identiteit sy unieke persoonlikheid is wat ŉ reeks karakteristieke bevat en die persoon van andere onderskei, het die gemeente ook ŉ unieke identiteit (Hendriks 2004:105).

5.2 Redes vir die analise

ŉ Gemeentelike analise is ŉ metodologie wat behulpsaam is in die analise van jou wêreld en ŉ identiteits analise is die mees persoonlike deel daarvan. ŉ Analise van die aard bied nuwe inligting aan lidmate asook die kerkleierskap. Dit is veral waardevol vir leraars wat nuut in gemeentes kom sonder enige insae in die binnewerk van die gemeente. Dit bied geleentheid vir die nuwe leraar om die stories, idioom, leefwyse en uitdrukkings in die gemeente te begryp.

5.3 Metodes om identiteit te bestudeer

5.3.1 Vraelyste en notules

ŉ Verskeidenheid van vraelyste is in die gemeente gesirkuleer om sodoende die identiteit van die gemeente vas te stel. Die volgende aspekte is veral getoets:

- ŉ gemeentevraelys wat gesins- en gemeentelike informasie insamel

- buitestaanders se siening ten opsigte van die gemeente
- ŉ vraelys wat die makro-invloed op die gemeente toets
- meso-invloed op die gemeente
- mikro-invloed op die gemeente by wyse van etnografiese navorsing

Verder is die relevante notules van die gemeente deurgewerk. Elk van dié aspekte dra op sonderlinge wyse by tot die identiteit van die VGK Saron.

5.4 Sosiale konteks

Hierdie gemeente het tot stand gekom deurdat die Westerse patroon van kerkstruktuur en funksie op die eerste inwoners van die land afgeforseer is (DuBose 1983:99). Dit was een van die "heidense gebiede" wat deur die Christene "bekeer" moes word. Die Rhynse Sending Genootskap het hierdie as hul "roeping" gesien. Die bestaande kultuur, taal en godsdiens is eenvoudig verontagsaam en vernietig. Het die sendelinge maar die Pauliniese paradigma (Boesak[4] 2001:7) gevolg, naamlik om vir die Jood soos ŉ Jood te word en vir die Griek soos ŉ Griek! Hoe ryk sou die christelike geloof nie vandag gewees het nie?

Terwyl al hoe meer mense wat nie in Jesus Christus en die Koninkryk van God glo nie Saron instroom, is dit die VGK Saron wat deur ŉ diepe geloof en vertroue in Jesus Christus en die Koninkryk van God soos ŉ vuurtoring in die gemeenskap uittroon. Die gemeente is die grootste geloofsgemeenskap in Saron en verteenwoordig volgens ŉ veldopname in 1996 bykans 90% van die inwonertal. Die invloed van Westerse kultuur is steeds sigbaar in die gemeentelike kultuur en identiteit (Hendrik 2004:117), maar daar is tog beginspore van verandering wat begin uitkristalliseer en wat ŉ ryker kultuur en identiteit verteenwoordig.

5.5 geskiedenis

Die vasstelling van die werklike identiteit van die VGK Saron lê in die terugloop in die geskiedenis van die gemeente. Vervolgens word die volgende historiese oorsig aangebied:

---

[4] Boesak en Boezak is een en dieselfde persoon. Aangesien die oudste broer van die skrywer se van met ‘n “z” geskryf was, het hy (die skrywer) die oortuiging gekry dat dit die aanvanklike bedoeling van hul ouers was dat hul van “Boezak” en nie “Boesak” moes wees. Hy is oortuig dat die fout tydens registrasie in die bevolkingsregister ingesluip het. Gevolglik het die skrywer dit by wyse van herregistrasie reggestel.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

5.5.1 Pre-koloniale periode (... tot 1652)

Dit moet onthou word dat die koloniste en sendelinge met hul koms hierheen die Eerste Inwoners, naamlik die Khoe-San (aanvanklik was dit een groep) hier kom kry het. Die Khoe-San het hul eie geloof, godsdiens(feeste) en kultuur gehad. Flaendorp (2007:12) verwys na Bredekamp se siening dat daar alreeds voor die Britse sendelinge se koms na die Overberg in 1792 ʼn sterk vorm van godsdiensbelewing onder die inheemse volk was. Daarbenewens het die Khoe-San hul eie taal, jaarkalender, alfabet, briljante leierskap en gevestigde waardes en gebruike met diep spirituele betekenis gehad. Al die tradisies, gewoontes en norme was alles gebou op hul geloof. "Ons geloof was soos die sterk fondasie van ʼn huis,"(Boezak 2006:27).

Met die koms van die koloniste en die sendelinge uit Europa het hulle ʼn heel ander kultuur saamgebring. Dit moes baie eienaardig vir hulle wees om hier te ontdek dat grond, bv. nie verkoop word nie. Dit word eerder deur ʼn leier as geskenk van God bestuur en met andere gedeel soos God Sy skepping met ons deel (Boezak 2006:8).

In plaas van hulle-self vertroud te maak met die nuwe / ander kultuur waarmee hulle in aanraking gekom het, was hulle uiters bevooroordeeld teenoor die Eerste Inwoners. "Daardie mense is wreed en maak alle vreemdelinge dood," is die woorde van Thomas Stevens terwyl hy in 1579 slegs verby Kaap Agulhus gevaar het. ʼn Engelsman Luitenant Edmund Baker het twaalf jaar later in sy dagboek geskryf: "Hulle is onbeskaafde barbare….", terwyl Sir Thomas Herbert in 1626 sê: "Hulle praat soos ape." Dan was daar die Franse, Engelse, Duitsers, ensovoorts wat vee gekoop het en ʼn opinie gehad het: "Hulle taal klink soos die gekloek van kalkoene." Maar die ergste van alles was die opinie: "Hulle is MENSVRETERS!" (Boezak 2006:24). Dit alles dui daarop dat die koloniste / sendelinge ʼn uitwissingstrategie gehad het (Cloete 2003:6).

Die Khoe-San was natuurlik jagters en veeverskaffers al is laasgenoemde volgens wat prof. Henry Bredekamp in sy uiters waardevolle boek, *Van Veeverskaffers tot Veewagters,*vertel, gestroop van hul vee tot ʼn besitlose werkersgroep (1982:77). Dis belangrik om te begryp dat vee hul enigste waarborg van onafhanklikheid was (Debroey 1982:19). Dit was nietemin aan die begin moeilik om van die Khoe-San slawe te maak juis vanweë die feit dat hulle veeverskaffers was en moes koloniste slawe op geweldadige wyse "….invoer vanaf lande soos Angola, Oos-Afrika,

Maleisia, Indonesia en eilande soos Java en Madagaskar" (Boezak 2006:19). Op hierdie wyse is Afrikaans as taal gebore en is die afstammelinge wat uit die verhoudinge tussen die verskillende kulture gebore is na verwys as "People of colour" (:20). Laasgenoemde kom eintlik van die Britte. Hierna het ʼn reeks veranderinge in benaminge gevolg, bv. in die eerste wetgewing van die Unie van Suid-Afrika in 1910 is die verwyssing "Natives" gebruik. In die 1936 sensus-opname is Khoe-San mense aangedui as "Mixed and Other Coloured", (:20) terwyl ʼn proklamasie wat onder die Bevolkingsregistrasie Wet (1950) verskyn het die volgende aandui. 1. Kaapse Kleurling; 2. Maleiers; 3. Griekwa; 4. Chinese; 5. Indiërs; 6. Ander Asiërs en 7. Anderkleuriges (:21). Dit is uiters verwarrend omdat dieselfde wet bepaal dat "Alle Boesmans en Khoi-Khoin (Hottentotte) word beskou as Inboorlinge (Natives)" (:21).

5.5.2 Koloniale –neo koloniale periode (1652-1910-1994)

Die pre-sendingperiode bied ʼn verstaansruimte waarbinne sending-aktiwiteite plaasgevind het. Die Rhynse Sendinggenootskap het gedurende die laaste kwartaal in 1846 die basis gelê vir die stigting van die Rhynse Sending Kerk. Dié het later eers die NGSendingkerk en toe die VGK Saron geword. Vir die vrygestelde slawe op 01 Desember 1834 en Khoe-San wat in hierdie tyd geen heenkome gehad het nie, was sendingstasies "ʼn Godgegewe **uitkoms**" (Boezak 2006:99). Daar was natuurlik ʼn keuse om uit te oefen "verset, om te vlug, of om mishandel te word op ʼn plaas," (:99) of sendingstasie toe.

Boezak (2006:99) noem etlike voordele wat die sendingstasie ingehou het, naamlik dit was ʼn toevlugsoord te midde van grootskaalse geweld, groente en vrugte was *kos* in die afwesigheid van vee en te midde van die jag-gevaar, lees en skryf het belangrik geword vanweë die feit dat *geletterdheid* ʼn nuwe wapen geword het, *menseregte* van die Khoe-San is ook op ʼn manier begin beskerm, *nuwe posisies van gesag* is aan stamhoofde en hoofmanne gegee wat aanvaarding van die *Christelike geloof* vanweë die duidelike raaklyne daarin, vergemaklik het.

Saron word geraak deurdat die Rhynse Sendinggenootskap van Barmen, Duitsland, die resultaat van ʼn samesmelting tussen drie sendinggenootskappe in Wesduitsland geword het, naamlik Elberfeld, Keulen en Barmen. Hieruit vloei dat die eerste 4 Duitse sendelinge, naamlik Daniël Luckhoff (Stellenbosch), Johan Leipoldt, Theodore

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

von Wurmb (Wupperthal) en Gustav Zahn (Tulbagh) in Suid-Afrika aangekom het (Plaatjes 1960:3). Op aanbeveling van Eerwaarde Gustav Zahn het Johann Heinrich Külpmann die plaas Leeuwenklip met opstal en bygeboue tesame met die watermeul van ene Mnr. P. J. Truter aangekoop (Plaatjes 1960:3).

Die voordele wat die Sendingstasie ingehou het ten spyt, was daar egter ook ʼn duur prys om te betaal (Boezak 2006:101). Jy kon nie teëstribbel indien die Britse Koloniale regering jou oproep om as soldaat teen jou eie mense te veg nie. Verder moes jy jou Khoe-San kultuur prysgee omdat jy nie die voordele van ʼn sendingstasie kon geniet en terselfdertyd jou Khoe-San identiteit kon behou nie en hiermee saam moes jy ook die Khoe-San geloof prysgee. Boon-op het sommige sendelinge die pyn en verminking van die Khoe-San gesien en hulle steeds oorgehaal om hulle te onderwerp aan ʼn Europese siening van christelike waardes en beskaafde norme (Booys 2008:1).

Intussen is die kerkgebou in 1852 voltooi, in April 1853 ingewy en op 25 April 1895 is die Oos-westelike vlerk voltooi. Na bykans 100 jaar het die Rhynse Sendinggenootskap al die sending-aktiwiteite aan die Binnelandse Sending-subkommissie van die NGKerk oorhandig (Plaatjes 1960:21). Net een eeu was genoeg om totale vervreemding tussen die Khoe-San en hul geloof, godsdiens asook kultuur in te bring. Die feit dat rotstekeninge van die voorouers deur hul afstammelinge op Saron probeer uitwis is en so beskadig is, dui op die graad van vervreemding wat 100 jaar se indoktrinasie tot gevolg gehad het.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Rotstekeninge in Grootkloof, Saron.

Dit waarop mense trots moes wees en bewaar, is deur hulle verag en probeer vernietig. Vir sommige Khoe-San voorouers moes die beperkte vryheid en die nuwe wette seker maar iets vreesliks gewees het, veral die wette wat hul waardes, vryheid, gewoontes, gebruike en kultuur gruwelik aangetas het. Etlike van die wette uit ŉ dokument, *Plaatselijke Wetten van Saron*, lui as volg:

> Geen huurder zal zonder toestemming van den Administrateur het recht hebben:
>
> Zijn huis of erf aan anderen te verhuren
>
> Vreemdelingen over nacht te herbergen
>
> Eene …slachterij …op Saron te bedrijven.
>
> Voor alle huurders en bewoners van Saron is verboden:
>
> Het …aansteken van vuur.
>
> Zonder verlof de watersluizen te openen of water uit de zloten te gebruiken behalve in den voor hem bepaalden tijd.
>
> Op hun erf in hunne huizen ….danspartijen….toetelaten….
>
> Ieder huurder is verplicht:
>
> Bijdragen tot instandhouding van kerk en school getrouw te betalen.
>
> Zijne gebouwen altijd in goede reparatie te houden….
>
> Personen die niet erfhouders zijn mogen zlechts met verlof van den Administrateur hier wonen, zij zijn echter gehouden, alle wetten der plaats te gehoorzamen en jaarlijks 10/- bijwonerhuur te betalen. Dit

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> voorrecht kan echter te eeniger tijd ingetrokken worden door den Administrateur.
>
> Indien door eenig dier op en erf of in zaailand, weiveld, spaarveld, buitentuin schade veroorzaakt wordt, zoo is de eigenaar van het dier verplicht schadevergoeding te betalen, en wel volgens schatting van personen door den Administrateur daartoe aangesteld….
>
> Tot bovenstaande bepalingen en regulaties kunnen, indien noodig, te eeniger tijd bijvoegingen en veranderingen gemaakt worden door eene Commissie bestaande uit den Administrateur, den Kerkeraad der Saroner Gemeente en het Conferentie bestuur. In elk geval niet eene meerderheid van 2/3 aller commissie-leden voor een voorgestelde verandering besluit, of het Conferentie bestuur niet toestemmen kan, zal de beslissing aan het Hoofbestuur in Barmen overgelaten worden.

Daar is absoluut niks met bogenoemde wette verkeerd nie totdat dit binne die konteks van die Khoe-San se kultuur geplaas word. Dit is dan wanneer ons besef hoe onbeskryflik moeilik dit moes wees vir mense wat feitlik aan die teenoorgestelde gewoond was en wie se fisiese leefruimte met geweld ingeneem is (Booys 2008:45).

Dit is miskien juis daarom dat die Saroners by twee geleenthede die burgerlike hof genader het om uitsluitsel te gee oor grondeienaarskap (Plaatjes 1960:14). Die besluite van die burgerlike hof het tydens beide geleenthede ten gunste van die Rhynse Sending Genootskap beslis. Dit het aanleiding daartoe gegee dat ŉ deel van die gemeente bande gebreek het met die Rhynse Sending Genootskap en (soos vroeër gemeld) by ene Mnr. Jan Van Niekerk van die plaas, Vorentoe ŉ heenkome gesoek het.

Die aardbewing in 1969 het tot gevolg gehad dat baie mense hul huise verloor het. Volgens mondelinge oorlewering was die skok van hierdie gebeure so groot dat jy uitroepe soos die volgende kon hoor: "*Dis die einde van die wêreld!" "Dis die mense op die maan! Wat soek hulle op die maan?* (Die Amerikaners het Junie 1969 op die maan geland)*. Vir wat krap hulle in God se werk? Nou moet ons daarvoor betaal!"* Nodeloos om te praat van die vele geheime en openbare sonde'tjies wat net daar en dan laat staan is ... en oor ŉ dag …toe niks gebeur nie….weer hervat is!

Verder was daar ŉ reeks kerksplitsings wat die gemeente getref het en waarvan een uitgeloop het tot die Stigting van die Calvyn Protestantse Kerk in 1992. Die VGK (toe nog NGSendingkerk) het terdeë besef hoe belangrik die profetiese stem van die kerk is, onder andere, ten tye van onreg, verdrukking en misbruik van gesag. Hendriks

(2004:99) eggo hierdie belangrikheid as hy sê, "..the prophetic responsibility of the church is enormous and the challenges…are of paramount importance." Hy is verder heeltemal tereg van mening dat die kerk swaar gebuk gaan onder die ou, onbybelse mentaliteit dat godsdiens te doen het met die private lewens van mense, die redding van siele van die verderf en dat politieke sake uitsluitlik die verantwoordelikheid van die staat is. Die standpunt van die gemeente ten opsigte van hierdie aangeleenthede het juis ŉ skeuring onafwendbaar gemaak, enersyds om presies die redes wat Hendriks noem en andersyds omdat profetiese prediking met politieke prediking verwar is.

5.5.3 Post-koloniale periode (1994 en vorentoe)

Hierdie periode wat in 1994 begin, is gekenmerk deur hoogte-en laagte punte. ŉ Laagtepunt is beslis die politieke konflik wat die dorp alreeds in 1993 getref het en oorgespoel het tot na 1995. Dit het grootskaalse onderlinge vervreemding tot gevolg gehad.

Daar is egter ook hoogtepunte in hierdie tyd. Die gemeente vier met groot dankbaarheid hul 150ste bestaansjaar in 1996. Gouda is na 48 jaar van inlywing by Saron in 1997 as wyk afgestig tot ŉ volwaardige gemeente en word sedert 17 April 1993 deur ŉ eie leraar bedien.

ŉ Verdere hoogtepunt vir die VGK Saron is die feit dat 4 seuns en 2 dogters uit die gemeente as predikante opgelei is en die kerk op verskeie terreine dien. Nog drie is huidig in opleiding.

Verder het ŉ sterk diakonale arm van die gemeente tot stand gekom en bedien die res van die gemeenskap op verskeie areas.

Die gemeente het ook intussen (2007) aansluiting gevind by die Suid-Afrikaanse Vennootskap van Gestuurde Gemeentes. Die worsteling sedert hierdie tyd vir die kerkleierskap is of die gemeente in haar diepste wese selfgesentreerd en meer op haar eie ge-institusionele heil gefokus is en of die gemeente gefokus is op die *missio Dei.*

5.5.4 Gemeentelike aktiwiteite

Die volgende gemeentelike aktiwiteite vind gedurende die week plaas.

Sondag:	Sondagskool, katkisasie, doopkategese en erediens
Maandag:	Kinderkoor kom byeen.
Dinsdag:	Vrouebediening kom byeen
Woensdagaand:	Biduur
Donderdag:	Kinderbond
Vrydagaand:	CYM en kerkkooroefening asook kerkraadsvergaderings elke 3de maand
Saterdag:	Begrafnisse, katkisasie, tugkategese en kerkraadsbesoeke aan lidmate

5.5.5 Simbole

Simbole en rituele is eie aan die Khoe-San se DNS en is tesame met stories en gedigte gebruik om vanuit die natuur die geloof vir die jonger geslag verstaanbaar te maak (Boezak 2006:41). So is die interessante storietjie deur Khoe-San moeders vertel van die maan wat aan hasie ʼn boodskap vir die mense gegee het. Die boodskap kom daarop te neer dat die mense, net soos die maan, sal sterf en weer nuut word. Hasie het die boodskap verkeerd oorgedra, naamlik dat die mens net soos die maan sal doodgaan. Maan was natuurlik boos en het hasie hard op die bek geslaan. Vandaar die gesplete lip van hasie! Dit was maar net ʼn opgemaakte storietjie, maar is eintlik vertel om die dieper geloofswaarheid oor te dra, naamlik dié van ʼn lewe na die dood-die hiernamaals (:46).



Uit: www.calendar-365.com/moon/moon-calendar(02-11-2011)

Soos die maan nuut verskyn, wasdom bereik, later heeltemal verdwyn en weer nuut "gebore" word, so sal dit ook met die mens wees.

Die maan was natuurlik ook ʼn belangrike simbool wat die "gesig van God" gewys het. Dit was "een van die sigbare bewyse dat die onsigbare God bestaan" (2006:49).

Een van die sigbare bewyse vir die Christendom dat die onsigbare God bestaan, is die simbool van die kruis. Dit is begryplik dat die Khoe-San mense oor die algemeen en die VGK Saron spesifiek meer bevatlik is vir simbole en rituele as rasionele Westerse mense. Dit word veral duidelik oorgeklank in die rituele en simbole wat besondere waarde het vir die VGK Saron. Die houtkruis, kerse (tydens die erediens, huweliksbevestigings en begrafnisse) asook die water met die brood en wyn is belangrik vir ons gemeente. Tydens die nagmaal word afwisselend gebruik gemaak van kleipotte en kleiborde.

Kleipot met kleibeker, brood en kleibord

Die liefde wat die gemeente vir simbole en rituele het, ego iets van ŉ dieper verstaan van waardes as bloot dit wat in die denke beskryf kan word.

Nog ŉ belangrike simbool vir die gemeente is die toga. Dit is asof daar vir die spesifieke gemeente ŉ bepaalde gesag in die toga geleë is. Om seker te maak dat daar nie verwarring is oor waar ons eintlike gesag vandaan kom, is dit belangrik dat daar baie oor ŉ aangeleentheid soos hierdie teologies gereflekteer word.

5.5.6 Unieke rituele

Baie van die rituele is alreeds vroeër in hierdie afdeling bespreek. Die meeste word hier slegs genoem, terwyl by sommige bepaalde aspekte bygevoeg word.

5.5.6.1 Die erediens

ŉ Belangrike ritueel tydens die erediens is die offer-ritueel. Hiervolgens word lidmate ry vir ry geleentheid gebied om elke Sondag hul offer na die skatkis te neem. Daar word glad nie meer kollektes in die banke opgeneem nie. Daar is al navrae deur lidmate gerig of die nagmaal nie op dieselfde wyse kan geskied nie. Die leierskap sal

na alle waarskynlikheid hieraan aandag skenk indien die versoek weer na vore kom. ʼn Voete-was ritueel word so ver as moontlik jaarliks deur die leierskap tydens die erediens gedoen. Lidmate word ook aangemoedig om die vrymoedigheid te neem om na mekaar se huise te gaan en mekaar se voete daar te was.

Verder word die gemeente en besoekers Sondagoggende eers in die saal of in die opelug met tee en koffie verwelkom waarna kerkraadslede en katkisante ʼn verdere verwelkoming by die deure doen. Besoekers ontvang by die deure ʼn verwelkomingskaartjie, word tydens die erediens laat opstaan, ʼn woord van verwelkoming word gespreek en ʼn verwelkomingslied word gesing. Lidmate wat nuut tot die gemeente toetree, word na vore laat kom, ʼn persoonlike woord van verwelkoming word tot hulle gerig, ʼn kaartjie met ʼn teksvers word uitgedeel en ʼn verwelkomingslied word gesing. Diegene wat verjaar, huweliksherdenkings vier, werksgeleentheid gekry het, na siekte herstel het of enige rede tot dankbaarheid het, kry geleentheid om tydens die erediens na vore te kom. Hiertydens word ʼn persoonlike woord gespreek waarna lidmate gelukgewens en toegesing word. Elk van bogenoemde byeenkomste en geleenthede lewer ʼn unieke bydrae tot die identiteit van die gemeente.

5.5.6.2 begrafnisdienste

Behalwe die aansteek van ʼn kers van hoop deur die familie word die gebeure in die kerk afgesluit deur die speel van die dodemars. Almal staan totdat die dodemars feitlik klaar gespeel is waarna die kerkraad en die familie die kerk verlaat. Indien dit ʼn lidmaat is wat die kerk getrou gedien het, maak die koster ʼn punt daarvan om die kerk stadig en statig te betree en dit weer op dieselfde wyse te verlaat. Die meeste gesinne bied ʼn ete ná die gebeure aan vir diegene wat weer terug moet reis. Alhoewel daar baie kritiek uitgespreek kan word oor die rigting waarheen hierdie ritueel groei, kan die verbondenheidskarakter daarvan nie onderskat word nie. Dit dien ook gemeld te word dat die gemeente ook in besit is van ʼn swart draagbaar. Die kis word hierop geplaas en grafwaarts geneem-weg van die nuwerwetse gebruik van Limousines en Mercedes Benz'e. Vandag is daar steeds van die baie oud lidmate wat verkies dat die draagbaar gebruik moet word. Indien die leraar sterf, word ʼn swart kleed om die preekstoel gedrapeer en indien dit ʼn kerkraadslid is, word die kleed om die eerste kerkraadsbank gedrapeer.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

5.5.7 Samevatting

Die historiese oorsig bevestig dat die gemeente oor meer as 100 jaar gekondisioneer is om hulself as minderwaardig te ervaar en dat hulle natuurlike leierskap sodanig onderdruk was dat inisiatief konstant doodgesmoor is, ook in hulle enigste ware tuiste, die kerklike gemeenskap.

Simbole en rituele is eie aan die Khoe-San se DNS en is onder woorde gebring. Dit word duidelik verklank gesien in die liefde wat die gemeente het vir simbole en rituele waarvan die belangrikste is: die houtkruis, kerse, kleipotte, kleiborde, verwelkomingskaartjies en -ritueel, offer-ritueel, skoonmaak van grafte gedurende paasnaweek asook begrafnis-rituele. Dit eggo iets van ʼn dieper verstaan van waardes as bloot dit wat in die denke beskryf kan word. Melding is ook gemaak van die belangrikheid van die gebruik van stories en gedigte om die geloof vir die jonger geslag verstaanbaar te maak. Die maan is byvoorbeeld as simbool gebruik om enersyds "die gesig van God" te wees en andersyds om die konsep van ʼn lewe na die dood aan die jonger geslag te verduidelik.

Die simbool van die maan wys ook heen na die herontdekking-die geboorte van ʼn nuwe lewe- van die godgegewe potensiaal vir die Khoe-San mense oor die algemeen en die VGK Saron spesifiek.

Die globale veranderinge wat SA sedert 1994 integraal beïnvloed het en tans tot selfs in die Arabiese wêreld reperkussies het, is ʼn geleentheid vir die gemeente en sy mense met hul unieke historiese identiteit. In Friedman se woorde skep iets soos die klimaat van "uploading" ongelooflike geleenthede en ʼn nuwe vryheid vir mense wat dekades ingeperk en geminimaliseer is.

Die uitdaging is hoe om daardie godgegewe potensiaal wat in alle mense is, spesifiek die leierskap van die gemeenskap, te ontwikkel. Met patriargalisme wat aan die verkrummel is, word vroue nou ongekende geleenthede gebied om as leiers na vore te tree. In dié verband het die VGK Saron ʼn uitstekende geleentheid, veral met 76% vroulike respondente wat aan die hoof van huishoudings staan.

Die identiteit van die VGK Saron toon huidig ʼn bi-polêre neiging. Daar is diegene wat nog vashou aan die eerwaarde-erfenis van streng reëls en wette, terwyl andere hulle weer met mag en mening daarvan loswurm. Aan die eenkant is God die streng een

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

wat diegene straf wat nie die wette van die kerk gehoorsaam nie, terwyl aan die anderkant God die een is van liefde en vergifnis en ’n missionale identiteit aan mense gee.

Die hoofstuk wat volg, bring die identiteit van die drie-enige God onder woorde.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

AFDELING twee

Hoofstuk ses

6. Die identiteit van die drie-enige God

6.1. Inleidende opmerkings

In hoofstuk 1 word die oorhoofse doel van die navorsing aangedui as dat dit die identiteit en leierskapsuitdagings van die plaaslike VGK wil identifiseer. Die leierskap neem nie mede-verantwoordelikheid vir die probleme en die uitdagings van die gemeente nie en word daar verwag dat die leraar die "werk" moet doen en die oplossings op gemeenskapsprobleme moet verskaf.

Die navorsing wil by ŉ punt uitkom waar dit die identiteit van die gemeente kan beskryf, die leierskapsuitdagings duidelik formuleer en antwoorde verstrek aan vrae soos: Wat is die gemeenskap se probleme? Hoekom staan die leraar so sentraal in alles? Waarom is dit so moeilik om plaaslike leierskap te ontwikkel wat eienaarskap neem van die evangelie en die uitdagings van die gemeenskap?

Dit is dus belangrik dat Saron se Khoe-San mense, alle mense, wie hulle is en hoe God hulle gemaak het, herontdek. Almal het stories wat hulle gemaak het wat hulle vandag is: met goeie en slegte aspekte daaraan verbonde. Ons almal se diepste eenheid-bringende identiteit is in ons almal se Skepper, en dit moet ons herontdek. Hierdie proses sal Saron se gemeente hulle identiteit laat ontdek wat nie net vir hulle vrede bring na al die swaarkry nie, maar ook roeping en dryfkrag omdat God hulle waardig ag en nodig het vir sy *missio.* In hierdie proses sal God self soos van ouds die Moses, Aaron en Miriams roep wat Hy as leiers nodig het.

Met die onderskeie analises (meganies, kontekstueel, prosesgewys en identiteit) in fyn besonderhede nou afgehandel, is dit belangrik om terug te gaan na die Woord van God, na God self en te vra wie Hy is en hoe hy ons gemaak het.

In hierdie Afdeling word daar gefokus op die drie-enige God. Die sub-eenhede wat in die opvolgende hoofstukke hanteer word, plaas die fokus op die volgende: die identiteit van die drie-enige God, die verband tussen die drie-enige God en die kerk as geloofsgemeenskap en die verband tussen die drie-enige God en die Koninkryk.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In die hoofstuk wat nou volg, word gepoog om die identiteit van die drie-enige God te verklaar deur onder andere te kyk na die begrip *perichoresis*, die Woord van God en die Triniteit, etlike geleerdes se standpunt oor die Triniteit, die *missio Dei,* die openbaring van God, die impak van historiese momente op die Identiteit van God, die vervlakking van God se identiteit, die identifisering versus die Isheid van God asook die impak van die Triniteit op die kerk. Die doel van die voorafgenoemde is om God te verstaan soos Hy Homself openbaar en om die implikasies hiervan vir die gemeente, spesifiek die leierskap, uit te spel.

6.2. Die perichoresis

Die *Perichoresis* wat as metafoor vir die drie-enige God gebruik word, is ʼn uitstekende manier om die unieke verhouding / aard / bestaan of identiteit van die drie-enige God te verduidelik (Petersen 2005:44).

Hiervolgens is die Drie-Eenheid, God die Vader, Seun en Heilige Gees ʼn drievoudige aard, maar ʼn onontbindbare eenheidsverhouding. Daarom is die werking daarvan ten diepste ʼn tegelykertyd-proses en nie ʼn proses waar aparte godseenhede afsonderlik of individueel by mense betrokke is nie.

Eugene Petersen gebruik in sy boek, *Christ Plays in Ten Thousand Places* (2005:45), hierdie metafoor, naamlik die *perichoresis – peri=around* en *choresis=dance.* Laasgenoemde is ʼn Griekse term (in Latyn is die term *circumincessio*) wat gebruik word vir dans. Dit beteken letterlik *"proceeding around"* en is in Engels vertaal as *"mutual interpenetration or coinherence*". In hierdie dans vind opeenvolgende ritme en variasies van laat los en vashou asook omhelsing teen opbouende tempo in perfekte harmonie geplaas sonder enige versteuring van watter aard ookal.

In die boek van Miroslav Volf, *After Our Likeness,* (1998:208) gebruik hy die Griekse woord, περιχώρησις, om die karakter van die goddelike persone en hul eenheid te bepaal. Hy noem dit voorts ʼn gemeenskaplike interne blywende en interwedersydse deurdrongendheid ten opsigte van die trinitariese persone.

Hierdie dans herinner aan ʼn ewe sonderlinge dans uit die Khoe-San tradisie, naamlik die *!aren!a*(Huweliksdans). Volgens Debora Cloete van die Nama-koor, Steinkopf, (onlangs oorlede) het hierdie dans die huwelik voorafgegaan. Hiertydens is ʼn bok

geslag, die pensmis op die sandvloer uitgeskud en is intiem-ritmiese dansbewegings uitgevoer tussen die gaste waarby die voorgenome huwelikspaar ritmies magneties nader en ingetrek word in die dans. Die huwelikspaar met die gaste stu voort tot in die vroeë oggend-ure totdat die mis as'tware een met die sand geword het. Die besondere spirituele betekenis hiervan is (sover mondelinge oorlewering aanbetref) die ewigdurende verbintenis van twee mense ten spyte van die ritme van krisistye. Laasgenoemde word eerder een stuk harmonie met die ritme van genesing (pensmis is as medisyne gebruik), vrugbaarheid en voorspoed wat deur *Tsui //Goab* vanweë 'n sonderlinge verhouding van onlosmaaklikheid aan die mens beskikbaar gestel word.

Die verhouding in die dans *(perichoresis)* word nou as metafoor gebruik om die sonderlinge Drie-Eenheidsverhouding tussen elke persoon van die Godheid intens-intiem te beskryf. Alister McGrath, in *Christian Theology: An Introduction,* skryf heel interessant dat die dans die individualiteit van die drie persone behou, terwyl dit volhou dat elke persoon in die lewe van die ander twee deel. Die beeld van *"community of being"* word gebruik om uitdrukking aan die idee te gee waar elke persoon die ander binne dring en deur die ander binne gedring word, terwyl dit sy uitstaande identiteit behou (2007:325).

Darrell Guder (1998:82) meen dat die *perichoresis* of interpenetrasie tussen die persone van die Drie-Eenheid eintlik die natuur van God as gemeenskap openbaar, terwyl nog 'n bron die volgende daaroor te sê het.

> "Not only does the procession of the Spirit from the Father to the Son and from the Son to the Father express their mutual love, as they breathe after each other, but also it gives each to the other. In the procession of the Spirit from the Father, the Father gives himself to the Son; in the procession of the Spirit from the Son to the Father, the Son gives himself to the Father, for the procession of the Spirit, like the begetting of the Son, is going forth of the being of the Father to the Son and the going forth of the being of the Son to the Father as Holy Spirit." (www.en.wikipedia.org/wiki/Perichoresis) (Gekontroleer 27-10-2011)

Na aanleiding van al die voorafgenoemde dui die doktrine van die Drie-Eenheid in beginsel God aan as 'n wese van verhoudings en waarby ons as mens deur die uitstuur van die Seun en die Gees magneties-misterieus ingetrek word in hierdie sonderlinge "heilige dans" om die uitdagings van die tyd in ons gemeenskappe op so 'n manier te beïnvloed dat die beeld van die drie-enige God sigbaar word.

Die uiters passievolle gedig, *Perichoresis*, van Andrew S. Damick in sy bundel *Songs of Time and Season* (2004) rond die gedeelte oor die *perichoresis* gepas af:

O elegant and gentle Leader of the dance,
we do not know the meaning of each step
nor how to rightly turn this way or hold this pose.
Each spinning step or angled movement's twist
does sometimes give us vertigo here where we stand;
this mystery of how the rhytm's pulse
and how the music's lilt are tuned to only You
has caught us up, and we are overwhelmed.

O grace-filled, grace-bestowing Leader of the dance,
please teach me how to twirl and how to move;
please teach me how the song pervades each dancer's form.
these dancers who have learned to dance with You
throughout the ages of the song, the holy song
You sang in ages past to Abraham,
to Isaac and to Jacob and his Hebrew seed:
Now sing to me and give me, too, this life.

O Leader of the dance, this perfect partnership
of Leader and of led, of God and man,
this incarnation's holy dance we see in You.
You now invite us to accompany.
This awesome dance, a truly cosmic synergy,
the interpenetration of us men
with Deity – with Trinity! – the universe
beholds and stands amazed and bows its head.

O holy Leader of this cosmic circling dance,
the union of both man and God is here
and imaged in the holy mystery of life
conjoined, a woman and a man conjoined.
He takes Your role as gentle leader, she as Church,
she follows him, and he must die for her;
their dance together joins the dance eternal now,
and in that human dance we see our God.

O Holy Trinity, Your dance eternal now
descends on us and consecrates our own,
the revelation here as Body and as Blood:
herein we taste the God become a man,
and men become as gods as David prophesied.
The Trinitarian rhythm has become
our own, to guide our dance, to grasp our hands and lead
us in the dance of stillness perfectly.

Met hierdie aangrypende gedig oor die Drie-Eenheid as agtergrond, verskuif die fokus nou na dit wat die Woord van God direk oor die Triniteit te sê het.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

6.3 Die Woord van God en die triniteit

Die doel van hierdie deel van die navorsing is om op die verhoudingsmatige basis van die Goddelike en menslike identiteit te wys. Vir dié doel is dit belangrik om na die Woord van God te gaan en na God self en eerlik te vra wie Hy is en hoe hy ons gemaak het. Die Woord van God omskryf ongelukkig nie die Leer van die Triniteit in duidelike woorde nie. Selfs die woord triniteit kom nie direk daarin voor nie. Tog is daar genoegsaam skrifgetuies wat aanduiding is van die Trinitariese aard van God en gevolglik die basis lê vir die formulering daarvan.

In die Ou Testament is die aanduiding in ŉ mindere mate teenwoordig, terwyl dit baie meer in die Nuwe Testament voorkom. Die skrifbewyse wat volg, dui onmiskenbaar aan dat die basis vir die verstaan van die Triniteit in die Woord van God geleë is.

6.3.1 Die Ou Testament

Die onlosmaaklikheid van God en Gees en dat dit tegelykertyd werksaam is, word vroeg alreeds in die skeppingsgebeure in Genesis 1:1,2 verhaal. Verder bevestig die Deuteronomis in hoofstuk 6:4 die feit dat God die enigste Here is. En as enigste Here is Hy ŉ God wat saam met die Gees werk (Jesaja 48:16(b).

6.3.2 Nuwe testament

Die saamwerkingsaard van God met die Gees word ook ten tyde van die doop van Jesus (Matt. 3:16, 17; Mark. 1:1, 10 en 11; Luk. 3:22 en Joh. 1:32) bevestig wanneer die Gees bevestigend vanuit ŉ oopgeskeurde hemel soos ŉ duif op die Seun neerdaal, "Jy is my geliefde Seun. Oor jou verheug ek my." Die Gees kan nie beperk word nie, want dit is soos die wind, waai waar dit wil (Johannes 3 :8) en word deur die Vader in die Naam van Jesus Christus as Voorspraak gestuur (Joh. 14:26). Die onlosmaaklikheid en identies-verweefdheid asook tegelykertyd betrokkenheid van Vader, Seun en Gees word sterk na vore gebring deur Lukas (1:35) in die gesprek tussen Maria en die Engel, deur die Hebreërskrywer met betrekking tot die volmaakte offer (Heb. 9:14) asook Lukas in Handelinge ten opsigte van die teregstelling van Stefanus (Hand. 7:55).

Die Trinitariese Formule in Matt. 28:19 is op so ŉ manier gekoördineer dat die gelykheid en afsonderlikheid as persone geïmpliseer word, terwyl terselfdertyd slegs die enkelvoudsvorm van die drie genoem word en onmiskenbaar aanduiding is van hul eenheid (Haykin 2001:53-4). Verder is die Trinitariese Formule in 2 Kor. 13:13

bevestiging daarvan dat die drie persone met mekaar verbind is as medebronne van die seëninge wat aan gelowiges behoort (:54). Dit bevestig die onlosmaaklikheid van die drie persone asook die eenheid daarvan (Ef. 4:4 tot 6). Dit is veral oor die eenheid van die drie-enige God waaroor geleerdes en ook die kerk oor eeue heen baie gestruikel het. Dit is veral die eerste 4 eeue wat gekenmerk word deur worstelinge, formuleringe, wipplankryery, herformuleringe, misverstande en konflikte. Vervolgens word etlike van hierdie standpunte oorsigtelik onder die soeklik gebring om aan te dui met watter groot erns die mens nog altyd met die vraag na die drie-enige God omgegaan het.

6.4 Trinitariese teologie in die eerste vier eeue

6.4.1 Die "Undivided Three"

Die daarstel van die Doktrine van die Triniteit is een van die suksesse van die Vroeë Kerk (Haykin 2001:53). Dit is veral betekenisvol dat die Doktrine van die Triniteit tot uitdrukking kon kom in die Niceaanse Geloofsbelydenis waarvolgens Jesus ondubbelsinnig verklaar is tot "ware god" en "van een wese van die Vader", terwyl die Heilige Gees beskou is as Here en Gewer van die lewe wie tesame met die Vader en die Seun geprys en verheerlik word. Die daarstel van die Niceaanse Geloofsbelydenis is die resultaat van ŉ baie lang proses van refleksie wat sy oorsprong het in die Christen gemeenskappe van die eerste eeu (:53).

Die Vierde eeuse Trinitariese Teologie soos vervat in die Niceaanse Geloofsbelydenis is deur persone geformuleer wat nie net filosowe was nie, maar aktiewe pastors in die kerk van die dag en het gesoek om getroue getuies aan die lering van die Geskrifte te wees. Basil van Ceasarea was een van die sterk verdedigers van ŉ volrond Drie-Eenheidsleer. In sy boek, *On The Holy Spirit,* maak hy geskiedenis as dit die eerste boek is wat volledig toegewy is aan die onderwerp van die Heilige Gees. Die artikel in die Niceaanse Geloofsbelydenis wat oor die Gees handel, weerspieël sterk sy teologiese perspektiewe (Haykin 2001:56).

Gregory van Nyssa (jonger broer van Basil) het ook ŉ belangrike rol gespeel in die optrek van die belydenisskrif. Ingrypende en dramatiese stellings met betrekking tot die Triniteit word veral gevind in die verskil wat hy tref tussen *ousia* (being) en *hypostasis* (person) (:56). Hy maak treffend gebruik van die metafoor van die reënboog om die problematiek van die menslike verstand om die "oneness" en die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

"threeness" van God met mekaar te versoen. Op dieselfde wyse as wat dit moeilik is om te sê waar die een kleur in die reënboog presies begin en die ander presies ophou terwyl al die kleure tog duidelik onderskei kan word, is dit ook die geval met die Triniteit. Dis inderdaad so dat die logika en die menslike rede te midde van die misterie net ŉ sekere ent kan gaan. Daarna is dit net deur geloof dat die gelowige kan bevestig wat die logika uiteindelik nie kan nie, naamlik: "the threeness and the oneness of God." (:56)

6.4.2 Die kerkvaders

Daar is verskeie kerkvaders wat oor die dekades heen bydrae gelewer het tot die verstaan van die Triniteit. Tertullianus (regsgeleerde van beroep) gebruik die woord "Trinitas" as ŉ beskrywing van die drie persone van die godheid, terwyl Origenes aan die Gees die laaste plek toesê (Berkhof 1965:122) en Athanasius meen die Gees vanweë sy goddelike werk ook van goddelike natuur moet wees (:122).

Arius, aan die anderkant, ontken die Goddelikheid van Jesus Christus en God en Konstantyn het in 325 AD ingegryp en op dié wyse gekeer dat kettery die Oosterse Kerk (later die Grieks Ortodokse Kerk) oorneem. Onder Konstantyn se bewind is die Westerse Triniteit van Tertullianus en die triniteitsformule van die waterdoop by die Konsille van Nicea as die amptelike doktrine vir alle christen kerke in die Romeinse Ryk aanvaar en alle godsdienstige sisteme buite die triniteit is as kettery verklaar. So het die verskillende sieninge oor die triniteit gelei na die versplintering van die Rooms Katolieke en die Grieks Ortodokse kerk.

Na aanleiding van die voorafgenoemde is daar sonder twyfel in ons eie identiteit ŉ lang en moeisame pad gekom in die soeke na die verhoudingsmatige basis van die Goddelike en menslike identiteit. Daarom is dit so belangrik dat ons as VGK Saron spesifiek en die Saron gemeenskap oor die algemeen terug na die Woord en God self gaan en óns identiteit in die drie-enige God herontdek.

Na aanleiding van Genesis 1 is ons na die beeld en gelykenis van die drie-enige God geskape. Dít is die God wat aan óns almal goddelike potensiaal geskenk het en ons waardige burgers in en van Sy koninkryk gemaak het sodat ons deur Hom as die drie-enige God uitgestuur word vir Sy *missio*.



Voorstelling van die Triniteit
Uit: htt://en.wikepedia.org/wik:/File:Shield-Trinity-Scutum-Fidei-English.svg
(Gekontroleer 27-10-2011)

6.5 Etlike belangrike werke oor die triniteit

6.5.1 Miroslav Volf

Dit is veral die uitstekende werk van Miroslav Volf (1998), *After Our Likeness,* wat beïndruk met sy daarstel van ’n visie met betrekking tot die Kerk as die beeld van die Triniteit (:2). Hy bring in afdeling 1 die standpunte van twee vooruitstaande teoloë met betrekking tot die Triniteit in dialoog met mekaar, naamlik die Katoliek, Joseph Ratzinger en die Ortodokse teoloog, John Zizioulas. Volf laat die fokus in afdeling twee op die ekklesiologie van die kerk val.

Terwyl hy teologies op die triniteit reflekteer, lig hy terselfdertyd teenstellings in die ekklesiologieë van sy dialooggenote uit. Die mees basiese verskille tussen Volf se ekklesiologie en die van sy gespreksgenote kan as volg in tabelvorm weergegee word:

Ekklesiologie van die Vrye Kerk soos dit verteenwoordig word deur Miroslav Volf.	**Ekklesiologieë van die Rooms-Katolieke Kerk en die Ortodokse Kerk soos dit verteenwoordig word deur onderskeidelik Josepf Ratzinger en John Zizioulas.**
Staan ’n demokraties-gelykregtige bestuursvorm voor.	Dit het ’n hiërargiese bestuursvorm.
Verkies ’n charismatiese gemeenskap	Erken sekere strukture as goddelik ingestel.
Hang ’n interpersoonlike of sosiale model aan.	Voorstanders van ’n organiese model waar enkel christene opgeneem word in Christus as geheel.
Die kerk is essensieel plaaslik	Dring aan op gemeenskap met die universele kerk.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Volf ondersteun ’n *perichoresiese* model oor die Triniteit. Hiervolgens staan al drie goddelike wesens Vader, Seun en Heilige Gees gemeenskaplik-onafhanklik in verhouding tot mekaar (1998:208-9). Sy bydrae tot die trinitariese hervorming van Vrye Kerk eklessiologie (:197) staan meer ’n demokratiese gelykregtige styl van organisasie met ’n charismatiese inslag voor (:228). In hierdie gemeenskap is alle lede dinamies aan mekaar en aan die drie-enige God verbonde.

Die plaaslike kerk waar Christus in elke gemeente wat in Sy Naam teenwoordig is, is van essensiële belang. Diegene wat in die naam van Christus byeen is, ongeag getalle, is die beeld van die Triniteit (1998:197). En die struktuur van trinitariese verhoudinge word gekarakteriseer deur polisentriese en simmetriese wederkerigheid van die baie (:217) waar die trinitariese persone hul ooreenkoms vind in die beeld van die kerk waar alle lede mekaar dien met hul spesifieke gawes van die gees (:219) en so die kerk na die beeld van die Drie-Eenheid vorm (:239).

Die ekumeniese waarde van hierdie werk is onskatbaar en sluit heel gepas af met woorde wat die kerk as geheel oproep tot verantwoordelike dissipelskap: "The spirit of communion opens up every person to others, so that every person can reflect something of the eschatological communion of the entire people of God with the triune God in a unique way through the relations in which that person lives" (1998:282).

6.5.2 Dr. H. Berkhof

In die werk van Dr. H. Berkhof, *De Leer van de Heilige Geest* (1965), raak hy in die hoofstuk wat handel oor *De Geest en de Drieenige God* die volgende aan: die Gees en die leer van die Drie-Eenheid, die Gees as derde persoon in die Drie-Eenheid en die verhouding tussen God, Christus en die Gees.

Hiervolgens is dit duidelik dat die mens nog heeltyd gesoek het na maniere om te verstaan wat die identiteit van die drie-enige God is. Dit is ook goed so, want die drie-enige God is die bron van ons lewe. Dit is ook goed dat die doel van hierdie navorsing is om die identiteit van die VGK Saron en die leierskap uitdaging daarvan te identifiseer. Op dié wyse word die lidmate van die gemeente gehelp om hulle identiteit te ontdek sodat *sjalom* kan plaasvind. Die verstaan van die identiteit van die drie-enige God is immer afhanklik van hoe Hy Homself aan die mens openbaar en nie hoe die mens vanuit sy/haar eie intelektuele posisie God probeer verklaar nie.

Die Khoe-San mense het self die besef gehad dat die mens na die beeld en gelykenis van die drie-enige God geskape is. Dit is net paslik dat die fokus nou verskuif na die manier (e) hoe God Homself reeds van die oertyd af geopenbaar het.

6.6 Die openbaring van God

Die *Holman Bible Dictionary* (*www.studylight.org/dic/hbc/view.cgi?number=T5333*) (Gekontroleer 27-10-2011) definieer die woord openbaring as volg: "The word revelation means an uncovering, a removal of the veil, a disclosure of what was previously unknown." Dit gaan meer spesifiek verder met, "Revelation of God is God's manifestation of Himself to humankind in such a way that men and women can know and fellowship with him." Hierdie openbaring van God het alreeds as 'n oeropenbaring tot die eerste inwoners van ons land gekom. Vanweë die feit dat die lidmate van die VGK Saron hul wortels in die Khoe-San tradisie het, is dit belangrik om na dié oeropenbaring van naby te kyk.

6.6.1 Oer-openbaring van die drie-enige God

Die Khoe-San is die eerste mense in Suider-Afrika en waarskynlik ook die eerstes in die wêreld. Na aanleiding van Willa Boezak in *So Glo Ons* (2006:3) word in die tydskrif *Science Galley* (Mei 2005) 'n bekende feit, naamlik *'Afrika is die wieg van die mensdom'* genoem. Dit impliseer duidelik dat die *homosapiens* in die Afrika-kontinent ontstaan het, meer spesifiek en na alle waarskynlikheid "…in die omgewing van Ethiopië." Die eerste moderne mense het "…as Hadzabe-Pigmeë na Wes- en Sentraal Afrika en suidwaarts as die Khoe-San" (Khoe en San) beweeg. Alhoewel laasgenoemde groep wat "…van dieselfde genetiese stam afkom" (:4) en aanvanklik een was, se godsdiens, taal en kultuur deur koloniale regerings afgemaak is as heidens (Cloete 2003:8) is dit tog duidelik dat die Khoe-San alreeds 'n oer-openbaring van die drie-enige God gehad het.

In 'n artikel, *Khoisan Geloof! Wat maak ons daarmee?* (2001:2) vind Boesak asook Cloete in *Op Soek na ons Siel*, (2003:9,10) aansluiting by Hahn en bring duidelike raaklyne ten opsigte van die Khoe-San geloof en die Christelike Geloof na vore. Theophilus Hahn in *Tsuni-//Goam, The Supreme Being of the Khoi-Khoi* (1881:38) noem onder andere "…they generally call 'God' in their language Thukwa or Thik-qua (Tsui-//goab)."

Dit is belangrik dat daar deeglik rekening gehou word met die feit dat die Khoe-San niks anders gehad het as die aarde met sy asemrowende natuurskoon wat deur die drie-enige God geskep is. Hulle het in hul bestudering van al die sterre en planete; die veld- en dierelewe besef dat daar ŉ Skepper – ŉ Opperwese, ŉ Voorsienigheid, ŉ Hoërhand agter alles móét wees (Boezak 2006:30).

Dit moet egter beklemtoon word dat die idée van ŉ drie-enige God heeltemal vreemd vir die Khoe-San (2006:100) was. Volgens Tog is die volgende raaklyne beslis aanduiding daarvan dat hulle ŉ Triniteits-aanbidding beoefen het:

6.6.1.1 Tsui //Goab[5] vs Jahwe

Die ervaring wat die Khoe-San met Tsui-//Goab gehad het, is dieselfde as die wat die volk van Israel met Jahwe gehad het, naamlik vir beide was Hy die God van skepping, voorsienigheid en beskerming.

6.6.1.2 Heitsi Eibib vs Jesus Christus

Alhoewel etlike lyne nie heeltemal aan mekaar raak nie, is daar tog duidelike ooreenkomste soos byvoorbeeld die feit dat beide uit ŉ maagd gebore is. Die rykdomstatus lê wel op verskillende vlakke (by Heitsi Eibib is dit op materiële vlak en by Jesus Christus lê dit op die vlak van die mag hê om rykdom te voorsien). Op die oog af kan dit na ŉ betekenisvolle verskil lyk, maar dis tog aanduidend van een en dieselfde lewensaspek. Daarbenewens is by beide sprake van profetisme, heldhaftigheid asook ŉ vorm van opstanding.

6.6.1.3 /N/um vs Heilige Gees

Ten tye van die helingsdanse is die San deur krag / energie / gees spiritueel met hul God verbind. Dit is tog ŉ merkwaardige raaklyn, want in die christelike godsdiens vind hierdie spirituele verbintenis met God plaas deur die Heilige Gees.

---

[5] Olp, J. 1977 *Nama Grammatika* Inboorling Taalburo. pp. 9-10. ‘n Verduideliking van die suigklank-konsonante word hier in sy eenvoudigste verduideliking opsommenderwys gegee:

// die stemlose laterale suigklank kan vergelyk word met die klank waarmee ŉ ruiter sy perd aanspoor.

/ die stemlose dentale suigklank kan vergelyk word met die klank waarmee spyt of teleurstelling uitgedruk word.

! die stemlose palatale suigklank kan vergelyk word met die geluid wat ontstaan as ŉ styftoegekurkte bottel se kurk uitgetrek word.

‡ die stemlose alveolêre suigklank kan vergelyk word met die klank wat voortgebring word soos wanneer ŉ baba maak met sy tong net agter die tande en dan die mond wyd oopmaak of soos wanneer die vingers geklap word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

6.6.1.4 !Gnaunab / Lucifer

Beide hierdie twee was vir onderskeidelik die Khoe-San en die Christene die verteenwoordiging van die bose en die verkeerde.

Peter Kolb, die Duitse magistraat, wat as ʼn gesagsbron beskou word, word as volg deur Hahn aangehaal (1881:41): 'It is obvious that all Hottentots believe in a God, they know him and confess it; to him they ascribe the work of creation, and they maintain that he still rules over everything and that he gives life to everything. On the whole he is possessed of such high qualities that they could not well describe him…'

Die vraag is, waarom dit so moeilik was om aansluiting te vind by die bestaande godsdiens / kultuur? Waarom kon verteenwoordigers van koloniale regerings en ook later die 30 sendinggenootskappe en die 1,650 sendelinge (soos in 1911 gereflekteer en wat van oral oor gekom het) nie dit wat hulle hier gevind het, omhels nie? Waarom is die geloof, kultuur en waardes van die Khoe-San mense van Saron spesifiek nie deur die Duitse sendelinge gehonoreer nie? Waarom was dit so moeilik om die Apostel Paulus (1 Kor. 9:20-23) se voorbeeld te volg? Hy het immer die Christelike geloof wyd uitgedra, maar dit was beslis nie nodig vir diegene wat tot hierdie geloof bekeer het om ʼn nuwe kultuur aan te neem nie (Boezak 2006:99).

Flaendorp (2007:7-10) onderskei 5 agtergrondsfaktore wat na sy mening die spiritualiteit en identiteit van inheemse mense beinvloed het. Koloniale faktore soos ʼn bevooroordeeldheid en rasse-meerderwaardigheid teenoor nie-witmense is een van dié faktore. Al die aanduidinge is daar dat die optrede teenoor die Khoe-San ʼn doelbewuste keuse of strategie tot uitwissing in sommige geledere was (Cloete 2003:3). Mocke (1994:48) maak melding van hoe die boeregemeenskap kommando's gevorm het en San mense gaan "jag" het. Hy vertel van een so ʼn geval toe 100 San mense gedood is. Tydens ʼn ander "jagtog" is 186 San mense in 1765 gedood. Tog was die San "die waarskynlike inwoners van die gebied wat vandag as Nieuwoudville bekend staan" (:47).

Hierdie strategieë word gekomplimenteer deur ʼn brutale benadering asook verdraaide godsdienstige vertolking van die Woord van God (Cloete 2003:3). Dié vertolking is vanweë die Portugese se siening (Boezak 2006:25) met betrekking tot die kinders van Noag, naamlik Sem, Gam en Jafet wat dit met die drie kontinente Asia, Europa en Afrika ooreenstemmend in verband gebring het. Terwyl Sem en

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Jafet tydens Noag se dronkenskap respek betoon het en Gam geen, is laasgenoemde en sy seun Kanaan vervloek en verban. Hul nageslag is in Afrika. Laasgenoemde is ook gesien as swart en swart as kleur is op teologiese gebied in verband gebring met satan, duisternis, sonde (:25). Dit was ontsettend moeilik vir die Khoe-San om die kriteria van die Europeërs te slaag, veral by enige vorm van beskaafdheid. Hulle was vir die Europeërs die laagste op die ranglys van die mensdom, het getwyfel of hulle hoegenaamd ŉ siel het en tot sover terug as 1913 het "...die Kaapse Sinode van die NG Kerk ŉ hewige debat gevoer oor die vraag: 'Moet die Boesman beskou word as ŉ mens of ŉ dier?' (:97)

Indien die godsbegrip en godsbelewenis van die Khoe-San geleentheid gebied was om met die tweede openbaring, naamlik dié van Jesus Christus en gevolglik die Christendom te trou, sou die spirituele erfenis vandag uiters betekenisvol wees.

> *Hahn (1881:42) haal uit die konklusie van Kolb se verslag die volgende aan: 'These Hottentots have neither churches nor chapels, made with the hands of men, but they consider in their mind that certain places are sacred, because their ancestors have received great luck at such spots. Those places are to be found in the deserts, and consist of stone heaps, others are rivers, ……and they never pass such a deserted spot or hill without offering, worship to the saint who according to their belief, inhabits the place, and who has done so much good to so many of them. "*

Wat was verkeerd met so ŉ aanbidding? sou ŉ mens kon vra. Is dit nie maar op ŉ manier in lyn met Jakob se aanbiddingsruimte wat hy Bet-El genoem het nie? (Genesis 28:16-19). Is God dan nie oweral nie? God vul immers elke krieseltjie spasie deur die teenwoordigheid met Sy Gees. St. Augustinus het die insig gehad om die waarde van die oergodsdiens te besef. Hahn (1881:51) kwoteer Augustinus se woorde:

> *"What is now called the Christian religion has existed among the ancients, and was not absent from the beginning of the human race until Christ came in the flesh: from which time the true religion which existed already, began to be called Christian."*

Die volgende spesifieke seremonies wat dien as uitdrukking van Khoe-San geloof, verdiep die waarde van dié oergodsdiens vir die verstaan van die drie-enige God.

6.6.2 Seremonies as uitdrukking van Khoe-San geloof

6.6.2.1 Die reënmaakseremonie

Volgens Boesak (2001:2) is tydens hierdie aangrypende jaarlikse seremonie swanger vroulike diere geslag. Eers het die oudstes vasgestel wanneer die somerreëns begin waarna die fees naby die stamhoof gereël is, verkieslik naby ʼn stroom. Dit was ʼn familie-saamtrek waarheen melk gebring is wat tesame met die vet van swanger diere en die baarmoeder verbrand is. Hiertydens is Tsui //Goab aangeroep en vir ʼn goeie jaar, goeie reën asook voedsel en weiveld gevra, terwyl die rookwolk in die lug opgestyg het.

6.6.2.2 Die helingsdans

Hiertydens is die San spiritueel met God (N/um) se energie / krag / gees verbind. Dit was nie maar net ʼn dans nie of soos die Europeërs dit verkeerdelik gesien het as "….worshipping and praising the new moon" (Hahn 1881:44) omdat hierdie dans meestal tydens nuwe maan rondom ʼn vuur wat heelnag gebrand het, plaasgevind het. Die eintlike doel was om deur middel van God se krag aspekte soos boosheid, te verdryf, maar ook om siektes te genees. Terwyl die vroue in sirkelvorm handeklap en gesing het, het die mans ritmies rondom die vuur gedans. Dit was ʼn diep spirituele ervaring waartydens die God agter die maan aanbid is, iets wat te moeilik was om te begryp vir die bevooroordeelde oog en verstand van die kolonis.

6.6.2.3 Na-i-ma en khoe-/namxa-sib

Die woord *na-i-ma* is volgens mondelinge oorlewering linguisties aan die woord Nama verbind. Eersgenoemde beteken letterlik "*Byt-en-Gee"* en is ʼn ritueel waarvolgens brood (die askoek) in die teenwoordigheid van almal, selfs vreemdelinge gebreek, gedeel en geëet is. Die een het gebyt en aan die volgende gegee en so is die ritueel gekontinueer totdat die maal voltooi is (Boesak 2001:2,3). Hierdie ritueel is tegelykertyd ʼn diep spirituele ervaring wat in die lewensstyl, *Khoe-/namxa-sib* (egte mense se liefde vir mekaar) gegrond is.

In plaas daarvan om twee ongelooflike spiritualiteite, wat tog duidelik aanpasbaar met mekaar is, met mekaar te laat slyp en in mekaar te laat groei, is die siel van die Khoe-San vergruis en daarmee saam ook ʼn geleentheid om ʼn egte ontmoeting met die drie-enige God te hê. Dit sou ten minste ʼn geskatte 60% van die huidige 79.7% (*www.nationmaster.com/country/sf-south-africa/rel-religion*) (02-11-2011) Christene

in die land tot lewende getuies sou transformeer. Die Christendom wêreldwyd word as 33% aangedui.



Uit: www.adherents.com/Religions_By-Adherents.html (02-11-2011)

Die spirituele en morele vlak sou ongetwyfeld baie hoër wees veral as die eerste en tweede manier van hoe God Homself aan die voorouers van die VGK Saron openbaar het, met mekaar versoen is. Vroeër in dié hoofstuk is gekyk na verskillende skrifgedeeltes wat die Drie-Eenheidsaard van God uitbeeld. Vervolgens word gekyk na spesifieke persone uit die Skrif wat hierdie openbaring ervaar het.

6.6.3 die tweede openbaring van die drie-enige God

Die wyse waarop God Homself in die Ou Testament en deur Jesus Christus aan die mensdom openbaar het, sal altyd een van die aangrypendste gebeure in die geskiedenis van die mensdom bly. Dit was / is 'n wonderlike ervaring. Die uittreksels wat volg kom uit twee Bybelvertalings, naamlik die Nuwe Vertaling (met herformulerings) (2001:11de druk) asook die Nama Vertaling en word parallel met mekaar gebruik.

Reeds in die Ou Testament openbaar die drie-enige God Hom op aangrypende en bonatuurlike wyse deur die natuurelement van die brandende doringbos aan Moses: "Moses! Moses!" roep God uit die brandende doringbos toe Hy sien Moses kom naby. Moses respondeer onmiddellik met: "Hier is ek." Hierna die aangrypende woorde in Exodus 3:5:

"Tā /gu neba: //harokha âtsa sa ‡eira χu ‡gai-‡ui; //êis eits mâ !keis a !anu !hu χuige"

"Moenie nog nader kom nie. Trek uit jou skoene, want die plek waarop jy staan, is gewyde grond."

Moses se versoek aan God is dat Hy/Sy Hom- of Haarself self identifiseer. En dan kom die identifikasie:

"Tit age I ta nîra khama nî ita. Tsîb ge //Êiba //kadi ge mî: Ne-timîts ge Israeli ôana nîra mîba: I nîta ge tita sadu !oa go sî."

"Ek is wat Ek is. Jy moet vir die Israeliete sê: 'Ek is' het my na julle toe gestuur."

Hierdie naam, 'Ek is' is volgens Eugene Petersen in *Christ Plays in Ten Thoudand Places,* (2005:89),die mees persoonlike naam vir God - 'n naam wat in die oorspronklike Hebreeuse vorm as JAHWEH en in die Grieks as e*gō eimi* bekend is. Dit is duidelik dat Jesus Christus hierdie "God-identifying formule" (:89) vir homself toe-eien. Die manier waarop Hy dit vir Homself in Joh. 8:58 toe-eien, is 'n openlike verklaring dat Hy God self is.

"Ob ge Jesuba //êin !oa ge mî: Amase, amasa t era mîba du, Abrahami hâ tama, ia ta ge tita ge hâ i."

Jesus het hulle geantwoord: "Dit verseker Ek julle: Voordat Abraham gebore is, was Ek al wat Ek is."

Hierna het hulle klippe opgetel om Hom te gooi. Dit is aanduiding dat die manier hoe die drie-enige God Hom/Haarself openbaar of geïdentifiseer het, was nie aanvaarbaar vir die mens nie. Hier is beslis 'n menslike afwysing van die Trinitariese Godsopenbaring en 'n openlike, aggressiewe bekendmaking van hoe God se identiteit vanuit menslike kennis, verstaan en vanuit menslike vermoëns verklaar is.

'n Verdere bewys dat die Gees onafskeibaar is van God die Vader en Jesus Christus, vind ons alreeds in Genesis 1 vers 2:

"Tsî /hub-eib ge /u-eisa tsî /kei-!na ge I, tsî /kainab ge /gami die is ei hâ ge I, tsî Gagab Elob dib ge //gamgu ei hana ge /nare."

"Die aarde was heeltemal onbewoonbaar, dit was donker op die diep waters, maar die Gees van God het oor die waters gesweef."

Hiervolgens is dit tog duidelik dat die drie-enige God sedert die begin van die skepping tegelykertyd werksaam is.

Vir die Khoe-San was die openbaring wat God deur Jesus Christus gegee het, ʼn tweede openbaring. Die inligting wat volg, is belangrik vir die diepere verstaan van waar die Saron mense vandaan kom. Die Khoe-San kon die persoonlike verlossing wat in Jesus Christus te verkry is, deelagtig word. Enersyds het die Khoe-San maklik aanklank by die christelike geloof gevind. Dit is ook te begryp vanweë die raaklyne tussen die Christelike geloof en die oergeloof van die inheemse mense, soos vroeër genoem.

Dit was moontlik vir die Khoe-San om hulself in te leef in die wêreld van die Bybel. Die volgende is belangrike voorbeelde as bewys hiervan: Amos 3:4-5. "Sal ʻn leeu in die bos brul as hy niks het om te vreet nie? Sal ʼn voël in ʼn wip op die grond val, as daar nie ʼn strik vir hom gestel is nie?" Ander voorbeelde is die van die pottebakker en klei asook die goeie herder en saaier soos wat dit onderskeidelik in Jeremia 18, Johannes 10 en Mattheus 13 na vore tree (Boezak 2006:100).

Daar was egter ook teenkanting en verontwaardiging teen hierdie "nuwe geloof." Hierdie teenkanting en verontwaardiging was spesifiek vanweë die feit dat die Khoe-San ervaar het dat hierdie geloof verhef word ten koste van hul eie geloof, kultuur en taal wat in die proses vergruis is. Vanweë misverstand is hul geloof belaglik gemaak. ʼn Goeie voorbeeld hiervan is die indruk dat die Khoe-San niks van God weet nie en sommer iets soos die mantis-insek aanbid. Daar is ongelukkig nie moeite gedoen om die taal van die Khoe-San te verstaan nie. Boezak (2006:41) gee ʼn verduideliking van waar dié misverstand vandaan kom. /Kággen (met hoofletter) is die woord vir God, terwyl /kággen met kleinletter) die woord vir mantis is. Die wyfie-mantis sal met bedrieglikheid die mannetjie net na paring opvreet. Die /Xam-jagters het met verwondering hierdie taktiek gade geslaan en dit self toegepas. Wanneer hulle gaan jag het, het hulle hulself vermom en so die volstruise verras. Die bewondering vir die

wyfie-mantis se taktiek het verkeerdelik die indruk laat ontstaan dat die mantis –insek met sy gebedshouding aanbid is. Vandaar die benaming "hottentotsgot".

Uit: wikepedia.org (02-11-2011)

Dit is aangeleenthede soos hierdie wat weerstand en verontwaardiging by die Khoe-San ontlok het. Etlike voorbeelde hiervan is die volgende:

Hunqueb (Hoofman) !Nanib in Namakwaland is deur trekboere gevang nadat sy vyande (//Gau-!gõas) hom verraai het. Die enigste manier waarop hy die doodskoot kon vermy, was om ʼn Christen te word. Hierop het hy geantwoord: "Nooit nie! My Tsui //Goab is net so goed soos julle Christus" (Boezak 2006:86). Sy stem was na hierdie woorde vir ewig stil…

ʼn San-jagter argumenteer by ʼn geleentheid (in die 1920's) met dr. John Philip van die Londense Sendinggenootskap as volg:

> *"Hoekom is dit so dat ons vervolg en verdruk word deur die Christene? Is dit omdat ons in die woestyn lewe, klere aantrek wat van velle gemaak is, sprinkane eet en wilde heuning? Maar – was Johannes die Doper dan nie ʼn Boesman nie? Het hy nie in die woestyn gebly nie? Het hy dan nie dieselfde velklere gedra soos ons nie? Het hy nie sprinkane en wilde heuning, soos ons ge-eet nie? So – was hý dan nie ʼn Boesman nie?"* (Boezak 2006:78)

Tussen al die misverstande deur bly wie God is onveranderlik. Die openbaring van die drie-enige God aan die mensdom en die onvoorwaardelike en onveranderde aanvaarding daarvan deur die mensdom sal van die kerk, spesifiek die VGK Saron ʼn

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

beelddraer van die drie-enige God maak. Dit vind dan ook aansluiting by wat Volf se uiteindelike doelwit is, naamlik om ʼn visie vir die kerk as ʼn beeld van die drie-enige God uit te spel (1998:2). Dit is immers die teenwoordigheid van Christus wat die kerk konstitueer en waarby die hele kerk ingesluit is en nie net die leierskap nie (:2). Hierdie partisiperende karakter van die kerk is uiters waardevol en belangrik anders vind ʼn outoritêre praktyk in ʼn hiërargiese intensie beslag (:4). Daar is alreeds in die algemeen ʼn belangrike verskuiwing van ʼn tradisionele hiërargiese model na ʼn partisiperende model van kerk konfigurasie (:12).

Hierdie verskuiwing lewer ʼn bydrae daartoe dat lojale en geïnspireerde mense die drie-enige God (1998:18) vanuit hul diep en intense daaglikse worstelinge aanvaar soos Hy Homself openbaar. Dié aanvaarding is te midde lewenservaringe van armoede, geweld, pyn, lyding en allerlei verdrukkende omstandighede, veral soos die vigspandemie. Soos reeds vroeër genoem is, was daar bepaalde historiese gebeure wat erg op die verstaan van die identiteit van die drie-enige God geïmpakteer het. Dit kom nou oorsigtelik aan die orde:

6.7 Impak van historiese momente

Die geskiedenis toon dat bepaalde omstandighede of lewenservaringe indrukke / doktrines help ontstaan het wat die drie-enige God as drie afsonderlike identiteite aanbid. Verstaanswyses soos hierdie het gruwelike aantasting van die diepste wese van God tot gevolg gehad deurdat Hy/Sy gekompartimentaliseer is.

6.7.1 Verligtingstydperk

Bosch (1991:262-273) in *Transforming Mission* skryf interessant en getrou oor die "profound influence" wat die Verligtingstydperk op Protestantisme gehad het. Met die uitsondering van etlike ander menings hieroor word veral die breë trekke van wat Bosch sê daardie invloed is, hier weergegee.

Dit is veral ʼn reeks gebeure soos onder andere die Renaissance en Protestante Reformasie wat geleidelik die kerk as faktor in die waarmerk van die struktuur van die samelewing geëlimineer het. Die volgende word deur Bosch uitgelig as die belangrikste eienskappe van die Verligtingsparadigma:

(a) Dit is die era van die rede as vertrekpunt van alle kennis.

(b) Dit opereer met ʼn subjek-objek skema waarvolgens die mens van sy omgewing geskei word.

(c) Die eliminering van doel van die wetenskap en die inleiding van direkte oorsaaklikheid as die sleutel tot die verstaan van realiteit.

(d) Die geloof in progressie waaronder, onder andere, verstaan is die instel van ʼn stelsel van kolonisering deur Westerse nasies.

(f) Wetenskaplike kennis was feitelik, waardevry en neutraal. Die uitgangspunt is dat feite nie in dispuut geplaas kan word nie, terwyl waardes ʼn kwessie van voorkeur en keuse is.

(g) Mense is vrye en outonome individue.

Die voorafgenoemde eienskappe het tot gevolg gehad dat die Christelike geloof, al het dit bly voortbestaan ná die Verligtingstyd, gevoel het dit bestaan in ʼn vyandige wêreld. Die direkte invloed daarvan op die Christendom en die Christelike teologie het groot impak gehad:

(a) Wetenskaplikes het dit al moeiliker gevind om vir God plek in te ruim in hul sisteme. Waar vroeër geglo is dat die mens sy ontstaan van God kry, is die teenoorgestelde verklaar, naamlik dat God Sy bestaan te danke het aan die mens. Freud (godsdiens is ʼn illusie), Marx ("opium van die mense") en Durkheim (godsdienstige gemeenskappe beoefen selfaanbidding) is dit eens dat daar ʼn tyd was toe God saak gemaak het, maar dat die mens nou wasdom bereik het en God nie meer benodig nie.

(b) Verder is die skeiding tussen subjek-objek in die natuurwetenskappe ook van toepassing gemaak op die teologie.

Paul Brians is van mening dat hierdie periode die Verligtingstydperk genoem is vanweë die feit dat sommige denkers en skrywers, spesifiek diegene vanuit London en Parys geglo het dat hulle meer verlig was as ander mense. *(wsu.edu/~brians/hum_303/enlightment.html)*(Gekontroleer 27-10-2011). Die rede en of denkvermoë het al hoe meer na vore getree as ʼn manier oor hoe om bepaalde aspekte wat die lewe raak, te verklaar.

In die 17de eeu wou René Descartes bv. die rede gebruik om sy geloof te versterk met die volgende slagspreuk: *"I think, therefore I am."* (:2). Hiervolgens blyk dit dat die bestaansreg van die mens gesetel is in sy vermoë om te kan dink. Sieninge soos hierdie het aanleiding daartoe gegee dat 'n algemene tendens van individualisme, vryheid en verandering vervang is deur gemeenskap, gesag en tradisie as kern Europese waardes (Paul Brians 4).

Alhoewel die kerk (sendingsentimente veral) se reaksie om begryplike redes negatief teenoor dié beweging gestaan het, het dit ongetwyfeld enorme Christelike energie in veral die sending gestort (Bosch 1991:334). Die afleiding wat hieruit gemaak word, is dat daar tog wel beïnvloeding van een of ander aard was. Dit is ook in hierdie tyd dat daar 'n onderskeid getref is tussen Feite en Waardes (:343). Pat Keifert, Lutherse Teoloog, dui die onderskeid in tabelvorm as volg aan tydens 'n lesing by die Universiteit Stellenbosch:

FEITE	**WAARDES**
Objektief	Subjektief
Dis puliek	Dis privaat
Gegrond in rede	Gegrond in geloof
Redeneerbaar	Irrasioneel
Skei mans van vrouens en kinders	Skei kinders en vrouens van mans
God (Vader) is 'n generiese God	God as Jesus is in ons harte
Gesien as liberaal	Gesien as konserwatief

Terwyl die Vader en die Seun in hierdie model plek vind, is dit die afwesigheid van die Heilige Gees wat opval. Die indruk word gewek dat dit moeilik blyk te wees vir die Moderne Dogma om met die Heilige Gees te handel. Christene behoort gewaarsku te word om nie modelle soos hierdie te aanvaar wat nie die identiteit van die drie-enige God, soos geopenbaar, verklaar nie.

Bo en behalwe periodes soos die Verligting, is daar ook ander gebeure soos die twee wêreld-oorloë wat ook 'n merk gemaak het op die Christelike teologie en gevolglik die verstaan van die identiteit van die drie-enige God.

6.7.2 Wêreldoorloë

Beide wêreldoorloë (1914-1918; 1939-1945) asook alles wat daaruit gevloei het, het diep letsels in die geskiedenis van die wêreld gelaat en was in die woorde van Bosch (1991:350), "devastating global wars". Dit is veral die Tweede Wêreld Oorlog wat onthou sal word vir die afgryse daarvan (:350). Die impak van die konflik het die wêreld in sy totaliteit geraak. Met alles wat daaruit gevloei het, byvoorbeeld moderne wetenskap, filosofie, literêre kritiek, historiese metodes en sosiale analises word die kerk genoodsaak om die teologiese verstaan in die lig van dit alles te bedink en herdink (:353).

Daar moet egter voortdurend onder alle omstandighede gewaak word teen die eksploitasie van veral die beeld / identiteit van die drie-enige God omdat dit net so gevaarlik is as om God te ontken (*www.ignatiusinsight.com*) (Gekontroleer 27-10-2011). Dit lei ongetwyfeld tot die vervlakking of reduksie van die identiteit van die drie-enige God. Enkele opmerkings hieroor volg nou:

6.8 Vervlakking van die ware identiteit van God

ʼn Omgang met die drie-enige God soos in die vooraf paragraaf genoem, impliseer ʼn doelbewuste of onbewuste reduksie / verflouing / vervlakking van die ware identiteit van God. Gevolglik is die evangelie met hierdie reduksie bestuif en het redding deur die evangelie op die individu gefokus (Guder 2000:120). Die gevolg was ʼn onderskeid tussen voordele van die evangelie en die sending van die evangelie gevolg deur ʼn verwerping van die wêreld (:122).

Guder laat Barth toetree tot die gesprek om dié feit te bevestig en laat hom (Barth) ʼn nuwe verstaanswêreld oopmaak met ʼn reeks van relevante vrae wat gestel word: "Do we not see in this rejection of the world a profound loss of the missional thrust of biblical faith? Is this not a significant reduction of the witness in and to the world intended as the outcome of the salvation experience of the saints?" Dan die effe konfronterende vraag: "Did John really mean, 'For God so loved the *Christians* that He sent His only begotton Son?' (:122)

Die reduksie wat die voordele van God se genade van die sending skei, word egter oorkom in die definisie van die Christelike bestaan as getuie (Guder 2000:131):

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> *"Christian existence is existence in the execution of this task. Thus Christian existence is related to God's mission, into which Christians are called individually and corporately."*

'n Reduktiewe verstaan van die drie-enige God het tot gevolg gehad 'n reduktiewe verstaan van die *missio Dei* asook die evangelie en helaas die kerk en laasgenoemde se verhouding tot die onmiddellike konteks. Die titel, *Continious Conversion of the Church* van Guder is in dié opsig betekenisvol en relevant, want dit is immer die enigste behoud van die kerk, naamlik om 'n eindelose absolute noodsaaklike proses van verandering en groei te ondergaan (Bell 2005:12), spesifiek onder leiding van die Woord van God (Guder 2000:151).Dit is essensieel vir die kerk om te begin verstaan, dat God 'n God met 'n sending is(:143), dat God die Skepper barmhartig en liefdevol teenoor die verlore skepping is, dat Sy sending kulmineer in die stuur van Jesus Christus en dat dit essensieel vir die *missio Dei* is dat die mense van God 'n sigbare, konkrete, ervaarbare vorm moet hê (:147).

Na aanleidng van waar die Khoe-San vandaan kom, kan gewag gemaak word daarvan dat hulle meer as driehonderd jaar gelede wel naby hierdie vorm was, maar vanweë 'n proses van reduksie wat deur middel van institusionele sending gekweek is, mettertyd hierdie sigbare, tasbare en ervaarbare vorm ontneem is. In hierdie proses het die kultuur van die evangelis / sendeling 'n belangrike rol gespeel en het dit baie prominent die vorm van die nuwe christen-gemeenskap gedefinieer (Guder 2000:193).

Die wyse hoe God Hom dus aan die vroegste mense (Die Eerste Nasie in Suid-Afrika) openbaar het, was van wesenlike belang oor hoe hierdie God aan die uiteinde geïdentifiseer is. Tog is dit ook belangrik om te sê dat hóé die Drie-maal Heilige God sigself openbaar weer ten nouste saam hang met hoe daar tydens hierdie openbaarmakingsoomblik na hierdie God geluister word, wat gehoor word en wat uiteindelik die oortuiging is wat tot dade moet oorgaan. Hoe God Hom/Haar oor al die eeue aan die mensdom openbaar het en steeds openbaar, is 'n vraag wat van wesenlike belang is.

6.9 Identifisering van God versus die is-heid van God

Dit blyk tog dat identifisering binne die konteks van die godsopenbaring te make het met menslike interpretasies van God waarvolgens die mens na God se openbaringe kon kyk, dit intellektueel interpreteer en op grond van hulle eie interpretasies 'n

bepaalde identiteit aan God gegee het. Hoe God volgens menslike intellektuele maatstawwe geïdentifiseer is, is ook bepalend vir die wyse waarop Hy aanbid is. In baie gevalle het die aanbidding ʼn privaat-aangeleentheid geword en het veral die sending ʼn sterk menslike karakter gekry. Sending is egter nie primêr ʼn aktiwiteit van die kerk nie, maar ʼn eienskap van God omdat God ʼn God van die sending is (Bosch 1991:390).

Bosch (1991: 390) haal Moltmann aan om hierdie gedagte te aksentueer, naamlik, "It is not the church that has a mission of salvation to fulfil in the world; it is the mission of the Son and the Spirit through the Father that includes the church." Dit is inderdaad so dat sending eintlik ʼn beweging van God na die wêreld is.

Die aanhaling wat hy maak uit die werk van Berkhof bring ʼn interessante dimensie na vore as hy sê dat die kerk alleenlik sending kan wees indien "…its being-in-the-world is, at the same time, a being-different-from-the-world" (Bosch 1991:386).

6.10 Die leer van die Triniteit en Skrifgebruik

Die feit dat die drie-enige God op ʼn stadium op grond van menslike rede en intellek geïdentifiseer is en nie op grond van hoe God Hom/Haarself openbaar het nie, het ongetwyfeld gelei tot reduksie van die drie-enige God en die *missio Dei.* Dit alles het gelei tot individualisme, institusionalisering, ‘n hiërargiese verstaan van die drie-enige God asook ʼn misplaaste roeping van die kerk.

Met die toepassing van die korrekte metodologie (in dié geval die Wandel In Die Woord) is dit moontlik om nuut na die drie-enige God te luister en te hoor wie Hy/Sy werklik is. Dit het ook weer ʼn verrykende positiewe impak op die kerk, want dit bring teweeg ʼn nuwe verstaan van die *missio Dei* en gevolglik ook ʼn nuwe verstaan van wie die drie-enige God is. Een van die beste voorbeelde wat ons in die Skrif vind, is die van Elia wat die drie-enige God die beste gehoor het in die fluistering van die windstilte:

I Gao-aogu 19: 11-13

Ob ge //Êiba ge mî: ǂOaχa êts ne !homi ei mâ !Khub die is ei-!â. Tsî mû, ob ge !Khuba ge !gû-i, tsî! Geisa ǂoab, !homga ra /kau-!ab tsî !hauga ra khôa-ǂku-ǂkub ge !Khub ei-!â ge i, χawe !Khub ge ǂoab !na hâ tama ge hâ i; tsî ǂoab khau-!gâs ge !hu-ǂguwisa ge ha; χawe !Khub ge !hu-ǂguwis on !na hâ tama ge hâ i.

tsî !hu-‡guwis khau-!gâs ge /aïsa ge ha, χawe !Khub ge /ais on !na hâ tama ge hâ i; tsî /ais khau-!gâï ge /oï ‡ouse ra gara-gara ‡oab dië ge ha.

Tsî ï ge ge i, Eliab ge //êië //nôuo, ob gee is âba !!êib di ana-‡am-sarab /ka !gu-ei tsî ‡oa tsî //hoab di ams !na sï ge mâ. Tsî mû, ob ge doma //êib dawa ge ha: Tareëts ta neba dï, Eliatse? Ti ra mîba.

I Konings 19:11-13

Maar die Here sê vir hom: "Kom uit, en gaan staan op die berg voor my, die Here, Ek wil verby gaan." Skielik was daar ŉ baie sterk wind wat die berg stukkend geruk en die rotse gebreek het voor die Here. Maar in die wind was die Here nie. Na die wind was daar ŉ aardbewing. Maar in die aardbewing was die Here nie.

Na die aardbewing was daar ŉ vuur. Maar in die vuur was die Here nie. En na die vuur was daar ŉ ***fluistering in die windstilte****.*

Toe Elia dit hoor, het hy sy gesig met sy mantel toegemaak en by die bek van die grot gaan staan. Toe ***hoor*** *hy ŉ stem wat vir hom sê: "Wat maak jy hier, Eliah"*

Op voetspoor hiervan kan die *Lectio Divina*[6] gesien word as antwoord op die vraag onder watter omstandighede God Drie-Eenheid gehoor kan word. Hierdie metode of tegniek of beter nog, dissipline, is spiritueel-verrykend en vorm saam met die *Gebed van Examen* ŉ stewige basis vir geestelike groei. Die volgende fasette in *LectioDivina* is van kardinale belang:

---

[6](http://www.contemplativeoutreach.org/site/PageServer?pagename=about_practices_lectio) (02-11-2011)Lectio Divina beteken letterlik "goddelike lees". Dit is ŉ antieke praktyk waarvolgens na die teks van die Bybel geluister word met die "oor van die hart". Dit is asof daar gesprek tussen die een wat Lectio Divina beoefen en God self is met God wat die onderwerpe vir bespreking besorg. Die metode van Lectio Divina sluit hoofmomente soos lees (lectio), reflektering (meditatio), respons op (oratio) en rus in (contemplation) die Woord van God met die doel om gevoed te word en die verhouding met God te verdiep.

6.10.1 Lectio divina

6.10.1.1 Lectio

Hierdie is eintlik ŉ respekvolle luister in ŉ gees van luister. Ons luister hiertydens na die drie-enige God se stem wat persoonlik en intiem tot ons spreek. Die bedoeling is om te luister na wat die drie-enige God vir ons wil sê.

6.10.1.2 Meditatio

Ons neem die Woord van God in, herkou dit ast'ware deur dit te memoriseer, terwyl ons dit terselfdertyd met deernis teenoor onsself herhaal en so toelaat dat die drie-enige God tot ons kan fluister.

6.10.1.3 Oratio

Hierdie is eintlik gebed of dialoog met die drie-enige God. In hierdie oomblikke kry die Woord van God geleentheid om ons diepste wese aan te raak.

6.10.1.4 Contemplatio

Hierdie oomblikke is transformerende oomblikke waartydens ons in die teenwoordigheid van God rus.

6.10.2 Gebed van examen[7]

In hierdie gebed gaan dit om die toets van ŉ mens se selfbewussyn. Die volgende aspekte is van kardinale belang, naamlik danksegging, vra na toeligting, vind God in alles, respondeer tot God in dialoog en afsluitingsoomblikke.

Terwyl die *Lectio Divina* die beste resultate in die oggend lewer in terme van die luister na die drie-enige God, is die *Gebed van die Examen* uiters doeltreffend en

---

[7] (http://www.communitas.co.za/blogs/gebed/gebede/2318-pryer-of-examen?lang) Die gebed van Examen is ŉ metode wat oorgeneem is van ŉ tegniek wat deur Ignatius Loyola in sy ***Spiritual Exercises*** beskryf word. Ignatius het dit verstaan as dat die Examen ŉ gawe direk van God is en dat God verwag dat dit so wyd as moontlik versprei moet word. In die gebed word gepoog om die beweging van die Gees in ons daaglikse lewens the reflekteer. Dit is ŉ gebed wat te eniger plek gedoen kan word. Baie mense doen dit twee keer per dag, naamlik gedurende die middag en dan in die aand. Daar is vyf stappe wat maklik tussen 10 tot 15 minute voltooi word. Die beste is om vooraf ŉ plekkie te vind waar geen steurnis is nie. **Oorgang**: **Word bewus van God se liefde vir my in die gebed**. Stap een-**dankbaarheid**: Ek is bewus van die gawes wat ek vandag van God ontvang het en ek dank Hom daarvoor. Stap-twee **petisie**: Ek vra God vir insig of ŉ gawe wat my vermoë transendeer. Stap drie-**hersien**: Hersien die dag deur te kyk vir gevoelens in my hart, die keuses wat ek gemaak het en ook dit wat God gedoen het, maar deur my mis gekyk is. Stap vier-**vergifnis**: Ek vra vir die helingsaanraking van vergifnis. Stap vyf-**vernuwing**: Ek kyk in die toekoms (more) en doen konkrete beplanning van hoe ek deel kan neem in wat God in my lewe doen.

effektief in die aand. Dit help om in die aand terug te loop luisterend na die drie-enige God se stem wat met ons kon praat en die aand af te sluit met die toets oor wat ons gedoen het met dit waartoe die drie-enige God ons geroep het. Indien bevind word dat daar nie getrou aan die Wil van die drie-enige God was soos Hy homself openbaar het nie, word nou ŉ geleentheid gebied om hierdie ontdekking te maak en nuut te luister met ŉ nuwe verbintenis aan die Heer.

6.10.2.1 Markus 1:1 tot 15

Op die oog af lyk hierdie skrifgedeelte na net nog een van die vele wat daar in die Woord opgesluit lê. Indien ons dit egter lees deur gebruik te maak van die Wandel In Die Woord-metodologie met inbegrip van die *LectioDivina* en die *Gebed van die Examen* is dit merkwaardig hoe gou ons die drie-enige God ontdek.

Deur die *Lectio Divina* praat God met ons, terwyl die *Gebed van Examen* ons bewussyn toets. Op hierdie wyse kan ons vasstel in hoeverre ons gehoorsaam is aan dit wat God vir ons deur Sy Woord sê.

Iemand wat die Griekse taal magtig is en wat iets verstaan van die lang tradisie van die Messias-verwagting, sal gou agterkom dat hierdie gedeelte in Grieks geskryf is en dat die tradisie van verwagting aan die sentrum is vir die verstaan van hierdie teks. Die Griekse taal maak die teks maklik toeganklik vir die mense en so ook die geskiedenis, lewe en karakter van Jesus Christus.

Alreeds in die begin (vers 1) word aanduiding gegee van die Triniteitskaraker van God. Dit word verder verdiep in verse 11 tot 12. Jesus Christus word duidelik uitgebeeld as die bewys van wie God is en die beeld en identiteit van Johannes die Doper is die voorloper daarvan.

Die persoonlike omgang met Markus 1 in groepsverband is ŉ duidelike bewys dat die Wandel In Die Woord-metodologie bepaalde verrykende voordele bo die private omgang met die Woord van God het. Dit is veral in groepsverband dat die drie-enige God beter gehoor word omdat Hy nou met een stem deur verskeie persone spreek. Deur stil te wees en te vertoef in Sy teenwoordigheid word geleentheid gebied om God in die gedagtes te loof en te prys.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

6.11 Samevatting

In hierdie hoofstuk is die fokus op die identiteit van die drie-enige God geplaas. Nadat die gemeente en sy mense met hul unieke historiese identiteit vir meer as 100 jaar gekondisioneer is tot minderwaardigheid en hul natuurlike leierspotensiaal versmoor is, is dit nodig om terug te gaan na die Woord van God, na God self en te vra na wie God is. Hy is immers die Een na wie se beeld en gelykenis ons geskape is en ook die Een wat ons herskep.

In hierdie hoofstuk oor die identiteit van die drie-enige God is verskillende aspekte wat betrekking het op dié identiteit onder woorde gebring. Die *Perichoresis* as dans (gekomplementeer met die huweliksdans in Khoe-San tradisie) beeld uit die drievoudige aard, maar onontbindbare eenheidsverhouding van die drie-enige God.

Nog ’n fokusarea is die Woord van God wat in die Ou- en Nuwe Testament onbetwisbare getuienis bevat van die Trinitariese aard van God. Die Trinitariese teologie van die eerste 4 eeue, die Kerkvadersse bydraes asook Volf en Berkhof is onder woorde gebring.

In terme van die Khoe-San tradisie waaruit die VGK Saron ontspring het, is ook fokus geplaas op die oeropenbaring en die tweede openbaring van God, die raaklyne tussen die twee asook etlike seremonies wat die verstaan van die identiteit van die drie-enige God verdiep.

Die impak van historiese gebeure soos die Verligtingstydperk en die twee wêreldoorloë is belig. Die drie-enige God is rasioneel-intellektueel benader.Dit het dikwels tot reduksie van die drie-enige God gelei. Die Wandel-In-Die-Woord-metodologie in kombinasie met die *Lectio Divina* en die *Gebed van die Examen* bied vars maniere waardeur die drie-enige God en die *missio Dei* aan die mense / kerk openbaar word.

Indien ons na die drie-enige God luister soos Hy/Sy openbaar word as Vader, Seun en Heilige Gees en nie ons eie intellektuele interpretasies daaraan heg nie, sal die Drie-Eenheidskarakter vergestalt word in die *missio Dei* en sal die kerk ook haar beeld, karakter en identiteit verkry van die drie-enige God. God die Vader stuur die Seun en die Vader en die Seun stuur die Gees, terwyl die Gees weer ons as mense uitstuur. Die wese van die drie-enige God is dus sturend van aard.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hierdie beeld, karakter en identiteit word sigbaar in die gemeenskap van gelowiges, die kerk. In individualistiese pogings is dit minder sigbaar.Met ander woorde: Waar word ŉ mens se identiteit gevorm? Is dit in die kompeterende, gejaagde en naywerige omgewing van die arbeidsomgewing of is dit in die liefdevolle, ondersteunende omgewing van die gelowiges?

Terwyl dit in die eerste hoofdeel handel oor die analisering van die kerk en die wêreld waarin ons leef, gaan dit in die tweede hoofdeel oor die vertikale as van die kruis-simbool. Prakties-teologies word die verhouding tussen skriftuurlike identiteit en die ideal waarna gestrewe word met mekaar in verband gebring. In ander woorde: hoe word God se koninkryk, sy beeld, sy missie werklikheid in ons lewe? Die hoofstuk wat volg, naamlik hoofstuk 7, wil bepaal wat die identiteit van die kerk is en uit die aard van die saak ook wat die taak is waarvoor leierskap nodig is. Die identiteit van die drie-enige God is immers die fondament van die identiteit van sy liggaam.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 7

7. Die verband tussen die drie-enige God en die kerk as geloofsgemeenskap

7.1 Inleiding

Die belangrike vraag in hierdie tesis is dié na die verband tussen die VGK Saron se identiteit en die leierskapsuitdagings waarvoor dit staan. Indien die gemeente en sy leierskap kan ontdek dat ŉ geloofsgemeenskap se identiteit ten diepste geanker is in die drie-enige God en dat sy bestaansdoel geformuleer word deur God se doel met die wêreld (*missio Dei*) kan die huidige impasse waarin die gemeente verkeer, deurbreek word. Om by die doel van die tesis, naamlik om die identiteit van die VGK Saron en die leierskapsuitdagings waarvoor dit staan, uit te kom, is dit belangrik om in die eerste hoofdeel te fokus op die analisering van die kerk en die wêreld waarin ons woon.

Die tweede hoofdeel neem ons terug na die Woord en die identiteit van die drie-enige God met hoofstuk 6 wat spesifiek die identiteit van die drie-enige God onder woorde bring. Dit vermeld ook die belangrikheid daarvan om na die drie-enige God te luister soos Hy Hom/Haarself openbaar as Vader, Seun en Heilige Gees. Dit bevry ons daarvan om persoonlike intellektuele interpretasies te heg aan wie Hy/Sy werklik is. Die Drie-Eenheidskarakter is in die *missio Dei* vergestalt en so verkry die kerk ook haar beeld, karakter en identiteit van God Drie-Eenheid. Noudat helderheid verkry is oor die identiteit van die drie-enige God as fondament van die identiteit van sy liggaam, word beweeg na die vraag na wie die kerk is. Daar is dus ongetwyfeld ŉ direkte verband tussen die identiteit van die drie-enige God en die identiteit van die kerk as ŉ geloofsgemeenskap. Hierdie verband is duidelik waarneembaar in die *missio Dei,* maar ook in die teologie.

Hierdie hoofstuk wil kortliks antwoorde gee op die vrae wat die *missio Dei* is asook hóé teologie hedendaags gedefinieer word.

7.2 Die *missio Dei*

Die term *missio Dei* is deur Karl Hartenstein in 1934 gemunt as ŉ respons op Karl Barth se *actio Dei*. Hartenstein sien die sending van die kerk se bestaan met sy beperkinge as gegrond in God se sending (Van Sanders 2006:24). Nussbaum

(2005:118) gebruik ŉ aangrypende metafoor om die onlosmaaklikheid van die kerk en gestuurdheid of sending mee te beskryf, naamlik dié van ŉ Siamese tweeling wat by die ruggraat verbind is. Sending is die sentrum van die identiteit van die kerk en dit is so dat beide sterf indien hulle van mekaar geskei word.

Bosch (1991:411) sluit eintlik hierby aan as hy die *missio Dei* wyer beskou as evangelisasie. Dis vir hom primêr ŉ aktiwiteit van God:

> "The *missio Dei* is God's activity, which embraces both the church and the world, and in which the church may be privileged to participate (:391). ...mission is .....an attribute of God (:390). Mission is, primarily and ultimately, the work of the Triune God, Creator, Redeemer, and Sanctifier, for the sake of the world...."(:392).

DuBose (1983:102) in *God Who Sends*, sluit by Bosch aan as hy van die sending sê: ".....it is the very work of God." Dit is nie die kerk wat gestuurdheid skep nie, maar gestuurdheid verleen identiteit en doel aan die kerk (:105). Met hierdie aktiwiteit van gestuurdheid beweeg God na die wêreld en die kerk is in die wonderlik-bevoorregte posisie om hieraan deel te hê deur die wil van God uit te voer (:1). Die kerk kry op dié wyse ŉ identiteit of karakter van gestuurdheid en as die kerk dit nie is nie is dit eintlik verraad teen haarself en haar roeping omdat dit dan van die eintlike wese van God vertrek het (Working Group 2004:41).

Nog ŉ persoon wat God se betrokkenheid in die wêreld in treffende woorde uitdruk, is Bell (2005:77-78). Hy stel dit so:

> "God is right here. It is God's world and God made it and God owns it and God is present everywhere in it....the world is soaked in the presence of God."

Bell dui onomwonde die onbetwisbare posisie wat God teenoor die wêreld inneem, aan. Vroeër het die kerk individualisme en die waarde-sisteem van die Weste verkondig, maar word met die herbesinning van wat die *missio Dei* is, teruggeroep om te wees wat die kerk behoort te wees, naamlik kerk van Christus Jesus te midde van die wêreld (Bosch 1991:6). In die woorde van Nussbaum word die evangelie herformuleer om dit ŉ plaaslike aksent te gee (2005:107).

Na aanleiding van die werkgroep wat *Mission-Shaped Church* opgestel het, het die Anglikaanse Konsulterende Raad gevolg deur die Lambeth Konferensie 5 waardes vir gestuurde gemeentes geïdentifiseer (Working Group 2004:81-82), naamlik:

- fokus is op die drie-enige God
- dis inkarnasionaal
- transformerend
- maak dissipels en
- het verhoudinge

So kan ons die gestuurdheidskarakter van God ervaar as dat dit soos ŉ slagaar deur die Skrif loop. God roep aan die begin vir Abraham met die doel om Sy seëninge deur hom na alle mense in die wêreld in te stuur.

> "God blesses everybody. People who don't believe in God. People who are opposed to God. People who do violent and evil things."(Bell 2005:165).

So stuur Hy vir Moses om die Israeliete te bevry van afhanklikheid en slawerny. Wittenberg gee ŉ eietydse konteks aan dié gebeure as hy in *I Have Heard the Cry of My People* ŉ skets van die Afrika-kunstenaar, Jacob Matsose, as volg interpreteer:

Die skare mense wat na vore tree, gooi hul arms in die lug met ŉ kreet: "Help us All." Volgens hom kan dit die skare van ŉ "township" wees wat protes aanteken teen die daaglikse geweld of mense van ŉ landelike opset met ŉ kreet vir brood te midde van armoede en honger. Met MIV wat hedendaags verwoesting saai, is dit selfs ŉ kreet wat roep om aanvaarding (Wittenberg 1991:1).

Uit: I have heard the Cry of My People: Help Us All.

God stuur Sy Seun in die wêreld sodat Hy die weerlose, die onverskillige, wees en die weduwee, die blindes, die kreupeles, die armes, en die ganse wêreld kan bevry.

> "That's the church. The church doesn't exist for itself; it exists to serve the world. It is not ultimately about the church; it's about all the people God wants to bless through the church," (Bell 2005:165).

Indien die kerk hiervan sig verloor, verloor die kerk sy/haar hart (Bell 2005:165). Dit kan egter ook 'n groter refleksie wees van die wyer kulturele waardes as dit die Goeie Nuus van die Evangelie beeldsend (Dykstra 2005:83).

Soos God Sy Seun, Jesus Christus in die wêreld gestuur het, so stuur Jesus Christus weer Sy dissipels in die wêreld in. So stuur Hy tot vandag toe mense in die wêreld (plekke, dorpe, gemeenskappe, lande) om die uitdagings daarin aan te durf en tekens van die koninkryk van God daarin op te rig. Gestuurdheid is immers die kerk wat in die wêreld gestuur word om lief te hê, te dien, te preek, te leer, te heel en te bevry (Bosch 1991:412). So is die mens deel van 'n allesomvattende ervaring:

> "I'm part of a community, a movement of people who have been living, exploring, discussing, sharing, and experiencing new understandings of Christian faith....a place of joy and freedom, as a member of a community wanting to invite others to come along on the journey" (Bell 2005:14).

En dis in hiérdie ruimte wat die drie-enige God die mens wil herskep tot die oorspronklike skepsel (2005:108) sodat Christene 'n self-kritiese houding openbaar waar hulle andere wat selfs hul vyande genoem word, ontmoet met die bewustheid dat dit juis dit is waarvoor die kerk staan, naamlik om die diepste konflikte in die wêreld te konfronteer met vergewens-transformerende krag wat hervorm tot 'n nuwe gemeenskap met 'n nuwe hoop en 'n nuwe roeping (Bosch 1991:464-465).

God roep die kerk om die evangelie in woord en daad te verkondig as die Goeie Nuus sodat die gemeente as 'n geloofsgemeenskap die plaaslike manifestasie van die kerk in die gemeenskap is (Hendriks 2004:19). Indien die mens as geloofsgemeenskap meer getrou is, sal dit ook meer invloed hê (Dykstra 2005:83).

Die kerk kan meer invloed hê indien 'n noue band tussen die drie-enige God, die *missio Dei*, die kerk en teologie ervaar word. Sending moet egter nie kerk-

gesentreerd wees nie. Dit is *missio Dei,* trinitaries, sending en beteken diens, heling en versoening van ’n verdeelde, verwonde mensdom (Bosch 1991:493-494). So gesien, word die Woord in woord en daad in die wêreld verkondig (Hendriks 2004:19).

Die hele gedagte dat God inisiatief neem, word deur Van Sanders in *Pursuing the Mission of God in Church Planting, The Mission of God and the Local Church,* (2006:24) benadruk:

> "When kept in the context of the Scriptures, *missio Dei* correctly emphasizes that God is the initiater of His mission to redeem through the Church a special people of Himself from all of the peoples (*ta ethne*) of the world. He sent His Son for this purpose and He sends the Church into the world with the message of the gospel for the same purpose."

Die drie-enige God is die God wat uitstuur. Hy stuur Sy Seun en Sy Gees (Joh. 13:20; Joh.17) na die wêreld. En Hy stuur ook sy kerk in die wêreld. Hierdie uitstuur word voorafgegaan deur ’n roeping wat ’n lewe is en ’n leeftyd neem om te volvoer (Burger 2005:80). Uit hierdie roeping (lewe) vloei ’n "…nuwe ontmoeting met God (en) is ’n lewensveranderende ervaring wat ongelooflike energie opwek, (:20)…’n ontmoeting wat tot ’n verhouding ontwikkel "…. waarin ons Hom beter leer ken, vertrou en liefhet." (:83). Dit is in hierdie verhouding wat geloofsgroei plaasvind in die ontdekking van Sy wil vir ons lewe en die doen van daardie wil…"...’n goeie wil, wat ons leer om onsself beter te verstaan en om sinvol met die lewe om te gaan" (:85).

Wanneer hierdie ontmoeting en verhouding, wat eintlik maar ’n herskeppingsproses deur die drie-enige God is, wasdom bereik, is Hy gereed om ons te stuur na daar waar Hy alreeds besig is om te werk. In hierdie gestuurdheid behou God die inisiatief en is die sending Sý sending en nie die kerk se sending nie. In *Transforming Mission* van David J. Bosch (1991:390), vind hierdie gedagte treffend aansluiting:

> "Our mission has not life of its own: only in the hands of the sending God can it truly be called mission. Not least since the missionary initiative comes from God alone…..Mission is thereby seen as a movement from God to the world; the church is viewed as an

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> instrument for that mission. There is church because there is mission, not vice versa. To participate in mission is to participate in the movement of God's love towards people, since God is a fountain of sending love."

Die *missio Dei* beteken dus dat die "missie" van die kerk in die wêreld aan God behoort, dat sending 'n beweging van God na die wêreld is en dat dit nie aan die gemeente behoort nie, maar 'n eienskap van God is en begin nie net by wat God doen nie, maar by wie God is (Marais 2007:32).

7.3 (Praktiese) teologie: wat dit is en hoe dit gedoen word

Alvorens hierdie vraag beantwoord word, is dit belangrik om allereers te noem dat die kerk in die Westerse konteks grootskaalse verwoesting gesaai het. Hierdie verwoesting is selfs vir Saron en sy mense met hul unieke identiteit nie gespaar nie. Nie net is Saron en sy mense se menswaardigheid en leierspotensiaal vermink en versmoor nie, maar die kerk in Westerse konteks self het in die proses sy /haar profetiese krag en ware identiteit verloor. Ammerman in *Studying Congregations* (1998:24) noem tereg dat teologie die identiteit van die gemeente verdiep en terselfdertyd die gemeente help om veranderinge te hanteer. Dit is vandag belangrik dat 'n manier van teologie doen, gevind word wat met die ou orde breek en 'n nuwe teologiese konteks daar stel (Hendriks 2004:20). Dit is inderdaad belangrik dat die drie-enige God as skepper-verlosser-reiniger en doelgedrewe God deel van ons identiteit moet wees. Hy moet in ons teologie en kerk gereflekteer word (:21).

Hendriks (2004:23) gebruik die kruis as illustrasie om te verduidelik hoe teologie gedoen word. Die breë riglyne van Hendriks (24-33) sowel as relevante gedagtes van Ammerman word as voldoende beskou en vervolgens oorsigtelik onder woorde gebring.

7.3.1 Teologie gaan oor God

Anders as in die verlede waar dit gegaan het om 'n teologie wat vanuit hiërargiese strukture beoefen is, het ons nou 'n paradigma-skuif na 'n teologie wat deelnemend-gehoorsaam is in God se missionale praxis (2004:24). Laasgenoemde verwys na 'n "...reflective (prayerful) involvement in this world" (:22). Dit gaan dus ten diepste oor God: hoe om Hom te ken, Sy Wil te onderskei en dit te verstaan. Dit gaan om die besef dat ons geskep is na Sy beeld (Gen. 1:26-28) en dat die kerk Sy Liggaam is (1

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Kor. 12; Ef. 4:11-16). Die Liggaam kan alleen God persoonlik begryp as daar deelgeneem word in die missionale praxis. Vir hierdie deelname is dissipels nodig wat in God se voortgesette sending, praxis en betrokkenheid in ’n wêreld van siektes, armoede, rykdom, magtiges en die ganse heelal deelneem. Ammerman (1998:29) noem formele en informele leierskap asook die gemeente self as die eerste twee belangrike rolspelers in die doen van teologie.

7.3.2 Teologie gaan oor geloofsgemeenskappe

Die uitgangspunt hier is dat persoonlike identiteit asook die identiteit van die gemeente uit God ontspring (Hendriks 2004:26). Ons is na Sy beeld geskep. Dit is dus belangrik dat ons as leierskap, leke-predikers en as ’n geloofsgemeenskap mede-verantwoordelikheid neem vir ’n veilige omgewing om in te woon, veral met betrekking tot ’n vernietigende pandemie soos MIV. Ons almal moet eintlik produseerders van teologie wees en moet bewus wees van die dinamiese verhouding tussen die missionale God en ’n responsiewe gemeenskap (:26).

> "Any theology of the church must ultimately be rooted in the being and acts of God: the church is first and formost the people of God, brought into being by God, bound to God, for the glory of God.” (Working Group 2004:84).

Dus is die onderskeiding van die wil van God vir leiding nodig vir die hersiening van die rol en praktyk van die kerk in ’n nuwe kontekstuele opset.

7.3.3 Teologie gaan oor ’n spesifieke tyd en plek

Teologie het ’n kontekstuele aard. Daarom soek ons geloof in elke nuwe situasie om te begryp wat God van ons vereis. Die Christendom moet daarom die konteks wat mense se lewens vorm, ernstig opneem indien dit die hart en gedagtes van gelowiges wil verower (Hendriks 2004:27). Die plaaslike asook nasionale uitdagings op ’n spesifieke plek en tyd moet dus mee rekening gehou word vanweë die feit dat globale realiteite die plaaslike konteks beïnvloed. Die primêre bron moet die eerste outeur, naamlik God wees. Dit is immers Hy wat deur gedagtes en konteks-spesifieke handelinge en wêreldsieninge van menslike outeurs met mense in ’n spesifieke tyd, plek en doel kommunikeer (Shaw en Van Engen 2003:80).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

7.3.4 Teologie gaan oor interpretasie

‘n Gemeente kan maklik kontak met die lede verloor indien die teologie wat dit bedryf steeds van bo afgeforseer word. Die ideaal bly maar ’n teologie wat van onder af (waar lidmate self daaraan deel het) gedoen word. Dit verseker in elk geval dat lidmate daarby betrokke is met hul ervaringe, vrae, insette en uitdagings en om hierdie rede nie ’n afstand tussen hulle en die teologie sal ervaar nie. ’n Spesifieke tyd en plek is ter sprake waar geloofsgemeenskappe geroep word om binne die grense van hul wêreld te getuig.

7.3.5 Teologie gaan oor skrif en tradisie

Die Skrif speel ’n belangrike rol in die onderskeidingsproses van die geloofsgemeenskap, veral met betrekking tot vrae wat na vore tree of nuwe realiteite wat vra na etiese besluite. Dit is veral die Afrika-teologie wat die vaardigheid moet hê om die Christelike geloofstradisie voortdurend te vertolk in die lig van die heersende realiteite en dan te onderskei wat God daarvan verwag (Hendriks 200:29).

7.3.6 Teologie gaan oor onderskeiding

Onderskeiding is ’n proses waarin die geloofsgemeenskap op die inisiatief van die Heilige Gees steun om die geloofsgemeenskap te lei om God se wil te onderskei om sodoende deel te neem aan God se missionale praxis (Hendriks 2004:30). Dit bring ons weer in die sentrum van alles, naamlik die drie-enige God. Hy is die een wat inisiatief neem en die geloofsgemeenskap neem deel aan hierdie voortgaande drama (:31). Om te onderskei, is om te weet wat God van ons verwag..."...reading the present moment, seeking to understand the significance and meaning of various elements..."(Shaw en Van Engen 2003:72). Dit gaan om lofprysing en deelname in die sakramente nadat ’n geloofsgemeenskap verstaan wat God se Wil is. Die liturgie as geheel onderneem om te help om die fokus op God fyn ingestel te hou.

7.3.7 Teologie gaan oor die koninkryk

"Laat U Koninkryk kom!" is ’n oproep tot missionale praxis in geloofsgemeenskappe. God se missionale praxis word alreeds in die teenwoordige en die eskatologiese Koninkryk van God gereflekteer. Die *basileia* (Koninkryk) word sigbaar (vlees en bloed) in Jesus Christus. Die manier hoe geloofsgemeenskappe met liefde en sorg in hul konteks betrokke is, word alreeds ’n teken van Sy koninkryk hier op aarde. Die grootste uitdaging vir die geloofsgemeenskap word terselfdertyd ook die grootste geleentheid naamlik om ’n teken van Sy koninkryk sigbaar te maak. Verder sal die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

kerk doen wat die sending van God ondersteun as die kerk by ŉ punt kom dat dit weet wat God in die wêreld doen (Shaw en Van Engen 2003:73).

7.3.8 Teologie gaan oor transformerende aksie

ŉ Missionale praxis teologie fokus op uitdagings en realiteite van die breë gemeenskap asook die geloofsgemeenskap. In hierdie proses is die geloofsgemeenskap in geloofsonderskeiding betrokke, maar die drie-enige God neem die inisiatief en bring veranderinge teweeg. Hendriks onderskei vyf vlakke van doen waar ŉ hermeneutiese korrelasionele manier van teologie tot uitdrukking behoort te kom

(a) **Persoonlik**: Persone word geroep tot dissipelskap van Jesus Christus.

(b) **Die kerk**: Die geloofsgemeenskap is die Liggaam van Christus, ŉ missionale kerk wat handel in lofprysing, getuienis, hulp, diens, gemeenskap en beplanning.

(c) **Die publieke lewe:** Die kerk moet die gemeenskap konfronteer en beïnvloed.

(d) **Wetenskaplik:** Deelname deur die kerk in die intellektuele wêreld is van wesenlike belang. Teologie moet inter-dissiplinêr wees.

(e) **Ekologies:** As die Liggaam van Christus, moet die kerk altyd die nederige bewaarder van die skepping bly.

Die betrokkenheid van die (praktiese) teologie op elk van dié vlakke bevestig dat die publieke getuienis van christene, veral die lidmate van die VGK Saron, in hul daaglikse lewens- en werksomstandighede van die belangrikste maniere is om God se sending te laat realiseer. Die oorsteek van bepaalde grense en die konfrontering van die daarmee gepaardgaande probleme en uitdagings in tye van transisie, is uiters relevant en essensieel.

7.4 Samevatting

In dié hoofstuk is klem gelê op die verband tussen die drie-enige God en die Kerk as ŉ geloofsgemeenskap. Die twee fokusareas wat dié verband lê, is die *missio De*i en teologie. Die *missio Dei* bring die sturende aard van die drie-enige God sterk na vore. God stuur Sy Seun,die Vader en die Seun stuur die Gees en die Gees stuur Sy kerk.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dit dui ook aan hoe die drie-enige God met hierdie aktiwiteit van gestuurdheid na die wêreld beweeg en hoe die kerk die wonderlike voorreg het om daaraan deel te hê deur die Wil van God binne die konteks waar dit kerk is, uit te leef.

Die identiteit van die kerk word gebou op die identiteit van die drie-enige God. Laasgenoemde is dus die fondament, die basis, die bron en die kerk groei of ontwikkel hier uit. Die drie-enige God stuur nou hierdie kerk na die wêreld. Daarom is die *missio Dei* ŉ aktiwiteit van God waaraan die kerk onlosmaaklik verbind is. Hierdie aktiwiteit omhels kerk en wêreld en is primêr die werk van die drie-enige God. En dit is in hierdie aktiwiteit wat die VGK Saron bevoorreg is om deel aan te hê. Daarom is dit van wesenlike belang dat die gemeente herontdek wie hulle is, wat hulle gawes en opdrag van die drie-enige God is.

Die VGK Saron en die leierskap is tydens die eerwaarde tyd deur ŉ proses van institusionalisering gekondisioneer tot individualisme asook die miskenning van gawes en leierspotensiaal. Nou kry hulle geleentheid om hul werklike identiteit in die drie-enige God te herontdek. Op dié manier kan die gemeente in die veranderende wêreld ingestuur word om lief te hê, te dien, te preek, te leer, te heel en te bevry. Die uitstuur of sending van die gemeente word nou diens, heling en versoening van ŉ verdeelde en verwonde mensdom. So word daar gebreek met ŉ ou orde en ŉ teologie wat van bo gedoen is. In die plek hiervan kom ŉ teologie met ŉ nuwe konteks – ŉ teologie wat deelnemend-gehoorsaam aan God is. Dit is weg van die eertydse manier van teologie doen (ŉ ' "obediently analysing and systematising" [of] our faith tradition' (Hendriks 2004:24) het verval. Dit word vervang met ŉ ' "participate obediently" in God's missional praxis' (:24). Met laasgenoemde word die drie-enige God geken en ervaar deur Sy wil en leiding te onderskei vir die manier hoe ons moet lewe en getuie moet wees.

Dit gaan om die drie-enige God en geloofsgemeenskappe wat uit God ontspring. Vanweë hul mede-eienaarskap neem hulle verantwoordelikheid vir die evangelie van Jesus Christus sodat ŉ veilige leefwêreld vir Sy kinders gevestig kan word. In dié konteks bly lidmate betrokke met hul ervarings, vrae, insette en uitdagings. Die uitdagings waarvoor die VGK Saron en die leierskap spesifiek te staan kom, word nou nuwe geleenthede vir die kerk, sy lidmate en die leierskap. Hulle kan teruggaan

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

na die Woord en na die drie-enige God om voortdurend Sy wil in ʼn veranderende wêreld te onderskei.

Na aanleiding van die voorafgaande is daar geen twyfel nie dat daar ʼn nou verband tussen die kerk as ʼn geloofsgemeenskap en die drie-enige God is. Dit is belangrik veral vir die VGK Saron om hierdie verband te beskerm sodat die gemeente uit ʼn posisie van instandhouding, individualisme en institutêre Gods- en kerkbegrip kan ontsnap om deel te neem aan die *missio Dei* en te ervaar hoe die drie-enige God die gemeente uitstuur na daar waar Hy alreeds betrokke is.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 8

8. Die verband tussen die drie-enige God en die koninkryk as missionale konteks

8.1 Inleidende opmerkings

In die soeke na die verband tussen die drie-enige God en die koninkryk, bly die vraag, hipotese en doel van die navorsing van wesenlike belang. Die navorsingsvraag, "wat is die VGK Saron se identiteit en die leierskapsuitdagings," soek na ’n spesifieke antwoord. Indien die gemeente en sy leierskap in hierdie soeke kan ontdek dat ’n geloofsgemeenskap se identiteit ten diepste geanker is in die drie-enige God en dat sy bestaansdoel geformuleer word deur God se doel met die wêreld (die *missio Dei*), kan die huidige impasse waarin die gemeente verkeer, deurbreek word.

Dit is belangrik om by die doel van hierdie studie uit te kom, naamlik om die identiteit en die leierskap uitdagings van die plaaslike VGK te identifiseer. Die situasie in die gemeente is tans van so ’n aard dat die leierskap nie mede-verantwoordelikheid vir die probleme en die uitdagings van die gemeente aanvaar nie. Daar word verwag dat die leraar die "werk" moet doen en die oplossings op gemeenskapsprobleme moet verskaf.

Die volgende vrae is van kardinale belang en bied motivering vir die studie: Wat is die gemeenskap se probleme? Hoekom staan die leraar so sentraal in alles? Waarom is dit so moeilik om plaaslike leierskap te ontwikkel wat eienaarskap neem van die evangelie en die uitdagings van die gemeenskap? Die navorsing wil dus by ’n punt uitkom waar dit die identiteit van die gemeente kan beskryf, die leierskapsuitdagings duidelik formuleer en antwoorde verstrek aan die voorafgaande vrae.

In hoofstuk 7 is gefokus op die verband tussen die drie-enige God en die kerk as ’n geloofsgemeenskap. Daar is veral oorsigtelik gekyk na die *missio Dei* asook wat teologie is en hoe dit bedryf word. Die VGK Saron as geheel het die verantwoordelikheid om aan te sluit by hierdie aktiwiteit wat uitsluitlik ’n aktiwiteit van God is en waar die gemeente die voorreg het om deel aan te hê.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In hierdie hoofstuk word nou gefokus op die verband wat daar is tussen die drie-enige God en die Koninkryk as missionale konteks. Samuel en Sugden (1999:12) se woorde ten opsigte van die koninkryk is betekenisvol:

> "Around the world, in many different places and traditions, the theme of the Kingdom has become central in a new way in our time. It has inspired charismatics, pentecostals, evangelical social activists, ecumenical leaders, and people devoted to world evangelisation.....Unfortunately, many Christians have yet to discover the full importance of Jesus' good news of the Kingdom"

Terwyl daar aan die eenkant nuut gedink word oor die Koninkryk, is daar aan die anderkant die realiteit dat die kerk gefaal het om te preek en te demonstreer dat die Evangelie van Jesus Christus altyd Goeie Nuus vir die arme insluit (1999:12). Dit is belangrik vir die VGK Saron om te midde van 'n snelveranderende wêreld nuut te besin oor hierdie Goeie Nuus en die verband waartoe dit met die Koninkryk as missionale konteks staan. Een van die maniere om dit te doen, is deur voortdurend kritieke vrae te stel soos dié deur Kilinski en Wofford (1973:13):

> "Can the church survive in the midst of the changes of the twentieth century? Is the local church relevant to the human needs in today's society? Or is the church merely the limb of a dying culture"

Vrae soos hierdie toets voortdurend die verhouding waartoe die kerk as 'n geloofsgemeenskap met betrekking tot die drie-enige God en sy missionale koninkryk staan. Dit is gevolglik belangrik om die uitdrukking *basileia tou Theou* beter te begryp.

8.2 Basileia tou Theou:

Bosch (1991:31) stel dit dat die basileia tou Theou ongetwyfeld sentraal staan tot Jesus Christus se bediening in geheel. Een van die belangrikste aspekte ten opsigte van Sy prediking aangaande God se Koninkryk is dat dit in die toekoms, maar ook alreeds in die teenwoordige tyd is. Kenmerkend van Sy prediking is dat die Koninkryk van God naby gekom het (Mk. 1:15 en Matt. 4:17). Daar is 'n natuurlike spanning tussen die hede en die toekoms van die Koninkryk.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die kommentaar wat Livingstone (1989:338-343) in A Missiology of the Road, op die vier verstaanswyses of modelle wat Bosch aanbied ten opsigte van die rol van die Koninkryksmotief, is betekenisvol en kom vervolgens aan die orde:

(a) Model Een identifiseer die Koninkryk met die sigbare Kerk en is die tradisionele gesigspunt van pre-Vatikaan II Rooms Katolisisme, Anglikanisme en ander Protestantse denominasies. Die fokus is sterk op die institusionele karakter van die Kerk, sy eenheid en sigbaarheid. Die toekomsgerigte kom egter nie tot sy reg nie.

(b) Model Twee sien die Koninkryk as onsigbaar maar aanwesig in die harte van ware gelowiges, weg van die institusionele kerk. Dit is ŉ siening wat ontwikkel het uit die Piëtistiese hernuwingsbeweging in die Protestantisme vir wie die Koninkryk ŉ meer inwaartse as uitwaartse realiteit was. Die "ware kerk" was die *ecclesiola ecclesiae*, die klein outentieke kerk binne die groter institusionele kerk. Terwyl die eskatologiese koninkryk van die toekoms ŉ glorieryke realiteit was, is die teenswoordige dimensie geprivatiseer – dit was ŉ individuele inwaartse en onsigbare ervaring wat die gelowige met sy / haar God gehad het.

(c) Model Drie is teenoorgesteld van die Piëtistiese siening en bevestig dat God aktief betrokke is nie net in die harte en siele (Model 2) of in die Kerk (Model 1) maar ook in die wye wêreld. Die doel van sending in hierdie model was meer humanitêr as evangelies. In ander woorde, mense is gehelp om in die voordele van die "beter wêreld" te deel eerder as om Christus te bely en die aansluiting by die Kerk te vind.

(d) Model Vier maak van die Koninkryk ŉ uitsluitlike toekomsgerigte realiteit. Dit het ontwikkel uit adventiste kringe in die neëntiende eeu as ŉ reaksie tot die evolusionêre model 3. Hierdie model (Model 4) degradeer die kerk tot ŉ "waiting room" ewige, ander wêreldse koninkryk.

Volgens Livingstone, wys Bosch al vier modelle af, maar erken dat in elkeen ŉ element van waarheid steek. Dit is daarom belangrik om al vier modelle asook die kreatiewe spanning tussen die modelle te gebruik. Dit is in hierdie sending dinamika of teologie van die sending dat die Koninkryk van God ŉ prominente aspek geword het. Livingstone (1989:345) haal Jerald Gort van die Vrye Universiteit in Amsterdam

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

as verteenwoordiger van die Gereformeerde siening van die Koninkryk betekenisvol aan:

> "Briefly put, the New Testament concept of the gospel of the kingdom is understood as God's announcement of total human salvation through the re-establishment of his liberating rule on the earth. This kingdom gospel has, in the reformed view, direct application to every single aspect of human life and living: religious, cultural, social, economic, and political. It applies to individual persons but also to the micro- and macro-structures created by people to organize their life in the world; it applies to the inner but also to the outer life of human beings. Its concern is with the relief not only of the spiritual but also of the physical burdens of men, women, and children. It has to do with the forgiveness of sins but also with the sanctification of life, with the restoration of the relationship between God and human, but also with the setting right of relations between individuals, between people and the surrounding natural world, between the sexes and generations, the nations and the races."

Hiervolgens is almal van alle sfere onder die Heerskappy van God die Skepper en Verlosser. Die drie-enige God is die sentrale bron en agent van die Koninkryk en terselfdertyd die hoofbron en agent van die sending.

8.3 Die koninkryk en konteks

Die kerk word opnuut opgeroep om nuut te dink oor kerkwees en betrokke wees in die konteks waar dit kerk is. Dit is in dié konteks waar sigbare tekens van die koninkryk opgerig moet word. Die christelike sending, aan die een kant, is deelname in die sending van die Triniteit, terwyl dit aan die ander kant die lewe van die meeste lidmate, naamlik die armes, deel (Bevans en Schroeder 2004:349). Hierdie dialoog waarby die armes ingesluit is, is profeties (:349) en deernisvol, maar nie eksklusief nie.

Daarom moet daar gewaak word teen 'n evangeliese uitreik na armes, 'n "...mission to the poor..." (Simon 2004:286). Indien dít die geval is, word die arme gereduseer tot ontvangers van gemeentelike bedieninge en sending (:287). Daar moet eerder in die rigting gedink word om in plaas van vir die mense en vir die armes iets te doen na 'n

metodologie van saam met die mense en saam met die armes vanuit die perspektief van die arme iets te doen (:288).

Soos reeds in hoofstuk 7 aangedui, word die konkrete manier hoe die geloofsgemeenskap by sy konteks betrokke is aanduiding van die oprigting van "*tekens en voorsmaak van die koninkryk".* Die begin-vrae in die Bybel wat deur Kritzinger (2007:1) ge-eggo word, naamlik, *"Where are you?"* en "*Where is your brother?"* is vrae wat juis na betrokkenheid en verhoudings vra.

Daar moet groter waardering wees vir die konteks en die effektiewe uitdra van die evangelie daarin (Shaw en Van Engen:130). Die konteks is immers die ruimte of omgewing waar die tekens van die koninkryk opgerig word. Dit is belangrik dat die kerk bewus sal bly dat dit net ten dele ’n uitdrukking van die heerskappy van God is (Barret 2004:128).

Tradisionele ortodokse en koloniale sending het verkeerdelik onder die indruk verkeer dat hulle onder meer die antwoord op die vraag, *Who do you say I am?* geken het en dit op grond hiervan, na die res van die wêreld kon deurvoer (Kritzinger 2007:1). Die unieke identiteit en kultuur van spesifieke kontekste is geïgnoreer. Daarenteen is ’n sosiale orde gesanksioneer wat ongeregtigheid gehuisves het waar die Evangelie-boodskap óf nie gehoor óf nie vertrou kon word nie (Hendriks 2004:20).

Verskil in konteks gee aanleiding tot verskillende kultuurgroepe: “Kinship, Peasant, Industrial, and Post-Industrial” (Shaw & Van Engen 2003:131). Koloniale regerings het egter nie hiermee rekening gehou nie vanweë ’n tradisie, metodologie en eksklusiewe spiritualiteit van "bekering van siele" (Simon 2004:286). Dit was eenvoudig konteks en kultuur onsensitief.

Dit word diep betreur, omdat ’n kulturele bewustheid waardering skep vir die manier waarop mense leef (Shaw & Van Engen:131). Dit help ook om dieper in die christelike geloof geanker te word, meer vertrouend en nederig te word en meer respekvol interaksie met ander te hê (Kritzinger 2007:2). Hierdie "andere" sluit veral die stemloses soos kindertjies (:3) en kwesbares in. Dit is na hulle waarheen die drie-enige God die kerk stuur (2007:5). "Only together is there salvation and

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

survival," bevestig Bosch (1991:362) Kritzinger se siening en wys terselfdertyd individualisme af.

Die belangrikheid van ’n dinamiese trinitariese metode wat na aksie lei en inherent missiologies is, kan nie genoegsaam beklemtoon word nie (Kritzinger 2007:3). Daarmee word by verre nie bedoel ’n missiologie wat mense se wêreld op die kop omkeer nie (:7). Tog moet gewaak word teen nuwe vorme van vreemdelingskap wat geskep word in die regstel van ’n hermeneutiek wat agterstand, verdeeldheid en vervreemding aan die hand gewerk het. ’n Nuwe hermeunetiek hou in gedagte dat diegene wat sosio-religieus verarm is, tog ’n (inherente) rykdom van kulturele en religieuse bronne besit wat ewe belangrik in die uitwissing van onder andere armoede is (Simon 2004:280). Die feit dat mense sosio-religieus verarm, beteken nie dat hulle sonder getuienis is nie.

8.4 Getuienis en verkondiging

Getuienis, onder andere, moet altyd in sy mees basiese vorm verstaan word. Gelowiges moet hul geloof leef (Bevans en Schroeder 2004:353). Geloof word egter ook korporatief deur individuele geloofsgemeenskappe uitgedra. Die kerk is meer as ’n plaaslike gemeenskap. Die katolieke aard daarvan dui op ’n universele dimensie. (354,355). Ten opsigte van die getuienisinhoud en -lewering is dit belangrik dat "..witness never imposes the Christian message; people are attracted to it and will perhaps ask questions about it, " (:356). Van hierdie vrae kan betrekking hê op die verkondigingselement. Verkondiging is die kommunikasievan die evangelie oor Jesus Christus (:357). Hierdie kommunikasie vind nie in isolasie plaas nie, omdat die kerk nie vir sigself bestaan nie. Inteendeel, die kerk is deur Jesus Christus gevestig om as ’n getuie te dien van die Koninkryk (Samuel en Sugden 1999:19).’n Christelike gemeenskap wat in kontak met ’n ander godsdiens of konteks leef, daarvoor oop is, van dit leer en in ’n sekere sin daardeur ge-evangeliseer word, word ’n ongelooflike getuie (Bevan & Schroeder 2004:356).

Met ’n groter fokus op die verkondigings-aspek kan ’n geloofsgemeenskap of die gemeente ’n verskil in die gemeenskap maak. Die kontak met ander kontekste (Bevans &Schroeder 2004:356) is ’n uitdaging om grense oor te steek en ’n besondere geleentheid tot getuienislewering.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Kerkwees is egter nie net getalle en geboue of infrastruktuur nie. Dit gaan ook om mense wat op ʼn organiese wyse met mekaar verbind is. Dit gaan om ʼn Christologiese praxis wat inherent missiologies is (Kritzinger 2007:3). Na Kritzinger se verstaan, verwys hierdie Christologiese praxis na dit wat die kerk kollektief, transformerend, geïntegreerd doen nadat dit deur die drie-enige God geroep en gestuur is (Barret 2004:136).

Die vraag wat Nussbaum (2005:114) van Bosch eggo, naamlik, "what does your theology and your idea of mission do with the millions of people who seem satisfied to belong to a church but do not appear to be transformed by any personal commitment to Christ?" is nie alleen ʼn kritieke een nie – dit is ook ʼn uitdagende een. Dit rig opnuut ʼn appêl tot die kerk om by die koninkryk van God betrokke te raak.

8.5 Die drie-enige sturende God en die geloofsgemeenskap

In die voorafgaande (7.3 – 7.3.2. en 7.11) was dit duidelik dat die drie-enige God Hom openbaar as die sturende God. Wanneer die kerk as geloofsgemeenskap deel word van hierdie gestuurde proses, sluit dit aan waar God alreeds besig is om te werk. En die drie-enige God werk in die wêreld waar die kerk as geloofsgemeenskap die wonderlike voorreg het om sigbare tekens van die Koninkryk op te rig.

8.6 Koninkryksgerigte aktiwiteite in die plaaslike geloofsgemeenskap

Op plaaslike vlak is dit die VGK Saron wat die voorreg het om deel te hê aan die oprigting van sigbare tekens van die Koninkryk. Vroeër is daar op die eerwaarde en die kerk en die reëls gefokus dat die missionale identiteit van die gemeente heeltemal in die slag gebly het. Die heersers van die land se "legitimizing identity formation" het vir die mense vertel dat hulle géén nut hoegenaamd het nie. In die proses is leierskap nooit in navolging van Jesus Christus ontwikkel nie. Alles het van die eerwaarde en sy opvolgers uitgegaan. Nou is ons skielik in ʼn nuwe wêreld waar inligting oral beskikbaar is en skielik is die eerwaarde en die instituut se rolle aan die degradeer of verwater.

Die letsels wat die vorige stelsel gelaat het, is egter steeds duidelik sigbaar. Alhoewel die gemeente al ʼn ent gevorder het om die eerwaarde-kleed afgeskud te kry, slaag die gemeente en die leierskap steeds nie daarin om in ʼn veranderende wêreld missionale eienaarskap van die evangelie te neem nie.

Nussbaum (2005:117) onderskei vier modelle: (i) die sending en kerk as aparte konsepte, (ii) sending as afsonderlike afdeling van die kerk, (iii) sending as ’n gekompartementaliseerde eenheid van die kerk en (iv) sending wat van die drie-enige God kom en die kerk uitstuur om betrokke te raak waar God reeds betrokke is. Dit is hierdie laaste model wat oral (ook in die VGK Saron) nuwe inspirasie en energie in die kerk losmaak.

Livingstone (1989:315) haal Bosch se definisie van die sending aan as die taak wat God aan die kerk gegee het om die wêreld te red. Daarom gaan dit nie om wat die gemeente vir die mense doen nie, maar wel om wat God bereik deurdat Hy lidmate uitstuur en die middele beskikbaar maak om betrokke te raak waar Hy betrokke is. Sending behoort immers aan God (:320). God is soos ’n sorgsame en soekend ouer of vriend wat aan ons spasie bied om verantwoordelike, verantwoordbare mense te wees (Kritzinger 2007:1).

Die VGK Saron het in 2007 by die Suid-Afrikaanse Vennootskap vir Gestuurde Gemeentes aangesluit asook by BADISA. Die VGK Saron vertrou dat dit hul missionale identiteit sal help ontwikkel. Die aktiwiteite waarby die gemeente betrokke is, wat nou omskryf word, sal hopelik al hoe meer binne ’n missionale en koninkryksgerigte perspektief ontplooi.

8.6.1 Aktiwiteite

Die Tuisversorgingseenheid met ’n spesialisverpleegster , administratiewe beampte asook 15 versorgers bedien tans meer as 100 kategorie 1 – 3 persone in Saron, Gouda en omliggende plase waarvan sommige MIV positief en sommige TB-pasiënte is. Dit is egter op die gebied van MIV dat daar ten spyte van bewusmaking, toenemend aanmeldings kom. Isaac N. Luginaah (2005) in *From mandatory to voluntary testing* meen dat bewusmaking van MIV nie seksuele besluitneming beïnvloed nie en dat gedragsverandering in dié opsig beperk is. Dit behoort egter nie die kerk te laat tou opgooi nie, maar eerder motiveer om die roeping en gestuurdheid van God in hierdie opsig dringender as ooit te ervaar.

Die Dienssentrum vir Ouer Persone bedien tans 85 persone. Die persone sou andersinds aan huis in die pad van kinders en kleinkinders wees, maar word nou vir ongeveer 7 uur van die dag blootgestel aan gasvryheid, warmte, liefde, omgee en rustigheid.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die Oog-Op-Die-Kind-projek het kindertjies wat verwaarloos en mishandel word in die oog. Vrywilligers dra God se sorg aan hulle oor.

Die Educare-sentrum huisves 160 kindertjies uit die mindergegoede deel van die gemeenskap. Deur hierdie kindertjies in ’n sentrum te huisves, onderrig te bied en holisties na om te sien, word aan die ouers ’n geleentheid gebied om te werk ten einde na die onmiddellike behoeftes van die gesin te kan voorsien. Dit is ten diepste God se manier om Sy versorging te vergestalt.

’n Vaardigheidsopleidings-projek is spesiaal vir vroue wat bepaalde vaardighede soos stene maak, bou, verf en instandhoudingswerkwil aanleer. Dis werklik aangrypend hoe hierdie vroue, meestal enkel ouers, byna uit een mond ’n gesindheid het van: "God voorsien!"

Alhoewel die aktiwiteite van die VGK Saron deur die Saron Gemeenskapsdiens missionaal van aard is, is die verhouding tussen die lidmate en die leierskap van die gemeente teenoor genoemde aktiwiteite dié van die tradisionele sending- ’n opdrag wat oor ’n afstand verrig word. Die response op die gemeentelike vraelys dui aan dat slegs 1% van die respondente by dienswerk betrokke is.

Die volgende illustrasie kom uit notas van Hendriks (2008) en is deur die navorser aangepas is.Dit verduidelik die siening van die Westerse wêreld teenoor ’n missionale gemeentelike perspektief. Hierdie skuif moet nog in die VGK Saron deurwerk.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



’n Missionale gemeente het ’n ander wêreldbeskouing:

Die Koninkryk

8.7 Samevatting

Hierdie hoofstuk het ten doel gehad om die verband tussen die drie-enige God en die Koninkryk as missionale konteks bloot te lê. Die uitdrukking *basileia tou Theou,* die Koninkryk en konteksasookgetuienis en verkondiging tesame met die *missio Dei* is beskryf.

Die onlosmaaklike verbintenis tussen gestuurdheid en koninkryk bring outomaties die wêreld waarheen gestuur word asook die Koninkryk wat deur God se liefde in die wêreld sigbaar word, ter sprake. Dit is te begryp dat Leslie Newbegin praat van "first fruit" en "foretaste" van die koninkryk (Livingston 1989:350) met die kerk wat vertrou moet word om as getuie in God se wêreld te dien (:349).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tog is die kerk ook geroep om aktiewe instrument van die Koninkryk te wees en om tekens daarvan op te rig (:350). Die kerk word eintlik uitgestoot in die wêreld (:352) waar die nood van mense is.

Die VGK Saron word weg van haarself na hierdie wêreld (die onmiddellike konteks) uitgestuur om as geloofsgemeenskap tekens as voorsmaak van God se Koninkryk in Saron op te rig. Ons vertrou die proses het begin gebeur en dat bestaande aksies al hoe meer in hierdie lig gesien sal word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

AFDELING drie

Hoofstuk 9

9. Die identiteit van die leierskap van die gemeente

9.1 Inleiding

Die kernvraag na die verband tussen die VGK Saron se identiteit en die leierskapuitdagings waarvoor dit staan, is van wesenlike belang. Hiermee saam ook die hipotese wat lui: Indien die gemeente en sy leierskap kan ontdek dat ŉ geloofsgemeenskap se identiteit ten diepste geanker is in die drie-enige God en dat sy bestaansdoel geformuleer word deur God se doel met die wêreld (*missio Dei*) kan die huidige impasse waarin die gemeente verkeer, deurbreek word.

Die eerste hoofdeel van die studie fokus op die analisering van die kerk en die wêreld waarin ons woon, terwyl die tweede hoofdeel ons terug na die Woord en na die identiteit van die drie-enige God neem. Die derde hoofdeel fokus op die identiteit van die leierskap. Dit alles help om die doel van die tesis, naamlik om die identiteit van die VGK Saron en die leierskap uitdagings waarvoor dit staan, te bereik.

Soos vroeër genoem, het die eerwaarde tyd en sy opvolgers die gawes en talente asook die leierspotensiaal van die gemeente en die leierskap versmoor. Hulle is as tweedehands gesien. Daar was geen poging om die leierskap na die voorbeeld van Jesus Christus te ontwikkel nie. Die gemeentelike kultuur het die geestelike leierskap doodgemaak en alles van die eerwaarde en die opvolgers verwag. Vandag is daar steeds die verwagting dat die leraar alles moet doen of ten minste by alles betrokke moet wees.

Daarom is dit van wesenlike belang dat teruggegaan word na die Woord en na God self sodat ŉ nuwe leierskap te midde van ŉ veranderende wêreld gebore word. Die navorser fokus op ŉ beskrywing van die bestaande leierskappatrone in die VGK Saron sodat dit gekonstrateer kan word met die soort leierskap wat die drie-enige God vir die gemeente verkies.

Die wêreld het drasties verander. Die eerwaarde se ysterhand op en oor die gemeente het al ligter geword en uiteindelik heeltemal verdwyn. Die patriargale

stelsel het in duie gestort en die vyf kilometer reikwydte van die kerkklok is vervang deur die selfoon met sy wêreldwye reikwydte.

9.2 Bestaande leierskapspatrone

Arnold Smit (Buchanan& Hendriks 1995:33-42) onderskei in *Outdated Leadership Patterns*, twee belangrike leierskapspatrone wat vandag nog in die kerk is, naamlik die alwetende pastor en die self-bestendigende kerkraad.

9.2.1 Die alwetende "key player" pastor

Sterk leierskap met sterk mentorspotensiaal is onmisbaar in die gemeentelike opset, maar dit bly gevaarlik indien die leraar die enigste "expert" en "key player" in die gemeente kom word. Osmer (2008: 182) in *Practical Theology, An Introduction*, noem dit ʼn "wagon-wheel" patroon van leierskap met die leraar wat in die sentrum van besluitneming staan. Roxburgh (2005:158) praat van *solo pastora*.

In ʼn gemeente soos die VGK Saron is dit maklik om in die historiese gleuf terug te val. Indien die Leraar bepaalde bestuursvaardighede het, word dit selfs makliker om in só ʼn posisie te beland. Daar is egter ʼn verskil tussen ʼn leier en ʼn bestuurder: *"Management is efficiency climbing the ladder of success; leadership determines whether the ladder is leaning against the right wall"* (Buchanan & Hendriks 1995:82). Dit bevestig dat die leier altyd ʼn helikopter-posisie inneem sodat hy/sy die regte rigting kan aandui. Wat egter gevaarlik is, is wanneer die leier nie bewus is van vaardige en bekwame rolspelers in sy midde nie. Van die redes hiervoor kan ʼn vrees vir identiteitsverlies wees. Tweedens kan die versoeking van mag en derdens die leierskapserfenis van ons land hom verlei. Elk van dié drie dra negatief by tot die pastor se "expert"- en "key player" –posisie.

9.2.1.1 Die self-bestendigende kerkraad

In hierdie patroon word voorkeure, style en houdings van een termyn na die ander oorgedra. Dit gebeur as leierskap visie verloor. Die fokus skuif na instandhouding van die infrastruktuur van die gemeente en die beskerming van die status quo. Dit is van kardinale belang dat die leierskap van ʼn gemeente bevry word van hierdie patrone omdat dit nie die Koninkryk van God in die wêreld dien nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

9.3 Definisies van leierskap

Om ʼn beter begrip te kry van die huidige leierskap asook die wat die drie-enige God wil laat ontwikkel, word etlike definisies bespreek. Daar word na vier gekyk.

In sy boek, *Outgrowing the Ingrown Church,* maak Miller (1986:15) gebruik van die metafoor van ʼn atleet wat die pas in ʼn wedloop aangee. Hiermee toon hy aan dat die leier ander in beweging bring en die voorbeeld stel in die geloofslewe asook iemand wat alles in die stryd werp vir die saak. Die leiers is diegene wat deur God gebruik word om die hindernisse wat gemeentes terwille van hul eie sekuriteit en gerief rondom hulle oprig, te oorkom en af te breek (:15).

Vir Mead (1994:62) in, *Transforming Congregations for the Future,* staan die aspek van diens (voete-was en nie heers nie) in die gesindheid van kindertjies voor op as hy sê: "...it is.. this image of the servant as leader that we bring as a gift to our world and as a vocation for ourselves." Hy lig voorts ʼn belangrike aspek met betrekking tot hedendaagse leierskap uit: "In our time the shape of servant leadership seems to call less for great crusades of masses of people than the committed actions of disciples one by one" (:62). Die konteks van hierdie dissipelskap is een van uit te gaan na plekke van seerkry, om heling daarin te bewerk en oral waar slegte nuus is die Goeie Nuus verkondig (:62).

Die gedagte van diens word op ʼn besondere wyse deur Adair (2004:3) in *Creative Church Leadership* gebruik as Pascal se onderskeid tussen twee soorte diensknegte genoem word. Daar is diegene met flitsligte wat die weg aandui en diegene wat agterna kom met die bagasie en die stukkies optel (:3); diegene wat lei, maar ook diegene wat volg (:33). Hierdie perspektief op leierskap, plaas die fokus op gedeelde verantwoordelikheid tussen die wat volg en die wat lei. In die gemeentelike konteks veronderstel dit lidmaat en kerkleierskap. Indien beide ewewigtig in diens van die Meester staan en daar gemeenskaplike sorg vir die liggaam is, word tweedrag ge-elimineer omdat ʼn geskeurde orgaan die totale liggaam vernietig (Dale 1998:51).

Na aanleiding van bogenoemde definisies moet leierskap die pas aangee en saam met lidmate in diens van die Koninkryk staan en ʼn karakter van diens hê.

Osmer (2008:24-29) in *Practical Theology, An Introduction*, deel die gedagtes van gemeentelike leierskap wat rigting en toepaslike ondersteuning bied asook

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

bemoediging verskaf. Leierskap word breër gesien as slegs die leraar se verantwoordelikheid. Hierin speel die leiding van die Heilige Gees ŉ sleutelrol. Hy onderskei die volgende leierskapsvorme (176-178):

(a) "Task competence" leierskap: versnellende uitvoer van take.

(b) "Transactional" leierskap: wedersydse beïnvloeding in ŉ proses van wedersydse uitruiling en wisselwerking.

(c) "Transformational" leierskap: behels diep verandering in identiteit, missie, kultuur en werksprosedures.

Die navorser is van opinie dat al drie vorme van leierskap tuis hoort in ŉ gemeente.

Vir die VGK Saron is dit van wesenlike belang om in alle eerlikheid in die woorde van Patrick Keifert te kan sê: "Ons is nou hiér." Die VGK Saron het ŉ eerwaarde-gedrewe leierskap-erfenis en ons moet hierdie erfenis ontgroei.

9.4 ŉ Reis van geloofsonderskeiding

Die inleidende vraag van Elizabeth Liebert (2008:ix) is van belang: Hoe moet ons, ons lewe diepsinnig en gelowig lewe ten aanskoue van al die magte, opsies, en besluite wat die moderne lewe karakteriseer? Haar antwoord kom te neer op geloofsonderskeiding.

9.4.1 Die begrip geloofsonderskeiding

Die begrip geloofsonderskeiding is eie aan die gereformeerde tradisie (Marais 2007:33). Dit kom van die Latynse word *discernere* wat beteken "om te skei"...en om deur toetsing ŉ onderskeid tussen goed en kwaad te maak (:34). Geloofsonderskeiding is ŉ geloofsgewoonte of ŉ manier van dink (:35). Dit is die proses van doelbewus onder die indruk kom van hoe God teenwoordig is (Liebert 2008:8).

9.4.2 Kontemporêre verstaan van geloofsonderskeiding

Elizabeth Liebert (2008:9-10) kombineer ŉ reeks kontemporêre verstaanswyses van geloofsonderskeiding wat belangrike gereedskap is vir die VGK Saron en die Leierskap op hul reis van geloofsonderskeiding. Dit is:

- ŉ gawe wat sy oorsprong in God het

- tegelykertyd ŉ gewoonte van geloof
- die begeerte om Jesus Christus se Gees te volg
- om te groei tot ŉ geloofsonderskeidende lewensstyl
- om ŉ volle en waaragtige menslike lewe te lei
- om op so ŉ manier te lewe dat die feit dat ons seuns en dogters van God is ons besluite vorm en kleur
- ŉ proses
- altyd geplaas binne die groter raamwerk van die geloofsgemeenskap
- ŉ raamwerk wat ons in vennootskap met God plaas

9.4.3 Bybelse grondbeginsels van geloofsonderskeiding

Regdeur die Bybel is daar bewyse van persone wat bepaalde besluite moes maak – van die aartsvaders tot die profete en die Apostels. In sy afskeidsrede noem Moses die volgende (Deut. 30:14): " Die gebod is baie naby aan jou, jy kan daaroor praat, jy ken dit, jy kan daarvolgens lewe." Dis ongetwyfeld iemand wat ervaring van geloofsonderskeiding het wat so raad kan gee. Die aangrypende verhaal van Samuel en Eli sal ons altyd bybly: "Praat Here, U dienaar luister," (I Sam. 3:10) is Samuel se woorde nadat Eli besef dit is God wat vir Samuel roep (vers 9). Liebert (2008:12) meen dié gebeure moet as volg verstaan word:

(a) Een persoon kry die openbaring, terwyl ŉ ander die betekenis snap.

(b) Die paslike respons op enige openbaring is oopheid en ruimhartigheid omdat God se Woord sonder daardie innerlike respons onkenbaar kan bly.

(c) Wanneer God se Woord helder en duidelik kom, is die nodige respons daarop om dit te ontvang, dit te honoreer en daarop te reageer.

"Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe, dan sal julle ook kan onderskei wat die Wil van God is, wat vir Hom goed, aanneemlik en volmaak is" (Romeine 12:2). Paulus bevestig God as die bron van onderskeiding.

"Geliefdes, moenie enigeen glo wat sê dat hy die Gees van God het nie, want daar is nou reeds baie vals profete in die wêreld, maar ondersoek elkeen, of sy gees van God afkomstig is" (I Joh. 4:2). Jesus Christus is die norm vir hierdie toetsing.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

"Al die gelowiges was eensgesind en het alles met mekaar gedeel. Hulle het hul grond en besittings verkoop en die geld aan almal uitgedeel volgens elkeen se behoefte. Hulle het almal elke dag getrou by die tempel bymekaargekom, van huis tot huis die gemeenskaplike maaltyd gehou, hulle kos met blydskap en in alle eenvoud geëet, en God geprys. Die hele volk was hulle goedgesind. En die Here het elke dag mense wat gered is by die gemeente gevoeg" (Hand. 2:44-47). Dit kan net mense wees wat voortdurend in geloof onderskei wat hiérdie soort ervaring kan hê. Geloofsonderskeiding was duidelik ŉ sentrale aspek van die vroeë kerk se lewe.

9.4.4 Teologiese begronding van geloofsonderskeiding

Bo en behalwe die belangrikheid van enkele voorafgenoemde skrifgedeeltes, is die teologiese begronding van geloofsonderskeiding ewe belangrik. Enkele gedagtes van Liebert (2008 15-19) hieroor:

(a) God is ŉ werklikheid en sonder ŉ lewende, groeiende geloof in dié realiteit van God en die moontlikheid van kommunikasie tussen God en mens, is geloofsonderskeiding sinloos.

(b) God is die Skepper van alles wat is. Hy is ook voortdurend betrokke in Sy skepping by wyse van ondersteuning en verryking. God het die mens geskep met ŉ diepe intelligensie, ŉ vermoë om oor onsself, oor God en oor Sy skepping te reflekteer, om te kies, ons toekoms in te rig, en andere rondom ons te beïnvloed.

(c) God se voorsienigheidsorg word mens in Jesus Christus. Hy het die primêre bron kom word vir begrip wie God is en hoe ons as mens in harmonie met God moet lewe.

(d) Die univers is dinamies, "ever changing" en reflekteer sy maker, naamlik God wat ook dinamies, "ever changing" en voortdurend skeppend bly. As beelddraers van God kan ons deelneem aan die skepping van ons eie toekoms.

(e) God se genade help ons om as sy seuns en dogters leef en te groei as persone wat doelbewus en ryklik leef midde ons konkrete situasies en beperkinge. God se genade middele is onder andere die Skrif, Tradisie, Gemeenskap van Geloof, die Sakramente.

(f) Dit is onmoontlik om buite die liefde van God te val, ongeag wat ons doen of nie doen nie.

Hierdie begronding is baie behulpsaam in die proses van geloofsonderskeiding en is veral vir die VGK Saron en sy leierskap van besondere betekenis.

9.4.5 Stappe om te volg in geloofsonderskeiding

Terwyl geloofsonderskeiding aan die een kant ŉ uitstekende geleentheid is vir individue om persoonlik na God te luister, is dit aan die ander kant ook ŉ geleentheid om in groepsverband sáám te luister en die nodige geduld aan die dag te lê om sáám, luisterend, op die Here te wag (Marais 2007:35). Dit bied die geleentheid vir lidmate en kerkraadslede om na God te luister.

Die volgende stappe wat Liebert (2007:19-21) onderskei, is waardevol vir die proses van geloofsonderskeiding wat deur die VGK Saron en sy Leierskap gevolg kan word. Die stappe volg ŉ logiese progressie vanaf die begin tot die einde van die bereiking van ŉ besluit, tog moet begryp word dat die proses nie altyd so liniêr is nie en dat sommige stappe (1,4,6,7) herhaal moet word (:19). Hierdie stappe is ŉ waardevolle riglyn (19-21):

- Soek (in gebed) allereers spirituele vryheid, die innerlike disposisie of ingesteldheid waarop geloofsonderskeiding rus en wat die regte klimaat skep vir geloofsonderskeiding. Indien hierdie vryheid nie daar is nie, verval ons in self-assessering, self-verbetering en besluitnemingstegnieke.
- Ontdek en noem die aangeleentheid wat ter sake is biddend. Dit help die siftingsproses wat aan die hart van geloofsonderskeiding is.
- Versamel en evalueer biddend toepaslike data met betrekking tot die aangeleentheid.
- Reflekteer en bid.
- Formuleer tentatief ŉ besluit.
- Soek bevestiging deur gebed en vra vir God om bevestiging.
- Assesseer die proses.

Hierdie stappe is belangrik wanneer een of ander besluit geneem moet word. Dit is veral ten tye van vergaderings waartydens gemeenskaplike besluite geneem word belangrik dat die regte benadering gevolg moet word. Marais (2007:37-44) onderskei

vyf dominante benaderings tot die styl van besluitneming en leierskap in die gemeente:

9.4.6 Benaderings tot die styl van besluitneming

(a) ʼn *Hiërargiese* of *ekslusiewe* benadering: individue kry mandate om namens en oor andere besluite te neem. Die benadering is problematies omdat die waarheid van God en Sy Koninkryk aan die gemeenskap van gelowiges behoort en nie aan individue nie.

(b) ʼn *Demokratiese* benadering:gemeentevergaderings was nooit vir ons die hoogste gesag nie. Die Woord van God was nog altyd bepalend vir die koers van die gemeente. Christus is immers die Hoof van die gemeente.

(c) ʼn *Burokratiese* of *meganiese* benadering: burokrate is geneig om die sisteem te beheer, veral die wat die reëls die beste ken. Reëls help ons om op ʼn ordelike manier besluite te neem, maar dis nie noodwendig die resultaat van geloofsonderskeiding nie.

(d) ʼn *Rasionele* beandering: kennis oor ʼn saak en die vermoë om oor dié kennis te debatteer is deurslaggewend wanneer dit by onderskeiding kom.

(e) ʼn *Konsensus* benadering: wanneer sáám besin word oor die toekoms van die gemeente, ʼn nuwe rigting of ʼn krisis dan is konsensus in die onderskeiding van God se Wil belangrik.

Hierdie laaste benadering, naamlik dié van konsensus, is die een wat die beste die wil van God dien en ook die een wat in die VGK Saron se vergaderings gevolg behoort te word. Die luistersiklus soos uitgebeeld deur Marais (2007:57-59) wat in drie groot bewegings en agt stasies onderverdeel is, is ʼn model wat mense help om dieper in die luistersiklus te beweeg. Dit is ʼn praktiese manier vir individue, kleingroepe, gemeenteleiers en vergaderings om stiltetyd te hê, na God te luister, te reageer en om na te dink oor besluite wat geneem is. Die volgende is ʼn diagrammatiese voorstelling van hierdie model met enkele verduidelikende punte:

Uit: God Praat: Leef Luisterryk. 'n Diagrammatiese voorstelling van die Luistersiklus

Die drie bewegings (**Rus**: help mense om voor God tot rus te kom; **Hoor**: om uit verskillende hoeke na God te luister; **Leef**: om met lewe te antwoord) is in 'n siklus geplaas om luister as 'n voortdurende proses aan te dui.

Die agt stasies soos in die voorstelling aangedui, veronderstel die volgende ervarings:

(a) Bewuswording in oorgawe aan God van diepste behoeftes, vrae en vrese.

(b) Betree God se wêreld en gaan in sy vrede in.

(c) Luister diep na die Woord en ontmoet God.

(d) God maak ons 'n luisterende gemeenskap en praat met ons deur ander mense.

(e) Ons stel ons oop om God van onverwagse kante te hoor.

(f) Ons fokus op die Gees in ons harte en gedagtes.

(g) Ons gee aandag aan wat God besig is om op die oomblik te doen en waarheen Hy ons lewens rig.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(h) Ons besluit op ŉ gepaste reaksie op wat God gegee/gedoen/gesê het.

Afhangende van wat die sake is wat hanteer moet word, kan ŉ keuse gemaak word watter stasie om te gebruik. Die huidige situasie soos die navorsing dit skets, dui daarop dat die leierskap van die VGK Saron allereers ŉ reis van geloofsonderskeiding moet begin en dan die gemeente op daardie reis verder neem waar nuut na God geluister word. Alvorens ons dié reis uitspel, kyk ons eers na leierskap in die Woord wat so ŉ reis suksesvol afgelê het.

9.5 Leierskap in ŉ reis van geloofsonderskeiding

9.5.1 Die apostel-leierskap

Die funksionering van geloofsonderskeiding in die eerste gemeentes dui daarop dat die apostels hierin ŉ leidende rol gespeel het (Marais 2007:45). Boonop het die aktiewe teenwoordigheid van die Gees ŉ merkbare rol gespeel in diegene se lewe wie aangewys is om die plaaslike gemeentes te bedien. Die plaaslike gemeentes, van wie die apostels die stigters was, het hulle weer as *voorposte* van gestuurdheid binne God se groot missie gesien (Keifert 2007:21-22). Die apostels het ongetwyfeld ŉ groot rol in die lewe van die kerk gespeel. Met betrekking tot die insigte oor die apostel-leierskap word by die breë vertrekpunte volstaan van die waardevolle bydrae van Frederick Marais (2009:3-5) in sy artikel, *Die vergete apostel-leierskap.*

Die vraag wat hy stel oor hoekom dit ons aan apostel-leiers ontbreek en die redes wat hy toelig, is insiggewend en vir die kerk oor die algemeen, maar vir die VGK Saron in besonder van groot betekenis.

9.5.1.1 Redes hoekom dit die kerk ontbreek aan apostel-leiers

(a) Een van die grootste redes hoekom daar ŉ gebrek aan apostel-leiers is, is vanweë die feit dat die *missio Dei* nie teologies in ons leierskapsteorie geïntegreer is nie. Die hedendaagse verstaan van leierskap fokus baie sterk op menslike vermoëns of tekortkominge, terwyl die *missio Dei* nie begin by kreatiwiteit, beter funksionaliteit of harder werk nie, maar ŉ leierskap in gedagte het wat geleenthede ontvang om die evangelie te leef. Dit vra na goeie luisteraars en fyn waarnemers van die aktiewe teenwoordigheid van die beweging van die Gees. Die hedendaagse konteks vra na leiers wat oor die geestelike oordeel en beskeidenheid beskik om vreesloos op die beweging van die Gees te antwoord, met gewoontes van geloofsonderskeiding

probeer onderskei waar God aan die werk is en vir wie die ou waarheid dat ons God deur Woord en Gees leer ken, genoeg is.

(b) Die gemeentelike sisteme kan beskou word as self-eerbiedigend vanweë die feit dat gemeentes leiers beroep om *hulle* te bedien. Dit veronderstel ŉ sterk ingekeerdheid tot die self: ons eie lidmate moet eers bedien, versorg en toegerus word. Met apostel-leiers is dit anders. Die Koninkryk van God staan vir hulle voorop, hulle volg die beweging van die Gees, reik eers uit en versorg dan.

(c) Leierskap-ontmagtiging is die heersende kultuur in die kerk. Die leierskap beland dikwels in bestuurs- en burokratiese hande wat die kerk in wantroue jeens sy lidmate dompel. Leiers kry dikwels die skuld vir probleme, terwyl weinig gedoen word om in samewerking met leiers die uitdagings van die tyd aan te durf en tot oplossing te bring.

(d) Daar is vandag ŉ gebrek aan ŉ geïntegreerde teologiese verstaan van leierskap in die kerk. Terwyl sekulêre leierskap se paradigma een is van die bestaande besigheidsmodelle meer suksesvol en effektief te maak, werk apostel-leierskap met ŉ paradigma van die kruis waar nie geskroom word om sisteme te laat sterf sodat iets nuuts daaruit gebore kan word nie – iets soos ŉ nuwe apostoliese geloofsgemeenskap.

(e) Die hedendaagse kerkleierskap neutraliseer leiers wat die apostelkleed begin aantrek om deur tradisionalisme te breek. Die kerk moet eintlik hierdie leierskap begelei en beskerm.

Die bewuswording van die voorafgenoemde redes bied die kerk ŉ uitstekende geleentheid om die apostels-era asook die apostel-leierskap te her-implementeer. Dit raak nodig dat die tradisionele begronding van die amp van koning, priester en profeet hedendaags ŉ apostoliese perspektief moet kry, is Marais van opinie. Een van die besondere eienskappe van apostel-leierskap is dat hulle vanuit die gesag van hul roeping gemeenskap met buitestaanders skep. Hulle probeer nie mense oor te haal om "soos ons" te wees nie, maar is gestuurdes wat sensitief is vir daar waar nuwe geloofsgemeenskappe gevestig word. Marais (2009: 7-12) bied verder 6 uitdagings van apostel-leierskap aan wat vervolgens aan die orde kom:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

9.5.1.2 Uitdagings van apostel-leierskap

(a) Apostels hou aan getuig in tye van bedreiginge

Petrus en Johannes is by ŉ geleentheid deur die gesag van die tyd verbied om verder in die Naam van Jesus Christus te preek of te leer nie (Hand 4:18). Hul gehoorsaamheid aan God het egter die oorhand gekry en hulle hou aan met preek. Marais noem hul besluit "koppigheid en vreesloosheid" vanweë ŉ sterker drang om te getuig as die vrees vir gevaar of verwerping. In die Suid-Afrikaanse asook plaaslike konteks moet die leierskap van die kerk alhoemeer hul woorde reg kies sodat die owerhede van die dag nie daardeur beledigend voel nie. "Polities korrek" word dit genoem. Dit ontbreek die kerk ernstig aan "koppigheid en vreesloosheid" en gevolglik aan apostel-leierskap.

(b) Apostels skep ŉ sorg-gemeenskap met mense sonder mag

Die Griekssprekendes het klagtes teenoor die Hebreeussprekendes ingedien omdat laasgenoemde hul eie weduwees ten koste van eersgenoemdes se weduwees bevoordeel het. Dit is die apostel-leierskap wat hier sterk leiding neem en met die aanstelling van diakens as oplossing kom. Die diakens moes vol van die Heilige Gees en wysheid wees. Die apostel-leierskap kon dit net doen omdat hulle sensitief was vir buitestaanders en mense wat magteloos was. Daar word (vanweë hierdie ingryping) ŉ toename in die getal gelowiges en die verspreiding van die Woord van God geregistreer (vers 7).

(c) Apostels waag dit om mag weg te gee aan buitestaanders

Die risiko om aan ŉ buitestaander wat hom bekeer het, naamlik Saulus, mag toe te sê, was in daardie tyd baie groot. Vanweë sy vorige oortredings was hy kwesbaar en hy het in groot gevaar verkeer by die owerheid van die dag. Dit is weer die apostel-leierskap wat ingryp en Paulus (sy nuwe naam) onder hul beskerming geneem.

(d) Apostels deurbreek die grense wat die tradisie stel

Alhoewel die Hebreeussprekendes die Griekssprekendes se weduwees versorg het, is die grens tussen Jood en Griek steeds bewaar. Dit is Petrus wat met die doop van Kornelius en sy familie ŉ godsdienstige kaptein in die Italiaanse regiment die tradisionele grens afgebreek het. Die apostel-leierskap stel hier eintlik ŉ prysenswaardige voorbeeld van grensoorskreiding.

(e) Apostels laat toe dat ons roeping her-definieer en die geloofsgemeenskap ’n beweging word

Die kampe tussen Jood en Nie-Jood was duidelik. Daar was diegene wat die Joodse identiteit en geloof beskerm het, terwyl andere weer aan die kamp vir gestuurdheid behoort het. Dit het baie konflik tot gevolg gehad. Die apostel-leierskap het egter konflik as geloofsonderskeidende geleenthede vir wat God se roeping werklik was gesien en gevolglik oop en eerlike konflikgesprekke gehad (Handelinge 15).

(f) Apostels betree die onseker pad van geloofsonderskeiding

Die apostel-leierskap het die gewoonte gehad om tydens gesprekke terug na die geskrifte en die profete (Ou Testament) te gaan en om te luister na die stories of getuienisse van die sendeling, Paulus en Barnabas. Al hierdie ervaringe het hulle op ’n weg van geloofsonderskeiding geplaas sodat hulle tydens ’n groot kerkvergadering (sinode!) met betrekking tot die besnydenis, met ’n besluit na vore gekom het en verklaar: "Ons en die Heilige Gees het besluit..." (Hand. 15:28).

9.5.2 ’n Skinker-leier in geloofsonderskeiding

Nehemia, ’n skinker van beroep, is by uitstek ’n voorbeeld van die belangrikheid van leierskap, veral as verandering ter sprake is. Hy het gaan sit, gehuil, dae aan een getreur, gevas en tot God gebid (Nehemia 1:4). Dit is tipies van ’n leier wat met geloofsonderskeiding omgaan, wat luister na God en op die regte oomblik in dialoog gaan. Dit wat uitstaan van hierdie dialoog tussen Nehemia en die koning is dat dit in waarderende of diplomatieke taal plaasvind. Sy kennis en hantering van die makro-, meso- en mikro-konteks en die vaardigheid waarmee hy die magte tot sy beskikking kon hanteer, het die deurslag gegee vir ’n oplossing (Hendriks 2004:102).

Te midde van teenkanting getoon deur Tobija en Sanballat slaag Nehemia daarin om die mense op so ’n manier te inspireer dat hulle met hulle hart in die werk is (Neh 4:6). Die sukses van sy transformasie-plan was ongetwyfeld die feit dat sy oor op die grond was, dat hy in voeling met die realiteite van die wêreld rondom hom asook sy geloofsgemeenskap was en dat hy veral in voeling met God was (Hendriks 2004:197). Hierdie voorbeeld wat ons van Nehemia kry, is die bewys aan die leierskap van die VGK Saron dat suksesvolle transformasie moontlik is as by die mees basiese gebly word, naamlik wanneer God leer ken word deur Woord en Gees (Marais 2009:3).

9.6 Die sleutel rol van die VGK Saron se leierskap tydens verandering

Na aanleiding van die bevindinge wat gemaak is uit die navorsing, is daar géén twyfel dat die VGK Saron deur ŉ proses van hartgrondige verandering móét gaan nie. Indien die boodskap van Jesus aangaande die Koninkryk waar is, moet alles verander (McLaren 2007:23). Dit sluit ongetwyfeld die kerk oor die algemeen en die VGK Saron in besonder, in. Die vraag is: Waar begin ons? Die antwoord is ongetwyfeld: By die leraar. Die leraar moet weer 'oor beroep' word, bedoelende dat hy nuut na God moet luister. Slegs ŉ 'getransformeerde' persoon kan egte en blywende transformasie bewerk (Weitz 2009:11).

Dit is een van die redes waarom by die plaaslike leraar begin moet word. Nog ŉ rede is die historiese eerwaarde-sendeling-erfenis en die feit dat daar ŉ swaar gewig op die amp van leraar geplaas word. Terwyl hierdie feit as negatief ervaar kan word, is dit ŉ uitstekende geleentheid om juis dít te gebruik as ŉ springmat om verdere transformasie te bewerk. Die navorser is in die uitstekende posisie geplaas om kultuur na een of ander kant te beïnvloed, hetsy vorm of verander.

Die navorser het alreeds in 2007 ŉ reis van geloofsonderskeiding begin. Hierdie reis was nodig omdat die navorser begin ervaar het dat die gemeentelike situasie van individualisme, tradisionalisme, selfgerigtheid en sterk fokus op die leraar, nie langer deur hom in stand gehou kon word nie. Dit is belangrik dat die navorser self ŉ kopskuif moes maak. Dit was tot nou toe ŉ emosioneel-pynigende, maar bevrydende ervaring.

9.6.1 Die leier se fokus: God en Sy Koninkryk

Die leier wat op God fokus is die een wat verstaan dat God die bron, die koers en wysheid gee en dat die drie-enige God aktief besig is om ŉ geloofsgemeenskap te vestig waarvoor Hy ons roep om daarin te deel (Marais 2009:3). Die fokus is gevolglik op die Koninkryk van God waar die Koninkryksgefokusde leier biddend oorweeg wat God verwag hy/sy moet sê of nie sê nie (Miller 2004:31).

Gebed speel dus ŉ sentrale rol in dié leier se lewe omdat dit juis beteken dat ons eerstens met God te doen het en daarná met die wêreld (Peterson 1987:41). Daarom is die uitbreiding van die Koninkryk dié leier se passie, sy éérste prioriteit en soek hy / sy gevolglik vir geleenthede om die Koninkryk uit te bou (Miller 2004:94).

Geestelike dissiplines is van wesenlike belang vir die leier. Hierdie dissiplines help hom/haar om in geloof te onderskei. Die materiaal wat veral bruikbaar is, is die luistersiklus, die *Lectio Divina* asook *Stiltetyd* van die reeks *God Praat, Leef Luisterryk*.

9.6.2 Die leier se fokus: bemagtiging van die ander

Die leraar moet die gawes wat God aan die ander leiers en lidmate geskenk het, raaksien, bevestig en dissipels te maak (Marais 2007:138). In plaas van die "expert"-"key player"-"wagon wheel"-sindroom in stand te hou, word die energie gebruik om die ander leiers te bemagtig. Gedagtig daaraan dat die kern leierskap van die gemeente eintlik kom uit die opvoedingsvlak van tussen graad 7 en graad 9, is dit des te meer belangrik dat bemagtiging ŉ fokusarea van die leraar móét wees.

9.6.3 Die leier se fokus: *kubernesis*

Kubernesis is ŉ Griekse term wat aanduiding is van ŉ skip wat veilig deur die kaptein oor die waters heen gestuur word. Die leier / leraar vandag het dieselfde verantwoordelikheid om die gemeente deur troebel waters heen veilig te stuur (Hendriks 2004:197). Daar is baie seilverstellings wat op ŉ seereis plaasvind en wat vaardigheid verg om te maak. Op dieselfde wyse moet die leier / leraar vandag verstaan wat dit beteken om in ŉ veranderde, onseker wêreld wat met vrees omhul is, steeds in kontak met God te bly en integriteit te bly behou (:198).

Met die groot fokus wat lidmate en kerkraadslede van die VGK Saron op die amp van die leraar plaas, is die leier / leraar in die bevoorregte posisie om "stuurman" te wees, terwyl hy terselfdertyd bewus is dat daar ook ŉ "bemanning" aan boord is. Dit is in tye van verandering of oorgang dat leierskap van integriteit die drie-enige God wat hulle geroep het, nuut ontdek (Roxburgh 2005:74).

Oorgangstye is tye van uitdagings en bedreiginge, maar vir die leier / leraar met die oor op die grond en die oog op God is dit ŉ geleentheid (Roxburgh 2005:76). Een van die geleenthede is om die tradisionaliste en die vernuwers in dialoog met mekaar te bring, (:83) om netwerke te vorm asook nuwe patrone van kommunikasie, verhouding en aksie te vestig. Die leier / leraar, maar in besonder die leierskap / kerkraad, benodig in hierdie tyd aanpassende vaardighede (:89).

9.7 Die kerkleierskap / kerkraad in transformasie

"God can change your direction. However, you must be willing to listen to His voice and obey His call," (Stanley 2008:x). Dit is direk van toepassing op die kerkraad van die VGK. In die lig van die feit dat die vraelys negatief oor die kerkraad was, is dit nodig dat die kerkraad van rigting móét verander. Dit sal help indien die kerkraad as ŉ begin die verskil tussen verandering en transformasie begryp. Volgens Roxburgh (2005:90-91) het verandering te doen met dit wat van buite tot ons gebeur en waaroor ons normaalweg geen beheer het nie. Transformasie daarenteen is die innerlike respons tot verandering wat ons ervaar en waaroor ons wel ŉ mate van beheer het (sien figuur onder aan)..



Uit: The Sky Is Falling: VERANDERING vind buite ons plaas, terwyl TRANSFORMASIE ŉ innerlike respons op veranderings

Indien die kerkleierskap, leraar en kerkraad hierdie verskil begryp, sal ook die nuwe konteks van liminaliteit begryp word. As dít begryp word, sal besef word dat die situasie vereis dat grense oorgesteek word en dat in dialoog met mekaar gegaan word sonder om mekaar te probeer verander – ŉ proses wat bekend staan as *communitas* (Roxburgh 2005:144). Binne die ruimte van *communitas* kweek die leierskap ruimtes of omgewings waar God besig is om te werk, waar jonger leiers, spanne of groepe versorg kan word, waar tradisionaliste en vernuwers mekaar wedersyds verryk met gawes van leierskap en waar ŉ medewerker eenheid onderling kan bewerk (145-186).

Die voorstel wat Roxburgh (2005 158-188) aanbied, is ŉ bruikbare voorstel wat deur die VGK Saron se leierskap oorweeg kan word as ŉ stap om uit die leierskapskrisis te kom. Vervolgens word etlike leierskapstipologieë kortliks beskryf:

9.7.1 Die leier as digter

Wanneer daar ŉ uitweg gesoek word uit die chaos wat ŉ oorgangsperiode inhou, is leierskap nodig wat stem en betekenis kan verleen aan gebeure wat bepalend is vir mense se lewens. Die beste soort leierskap vir so ŉ situasie is ŉ digter. Digters is ingestem om te luister, veral na stories, simbole, tekens, taal en ritme. Hulle het die vaardigheid om onderliggende waardes te ontbloot. Die digter gee eintlik ŉ stem aan die siel van die mense sodat hulle op húl beurt weer kan sê wat hul innerlike gevoelens is. Digters gebruik metafoor, stories en simbole en vertrou dat God dit neem en op sy eie tyd in die verbeelding van die gemeenskap hervorm en in nuwe rigtings stuur.

9.7.2 Die leier as profeet

As die stem van God, is profete se fokus en begeerte nog altyd om mense God se Woord te help herontdek en ŉ herkonneksie met God se storie te bewerk. Hulle verkondig ook die teenwoordigheid van die eskatologiese toekoms van die Gees tussen mense. In die middelpunt van die profetiese perspektief, is die behoefte om ŉ wêreld te artikuleer waarin God se storie en nie ons eie nie in die sentrum staan.

9.7.3 Die leier as apostel

Die apostel-leierskap het ŉ duidelike sin vir roeping, sending, dringendheid en rigting. Hul funksie is om God se mense in die *missio Dei* te lei. Die egte apostel-leier verstaan dat God se Gees en gevolglik ook God se toekoms tussen God se mense is en dat die rol van die leierskap is om omgewings te skep wat die missionale verbeelding van die mense van God aangryp, op só ŉ manier dat hulle God se plan ontdek en in handelinge omsit in hul plaaslike kontekste. Die apostel-leierskap praat in die meervoud: "We know we have been called to be the sign, witness, and foretaste of the kingdom. We know we are called to be the sign of the *missio Dei* in this community. So here is how we can act on what God is saying, forming, and calling forth among us!" (Roxburgh 2005:173).

9.7.4 Die leier as pastor

Hierdie vorm van leierskap is steeds belangrik, maar moet nie as die enigste tipe gesien word nie, maar eerder in kombinasie met die ander.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

9.8 Van kerk(raads)leierskap tot missionale leierskap

Huidiglik reël Bepaling 30 van die Streeksinodale Bepalinge en Reglemente van die Streeksinode Kaapland die kiesing van kerkraadslede in die gemeente. Bepaling 30.1.1. lui onder ander as volg: " Tot ouderlinge en diakens word gekies lidmate wat onberispelik is in leer, lewe en wandel volgens die eise van die Skrif, wat deur die Heilige Gees toegerus is tot besondere diens..." Verder is dit die verantwoordelikheid van die onderskeie wyke om sodanige lidmate by wyse van stemming te nomineer vir kiesing tydens ’n kerkraadsvergadering.

In die praktyk vind nominasie egter deur die kerkraad plaas omdat lidmate gewoon nie aan hierdie aktiwiteit deelneem nie. Daar is huidiglik geen proses van geloofsonderskeiding by die proses van nominasie en verkiesing nie.

Hierdie proses sal vir ’n tyd lank nog so bly. Tog is dit belangrik dat in ’n proses van geloofsonderskeiding groter vertroue in die drie-enige God geplaas word. ’n Moontlike proses is die volgende:

(a) Daar word vir ongeveer ’n maand lank met vas en gebed sessies gehou waar God vertrou word om, soos benodig, ’n verskeidenheid van kerkraadslede uit te wys wat die gawes sal hê wat nodig is.

(b) Die sessies word gekenmerk deur stilwees, gebed en luister na God en kan ewe goed deur ’n proses van die Luistersiklus, *Lectio Divinia* of enige soortgelyke program gedoen word. Dit is belangrik dat gelowiges daarna strewe dat God self die leiers aanwys.

(c) Hierna word die name na die kerkraadsvergadering gebring vir die formele verkiesing.

(d) Na die verkiesing en aanvaarding stel die leiers hulle oop sodat die Gees hulle kan saambind in ’n geloofsgemeenskap van vertroue (Marais 2007:71).

(e) Die nuwe kerkraadslede kom vir ’n naweekkamp byeen net om die gemeenskap van onderlinge vertroue te verdiep. Geen amptelike sake word hanteer nie (Marais 2007:76).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(f) Die tradisie van afsondering word uitgebou (Marais 2007:89) deurdat die nuwe kerkraadslede vir nog ʼn naweek na God luister as God met hulle praat oor die apostel-leierskap met inbegrip van die *missio Dei*.

(g) Die Luistersiklus soos deur Marais voorgestel, word geloofsonderskeidend in die kerkraadsvergadering gebruik sodat elke besluit een kan wees waar die oortuiging leef: "Ons en die Heilige Gees het besluit..."

(h) Tydens kerkraadsvergaderings en byeenkomste kan die rituele wat deur Marais (2007:92) voorgestel word nuttig deur die kerkraad gebruik word: voete-was om ons te herinner dat ons dienende leiers is, kers wat aan hoop in Christus herinner, leë stoel wat God se teenwoordigheid aandui, oop Bybel wat herinner dat ons onder gesag van die Woord lewe en water wat ons aan ons doop herinner.

(i) Die uitdagings wat uit die navorsing kom, word geloofsonderskeidend deur die kerkleierskap aangedurf.

(j) Die kerkleierskap word verdiep in hul geloofsonderskeiding deur die gemeente se roeping om ʼn gestuurde gemeente te wees (Keifert 2007:62) en deur voortdurend geloofsonderskeidende vrae te stel soos: *Wie is God? Waarmee is God nou besig? Wat is God (herhaaldelik) besig om vir ons te sê? Aan wie behoort die gemeente? Wat is God se droom vir en oor die gemeente?* (Marais 2007:50-51).

(k) Die kerkleierskap reël vasgestelde kwartaallikse verbintenis-seremonies om sodoende hul verbintenis aan die drie-enige God, die *missio Dei* en die Koninkryk van God te hernu.

(l) Die kerkleierskap neem die gemeente op ʼn reis van geloofsonderskeiding.

9.9 Die VGK Saron in geloofsonderskeiding op weg van instandhouding na gestuurdheid

Nadat die leierskap die inhoud van "Ons is nou hiér" vasgestel het en ʼn geloofsonderskeidende reisplan vasgestel is, kom die gemeente aan die orde. Die gemeente het alreeds aansluiting gevind by die Vennootskap van Gestuurde Gemeentes. Dit het dus alreeds die eerste tree gegee om in geloofsonderskeiding, te

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

midde van die uitdagings, hierdie reis voort te sit. Tog is dit belangrik dat die VGK Saron haarself nie in isolasie sien as dit kom by hierdie reis van gestuurdheid nie.

Keifert (2007:25-27) noem drie belangrike verskuiwings wat die kerk oor die algemeen geraak het, naamlik die geboorte van die moderniteit (1650-1950), die verval van die status van die Christelike kerk as "volkskerk" en die groter erkenning van die Joodse godsdienstige tradisies. Die verlaging in status in die samelewing was vir die meeste gemeentes ontwrigtend. As aanvaar word dat God voortdurend aan die werk is en in beheer bly, ontspring uit die ontwrigting ŉ nuwe geleentheid vir gestuur wees.

> "Dit stel ons in staat om die nuwe era van gestuur-wees in die kerk te sien vir wat dit is: God se uitnodiging om te deel in die nuwe avontuur van God se bemoeienis met die wêreld, die evangelie, die kerk en die kultuur.....Dit is God se roeping; nie ons s'n nie. Dit is God se roeping: nie net die kerk s'n nie. God se heerskappy strek veel meer as die kerk, hoewel die kerk natuurlik gedurig ervaar hoe God se heerskappy deurbreek in wat hulle doen. In die nuwe era van kerkwees – van *gestuurdekerk*-wees – sal gemeentes wat getrou en doeltreffend funksioneer, deel word van God se transformerende missie met die mensdom. Hulleself sal deur dié missie verander word – geroep, versamel, gefokus op die Woord en die sakramente, en uitgestuur om deel te neem aan God se werk in die wêreld" (Keifert 2007:30).

In hierdie verandering sien Keifert (2007 42-47) twee moontlike modelle, naamlik die 'Vul die gaping' of 'Verbreed ontluikende vernuwing'. Eersgenoemde kom neer op verandering in ŉ lineêre proses van oorsaak en gevolg. Die leemtes in die proses word gevul met organisatoriese veranderinge. Die laasgenoemde model van verandering onderskei vyf verskillende momente (bewuswording, belangstelling, evaluering, proefneming en aanvaarding) wat onvoorspelbaar is in beweging, maar tog interafhanklik van mekaar is. Dit is hierdie model waarmee die VGK Saron gemaklik mee sal wees omdat dit soortgelyk aan reis op see is. Soos met ŉ reis op see, is die volgende beweging onvoorspelbaar en soms verrassend... Die volgende vergelykende voorstelling, dui die posisie van ŉ gestuurde gemeente beter aan:

Uit: SAVGG Gemeentereisgids – Fase 1: Ontdekking (Uitgawe 2 – Jan 2008)

In hierdie voorstelling (Kwadrant IV) toon duidelik dat die gemeente se uitreik en gemeentelike lewe ŉ getuienis van God se doel vir die wêreld is. Hulle verkondig die Evangelie in woord en daad en hul totale gemeentelike lewe en werk is daarop gefokus om gestuur te wees. Daarom is die vrae wat hulle stel ook geloofsonderskeidend en gestuurdgerig:

(a) **Waar is ons?** die vraag dui op gestuurde gemeentes wat bewus is van hul konteks en dat dié konteks eintlik ŉ sendingveld is.

(b) **Wie s'n is ons (aan wie behoort ons)?** Die gestuurde gemeente is bewus dat hulle deel van God se mense is en laat toe dat die Woord en gebed hulle as individue en gemeente vorm. Verder laat hulle toe dat God se Gees deur hulle werk en hulle bemagtig om risiko's te neem ter wille van die evangelie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(c) **Wat is God besig om te doen?** Dit word moontlik vir Gestuurde gemeentes om aan te dui hoe God onder hulle en die groter wêreld aan die werk is. Hulle leer meer van God se sending van verlossing, herstel en versoening van die wêreld deur Jesus Christus.

(d) **Hoe stuur God ons?** Die Gestuurde gemeente is terdeë bewus van hoe om te onderskei en te luister na God se spesifieke roeping vir hulle, ken die gestuurde roeping en is bereid om dit na te volg en daarop te reageer.

(e) **Hoe leef ons gemeente nou volgens die patroon van God se toekoms?** Die Gestuurde gemeente wil ŉ teken wees van God se manier van dinge doen. God bly die kern en gevolglik wil hulle hul gemeentelike lewe inrig as ŉ voorsmaak van die toekoms wat God vir die hele wêreld verkies. In hul uitreik na andere getuig hulle van Jesus Christus soos hulle andere uitnooi om burgers van God se Koninkryk te word. Hulle getuig ook van Jesus Christus in hul totale gesamentlike lewe as gemeente. Verder is hul manier van kerk / gemeente wees ook ŉ getuienis van die evangelie.

9.9.1 Omvorming van gemeentelike strukture

Dit is belangrik om in gedagte te hou dat aansluiting by ŉ reis van gestuurdheid, nie impliseer dat die gemeentelike strukture verval nie. Gesien in die lig van die feit dat die gemeente stadig op verandering reageer, sal die strukture tot tyd en wyl so bly. Inteendeel, die strukture sal voorts die *missio Dei* as fokuspunt hê.

9.10 Die gemeente verander sodat die gemeenskap kan verander

Die VGK Saron het ŉ strategiese posisie wat dit in die gemeenskap inneem. Vanweë die historiese posisie is dit die grootste gemeente in die dorp. Die verandering in die gemeente is strategies vir verandering in die gemeenskap. As gestuurde gemeente moet die gemeente risiko's oor grense neem terwille van die breë gemeenskap. Die rol van die *communitas*-idee onder leiding van ŉ "Abbot / Abbess" (Roxburgh 2005:180) behoort nou verder deur die VGK Saron ondersoek word en indien dit as lewensvatbaar bevind word, moet dit in samewerking met ander rolspelers in die gemeente geïmplementeer word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

9.11 Samevatting

In hierdie hoofstuk is onder andere na bestaande leierskapspatrone gekyk en hoe dit in die plaaslike gemeente manifesteer. Etlike definisies is ook onder die soeklig gebring, terwyl inhoud gegee is aan "Ons is nou hiér". Verder is aandag geskenk aan ŉ reis van geloofsonderskeiding deur die leierskap asook die gemeente. Terwyl daar in diepte ingegaan is op geloofsonderskeiding, is ook geraak aan besluitnemingsbenaderings, apostel-leierskap en die leier in fokus. Die transformasie-proses van die kerkraad en gemeente is ook uitgespel.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 10

10. Slot

10.1 Samevatting

In hoofstuk een is die navorsingsontwerp gestel. Die hoofelemente is die volgende: die vraag waarmee die navorsing geworstel het, is wat die verband is tussen die VGK Saron se identiteit en die leierskapsuitdagings waarvoor dit staan. Dit het gewerk met die hipotese dat indien die gemeente en sy leierskap kan ontdek dat ’n geloofsgemeenskap se identiteit ten diepste geanker is in die drie-enige God en dat sy bestaansdoel geformuleer word deur God se doel met die wêreld (die *missio Dei*), dan kan die huidige impasse waarin die gemeente verkeer, deurbreek word. Die hoofdoel van die navorsing is om die identiteit van die plaaslike gemeente en die leierskapsuitdagings te identifiseer .

Hoofstuk twee het ’n duidelike beeld van die profiel en bates van die gemeente gevorm en het getoon hoe dit aansluiting vind by die identiteit van die gemeente. Die bronne wat onder bespreking was, is menslike bronne (lidmate, bywoning van eredienste en bidure, die eerwaarde/leraar-era en administrasie). Daar is ook gekyk na die materiële bronne soos die kerkgeboue, finansies en grond. In die verhoudingsbronne is veral gekyk na die breë kerkverband asook die verhouding met die plaaslike gemeenskap, eksterne rolspelers en die gemeentelike bediening.

Na aanleiding van die inligting wat versamel is, is dit duidelik dat die profiel en bates van die gemeente alreeds iets van die identiteit van die gemeente weerspieël en dat ’n nou-verweefdheid alreeds tussen profiel / bates en identiteit sigbaar is. Die inligting help ook om by die doel van die studie uit te kom, naamlik om die identiteit en leierskapsuitdagings van die plaaslike VGK te identifiseer.

Hoofstuk 3 het die ekologie van die gemeente in behandeling geneem. Hierdie navorsing het dit moontlik gemaak om die konteks van die VGK Saron metodologies op etnografiese wyse te analiseer. Dit is veral die makro-, meso- en mikro-vlakke wat aan die orde gekom het. Die analise is gedoen deur soveel as moontlik lidmate aan die proses deel te laat neem.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Diegene wat onderhoude gevoer het, het deeglike opleiding ontvang, terwyl ’n eksterne leesspan wat duidelike patrone kon identifiseer, die gesprekke geïnterpreteer het.

Die verskillende kontekste toon duidelike wedersydse beïnvloeding van mekaar en ook hoe invloede van buite verandering in die gesagsposisie van die plaaslike kerk teweeggebring het. Globalisasie het tot die vestiging van nuwe netwerke aanleiding gegee en Saron is nie daarvan uitgesluit nie.

Saron is as kerkdorp deur die eerwaarde-sendeling met streng wette beheer en daar het ook sterk invloed van die eerwaarde-sendeling uitgegaan. Op dié wyse is die identiteit van die gemeente gelegitimerend gevorm. Hierdie gelegitimerend gevormde identiteit se mag is egter deur globalisasie verbreek en die invloede uit die "flat world" is besig om die kultuur te verander waarvan die mees opmerklike verandering die afbreek van patriargalisme is. Lidmate breek met die patriargale verhouding tussen sendeling en lidmaat. Op dié manier word die identiteit van die gemeente nie meer van bo-af bepaal nie.

Saron is deur die media of kommunikasie en inligting uit sy geslote lewe geruk. Die kultuur het geleidelik-onbewustelik verskuif en die kerkleierskap is voor nuwe uitdagings gebring soos hoe om die gemeente sinvol te bedien binne ’n snelveranderende wêreld.

In die gesprek ten opsigte van globalisasie waaraan lidmate by wyse van ’n vraelys deelgeneem het, toon duidelik dat lidmate vandag, anders as 100 jaar gelede, bewus is van wat om hulle aangaan en dat hulle eie opinies oor aangeleenthede het. Dit dui onmiskenbaar daarop dat die kultuur in die gemeente verskuif en dat hierdie verskuiwing vanweë invloed van buite die gemeente aan die plaasvind is.

Daar is ook ander verwikkelinge wat op een of ander manier op die gemeente en gemeenskap impakteer soos byvoorbeeld die onvermoë van die nuutverkose demokratiese regering om ooreenkomstig die VVO se resolusies aan Khoe-San afstammelinge Eerste Nasie status toe te ken. Dit versmoor die leierskappotensiaal en menswaardigheid van dié afstammelinge. Hiermee saam is daar ook nog verwikkelinge soos herafbakening van munisipale grense en nuwe wetgewing wat eweneens na een of ander kant impak op die gemeenskap het.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die etnografiese navorsing bring die volgende aspekte na vore: ʼn leierskapskultuur van dwang lei tot die versmoring van die gemeente se gawes van vriendelikheid, diepe lojaliteit, gasvryheid en warmte. ʼn Sterk erediens-gesentreerde-leraar-afhanklike bediening was tot onlangs in swang.

Dit stel die gemeente en leierskap voor die uitdaging om deur individualisme, selfgerigtheid, persoonlike status en instandhouding te breek en aanpassings te maak oor hoe om die gemeente sinvol te bedien binne ʼn snelveranderende wêreld.

Hoofstuk 4 bring ʼn geheelprent van die beplanning, kommunikasie, elemente van gemeenskapsbou en die hantering van konflik in die gemeente. Hierdie boustene dien ook as sterk motivering vir lidmate om tot die gemeente te behoort. Die begrafnis, Paasnaweek-gebeure en belydenisaflegging het as boustene ʼn ryk potensiaal wat alreeds iets van die hart van die *missio Dei* blootlê en wat deur beide lidmate en leierskap raakgesien behoort te word as ʼn geleentheid wat die drie-enige God bied om die oë van die hele gemeente oop te maak vir die *missio Dei* geleenthede in die onmiddellike omgewing.

Die hoofstuk verwoord ook hoe die identiteit van Saron radikaal aan die skuif is. Hierdie verskuiwing is ʼn totale wegbeweeg van die eerwaarde-gebaseerde identiteit en leierskap. Hiermee saam het verhoudings- en kommunikasie patrone verskuif. Dit word simbolies geïllustreer deur die verskuiwing van die invloed van die kerkklok met sy vyf kilometer reikwydte na die selfoon met sy wêreldwye reikwydte.

Die eerwaarde tyd en identiteit was ʼn institusionele stelsel en as sulks ʼn formele een wat deur ʼn proses van reëls en kerkorde wette gevorm is en waarvan niemand durf afgewyk het. Die outoritêre Godsbegrip wat by lidmate gevind word, kom hiervandaan. Aan die anderkant is daar die verplatting van die wêreld wat nuwe geleenthede meebring en lidmate skuif van ʼn gehoor na deelnemers. Dit is veral die onderskeie vorme van "uploading" wat die wêreld verander het.

Terwyl in gedagte gehou word dat nie alles van die verlede sleg was nie word rekening gehou daarmee dat die groeiende nuwe werklikheid wat deur die ou identiteit breek, onstuitbaar is. Indien die geleenthede wat laasgenoemde meebring, raakgesien en benut word, word dit ʼn springmat vir die missionale vertaling van die oue in die nuwe…

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 5 is ŉ historiese oorsig wat bevestig dat die gemeente oor meer as 100 jaar gekondisioneer is om hulself as minderwaardig te ervaar en dat hulle natuurlike leierskap sodanig onderdruk was dat inisiatief konstant doodgesmoor is, ook in hulle enigste ware tuiste, die kerklike gemeenskap.

Die globale veranderinge wat SA sedert 1994 integraal beïnvloed het en tans tot selfs in die Arabiese wêreld reperkussies het, is ŉ geleentheid vir die gemeente en sy mense met hul unieke historiese identiteit. In Friedman (2006) se terme skep iets soos die klimaat van "uploading" ongelooflike geleenthede en ŉ nuwe vryheid vir mense wat dekades ingeperk en geminimaliseer is.

Die uitdaging is hoe om die godgegewe potensiaal wat in alle mense is, spesifiek die leierskap van die gemeenskap, te ontwikkel. Met patriargalisme wat aan die verkrummel is, word vroue nou ongekende geleenthede gebied om as leiers na vore te tree. In dié verband het die VGK Saron ŉ uitstekende geleentheid, veral met 76% vroulike respondente wat aan die hoof van huishoudings staan.

Hoofstuk ses fokus op die identiteit van die drie-enige God. Nadat die gemeente en sy mense met hul unieke historiese identiteit vir meer as 100 jaar gekondisioneer is tot minderwaardigheid en hul natuurlike leierspotensiaal versmoor is, is dit nodig om terug te gaan na die Woord van God, na God self en te vra na wie God is. Hy is immers die Een na wie se beeld en gelykenis ons geskape is en ook die Een wat ons herskep.

In hierdie hoofstuk oor die identiteit van die drie-enige God is verskillende aspekte wat betrekking het op dié identiteit onder woorde gebring. Die *Perichoresis* as dans (gekomplementeer met die huweliksdans in Khoe-San tradisie) beeld uit die drievoudige aard, maar onontbindbare eenheidsverhouding van die drie-enige God.

Nog ŉ fokusarea is die Woord van God wat in die Ou- en Nuwe Testament onbetwisbare getuienis bevat van die trinitariese aard van God. Die trinitariese teologie van die eerste vier eeue asook die werk van Volf en Berkhof is ook onder woorde gebring en die resultate daarvan bespreek.

In terme van die Khoe-San tradisie waaruit die VGK Saron ontspring, is ook fokus geplaas op die oeropenbaring en die tweede openbaring van God, die raaklyne

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

tussen die twee asook etlike seremonies wat die verstaan van die identiteit van die drie-enige God verdiep.

Die impak van historiese gebeure soos die Verligtingstydperk en die twee wêreldoorloë is in fokus gebring. Die beskrywing van die drie-enige God is veral op intellektuele wyse gedoen en het dikwels tot reduksie van God gelei. Die Wandel-In-Die-Woord-metodologie in kombinasie met die *Lectio Divina* en die *Gebed van die Examen* bied vars maniere waardeur die drie-enige God en die *missio Dei* aan die mense / kerk openbaar word.

Indien ons na die drie-enige God luister soos Hy/Sy openbaar word as Vader, Seun en Heilige Gees en nie ons eie intellektuele interpretasies daaraan heg nie, sal die Drie-eenheid vergestalt word in die *missio Dei.* Die wese van die drie-enige God is sturend van aard. As dit ŉ groter realiteit word in gelowiges se lewe en dade sal die kerk se identiteit vanself begin te verander.

Hierdie beeld, karakter en identiteit word nou ook sigbaar in die gemeenskap van gelowiges. Die beeld, karakter en identiteit van die individuele lidmaat word weer vernuwe uit die gemeenskap van gelowiges. Die individu se leefstyl in die teenwoordigheid van die gemeenskap van gelowiges kan sy / haar leefstyl in die wêreld positief verander.

Terwyl dit in die eerste hoofdeel handel oor die analisering van die plaaslike kerk en die wêreld waarin ons leef, gaan dit in die tweede hoofdeel oor die vertikale as van die kruis-metodologie waar vanuit die Woord sistematiese teologiese werke opgevang word. In hierdie tweede hoofdeel handel hoofstuk 6 spesifiek oor die vraag na wie die drie-enige God is.

Die hoofstuk wat volg, naamlik hoofstuk 7 wil bepaal wat die identiteit van die kerk is en uit die aard van die saak ook wat die taak (missie) is waarvoor leierskap nodig is. Die identiteit van die drie-enige God is immers die fondament van die identiteit van sy liggaam.

Hoofstuk sewe lê klem op die verband tussen die drie-enige God en die kerk as ŉ geloofsgemeenskap. Die twee fokusareas wat dié verband lê, is die *missio De*i en teologie. Die *missio Dei* bring die gestuurdheidsaard van die drie-enige God sterk na

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

vore. God stuur Sy Seun, die Vader en die Seun stuur die Gees en die Gees stuur Sy kerk. Dit dui ook aan hoe die drie-enige God met hierdie aktiwiteit van gestuurdheid na die wêreld beweeg en hoe die kerk die wonderlike voorreg het om daaraan deel te hê deur die wil van God binne die konteks waar dit kerk is, uit te leef.

Die identiteit van die kerk word gebou op die identiteit van die drie-enige God. Laasgenoemde is dus die fondament, die basis, die bron en die kerk groei of ontwikkel hier uit. Die drie-enige God stuur nou hierdie kerk na die wêreld. Daarom is die *missio Dei* 'n aktiwiteit van God en die kerk is hieraan onlosmaaklik verbind. Hierdie aktiwiteit omhels kerk en wêreld en is primêr die werk van die drie-enige God. En dit is in hierdie aktiwiteit wat die VGK Saron bevoorreg is om te deel. Daarom is dit van wesenlike belang dat die gemeente herontdek wie hulle is, wat hulle gawes en opdrag van die drie-enige God is.

Die VGK Saron en die leierskap is tydens die eerwaarde tyd deur 'n proses van institusionalisering gekondisioneer tot individualisme, miskenning van gawes en leierspotensiaal en kry nou geleentheid om hul werklike identiteit in die drie-enige God te herontdek. Op dié manier kan die gemeente in die veranderende wêreld ingestuur word om lief te hê, te dien, te preek, te leer, te heel en te bevry. Die uitstuur of sending van die gemeente word nou diens, heling en versoening van 'n verdeelde en verwonde mensdom. So word daar gebreek met 'n ou orde en 'n teologie wat van bo afgeforseer is. In die plek hiervan kom 'n teologie met 'n nuwe konteks – 'n teologie wat deelnemend-gehoorsaam aan God is. Die eertydse manier van teologie doen het verval.

Dit gaan om die drie-enige God en geloofsgemeenskappe wat uit God ontspring en vanweë hiervan mede-eienaarskap en –verantwoordelikheid neem vir die evangelie van Jesus Christus sodat 'n veilige leefwêreld in Sy koninkryk as nuwe konteks vir Sy kinders gevestig kan word. In dié konteks bly lidmate betrokke met hul ervarings, vrae, insette en uitdagings. Die uitdagings waarvoor die VGK Saron en die leierskap spesifiek te staan, kom word nou nuwe geleenthede vir die kerk, sy lidmate en leierskap om terug na die Woord en na die drie-enige God te gaan om voortdurend sy wil in 'n veranderende wêreld te onderskei.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Na aanleiding van al die voorafgaande is daar geen twyfel nie dat daar ŉ nou verband tussen die kerk as ŉ geloofsgemeenskap en die drie-enige God is. Dit is belangrik veral vir die VGK Saron om hierdie verband te beskerm sodat die gemeente uit ŉ posisie van instandhouding, individualisme en institutêre Gods- en kerkbegrip kan ontsnap om deel te neem aan die *missio Dei* en om te ervaar hoe die drie-enige God die gemeente uitstuur na daar waar Hy alreeds betrokke is.

Hoofstuk ag het die verband tussen die drie-enige God en die Koninkryk as missionale konteks verwoord. Die uitdrukking *basileia tou Theou,* die Koninkryk en konteks asook getuienis en verkondiging tesame met die *missio Dei* is beskryf. Die voorafgenoemde beskrywings bevestig die drie-eenheid van God. Dié God is ŉ sturende God. Die wêreld is die ruimte waar God Sy Koninkryk laat vergestalt deurdat die Kerk as ŉ geloofsgemeenskap daardie ruimte vul deur tekens wat ŉ voorsmaak is van Sy Koninkryk.

Die kerk is dus geroep om ŉ aktiewe instrument van die Koninkryk te wees en om tekens daarvan op te rig. Die kerk word eintlik weg van haarself uitgestoot in die wêreld waar die nood van mense is. Die VGK Saron word weg van haarself na hierdie wêreld (die onmiddellike konteks) uitgestuur om as geloofsgemeenskap tekens as voorsmaak van God se Koninkryk in Saron op te rig.

Hoofstuk nege het onder andere na bestaande leierskapspatrone gekyk en hoe dit in die plaaslike gemeente manifesteer. Etlike definisies is onder die soeklig geplaas, terwyl inhoud gegee is aan "Ons is nou hiér". Verder is die bevindings gelys wat uit die navorsing na vore gekom het en aandag is gegee aan ŉ reis van geloofsonderskeiding deur die leierskap asook die gemeente. Terwyl daar in diepte ingegaan is op geloofsonderskeiding, is ook geraak aan besluitnemingsbenaderings, apostel-leierskap en leierskap. Die transformasie-proses van die kerkraad en gemeente is ook uitgespel.

Ten slotte: die navorsing het die volgende vraag gevra, naamlik wat is die verband tussen die VGK Saron se identiteit en die leierskapuitdagings? Die hipotese was: indien die gemeente en sy leierskap kan ontdek dat ŉ geloofsgemeenskap se identiteit ten diepste geanker is in die drie-enige God en dat sy bestaansdoel

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

geformuleer word deur God se doel met die wêreld *(die missio Dei),* kan die huidige impasse waarin die gemeente verkeer, deurbreek word.

Die navorser se bevinding en antwoord op die vraag is die volgende: Saron is gedurende die eerwaarde era met streng wette beheer en daar het ook sterk invloed van die eerwaarde uitgegaan. Die identiteit van die gemeente is gelegitimeerd gevorm en was ʼn institusionele stelsel. As sodanig was dit ʼn formele stelsel wat deur ʼn proses van reëls en kerkorde wette gevorm is en waarvan niemand durf afgewyk het nie. Lidmate het op die wyse ʼn outoritêre Godsbegrip ontwikkel, is oor meer as 100 jaar gekondisioneer om hulself as minderwaardig te ervaar en is hul natuurlike leierskap sodanig onderdruk dat inisiatief in hul enigste ware tuiste, die kerklike gemeenskap, konstant doodgesmoor is. Dit het gelei tot individualisme, miskenning van gawes en leierspotensiaal en het tot gevolg gehad dat die gemeente in ʼn impasse verkeer.

Die identiteit van die kerk word gebou op die identiteit van die drie-enige God. Laasgenoemde is die bron en die kerk ontwikkel hieruit. Die gemeente en leierskap kry nou geleentheid om hul werklike identiteit in die drie-enige God te herontdek. En dit is hierdie herontdekte gemeente as die VGK Saron met hul leierskap wat die drie-enige God nou na die wêreld stuur. Die *missio Dei* is ʼn aktiwiteit van God en die VGK Saron is bevoorreg om hierin te deel. Op dié manier kan die gemeente in ʼn snelveranderende wêreld ingestuur word om lief te hê, te dien, te preek, te leer, te heel en te bevry. Die uitstuur van die gemeente word nou diens, heling en versoening van ʼn verdeelde en verwonde mensdom. So word daar gebreek met ʼn teologie wat van bo afgeforseer is en in die plek daarvan kom ʼn teologie met ʼn nuwe konteks – ʼn teologie wat deelnemend-gehoorsaam aan God is.

Die impasse kan nou deurbreek word...en die VGK Saron kan ʼn nuwe hoofstuk begin...

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

11. BRONNELYS

1. ARTIKELS EN VERSLAE

BABBIE, E. & MOUTON, J. 2004. *The Practice of Social Research*, OUP, CTown.

BEVANS, Stephan B. & Roger P. SCHROEDER. 2004. *Constants in Context: A Theology of Mission for Today, American Society of Missiology Series, No. 30,* Orbis Books

BOESAK, W. 2001.*"Khoisan Geloof! Wat maak ons daarmee?"* Oudtshoorn: NKOK bundel (IHN, UWK).

BOTHA, A. 2001. *SendingjuweelSaron se kultuurerfenis toerismebate*, Die Burger

CHURCH INNOVATIONS, nd. *Partnership for Missional Church, Local Church Guide for Spiritual Discernment,* Church Innovations Institute.

HAYKIN, Michael A. G. 2001. *Reformation and Revival, The Undivided Three: The Doctrine of the Trinity in Church History, A Quaterly Journal for Church Leadership*, Vol 10, Nr. 3

KRITZINGER, J N J (Klippies). 2007. *' A Question of Mission – A Mission of Question'*: CWM'S Network of Theological Enquiry.

LIVINGSTON, John Kevin. 1989. *A Missiology of the Road: The Theology of Mission and Evangelism in the Writings of David J. Bosch*

LUGINAAH, Isaac, 2005. *From Mandatory to Voluntary Testing: Balancing Human Rights , Religion and Cultural Values and HIV/Aids Prevention in Ghana.*

MARAIS, F. 2009. *Die vergete apostel-leierskap.*

MARAIS, Dr. Frederick & Dr. Patricia Taylor ELLISON. 2007. *Push Through The Pain: the Spirit transforming churches across the world.*

MUKUNDI, G. Wachira. 2009. *South Africa: constitutional, legislative and administrative provisions concerning indigenous peoples.*

NUSSBAUM, Stan. 2005. *"A Readers Guide to Transforming Mission,": A concise accessible companion to David Bosch's classic book,* American Society of Missiology Series, No 37, Orbis Books.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

SHAW, R. Daniel & Charles E. Van Engen. 2003.*Communicating God's Word in a Complex World: God's Truth or Hocus Pocus?"* Rowman & Littlefield Publishers, Inc.

SIMON, D. X. 2004. *Witnesses as strangers responding to "Bodily Imperatives" of the poor, Deel 45 Nommer 2 Supplementum.*

2. BOEKE

ADAIR, John en John NELSON. 2004. *CREATIVE LEADERSHIP, On the Challenge of making a difference through Leadership: WELSCH, Elizabeth, Leadership with vision: a challenge for the churches?* Norwich: Canterbury Press.

ADAMS, Andrew and McCRINDLE, Rachel J. 2008. *Pandora's Box,* John Wiley & Sons Ltd. England.

AMMERMAN, Nancy T. CARROLL, Jackson W. DUDLEY Carl S. MCKINNEY, William. 1998. *Studying Congregations, A New Handbook.* Nashville*:* Abington Press

ARBUCKLE, Gerald A. 1993. *Refounding the Church: Dissent for Leadership.* Strand, London: Geoffrey Chapman

ARMOUR, C. & BROWNING, Don. 2000. *Systems-sensitive Leadership: Empowering Diversity without Polarizing the Church*. Joblin: College Press Publishing Company

BARRET, Lois Y. 2004. *Treasure in Clay Jars: Patterns in Missional Faithfulness*. Grand Rapids Michigan/Cambridge, UK: Eerdmans.

BELL, Rob. 2005. *Velvet Elvis: Repainting The Christian Faith*. Grand Rapids, Michigan: Zondervan.

BERKHOF, H. 1965. *De Leer van de Heilige Geest*, Nijkerk uitgeverij N.V.

BOEZAK, Dr. Willem A. 2006. *So Glo Ons: die khoe-san van suid-afrika*. Kimberley

BOOYS, Petrus J. 2008. *Nabot se Grond: 'n Interpretasie van 1 Konings 21 deur die Khoi-Khoin as 'n bydrae tot die gronddebat in ons land.* Scottsville (Kraaifontein): !Anu-!Hub Uitgewery

BOSCH, David J. 1991. *Transforming Mission: Paradigm Shifts in Theology of Mission.* New York: Orbis Books.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

BREDEKAMP, H C. 1982. *Van Veeverskaffers tot Veewagters: 'n Historiese Ondersoek na betrekkinge tussen die Khoikhoi en Europeërs aan die Kaap 1662-1679.* Bellville: IHN

BUCHANAN, Duncan and Hendriks Jurgens (Edit), 1995. *Meeting the Future, Christian Leadership in South Africa,* Randburg: Knowledge Resources

BURGER, Coenie 2005. *Ontmoetings met die Lewend God.* Wellington: Lux Verbi.

CASTELLS, Manuel. 2004. *The Power of Identity, The Information Age: Economy, Society and Culture, Volume II*. Oxford: Blackwell Publishing.

CLOETE, W. G. 2003. *Op Soek Na Ons Siel*. Saron.

DALE, Robert D. 1998. *Leadership For a Changing Church: Charting the shape of the River*. Nashville: Abbington Press.

DAMICK, Andrew S. 2004. *Songs of Time and Season.* Lulu.com.

DEBROEY, Stephan. 1982. *Zuid-Afrika naar de bronnen van de Apartheid*. Kasterlee: Uitgeverij De Vroente.

DUBOSE, Francis M. 1983. *God Who Sends: A Fresh quest for Biblical Mission*. Nashville: Broadman.

DYKSTRA, Craig. 2005. *Growing in the Life of Faith, Education and Christian Practices*. Kentucky: Westminster John Knox.

EASUM, William M. & BANDY, Thomas G. 1997. *Growing Spiritual Redwoods.* Nashville: Abington Press..

FRANSEN, Hans. 2004. *The Old Buildings of the Cape.*Johannesburg: Jonathan Ball.

FRIEDMAN, Thomas L.2006. *The World is Flat*, England: Penguin Books.

GUDER, Darrell L.2000. *Continuing Conversion of the Church: The Gospel and Our Culture*. Grand Rapids: Eerdmans.

GUDER, Darrell L. 1998. *Missional Church: A vision for the Sending of the Church in North America*. Grand Rapids:Eerdmans.

HAHN, Th.1881. *Tsuni -//Goam: The Supreme Being of the Khoi-Khoi*. London: Juta.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HENDRIKS, H. Jurgens. 2004. *Studying Congregations in Africa*. Wellington: Lux Verbi.

KEEL, Tim. 2007. *Intuitive Leadership: Embracing a paradigm of narrative, metaphor & chaos.* Grand Rapids, Michigan: Baker Books.

KEIFERT, Patrick. 2007. *Ons is nou Hier: 'n Nuwe Era Van Gestuur-wees - 'n Missionale Ontdekkingsreis*. Wellington: Bybel-Media.

KILINSKI, Kenneth K. en Jerry C. WOFFORD. 1973*. Organization and Leadership in the Local Church*. Grand Rapids, Michigan: Zondervan Corporation.

LIEBERT, Elizabeth 2008. *The Way of Discernment: Spiritual Practises for Decision Making*. Louisville, Kentucky: Westminster John Knox.

MARAIS, Frederick 2007. *God Praat-Leef Luisterryk (Vergaderings).* Bybel-Media,

McGRATH, Allister 2007. *Christian Theology: An Introduction – Fourth Edition*. Blackwell Publishing.

McLAREN, Brian, 2007.*Everything Must Change: When the world's biggest problems and Jesus' Good News collide*. Nashville, Tennessee: Thomas Nelson.

MEAD, Loren B.1994. *Transforming Congregations for the Future* An Alban Institute Publications.

MILLER, C. John, 1986, *Outgrowing The Ingrown Church*, Grand Rapids, Michigan: Zondervan Publishing House.

MILLER, Michael D. 2004. *The Kingdom Focused Leader: Seeing God at work in you, through you and around you.* Nashville, Tennessee: Broadman & Holman Publishers.

OLPP, J. 1977. *Nama-Grammatika,* Inboorling Taalburo, Windhoek.

OSMER, Richard. R, 2008. *Practical Theology, An Introduction*, Michigan, William B. Eerdmans Publishing Company

PETERSON, Eugene H. 2005. *Christ Plays in Ten Thousand Places: A conversation in Spiritual Theology*. London: Hodder & Stoughton.

PETERSON, Eugene H. 1987. *Working the Angels, The Shape of Pastoral Integrity*, Michigan, William B. Eerdmans.

PLAATJES, J. E. 1960. *Fees-album 1847 – 1960*. Wellingtonse Ekonomiese Pers.

ROXBURGH, Alan J. 2005. *The Sky is Falling, Leaders Lost in Transition*, Eagle. ACI Publishing.

SAMUEL,Vinay en Chris SUGDEN, Chris. 1999. *Mission as Transformation: Kingdom Affirmations and Commitments*. Regnum Books International.

STANLEY, Charles F.2008. *Stuck in Reverse: Break free from fear and disbelief and enjoy the good things God has for you.* Nashville, Tennessee.

TROSKIE, Albert. 2010. *The Pipe Organ Heritage of South Africa*. Albert Troskie

VAN SANDERS 2006. *Persuing the Mission of God in Church Planting, The Mission of God and the Local Church*

VOLF, Miroslav 1998. *After our Likeness: The Church as the Image of the Trinity-Sacra Doctrina*. Grand Rapids: Eerdmans.

WEITSZ, Harold F.2009. *21-day Spiritual Transformation: Transforming Spirit, Soul and Body.* Basileia Publishing.

WITTENBERG, Gunther H. 1991. *I have Heard the Cry of my People, The Bible in Context No 1*. Pietermaritsburg: Institute for the Study of the Bible in collaboration with Cluster Publications.

WORKING GROUP. 2004. *Mission-shaped Church: Church planting and fresh expressions of church in a changing context.* London: Church House Publishing.

TESISSE

FLAENDORP DF.*Die Bruinmense van Zuurbraak:200 jaar spiritualiteitsvorming deur ŉ identiteit van gemarginaliseerdheid.* D.Th. 2007. 305pp Studieleier: Prof C Landman

Mock CJ. ŉ *Identiteitsanalise van die Ned Geref Gemeente Nieuwoudtville*. M. Th. 1994. 166pp Studieleier; Dr HJ Hendriks

4. INTERNET BRONNE

www.adherents.com/Religions_By-Adherents.html

www.calendar-365.com/moon/moon-calendar

http://en.wikipedia.org/wiki/File:Praying_mantis_india.jpg

http://en.wikipedia.org/wiki/Perichoresis)

htt://en.wikepedia.org/wik:/File:Shield-Trinity-Scutum-Fidei-English.svg

http://www.communitas.co.za/blogs/gebed/gebede/2318-pryer-of-examen?lang=

http://www.contemplativeoutreach.org/site/PageServer?pagename=about_practices_lectio

http://www.ignatiusinsight.com/info/aboutignatiusinsight.asp.

www.mapoftheworld.com

www.nationmaster.com/country/sf-south-africa/rel-religion

http://www.studylight.org/dic/hbd/view.cgi?number=T5333

http://www.un.org/rights/indigenous/mediaadv.html

http://www.un.org/esa/socdev/unpfii/en/second.html

http://upload.wikemedia.org/wikepedia/commons/c/c5/

http://www.wsu.edu/~brians/hum-303/enlightment.html

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

BYLAAG 1

GEMEENTEVRAELYS: OPNAME 2010

DEMOGRAFIESE INLIGTING, AKTIWITEITE, BELANGSTELLINGS- EN BEKWAAMHEIDSVRAELYS TEN OPSIGTE VAN DIE LIDMATE VAN DIE VGK SARON

Die vraelys word deur die gesinshoof voltooi. Beantwoord asb. die volgende vrae deur ’n regmerkie in die toepaslike blokkie te maak. Moenie u naam verstrek nie asseblief.

Die vraelys is deel van ’n studie vir ’n Meestersgraad wat die verband tussen die VGK Saron se identiteit en die leierskapsuitdagings waarvoor dit staan, navors. Die Kerkraad van die VGK Saron gaan ook die inligting gebruik om vas te stel waar ons tans as gemeente staan. Dit bied terselfdertyd ook vir die eerste keer geleentheid aan u as lidmaat om ’n bydrae te lewer tot die skryf van die gemeente se teologie.

A. GESINS-INFORMASIE:

1. (a) My geslag is: (Merk slegs die blokkie wat op u betrekking het).

Manlik		Vroulik	

1. (b) My ouderdom is: (Merk slegs slegs die blokkie wat op u etrekking het

19jr en Jonger		20-24jr		25-34jr		35-44jr		45-54jr		55-64jr		65jr en Ouer	

1. (c) My huwelikstatus is: (Merk slegs die blokkie wat op u betrekking het).

Getroud		Weduwee		Wewenaar		Geskei/Ongetroud		In Saamleef verhouding	

1. (d) My ekonomiese status is: (Merk slegs die blokkie wat op u betrekking het).

Werksaam		Werkloos		Pensioenaris / Ander Staats-ondersteuning		Eie Besigheid	

1. (e) My beroepskategorie: (Merk slegs een blokkie).

Professioneel		Semi-Professioneel		Tegnies/Bestuur		Administratief / Klerklik	

1. (f) Ek sien myself as ’n Khoe-San afstammeling: (Merk slegs Ja of Nee).

Ja		Nee	

2. Ek het soveel biologiese en/ aangenome kinders: (Skryf slegs die getal neer).

Biologies en/of Aangenome Kinders	

3. My kinders (met ouderdomme) wat by my in die huis woon en nog nie getroud is nie: (Skryf getal in blokkie)

19jr en Jonger		20-24jr		25-34jr		35-44jr		45jr en Ouer	

4. My gesin bestaan uit soveel belydende lidmate (Skryf die getal in die blokkie).

VGK		Ander Denominasies	

5. My gesin bestaan uit soveel doop-lidmate: (Skryf die getal in die blokkie).:

VGK		Ander Denominasies	

6. Ons praat hoofsaaklik

Afrikaans		Engels		Xhosa		Ander	

7. My opvoedingsvlak (Merk slegs een Blokkie)

Geen Skool		Graad 1-3		Graad 4-6		Graad 7-9	
Graad 10-11		Matriek		Diploma		Graad	
ABET Vlak 1		ABET Vlak 2		ABET Vlak 3		ABET Vlak 4	

B. Gemeentelik

8. Ek is vir so lank by die gemeente betrokke: (Merk slegs 1 blokkie)

Minder as 1jr		1-3jr		4-7jr		8-15jr		15jr en Ouer	

9. My afstand van die kerk:(Merk slegs 1 blokkie)

Minder as 1Km		1-2Kmr		3-5Km		6-10Km		10Km en Meer	

10. My bywoning van eredienste:(Merk slegs 1 blokkie)

Gereeld (Elke Sondag)		Minder gereeld (2x per maand)		Soms (1x per maand)		Weing (2x per jaar)		Glad nie	

11. My bywoning van bidure: (Merk slegs 1 blokkie)

Gereeld (Elke Sondag)		Minder gereeld (2x per maand)		Soms (1x per maand)		Weing (2x per jaar)		Glad nie	

12. My invloed het persone by by die gemeente laat aansluit: (Merk slegs een blokkie)

Geen)		Een		Twee		Drie		Vier Plus	

13. Ek lees my Bybel soveel keer in die privaatheid: (Merk slegs een blokkie)

Daagliks		2x 'n week		1x 'n week		In Nood		Baie weinig	

14. Ek en die gee van my dankoffer: (Merk slegs een blokkie)

Ek gee 'n volle tiende		Ek gee nog nie 'n volle tiende		Ek gee nog volgens die bydrae stelsel		Ek sal later by die tiende stelsel inskakel		Ek gee geen offers aan die gemeente nie	

15. Ek is so betrokke in die gemeente: (Merk almal wat van toepassing is)

Kerkraad		Vrouebediening		CYM		Kerkkoor		Brigade	
Sondagskool		CKB		Diakonie (SGD)		Gestuurdheid		Glad nie	

16. My gawes wat ek aan die gemeente beskikbaar kan stel: (Merk almal van toepassing. Indien "ander", hoe sou u wou help?)

Organiseer		Beplan		Gasvry		Leiding gee		Ander/Geen	

17. Ek kan of dra reeds die volgende by tot die gemeente: (Merk almal van toepassing)

Energie		Produkte		Hulp/Diens		Advies		Geen/Niks	

18. Ek verwag die volgende van my gemeente: of ek betrokke is of nie. (Merk slegs een blokkie per afdeling waar 1 die minste en 5 die meeste waarde het).

		Min ←				**→ Baie**
1.	Gereelde huisbesoek en gebed	1	2	3	4	5
2.	Tussenganger tydens konflik	1	2	3	4	5
3.	Moet my geestelik laat groei	1	2	3	4	5
4.	Moet mense in nood bystaan	1	2	3	4	5
5.	Moet my persoonlike status verhoog	1	2	3	4	5
6.	Aanmoediging en onder-steuning tydens lief en leed	1	2	3	4	5
7.	Leierskap moet sterk uitkom vir sake	1	2	3	4	5
8.	Moet my begrafnis hou	1	2	3	4	5
9.	Moet die God wat stuur aan my bekend maak	1	2	3	4	5
10.	Moet my los en het niks met my uit te waai	1	2	3	4	5

19. My indruk van die gemeente se verenigings is die volgende: (Merk slegs een blokkie)

Beste in die dorp		Goeie geleent-heid vir gees-telike groei		Hulp/Diens		Advies		Geen/Niks	

20. My algemene indruk van ons lof en aanbiddingsgroep is: (Merk slegs een blokkie)

Smaakvol		Aanvaarbaar		Fokus op die self		Nie te goed		Geen	

21. My algemene indruk van my gemeente se geestelike toestand is: (Merk slegs een blokkie)

Uitstekend		Groeiend		Goed		Arm		Geen	

22. My algemene indruk van ons kerkleierskap is die volgende : (Merk by elke item met 'n kruisie die glyskaal in die rigting waarin jou indruk die sterkste is).

	1 ←	2 ←	3	4 →	5 →	
Die kerkleierskap het uitstekende beplannings-en organiseringsvaardig-hede beplanning.						Die kerkleierskap het nie juis beplannings en organiserings-vaardighede nie
Die kerkleierskap toon 'n sterk roepingsbewustheid						Die kerkleierskap toon weinig teken van roepingsbewustheid
Die kerkleierskap handhaaf hoë vertroulikheidswaardes teenoor vergaderings en lidmate						Die kerkleierskap praat maklik uit vertroulike gesprekke met lidmate en ook uit vertroulike vergaderings
Die kerkleierskap toon diep geestelike groei met sterk geestelike dissiplines						Die kerkleierskap toon nie juis geestelike groei nie en het weinig geestelike dissiplines vir groei
Die kerkleierskap is ywerig en inspirerend en spoor lidmate aan tot nuwe inspirasie						Die kerkleierskap is nie juis ywerig en inspirerend nie en kan nouliks lidmate tot nuwe inspirasie aanspoor

23. Ons dominee en sy werk: (Merk by elke item met 'n kruisie op die glyskaal in die rigting waarin jou indruk die sterkste is).

	1 ←	2 ←	3	4 →	5 →	
Ons dominee vaar oor die algemeen uitstekend in sy werk						Ons dominee is oor die algemeen hopeloos in sy werk
Ons dominee handhaaf uitstekende verhoudinge met die gemeente						Ons dominee se verhouding met die gemeente is sommer uiters swak
Ons dominee se preke is kort, kragtig en sielskos vir die gemeente						Ons dominee se preke is gans te langdradig en niksseggend
Ons dominee moet liefs self preek en die administrasie van die gemeente doen						Ons dominee kan gerus meer van ons lidmate en kerkraadslede gebruik maak vir prediking en administrasie
Ons dominee se huisbesoek program moet beperk word tot die siekes en noodlydendes						Ons dominee kan gerus al die lidmate besoek of hul siek of gesond, meeleef met die gemeente of nie

24. Ek ondervind tans persoonlik probleme met die volgende: (Merk al die toepaslike blokkies). Indien "ander" verduidelik asseblief

Dobbelary		Alkohol/Dwelms		Buite-egtelikheid		Geweldadigheid		Ander/Geen	

25. My indruk van die administrasie (ook finansies) en die kantoor van my gemeente is: (Merk die toepaslike blokkies).

Deursigtig en Verantwoorbaar		Presies en Akkuraat		Goeie stelsels wat kan ver-beter is in plek		Slordig	

26. Ek sien die toekoms van my gemeente so: (Merk slegs een blokkie)

Groeiend		Groter betrok-ke by die gemeenskap		Bly soos dit is		Sterwend	

27. Beskryf jou voorkeur ten opsigte van simbole in die gemeente aan die hand van die volgende skaal: (Merk met 'n kruisie op die glyskaal die rigting waarin jy die simboliek sien).

	1 ←	2 ←	3	4 →	5 →	
Ons Europees Gereformeerde Tradisie moet in die gemeente weerspieel word.						Ons Khoe-San Tradisie moet in die gemeente weerspieel word

28. Ek voel so oor die toestand van ons gemeente se eiendom.(Merk slegs een blokkie)

Dis goed soos dit is en kan net so bly		Dit kan net so bly, maar benodig beter sekuriteit		Dis baie verwaarloos en het dringend op-knapping nodig		Dis baie verwaarloos en het dringend op-knapping en beter sekuriteit nodig	

29. My opinie van ons gemeente se beplanning is so: (Merk slegs een blokkie)

Baie goed		Kan verbeter		Swak		Geen beplanning nie	

30. Ek dink die kommunikasie van die gemeente met die lidmate is: (Merk slegs een blokkie)

Baie goed		Kan verbeter		Gangbaar		Swak	

31. Ek dink so ten opsigte van konflik in die gemeente die afgelope 2 jaar: (Merk slegs een blokkie).

Geen konflik waarvan ek bewus is nie		Minder ernstige konflik		Ernstige konflik		Ernstige konflik sodat van die leiers of lidmate *die gemeente verlaat* het	

32. Beskryf jou voorkeur ten opsigte van kampe aan die hand van die volgende skaal. (Merk by elke item met ‘n kruisie op die glyskaal die rigting waarin jy die belangrikheid sien).

	1 ←	2 ←	3	4 →	5 →	
Die kerkleierskap moet ten minste een keer per jaar ’ n kamp reël met ’n geestelik-sosiale inslag						Die kerkleierskap het geen kampe van enige aard nodig nie
Die kerkleierskap moet gereeld kampe reël vir families						Die kerkleierskap hoef nie kampe vir families te reël nie. Hulle kan dit self doen
Die kerkleierskap moet slegs kampe reël vir die onderskeie verenigings						Die kerkleierskap hoef nie kampe te reël vir die verenigings nie. Dis hul eie verantwoordelikheid.

.

BYLAAG 2

1(a) Geslag



1(b) ouderdom



1(c) huwelikstatus






Histogram of beroep
Spreadsheet3 in George Cloete resultate.stw 62v*449c
No of obs
280
260
240
220
200
180
160
140
120
100
80
60
40
20
0
22 5%
11 2%
14 3%
14 3%
3 1%
3 1%
2 0%
30 7%
59 13%
18 4%
19 4%
254 57%
Professioneel
Semi- professioneel
Tegnies/Bestuur
Administratief / Klerklik
Verkoops- personeel / vervoe
Aflewerings- dienste
Kommunikasie- werker
Boerdery
Produksie- werker
Fabrieks-werker
Toesighouer
ander
beroep


Histogram of Khoe-San afstammeling
Spreadsheet3 in George Cloete resultate.stw 62v*449c
No of obs
350
300
250
200
150
100
50
0
329 74%
115 26%
ja
nee
Khoe-San afstammeling


Histogram of aantal kinders
Spreadsheet3 in George Cloete resultate.stw 62v*449c
median=2.0 mean=2.7016 sd=1.6008 min=0.0 max=10.0
No of obs
aantal kinders
median
25%-75%
non-outlier range
outliers


Histogram of kinders 19 jaar en jonger
Spreadsheet3 in George Cloete resultate.stw 62v*449c
median=1.0 mean=0.9065 sd=1.009 min=0.0 max=5.0
203 45%
124 28%
91 20%
24 5%
6 1%
1 0%
No of obs
kinders 19 jaar en jonger
median
25%-75%
non-outlier range
outliers


Histogram of kinders 20 tot 24 jr
Spreadsheet3 in George Cloete resultate.stw 62v*449c
No of obs
350
300
250
200
150
100
50
0
294 65%
122 27%
32 7%
1 0%
0
1
2
3
kinders 20 tot 24 jr


Histogram of kinders 25 tot 34jr
Spreadsheet3 in George Cloete resultate.stw 62v*449c
No of obs
450
400
350
300
250
200
150
100
50
0
388 86%
48 11%
10 2%
3 1%
0
1
2
3
kinders 25 tot 34jr


Histogram of kinders 35 tot 44jr
Spreadsheet3 in George Cloete resultate.stw 62v*449c
No of obs
450
400
350
300
250
200
150
100
50
0
418 93%
22 5%
3 1%
4 1%
1 0%
0
1
2
3
4
kinders 35 tot 44jr


Histogram of Aantal beleidende VGK
Spreadsheet3 in George Cloete resultate.stw 62v*449c
median=2.0 mean=2.4165 sd=1.3555 min=0.0 max=8.0
No of obs
160
140
120
100
80
60
40
20
0
-20
-40
0
1
2
3
4
5
6
7
8
Aantal beleidende VGK
median
25%-75%
non-outlier range
outliers



5(a) aantal gedoopte VGK




Histogram of Aantal gedoopte ander
Spreadsheet3 in George Cloete resultate.stw 62v*449c
No of obs
500
450
400
350
300
250
200
150
100
50
0
438 98%
8 2%
2 0%
1 0%
0
1
2
3
4
5
6
Aantal gedoopte ander


Histogram of taal
Spreadsheet3 in George Cloete resultate.stw 62v*449c
No of obs
500
450
400
350
300
250
200
150
100
50
0
449 100%
Afrikaans
taal


Histogram of opvoedingsvlak
Spreadsheet3 in George Cloete resultate.stw 62v*449c
No of obs
0
20
40
60
80
100
120
140
160
180
10 2%
9 2%
68 15%
171 38%
103 23%
57 13%
27 6%
1 0%
3 1%
Geen skool
Graad 1-3
Graad 4-6
Graad 7-9
Graad 10-11
Matriek
Diploma
Graad
ABET Vlak 1
ABET Vlak 2
opvoedingsvlak


Histogram of betrokke by gemeente
Spreadsheet3 in George Cloete resultate.stw 62v*449c
No of obs
0
20
40
60
80
100
120
140
160
180
200
220
240
260
280
300
4 1%
8 2%
28 6%
131 29%
278 62%
Minder As 1jaar
Een tot 3 jaar
Vier tot 7 jaar
Agt tot 15 jaar
15 jaar En meer
betrokke by gemeente


Histogram of afstand van kerk
Spreadsheet3 in George Cloete resultate.stw 62v*449c
No of obs
280
260
240
220
200
180
160
140
120
100
80
60
40
20
0
58 13%
105 23%
266 59%
19 4%
1 0%
Minder as 1 km
1-2km
3-5km
6-10km
10km en meer
afstand van kerk


Histogram of bywoning van eredienste
Spreadsheet3 in George Cloete resultate.stw 62v*449c
No of obs
240
220
200
180
160
140
120
100
80
60
40
20
0
51 11%
220 49%
114 25%
48 11%
16 4%
Gereeld (Elke Sondag)
Minder gereeld (2 keer per maand)
Soms (1 keer per maand)
Weinig (2 keer per jaar
Glad nie
bywoning van eredienste



6. invloed op mense




Histogram of Vraag B13
Spreadsheet3 in George Cloete resultate.stw 62v*449c
No of obs
240
220
200
180
160
140
120
100
80
60
40
20
0
223 50%
129 29%
43 10%
19 4%
33 7%
Daagliks
2 keer 'n week
1keer 'n week
In nood
Baie weinig
Vraag B13


Histogram of Vraag B14
Spreadsheet3 in George Cloete resultate.stw 62v*449c
No of obs
160
140
120
100
80
60
40
20
0
103 23%
148 33%
72 16%
83 18%
43 10%
Ek gee 'n volle tiende.
Ek gee nog nie 'n volle tiende nie.
Ek gee nog volgens die bydrag stelsel
Ek sal later by die tiende stelsel inskakel
Ek gee geen offers aan die gemeente nie.
Vraag B14



6. Gawes beskikbaar




Bar/Column Plot of Count of yes
Spreadsheet7 3v*5c
280
260
240
220
200
180
160
140
120
100
80
60
40
20
0
57%
36%
28%
20%
16%
Produkte
Hulp/diens
Energie
Geen/niks
Advies
Vraag B17
Count of yes


Histogram of Vraag B18.1
Spreadsheet3 in George Cloete resultate.stw 62v*449c
No of obs
240
220
200
180
160
140
120
100
80
60
40
20
0
12 3%
13 3%
108 24%
95 21%
219 49%
1
2
3
4
5
Vraag B18.1


Histogram of Vraag B18.2
Spreadsheet3 in George Cloete resultate.stw 62v*449c
No of obs
140
120
100
80
60
40
20
0
108 24%
48 11%
129 29%
49 11%
111 25%
1
2
3
4
5
Vraag B18.2


Histogram of Vraag B18.3
Spreadsheet3 in George Cloete resultate.stw 62v*449c
No of obs
350
300
250
200
150
100
50
0
3 1%
5 1%
32 7%
82 18%
326 73%
1
2
3
4
5
Vraag B18.3


Histogram of Vraag B18.4
Spreadsheet3 in George Cloete resultate.stw 62v*449c
No of obs
350
300
250
200
150
100
50
0
6 1%
2 0%
31 7%
92 21%
317 71%
1
2
3
4
5
Vraag B18.4


Histogram of Vraag B18.5
Spreadsheet3 in George Cloete resultate.stw 62v*449c
No of obs
140
120
100
80
60
40
20
0
131 30%
53 12%
99 22%
52 12%
108 24%
1
2
3
4
5
Vraag B18.5


Histogram of Vraag B18.6
Spreadsheet3 in George Cloete resultate.stw 62v*449c
No of obs
350
300
250
200
150
100
50
0
6 1%
3 1%
20 4%
86 19%
332 74%
1
2
3
4
5
Vraag B18.6


Histogram of Vraag B18.7
Spreadsheet3 in George Cloete resultate.stw 62v*449c
No of obs
300
280
260
240
220
200
180
160
140
120
100
80
60
40
20
0
9 2%
6 1%
80 18%
80 18%
274 61%
1
2
3
4
5
Vraag B18.7


Histogram of Vraag B18.8
Spreadsheet3 in George Cloete resultate.stw 62v*449c
No of obs
280
260
240
220
200
180
160
140
120
100
80
60
40
20
0
17 4%
25 6%
90 20%
64 14%
251 56%
1
2
3
4
5
Vraag B18.8


Histogram of Vraag B18.9
Spreadsheet3 in George Cloete resultate.stw 62v*449c
No of obs
400
350
300
250
200
150
100
50
0
3 1%
2 0%
9 2%
49 11%
381 86%
1
2
3
4
5
Vraag B18.9


Histogram of Vraag B18.10
Spreadsheet3 in George Cloete resultate.stw 62v*449c
No of obs
240
220
200
180
160
140
120
100
80
60
40
20
0
227 51%
56 13%
85 19%
30 7%
47 11%
1
2
3
4
5
Vraag B18.10


Histogram of vraag B19
Spreadsheet3 in George Cloete resultate.stw 62v*449c
No of obs
350
300
250
200
150
100
50
0
44 10%
313 70%
13 3%
69 15%
10 2%
Die beste in die dorp
'n Goeie geleentheid vir geeste- like groei .
Dis eintlik net sosiale klubs.
So-so
Die swakste in die dorp.
vraag B19

19 Lof en aanbidding





22(1) indruk van kerkleierskap: roepingsbewus






Histogram of vraag B22.3
Spreadsheet3 in George Cloete resultate.stw 62v*449c
No of obs
200
180
160
140
120
100
80
60
40
20
0
90 20%
50 11%
180 40%
40 9%
89 20%
1
2
3
4
5
vraag B22.3


Histogram of vraag B22.4
Spreadsheet3 in George Cloete resultate.stw 62v*449c
No of obs
240
220
200
180
160
140
120
100
80
60
40
20
0
69 15%
68 15%
213 47%
32 7%
67 15%
1
2
3
4
5
vraag B22.4


Histogram of vraag B22.5
Spreadsheet3 in George Cloete resultate.stw 62v*449c
No of obs
240
220
200
180
160
140
120
100
80
60
40
20
0
77 17%
46 10%
221 49%
38 8%
67 15%
1
2
3
4
5
vraag B22.5


Histogram of vraag B23.1
Spreadsheet3 in George Cloete resultate.stw 62v*449c
No of obs
260
240
220
200
180
160
140
120
100
80
60
40
20
0
249 55%
64 14%
113 25%
11 2%
12 3%
1
2
3
4
5
vraag B23.1


Histogram of vraag B23.2
Spreadsheet3 in George Cloete resultate.stw 62v*449c
No of obs
0
20
40
60
80
100
120
140
160
180
172 38%
79 18%
130 29%
30 7%
37 8%
1
2
3
4
5
vraag B23.2


Histogram of vraag B23.3
Spreadsheet3 in George Cloete resultate.stw 62v*449c
No of obs
0
20
40
60
80
100
120
140
160
180
200
220
240
260
280
268 60%
47 10%
112 25%
7 2%
14 3%
1
2
3
4
5
vraag B23.3


Histogram of vraag B23.4
Spreadsheet3 in George Cloete resultate.stw 62v*449c
No of obs
200
180
160
140
120
100
80
60
40
20
0
52 12%
31 7%
180 40%
63 14%
122 27%
1
2
3
4
5
vraag B23.4


Histogram of vraag B23.5
Spreadsheet3 in George Cloete resultate.stw 62v*449c
No of obs
200
180
160
140
120
100
80
60
40
20
0
70 16%
31 7%
107 24%
51 11%
189 42%
1
2
3
4
5
vraag B23.5


Bar/Column Plot of Count of yes
Spreadsheet8 3v*5c
220
200
180
160
140
120
100
80
60
40
20
0
46%
27%
24%
7%
5%
Geen
Ander
Alkohol /dwelms
Buite-egtelikheid
Gewelda-digheid
vraag B24
Count of yes


Histogram of vraag B25
Spreadsheet3 in George Cloete resultate.stw 62v*449c
No of obs
220
200
180
160
140
120
100
80
60
40
20
0
115 26%
122 28%
198 45%
6 1%
Deursigtig en Verant- woordbaar.
Presies en Akkuraat.
Goeie stelsels wat nog kan verbeter, is in plek
Slordig
vraag B25


Histogram of vraag B26
Spreadsheet3 in George Cloete resultate.stw 62v*449c
No of obs
260
240
220
200
180
160
140
120
100
80
60
40
20
0
243 54%
140 31%
47 11%
17 4%
Groeiend
Bly soos dit is
Groter betrokke by die gemeenskap
Sterwend
vraag B26


Histogram of vraag B27
Spreadsheet3 in George Cloete resultate.stw 62v*449c
No of obs
260
240
220
200
180
160
140
120
100
80
60
40
20
0
54 12%
21 5%
237 53%
36 8%
98 22%
1
2
3
4
5
vraag B27

28. Toestand van eiendom



29. beplanning van gemeente



30. kommunikasie van gemeente



31. Konflik



32(1) kampe: vir gemeente



32 (2) Kampe: vir families



32 (3) kampe: vir verenigings



Vergelykings

Ouderdom vs B27

	Spreadsheet 3 in George Cloete resultate stw				
	1 variable 1	2 variable 2	3 variable 3	4 variable 4	5 variable 5
1	Ouderdom	Vraag B27	0.08	0.08	446

ouderdom | ekonomiese status

ekonomiese status; LS Means



LSD test; variable ouderdom (Spreadsheet3 in George Cloete resultate.stw)

	LSD test: varaiable ouderdom (Spreadsheet 3 in George Cloete Probabilities for Post Hoc Tests) Error: Between MS = .83754. Df = 443.00			
Cell No.	Ekonomiese status	(1) 4.2098	(2) 4.5429	(3) 6.6426
1	Werksaam		0.00256	0.00
2	Werkloos	0.00256		0.00
3	Pensionaris	0.00000	0.00000	

Ekonomiese status; LS Means (Spreadsheet3 in George Cloete resultate.stw)

	Ekonomiese status: LS Means (Spreadsheet 3 in George Cloete resultate.s Current effect: F (2.443) = 212.65. p = 0.00000 Effective hypothesis decoposition					
Cell No.	Ekonomiese status	ouderdom Mean	ouderdom std,Err.	ouderdom -95.00%	Ouderdom +95.00%	N
1	Werksaan	4.02975	0.06391	4.08413	4.33547	205
2	Werkloos	4.54285	0.08931	4.36733	4.71838	105
3	Pensionaris	6.24264	0.07847	5.08841	6.39687	136

Descriptive Statistics (Spreadsheet3 in George Cloete resultate.stw)

	Descriptive Statistics (Spreadsheet 3 in George Cloete resultate.stw						
Effect	Level of factor	N	ouderdom Mean	ouderdom Std.Dev	ouderdom std,Err.	ouderdom -95.00%	Ouderdom +95.00%
Total		**446**	**4.90807**	**1.27836**	**0.06053**	**4.78910**	**5.02703**
Ekonomiese status	Werksaam	205	4.20975	0.88556	0.06185	4.08780	4.33170
Ekonomiese status	Werkloos	105	4.54285	0.89902	0.08773	4.36887	4.71684
Ekonomiese status	Pensionaris	136	6.24264	0.96989	0.08316	6.07816	6.40712

Ekonomiese status | vraag B24

2-Way Summary Table: Observed Frequencies (Spreadsheet3 in George Cloete resultate.stw)

	Marked cells have count > 10. Chi-square		
Ekonomiese status	Vraag B24 Alkohol/dwelms	Vraag B24 Ander	Row Totals
Werksaam	39	148	187
Row%	29.27%	70.73%	
Werkloos	23	73	96
Row%	23.96%	76.04%	
Pensionaris	24	100	124
Row%	19.35%	80.65%	
Totaal	86	321	407

Categorized Histogram: ekonomiese status x vraag B24



Huwelikstatus | vraag B24

2. Way Summary Table: Observed Frequencies (Spreadsheet3 in George Cloete resultate.stw)

	Marked cells have count > 10. Chi-squa		
Huwelikstatus	Vraag B24 Alkohol/dwelms	Vraag B24 Ander	Row Totals
Getroud	48	116	164
Row%	29.27%	70.73%	
Weduwee	5	54	59
Row%	8.47%	91.53%	
Geskei	28	140	168
Row%	16.67%	83.33%	
Totaal	81	310	391

Categorized Histogram: huwelikstatus x vraag B24



Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

BYLAAG 3

VRAELYS

IMPAK OF INVLOED VAN MAKRO-OMGEWING OP DIE GEMEENTE

Beantwoord asb. die volgende vrae. Moenie u naam verstrek nie

1. Hoeveel van diegene in u huis wat matriek geslaag het, het werk gekry?

Werk gekry	
Nie werk gekry nie	

2. Noem twee huidige aktiewe politieke leiers wat 'n positiewe bydrae lewer.
   (i) :.....
   (ii) :.....
3. Noem twee huidige aktiewe politieke leiers wat 'n negatiewe bydrae lewer.
   (i) .....
   (ii) .....
4. Vertel hoe 'n wêreldgebeurtenis soos 9/11, die MIV/Vigs-pandemie of enige ander gebeure u persoonlik raak of geraak het?
   (i).....
   (ii).....
   (iii).....
5. Wat kyk u die meeste op televisie?
   (i)……
   (ii)……
   (iii)……..
6. Wat beïnvloed u huisgesin en huwelik negatief?
   (i).....
   (ii).....
   (iii).....
7. Vroue-regte is 'n belangrike saak. Wat is u mening oor die rol van vroue?
   (i).....
   (ii).....
   (iii).....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

BYLAAG 4

ONDERHOUDE GEVOER MET ROLSPELERS WAT BETROKKE IS IN DIE SARON GEMEENSKAP

Die response wat hieruit vloei, word verbatim weergegee om sodoende die legitimiteit daarvan te verseker.

A.Die landdros

1. Wat is na u mening die grootste uitdagings wat die gemeenskap van Saron in die gesig staar?

Ek is van mening dat, bo en behalwe die feit dat Saron eintlik ŉ sub-ekonomiese probleem het, is permanente indiensneming van kardinale belang. Permanente indiensneming bring permanente inkomste mee. Indien daar 2 tot 3 dae seisoenaal gewerk is, is dit eintlik sleg vir vooruitskattings. Sommige inwoners werk uit en is weg van die woonplek. Dit het weer die volgende tot gevolg: gesinsverbrokkeling, kindertjies wat sonder toesig op die straat beland en ook ontwrigting in die huishouding. Dit is hoekom ons so baie jeugmisdaad kry. Een van die grootste uitdagings is ŉ permanente inkomste.

Dan is daar ook nog die vergrype aan drank. Dit is ŉ geskiedkundige aspek van ons bruinmense, spesifiek – die feit dat ons mense geforseer was om soggens en saans drank as ŉ betaling te ontvang. Dit is goed indien daardie aspek sosiaal aangespreek word. Spreekwoordelik is ons mense eintlik onder die duim gehou. Daar is ongelukkig nog gesinne wat dit as ŉ norm aanvaar.

2. Vertel my meer van die dienste wat u as Justisie op Saron lewer.

Behalwe die feit dat ons die siviele reg sowel as die strafreg hanteer, doen ons ook die Qwasie-reg. Dit verwys na gesinsgeweld en die hantering van onderhoudsaspekte. Verder hanteer ons ook boedelaspekte soos die registrasie daarvan asook intestaat boedels. Al die voorafgenoemde aspekte is gratis. Ons vra geen geld nie juis vanweë die uitdagings wat vroeër genoem is. ŉ Permanente hofsetel vir Saron is in die pyplyn, maar dit neem ŉ ruk om afgehandel te word omdat daar eers afbakening moet geskied. Hierdie is ŉ belangrike stap omdat mense uit

Saron ongeveer 40 kilometer aflê en tot R80 / R90 rand betaal om hofverrigtinge by te woon.

3. Is daar sprake van enige samewerking tussen u en ander rolspelers in die gemeenskap en hoedanig is die samewerking?

Die samewerking wat die polisie teenoor justisie toon is op die oomblik baie goed. Daar is wel lede uit die gemeenskap wat ernstige klagtes het oor die gedrag van polisielede. Een van die klagtes wat sterk na vore tree, is die partydigheid van die polisie, die feit dat sake wat gemaak word nie behoorlik ondersoek word nie en swak openbare optredes van polisielede. Die samewerking met die Korrektiewe Dienste (Voorberg op Porterville en Obiqua in Tulbagh) is ook baie goed. Ek hoop net dat die Korrektiewe Dienste baie meer by die Saron gemeenskap betrokke kan wees en die gevonnisde meer inspan om die gemeenskap by te staan met bv. kampe, trustgronde, brandmerke en ander terreine.

4. Na u *mening*, wat is die dinge wat die meeste positief op die gemeenskap impakteer?

Die Nie-Regeringsorganisasies as gemeenskapsorganisasies het baie aktief geword. Hulle is bereid om te sê waar ʼn probleem is, na vore te kom en om hulp te vra. Gemeenskapsbetrokkenheid is juis nou van kardinale belang. Dit is nogal vir my ʼn ligpunt. Daar is ʼn projek, Oog op die Kind, wat regtig baie goeie vrywillige diens lewer. As daar probleme is, reik hulle ʼn vorm 4 uit en neem die kind na ʼn plek van veiligheid. Dit is nogal goed vir ons kinders. Die trauma-kamer is iets positief in die sin dat ʼn verkragterslagoffer en kinders nou weet waarheen om te gaan. Ek voel die aspek kan meer aangespreek word, maar ten minste weet slagoffers waarheen om te gaan.

5. Hoe kan die VGK Saron help om die dienste wat u op Saron lewer, te versterk?

As die grootste gemeente op die dorp, kan die kerk help om ʼn motivering te gee oor hoekom Saron ʼn permanente hofsetel moet kry. Juis omdat baie van die gemeente lede of hul families ongeveer 40 kilometer weg van die huis af hof moet loop of daarheen moet ryloop. Ek het nogal gedink dit sal ʼn goeie ding wees indien die kerk kan help met iets soos ʼn aftree-oord met genoeg ruimte en spasie, soos hier op Tulbagh. Ek dink Saron is tog nie so onveilig nie. Dis nog van die veiligste dorpe en dit sal goed wees om so ʼn plek te hê waar ʼn bejaarde sy / haar laaste jare kan

deurbring. Dit sal goed wees as mense hier kan kom aftree by ŉ sentrum met gesondheidsorg en veiligheid.

B. Stasie kommissaris van die SAPD

1. Wat is na u mening die grootste uitdagings wat die gemeenskap van Saron in die gesig staar?

Ek dink die grootste uitdaging is werkskepping. As ons hier werkskepping kan kry, kan mense se moraal styg. Hulle kan goeie lewens hê. Daar is ongeveer 80% van ons mense wat uit die dorp werk. Met werkskepping plaaslik sal gesinne weer sterk kan word, omdat hulle weer bymekaar sal wees.

2. Vertel my meer van die dienste wat u as Polisie op Saron lewer.

Die dienste wat ons lewer behels die volgende: polisiëringsdienste, ondersoek van klagtes, gesinsgeweld, patrollie-dienste, beëdigde verklarings, misdaadbekamping, loods van projekte saam met die Polisiëringsforum. Ons het nogal redelik sukses met dit wat ons doen.

3. Is daar sprake van enige samewerking tussen u en ander rolspelers in die gemeenskap en hoedanig is die samewerking?

Daar is bv. die polisiëringsforum wat uit baie organisasies bestaan. Ons kry ook goeie samewerking van die Saron Gemeenskapsdiens. Ek moet egter my diepe teleurstelling uitspreek teenoor die munisipaliteit, veral wat betref rondloop diere, afwesigheid van skut, SPCA kantoor, honde met siektes asook die afwesigheid van slagpale vir higiëne. Ek het alreeds in 2003 aan die munisipaliteit ŉ brief gestuur in verband met die probleme. Ek het 3 tot 4 keer aanmanings gestuur, maar jammerlik geen reaksie van die munisipaliteit ontvang nie. Dit is rede tot kommer en hartseer. Baie van ons mense sterf op die hoofpaaie en al wat nodig is, is behoorlike bestuur van rondloper beeste.

4. Na u mening, wat is die dinge wat die meeste positief op die gemeenskap impakteer?

Dit wat die meeste positief op die gemeenskap impakteer is as daar in mense se behoeftes voorsien word. Geen mens kan gelukkig wees indien daar nie in sy of haar behoeftes voorsien word nie. Mense moet darem elke dag iets hê om te eet en die Woord om hulle te versterk. Dit is nie lekker as jy in nat en koue omstandighede moet slaap nie of as daar nie ŉ bed is om op te slaap nie.

5. ***Hoe kan die VGK Saron help om die dienste wat u op Saron lewer, versterk?***

Daar is ŉ verantwoordelikheid wat die kerk teenoor die gemeenskap het. Die kerk het die verantwoordelikheid om te help met die opvoedingstaak en ten opsigte van die plig tot polisiëring.

C. Saron primêre skool: bestuurder

1. Wat is na u mening die grootste uitdagings wat die gemeenskap van Saron in die gesig staar?

Ek sal sê dis ŉ groot uitdaging om met kinders te werk. Daar is ouers wat geensins voldoen aan ouerskap nie en gevolglik is daar baie kinderverwaarlosing. Nog ŉ uitdaging is die afwesigheid van ŉ gemeenskapsaal waar kinders saamgetrek kan word en programme vir ouers en kinders gebied. Op die manier sal die kinders van die kwaad en van die straat gehou word.

2. Vertel my meer van die dienste wat u as Onderwys-inrigting op Saron lewer.

Ons lewer veral die volgende dienste: opvoedingsdienste, godsdiens, biblioteekdienste, onderrigdienste, voedingsdienste, sport en musiek.

3. Is daar sprake van enige samewerking tussen u en ander rolspelers in die gemeenskap en hoedanig is die samewerking?

Ons werk nogal goed saam met die Saron Gemeenskapsdiens en die VGK. Die ander werk nie so lekker saam nie.

4. ***Na u mening, wat is die dinge wat die meeste positief op die gemeenskap impakteer?***

Werklike ontwikkeling waarby die gewone man in die straat ook baat vind. Dis al wat hulle gelukkig maak.

5. Hoe kan die VGK Saron help om die dienste wat u op Saron lewer, versterk?

Die VGK kan ŉ rol speel. Dit het ook ŉ rol gespeel in die opsig dat die kerk die kinders inspireer tot verdere opleiding. Daar is ook kinders wat uit die gemeente gegaan het vir predikante-opleiding en wat nou oral in die land die Woord bedien. Dan is daar ook verskillende projekte wat geloods behoort te word, soos werkskepping.

***D.* Senior verpleegkundige: Saron kliniek**

1. Wat is na u mening die grootste uitdagings wat die gemeenskap van Saron in die gesig staar?

Armoede. As dit ŉ bietjie verlig word, sal ander probleme ook opgelos word.

2. Vertel my meer van die dienste wat u as kliniek op Saron lewer.

Ons dienste behels primêre gesondheidsdienste, TB, inentings, MIV, geboortes, voorgeboortelike programme, ens.

3. Is daar sprake van enige samewerking tussen u en ander rolspelers in die gemeenskap en hoedanig is die samewerking?

Ons werk goed saam met die Saron Gemeenskapsdienste, veral hul Tuisversorgings-eenhed en ook die Drakenstein munisipaliteit. Samewerking met ander rolspelers ontbreek.

4. Na u mening, wat is die dinge wat die meeste positief op die gemeenskap impakteer?

Die dienste wat die kerke ten opsigte van MIV doen, impakteer positief op die gemeenskap.

5. Hoe kan die VGK Saron help om die dienste wat u op Saron lewer, versterk?

Die kerk kan veral ŉ groter rol speel met betrekking tot die MIV-pandemie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

BYLAAG 5

VRAAG 1: Beskryf die gemeente aan ’n nuwe persoon.

1. Dit is moeilik want die gemeente is nie eenparig oor sake nie. ’n Mens kan die goeie kant beskryf, maar baie keer konfronteer lidmate kerkrade oor dinge wat hulle nie verstaan nie. Die lidmate sal nie ’n brief skryf sodat die kerkraad antwoorde kan voorsien nie. Hulle haal sommer frustrasies op die wykskerkraadslede uit. (Man-5-F)
2. Ons gemeente is goed in totaliteit. Daar is egter ’n probleem toe een van ons leiers na die Calvynse Kerk gegaan het. Verder is daar soms fout by die diaken, arealeier of iewers daar tussen hulle. In my area het lidmate ’n gesindheid van: "Ek wil nie jou goed eet nie. Ek sal die goed vat, maar dit weggooi." Dan kom die eie ek-saak ook baie voor. Mense dink baie keer: "Ek gaan nie soontoe nie. Waar sal hulle vir my mis?" Soms as jy idees gee, word dit afgeskiet. Daar is ook ’n houding van: "Jy moenie vir my kom sê nie. Ek is al lankal hier tussen die gemeente." Ek dink ook die diaken, ouderling en arealeier speel ’n groot rol. Hulle doen nie dinge reg nie en dan kom die goed na dominee toe. Die volgende is raad as ’n vriend: "As die kerk jou iets vra, gee! en as jy beroep word vir amp, besluit self nee of ja. Moenie net ingaan nie en ander mense vra wat jy moet antwoord nie." (Man-6-I)
3. Die gemeente is baie ontvanklik en is baie bly as daar nuwe mense aansluit. (Vrou-7-I)
4. Die kerk is nie die gebou nie maar die gemeente van Saron is die kerk. Hulle hang te veel aan mense wat prag en praal het en vergeet van die minderbevoorregtes. As jy ’n sondaar is, dan moet die kerkraad instap en vir jou bid. Hulle moet ook saam met jou bid en moenie neerkyk op dit wat jy doen nie. (Vrou-5-O)
5. Geseënd. Die kerk is ’n plek waar ek veilig voel. (Vrou-1-I)
6. Dinge het verander. Mense reik nie meer so uit na ander nie. In die verlede het mense omgegee (Vrou-3-O)
7. Ek vind dit goed. Dominee probeer sy bes. Daar is egter die wat net fout soek, maar dankie dat hy nog op sy voete staan. (Vrou-6-I)
8. Die diens is goed. Ek sal nie rondgaan van kerk tot kerk nie. Ek bly waar ek is, want ek het van kleins af opgegroei in die kerk. (Vrou-4-F)

9. Die VGK-gemeente Saron is baie geheg aan mekaar. Daar is ’n mooi band in die gemeente. (Vrou-4-F)
10. Ons is baie behulpsaam en vriendelik. (Man-6-I)
11. Die gemeente is goed. Dis lekker om kerk toe te gaan. Die atmosfeer is lekker. Jy moet net offer. (Vrou-4-I)
12. Destyds was die gemeente behulpsaam en het ons altyd tydens ’n sterfgeval ondersteun, maar nou is dit nie meer dieselfde nie. (Vrou-3-O)
13. Die gemeente is hardwerkend. Daar heers ’n gunstige atmosfeer. ’n Groot deel van die gemeente is toegewyd aan die kerk. Hulle besoek die kerk gereeld, geniet die eredienste en leer baie by die bidure. (Vrou-4-F)
14. Ek sal enige persoon aanraai om by die gemeente aan te sluit. Ek weet nie hoe ek verder kan ek praat van die gemeente nie. (Vrou-4-I)
15. Daar is goeie mense wat goed kerk gaan en wat gereeld bid-ure en eredienste bywoon. (Vrou-6-I)
16. Hulle is deurmekaar en moet hulle koppe laat lees, almal van hulle. (Man 3-O)
17. Ons gemeente is 50/50 in hul geestelike groei. God is teenwoordig in ons gemeente. ’n Mens kan dit sien en voel. Dis net ons jeug wat nog nie ten volle by kerkaktiwiteite betrokke is nie. (Vrou 3-I)
18. Gemeentelede is baie na aan mekaar, maar daar is ook ’n paar lidmate wat afgunstig onder mekaar is. (Vrou-1-I)
19. Die gemeente laat mense welkom voel. Ons is ’n sterk gemeente, want diegene wat ons verlaat, kom weer terug na die kerk toe. (Vrou-3-F)
20. In ons gemeente ontvang jy as gemeentelid die Woord, maar dit hang af wat jy daarmee doen. In ons gemeente word jy met ope arms ontvang en geëer.(Man-2-O)
21. Ek sal sê jy kan maar gaan aansluit. Die gemeente is goed. Hulle help waar nodig en is betrokke by mekaar. (Vrou-5-O)
22. Oor die algemeen is die gemeente goed. Dis nogal lekker om aan die gemeente te behoort. (Man 5-F)
23. Ek sal sê dit is iets goed as jy by ons wil aansluit. Ons is bly as jy deel van ons wil word. Ek meen, ’n mens kan mos nie jou gemeente sleg maak by ander nie. Hulle moet maar self kom ervaar en sien wat aangaan. (Vrou-6-I)
24. Ek sal sê ons is ’n Christelike gemeente wat mekaar help en ondersteun, maar ek sal ook noem van die afguns wat daar onder die gemeente lede heers,

veral onder die vroue. Ek dink ’n mens moet maar oop wees met nuwe persone. (Vrou-2-I)

VRAAG 2: Hoe leer gemeentelede wat dit beteken om ’n volgeling (dissipel) van Jesus Christus te wees?

1. My antwoord sal wees as jy die Bybel lees en verstaan, dan sal almal sien jy is ’n dissipel van die Here. (Man-5-F)
2. Elkeen het sy eie siening van die ding. Ek was eendag in ’n ongeluk en het my bewussyn verloor. Ek was in die hemel en het voor die regterstoel van God gestaan. Daar was trappe, 5 engele aan werskante, gesigte soos duiwe en die Here met ’n staf. Die heerlikheid het gekom. Dit was spierwit. Die Here het die asem wat hy in my geblaas het weer terug gegee. Dit was bewustelik. ’n Mens het nie nodig om jou te bekeer nie. God is sterker as wat satan is. Jy is reeds bekeer en moet net die Woord van God uitdra. Satan kom na jou en gebruik jou, maar jy moet weet daar is ’n God en jy moet altyd bewus wees van God. Jy moet gereeld bid...heeldag. God is in beheer. As jy iets doen, moet jy God vra of dit reg is. Die gedagtegang is dat jy nie moet doen wat jy nie moet doen nie. Daar is net een God. (Man-6-I)
3. Hulle leer dit in die Bybel as hulle dit lees, in die kerk as dominee dit preek en as hulle dit ernstig opneem. (Vrou-7-I)
4. Die gemeente-lede wil vir jou vertel dat hoe ’n volgeling moet wees, maar dan hoor jy hoe vloek hulle en hoe lelik hulle met ander is, bv. die man teenoor /en die kinders. (Vrou-5-O)
5. Deur te bid, preek, betrokke te raak by christelike- en kerklike organisasies en te strewe na ’n beter lewe met Jesus daarin. (Vrou-1-I)
6. Ons moet meer die Bybel lees. (Vrou-3-O)
7. Jy woon jou kerk by en staan uit vir jou kerk. (Vrou-6-I)
8. Deur ’n christelike opvoeding. (Vrou-4-F)
9. Ek werk vir die Here deur my lewe aan andere te beskryf en ook andere leiding gee om self ’n dissipel te wees. (V-4-F)
10. Deur die 10 gebooie te gehoorsaam. (Man-6-I)
11. Tydens voorstelling van kerkraad leer hulle die teksverse wat ds gee. Woensdagaande by die Bybelstudie word lidmate aangespoor om ’n dissipel te wees. (Vrou-4-I)

12. Hulle moet volgens die bybel lewe. Hulle moet vir Exodus 20 nakom. (Vrou-3-O)
13. Deur die sakramente van die kerk te onderhou. Jy moet volgens die tien gebooie lewe en leer om meer van jouself te gee, dan sal Jesus die werk in jou lewe doen. (Vrou-4-F)
14. Baie lidmate van die gemeente besef nie wat dit is om volgelinge van Jesus te wees nie. Die predikant leer die gemeente deur middel van die Woord, maar dit hang van hulle af of hulle dit inneem. (Vrou-4-I)
15. Die eredienste wat die predikant lewer, trek ons aan en ons kry duidelik die Woord hoe ons met ons naaste moet lewe en werk. (Vrou-6-I)
16. Jou geloof in God moet sterk wees. God in lewe na die dood. Dit is al. (Man-3-O)
17. Deur gereeld met God in gesprek te tree deur die Bybel te lees, eredienste asook gebedsessies by te woon. (Vrou-3-I)
18. Deur die diens van die kerkraad en deur die kerkraad na die gemeente. (Vrou-1-I)
19. Ons word in die kerk opgevoed om vir God te volg deur dit wat dominee preek, maar dit hang van ons as gemeente af of ons dit inneem en uitleef. (Vrou-3-F)
20. As daar uit die Bybel gelees word, is daar verskillende maniere wat gebruik word om dit te verstaan. (Man-2-O)
21. Jy moet ŉ lidmaat van die kerk wees, geduldig wees, jou Bybel lees, jou kerk bywoon en jy moet jou hart vir die Here gee. (Vrou-5-O)
22. Ek sal sê ons leer almal goed. Ons kry baie wysheid uit God se Woord. Daarom kon ek sê die geestelike groei is baie sterk. En so leer ons in die kerk en in die bidure. (Man-5-F)
23. Ek sal sê ŉ mens moet maar by die Here se voete bly. Jy kan alles na die Here neem. Om Hom te volg, moet jy maar volhard en die belofte wat jy aan Hom gemaak het, nakom. (Vrou-6-I)
24. Ons leer uit Sy Woord in die kerk, by die bidure en op ons knieë in ons binnekamer. Ons leer ook by geestelike kampe en ek gee my hart vir Hom om Sy volgeling te kan wees. (Vrou-2-I)

VRAAG 3: Vertel iets wat illustreer hoe jy ervaar dat God teenwoordig is en hoe Hy in hierdie gemeente werk.

1. ʼn Mens moet glo dat God teenwoordig is. As jy werklik glo, sal jy ervaar dat God teenwoordig is. (Man-5-F)
2. ʼn Mens waardeer die dinge wat in die gemeente gebeur, want God is in die gemeente. Die Woord sê tog dat ons Hom in die tyd van benoudheid moet aanroep. Eendag het ek in die bos hout gemaak. ʼn Man en sy maat het ʼn boom afgesaag. Die man met die lam been het opgekyk en gesien die boom gaan op hom val. Hy het uitgeroep: "O, God!" Die boom het verby hom geval. Hy het geweet God is daar. Somtyds gebeur dit dat ʼn mens Hom aanroep, maar Hy verhoor jou nie. Ek wonder hoekom het daardie man dit reggekry om verhoor te word, maar ek nie. (Man-6-I)
3. Somtyds praat ek met die Here in die dag of in die nag. Ek vra Hom of Hy nie dit of dat in my lewe kan maak nie. Ek sê ook dankie vir wat Hy vir my doen. (Vrou-7-I)
4. God is ten alle tye teenwoordig, soos die woord sê. Soms is ʼn mens se lewe en jy het miskien nie iets nie. Dan kom iemand anders, strek sy/haar hand uit en help jou. Dis eintlik God wat jou help. God werk soos die tyd kom.(Vrou-5-O)
5. Daar is kragtige preke wat elke Sondag uitgespreek word en die voorbidding vir die siekes wat lei tot hul genesing. (Vrou-1-I)
6. Ek was siek, maar het gevind as jy bid en ander ondersteun jou, dan word jy gesond. (Vrou-3-O)
7. God kan wonders doen deur gebed. ʼn Mens moet jy glo, vertrou en opreg met die Here praat. (Vrou-6-I)
8. By ʼn siekbed. ʼn Mens moet ten volle in gebed wees, dan sal jy God se teenwoordigheid voel. (Vrou-4-F)
9. Ek is die dag as kerkraadslid voorgestel en spesifiek daardie dag was God teenwoordig. Ek sien deur middel van die preek op die gemeente se gesigte hoe God werk. (V-4-F)
10. My vrou is ʼn diabeet en haar been moes afgesit word. Daar was eintlik nie meer hoop nie, maar deur die geloof van die Here was die operasie ʼn sukses. God bring ook baie families bymekaar. (Man-6-I)

11. Ek kon by my ouers en broer se dood ervaar dat God teenwoordig is. Daar was net iets wat my bewus gemaak het van God se teenwoordigheid in die nag. Ek het ook tydens erfenisdag gesien dat God se gees daar was, want alles het vlot verloop. (Vrou-4-I)
12. My suster het siek geword en ons het gedink dit was as gevolg van die wyn. Ons het gesukkel om haar reg te kry, het gebid en ook ŉ oom gevra om vir haar te bid. Sy het reggekom. Die gemeente het ook mooi saamgewerk in die verband. (Vrou-3-O)
13. ŉ Mens voel God se teenwoordigheid wanneer God met jou praat en as jy tot Hom bid. God is ook teenwoordig in die preke waardeur Hy tot die gemeente deur middel van die predikant spreek. (Vrou-4-F)
14. Wanneer ek bedroef is, gaan ek op my knieë en bid tot God. Ek ervaar dat daar elke dag ŉ uitwerking op my gebed is. Daar gebeur ook baie dinge in die gemeente waartydens ek God se teenwoordigheid ervaar. (Vrou-4-I)
15. Die Here was baie goed vir my. Hy het my 22 jaar gelede uit ŉ siekbed gehaal om weer diensbaar in Sy wingerd te wees. Die Here werk in ŉ mens se hart stort elke dag Sy seëninge oor ons uit. (Vrou-6-I)
16. Ek is te min in die gemeente om te ervaar wat gebeur. (Man-3-O)
17. Ek glo God is 100% saam met ons vandat ek my oë oopgemaak het. Een voorbeeld is dat ons bazaar elke jaar geseënd is. (Vrou-3-I)
18. My pa was dodelik siek in die hospitaal en ons het op God vertrou. Dit is in die kerk afgekondig en baie gebede het opgegaan. Dominee het ook vir my pa gebid. Hy is tot vandag toe met ons en is gesond. (Vrou-1-I)
19. God stuur vir ons uitkomste sodat in ons behoeftes voorsien word. ŉ Mens kan aan die gemeentelede sien dat God teenwoordig is, want daar is verandering in hul lewens. (Vrou-3-F)
20. Die gemeente neem spesiale kollektes op en gee dit aan mense in nood. (Man-2-O)
21. Jy kan ervaar dat God by jou is as jy bid en dat Hy luister as ons met Hom praat. Hy verhoor ons gebede. Hy voorsien in elkeen van ons behoeftes. God werk in die gemeente, want ŉ mens kan sien hy maak siele los wat vas in die sonde was. Daar is groei in die gemeente. (Vrou-5-O)
22. My leefwyse tot dusver het vrugte afgewerp. Ek het tot nou toe baie wysheid uit my ervaring gekry. Ek erken dat God ten alle tye in ons midde is en dat Sy

handewerk, doen en late oral sigbaar is. (Man-5F)

23. God het my gehelp om vyf seuns groot te maak. Hy was by my, want ek kon dit nie alleen doen nie. God moet net in die gemeente werksaam wees, want ons is dan so geseënd! Kyk maar net na die suksesvolle funksies wat ons hou. (Vrou-6-I)
24. Ek kan dit nie eintlik beskryf nie, maar ek ervaar God se teenwoordigheid baie sterk in die eredienste. Jy kan sien God werk in die gemeente, want ons is baie geseënd in alles wat ons aanpak. (Vrou-2-I)

VRAAG 4: Beskryf ‘n ervaring van betekenisvolle aanbidding van God wat jy in die gemeente gehad het.

1. Dit wat ek ervaar het, was tydens ’n gebedsessie. Ek het ervaar dat die Here teen-woordig was. Dit wat ek van Hom gevra het, het die Here vir my gegee. (Man-5-F)
2. Ek was nog nie in so-iets se teenwoordigheid nie. (Man-6-I)
3. Soms as dominee bid en vrae vra, dan kan jy voel dit werk aan jou persoonlik. (Vrou-7-I)
4. ’n Mens het altyd so gesukkel, maar dis eintlik God wat jou daartoe bring. Dit is God wat ’n mens toelaat om te kan werk en vir andere, bv. ’n kind ’n stukkie brood of iets te kan gee. (Vrou-5-O)
5. Die diens self asook die bidure en pinksterfees is goeie ervarings wat ek het. (Vrou-1-I)
6. Wanneer dominee preek, dan voel ’n mens die warmte van God. (Vrou-3-O)
7. Elke Sondag se diens maak van my ’n beter mens. (Vrou-6-I)
8. Sondae in die kerk en tydens die sing van aanbiddingskoortjies. (Vrou-4-F)
9. Elke Sondag in die diens raak iets my aan. (V-4-F)
10. Ek het dit tydens die Pinkster ervaar dat die Here werklik by my gewees het. Daar is ook baie mense wat tydens die Pinkster die Here aangeneem het. (Man-6-I)
11. Die boodskap tydens die Nuwejaarsdiens was kragtig. (Vrou-4-I)
12. Wanneer dominee preek, kan jy voel die gees is sterk. Tydens ’n opelugdiens kon ek ook die warmte voel. (Vrou-3-O)
13. Die Here beteken so baie vir my. Die feit dat ek vir God werk, is maar net ’n druppel in die emmer wat ek kan bydra. Ek kan net getuig van God se

grootheid en genade. (Vrou-4-F)

14. Dit is soos ’n lied wat gesing word in my hart om vir die Here te werk.(Vrou-4-I)
15. Ek het die begeerte gehad om kerkraad te wees. Die Here het my wonderlik deur gedra in goeie tye en slegte tye. Ek het baie daarby baatgevind en baie uit my ervaringe geleer. (Vrou-6-I)
16. Ek het geen ervaring tot dusver gehad nie. (Man-3-O)
17. Die dag met ons eerste passiespele kon ek herleef wat God vir ons as mense deurgemaak het. Die vergifnis van sonde is vir my baie belangrik. (Vrou-3-I)
18. Die dag tydens ons persoonlike onderhoude met dominee het ons gepraat oor die probleem van my ouers wat nie meer kerk loop nie. Hy het daaroor gebid en ek kan sien daar is ’n verandering by my ouers. Hulle loop weer kerk. (Vrou-1-I)
19. My ervaring is dat wanneer jy bid en vir God vra, dan antwoord hy jou. Jy as persoon moet nie bid met twyfel in jou hart nie.
20. ’n Lid van die gemeente was siek. Die kerk is laat weet om aan haar te dink en vir haar te bid. As ons glo, sal daar genesing kom. (Man-2-O)
21. My ervaring was baie goed. God se Woord laat jou so baie dinge ervaar. Hy laat altyd Sy beloftes aan ons waar word. (Vrou-5-O)
22. Ek het so ’n ervaring tydens die biduur op ’n Woensdagaand opgedoen. Ons moes ons self afsonder en met die Here praat. Ek het dit gedoen en kon God se nabyheid aanvoel. Ek het gevoel dat God my gebede beantwoord. (Man-5-F)
23. Ek het die ervaring dat as iemand bid dan voel dit asof die gebed vir my is, alhoewel die persoon vir almal wat teenwoordig is, bid. Daar was al op ’n Sondagoggend ’n oomblik dat ek God in my lewe ervaar het. (Vrou-6-I)
24. Ek het een aand tydens die Pinksterbiduur baie hartseer onder die Woordverkondiging geword. Ek het net anders gevoel en wou net sing en bid. Ek weet self nie wat regtig daardie aand gebeur het nie. (Vrou-2-I)

VRAAG 5: Vertel van ’n situasie waarin jy en / of ander mense by ’n probleem of konflik by die kerk betrokke was en hoe dit hanteer is.

1. Ek was nog nie by so-iets betrokke nie. (Man-5-F)
2. Ek was al by so-iets betrokke tydens my kind se sterfte. Hy was nie ’n opbetaalde lid nie en sy kerkregte was met R900 agterstallig. Ek het toe na die

kerk gekom, die gat gekoop, die saal gehuur en met die kerkraadslede gereël. Die kerk het gesê oom Maans moet die diens hou. My vraag is, waarmee het die kerk my tegemoet gekom, want die arealeier het die diens gehou. Die ding het gelukkig nou verander. As die kerk my wou tegemoet kom, sou hulle bv. die saal sonder betaling gegee het. Ons kan so maklik mekaar voorkeer en lekker sê. Verder hou ons mekaar net daar. My vrou se broer is doodgeskiet en ons het die kerkkantoor ingelig. Dominee het wel gekom, maar eers nadat hy by iemand anders was. As dit by gesiene mense is, sien jy sy kar. Ons is almal dieselfde mense. Ons behoort aan die gemeente. Dominee moet almal deur een ring trek. Die goed bou op in ʼn mens. Al was my kind ʼn skollie in die oë van die mens is hy ʼn mens by God. (Man-6-I)

3. Ek was nog nooit by konflik betrokke nie. (Vrou-7-I)
4. Ek het ʼn ervaring met die kerk gehad. God het egter ʼn uitweg aan my gegee. Ek was weg vir onderhoud en het gevoel dat ek die bekwaamste persoon is. Ek het die kwalifikasies en sertifikate van die welsyn en die hof oor kindermishandeling, vroue, en pre-primêre opleiding. As ek die voorkeur by die kerk gekry het, sou ek nooit die mens was wat ek nou is nie. Daar word egter altyd gekyk na mooi motors en groot huise. Dan word jou talent en kwalifikasies eenkant gesit. Die geleenthede word gegee vir mense met pragtige huise en mooi motors. (Vrou-5-O)
5. Ek was by geen konflik betrokke nie. (Vrou-1-I)
6. Ek het ʼn ervaring tydens ʼn sterfgeval gehad. Dominee het gevra of die bydrae op datum was. Die probleem is gelukkig opgelos. (Vrou-3-O)
7. Ek het ʼn ervaring tydens begrafnisreëlings gehad. (Vrou-6-I)
8. Ek persoonlik het geen ervaring van konflik gehad nie. Die mense het net baie gepraat van die lidmate wat so uit die saal begrawe word. (Vrou-4-F)
9. Daar was ʼn vrou wat gekant was teen my voorstelling as lidmaat. Die leraar moes toe instaan om alles uit te sorteer. Ek is toe voorgestel. (V-4-F)
10. Ek het tydens die aanstelling van iemand as administratiewe beampte wat buite die grense van die gemeente gewoon het, kennis geneem van konflik. Die aangeleentheid is deur die regte prosedure opgelos. (Man-6-I)
11. Die mense het jare terug met plakkate op die kerkgronde betoog. Dit het gelyk asof dit van die kerk af kom. Baie het van die af kerk weg getrek na die raadsaal en baie het sommer van die politiek onttrek. (Vrou-4-I)

12. Daar was die dag toe my tante gesterf het. Ons was lidmate, maar dominee het nie geweet waar ons huis was nie.Niks is toe opgelos nie. (Vrou-3-O)
13. Toe ek ʼn lidmaat besoek, het sy baie te sê gehad oor die kerk en die gemeente. Dit was ten tye van die petisie teen die toestaan van ʼn dranklisensie. Ek het aan haar gesê dat sy moet sê wat op haar hart is en indien sy voel om die kerk te verlaat dat sy dit in goeder trou moet doen. (Vrou-4-F)
14. Ek kan eerlik vertel van konflik of misverstand waarby twee ouderlinge betrokke was. Die optrede van die persone is nie op ʼn geestelike manier opgelos nie. Dit het my ongelukkig gestem. (Vrou-4-I)
15. Ek was persoonlik by geen konflik betrokke nie en weet ook nie van ʼn geval waar ander al betrokke was nie. (Vrou-3-I)
16. Ek was nog in geen konflik met die kerk betrokke nie. (Man-3-O)
17. Ons katkisante wat nie op hul plekke in die kerk kan sit nie is ʼn probleem by die gemeente. (Vrou-3-1)
18. Die begrafnisbeleid het baie lidmate seergemaak, maar ek is bly dat die kerk nou weer oop vir almal is. (Vrou-1-I)
19. Ek en ʼn mede-broer van die kerkraad het ʼn geskil gehad oor die begrafnisbeleid, ek kon hom oortuig dat dit die kerk se beleid is. Ons kon toe weer agterna een taal praat. (Vrou-3-F)
20. In die meeste gevalle is dit jong mense wat trou en met mekaar probleme ondervind. Dominee bring hulle weer bymekaar en die probleem word uitgesorteer. (Man-2-O)
21. Daar was konflik tydens ʼn jong seun se dood. Sy oorskot moes uit die koelkas gehaal word om plek te maak vir ʼn ander oorskot. Sy Die jong seun se oorskot is toe na ʼn ander plek gestuur. Sy familie was baie ontevrede met broer Fanie, want hulle het die lykhuis se geld klaar betaal. Dit was egter nie goed genoeg nie. Die ander oorskot het toe die voorkeur gekry. Die familie was baie kwaad vir die broer. Hul is nog steeds ontevrede met teenoor die broer. (Vrou-5-O)
22. Daar was konflik tydens ʼn sterfgeval waarvan ek bewus is. Dit het oor die saal gegaan. Ek kan nie name noem nie, maar daar was ʼn lelike ding oor die saal se sleutels wat aan ander mense gegee is. Daar was twee begrafnisse. Die een familie was baie ontevrede, want volgens hulle was daar ʼn voortrekkery en reken hulle mense is by die gesig gekyk. Hierdie situasie is nooit

uitgesorteer nie. Na my mening is die aangeleentheid nooit afgehandel nie en is die familie nog steeds ongelukkig. (Man-5-F)

23. Ek het nog nie so iets ervaar nie. Ek hoor maar wat die ander mense praat, maar ek was nie self by so-iets betrokke nie. Ek kan nie goed praat wat ek nie gesien het nie. (Vrou-6-I)
24. Daar was eendag ŉ stryery onder die jeug omtrent kinders wat wyn gebruik het. Ons ouers moes toe met die kerkraad in gesprek tree. Daar is gepraat en die probleem is toe uitgesorteer. (Vrou-2-I)

VRAAG 6: Wat maak jou angstig oor die toekoms van die gemeente, en wat gee jou hoop?

1. Ons lidmate maak my angstig. Hulle is geestelik nog nie daar waar hulle moet wees nie. Dit wat my werklik hoop gee, is die proses waarin ons nou is, naamlik die gestuurdheid. (Man-5-F)
2. Dit gaan nie eintlik oor angstigheid nie. Die hoop is dat ons ŉ leier het. Ons het nog nooit die inhoud van die Bybel geken soos ons dit nou ken nie. Ons het nie nodig om angstig te wees nie. (Man-6-I)
3. As mense min in die kerk is, maak dit my angstig en as daar weer baie mense in die kerk is, kry ek weer hoop. (Vrou-7-I)
4. Dit sal goed wees indien ons meer liefdevolheid in die kerk betoon en meer met diegene wat nie het nie of dit nie kan bekostig nie, meng. Ons moet van ons hoë trone afklim en nederig wees soos God wil hê ons moet wees. Ons prediker preek laat dit jou hart tref en die boodskap dring deur jou, maar dit hang van jouself af. As jy nie wil luister nie is dit jou eie saak. Sy boodskap is doeltreffend. (Vrou-5-O)
5. Op die oomblik is daar niks nie, want daar is geen belangstelling in kerklike organisasies of -aktiwiteite nie. (Vrou-1-I)
6. Die manier hoe ons mense onder mekaar lewe, maak my angstig. Ons kyk maar hoe dit verder gaan. (Vrou-3-O)
7. Dit maak my angstig om daaraan te dink dat dominee die gemeente moet verlaat. Dit gee my egter hoop dat hy nog hier is. (Vrou-6-I)
8. Ons jong lidmate wat so min betrokke is, maak my angstig. As daar egter ŉ probleem op jou pad kom, is daar altyd iemand wat jou moed inpraat. (Vrou-4-F)

9. Ek is angstig as ek in die gemeente gaan om die lidmate te bemoedig omdat ek bekommerd oor hulle is. Die lidmate moet nader aan die Here beweeg. My huisgesin moet ook nie verlore gaan nie. Wanneer ek tot die Here bid, gee dit my hoop, want die Here sê Hy is ons deel. (V-4-F)
10. Dit maak my angstig wanneer baie van die gemeentelede nie ŉ situasie verstaan nie en die kerk verlaat. Daar kom egter weer dubbeld mense terug na die gemeente toe. (Man-6-I)
11. Die kerkraadslede wat nooit huisbesoek doen nie maak my angstig. Hulle doen nie eens ŉ gebed nie. Wanneer ek egter Sondae kerk toe gaan en ek kom daarvandaan terug, dan voel ek weer gevul. (Vrou-4-I)
12. Die kerkraadslede wat so by dominee skinder, maak my angstig. Ek dink daar is nie meer hoop nie. (Vrou-3-O)
13. Die beloftes wat die gestuurde gemeentes inhou en dit wat reeds bereik is, gee my hoop vir die toekoms. (Vrou-4-F)
14. Dit maak my opgewonde om uit te gaan in die gemeente, om te gesels oor die Woord van die Here en om saam te werk as ŉ span. Die lidmate met wie ek saam werk, gee my hoop om meer te volhard in die Here en in die toekoms vorentoe. (Vrou-4-I)
15. Ek voel baie gelukkig oor die toekoms van die gemeente en sien baie daarna uit, veral in verband met die term van gestuurdheid. (Vrou-6-I)
16. Lyk of hulle mekaar die hand gee al is dit nie te baie nie. Ek is egter te min by die huis om ŉ opinie te gee. (Man- 3-O)
17. Ek raak angstig oor ons jongmense wat so koersloos lewe. (Vrou-3-I)
18. Dit wat my bang maak, is die lidmate van vandag wat nie so betrokke by die aktiwiteite van die kerk is nie. Dit wat my egter hoop gee, is die feit dat ons ten alle tye op Jesus moet vertrou, want hy is ten alle tye daar. (Vrou-1-I)
19. Dit maak my bang omdat ons nie gehoorsaam is aan God se Woord nie, alhoewel Hy ons daarin aanspreek. Dit wat my egter hoop gee, is die feit dat ons net biddend moet bly. God sal ons help om ag te neem op die Woord. (Vrou-3-F)
20. Die besluite van die gemeente maak my bang. Dit gee my hoop om aan God te glo. ŉ Mens moet vertroue in jouself het om vertroue in God te hê. (Man-2-O)
21. Dit maak my angstig dat ons lidmate in die kerk by die gesig gekyk word. Daar

is ook nie eendrag nie. Dit gee my egter hoop dat God regverdig is. God sal op sy tyd regmaak wat verkeerd is. God het mos ʼn manier om dinge wat skeef is, reguit te maak. (Vrou-5-O)

22. Ek is baie bekommerd oor ons jeug. Hul belangstelling oor die geestelike aktiwiteite is nul persent. Hul stel nie belang in God se dinge nie. Die goeie is uitgesluit. Dit wat my hoop gee, is dat God getrou is en bly en altyd in beheer is. Daar is altyd iemand wat jou aanmoedig, opbeur en aanspoor. (Man-5-F)
23. Die feit dat daar nie eendrag in die gemeente is nie, maak my angstig. Ek vra my af hoe so ʼn gemeente kan bly voort bestaan. Daar gaan mos probleme kom. Ons Here Jesus is mos met ons en dit gee my weer hoop vir ons kerk in die toekoms. Die Here help mos altyd die wat in nood is. (Vrou-6-I)
24. Dit maak my angstig omdat ek nie regtig weet waarheen die gemeente oppad is nie. Al die lidmate se belange word nie in ag geneem nie, veral nie die jeug nie. Hulle is die gemeente van môre, maar hulle word nie raakgesien nie. Die leiers gee nie genoeg om vir die jeug nie. Dit gee my egter hoop omdat ek weet dat God is en bly in beheer van die gemeente. (Vrou-2-I)

VRAAG 7: Vertel hoe jy en ander voel oor die veranderinge wat in die afgelope 3 tot 5 jaar in die gemeente plaasgevind het.

1. Ek voel baie positief oor die verandering wat tot nou toe in die gemeente plaasgevind het. Dit gee ʼn mens hoop vir die toekoms. (Man-5-F)
2. Die veranderinge is goed en reg. (Man-6-I)
3. Ek voel baie gelukkig daaroor. (Vrou-7-I)
4. Ek voel goed oor dit wat in die gemeente aangaan. (Vrou-5-O)
5. Ek is baie bly, want baie veranderinge het plaasgevind. (Vrou-1-I)
6. Ek is nie betrokke nie en weet gevolglik nie wat aangaan nie. (Vrou-3-O)
7. Daar het baie veranderinge gekom. Ons moet net ons oë en ore oopmaak. (Vrou-6-I)
8. Daar is ʼn verandering. Die Saron Gemeenskapdiens, die kerksaal en die toilette is van die veranderinge wat plaasgevind het. (Vrou-4-F)
9. Daar is ʼn groot verandering. Die leraar het ʼn baie goeie omswaai in die gemeente gegee, naamlik samewerking, aanvaarding, respek, nederigheid en ondersteuning aan mekaar in die gemeente. (V-4-F)
10. Die aanpassing in die begrafnisbeleid het gemaak dat al die gemeentelede

gelukkig voel. (Man-6-I)

11. Toe die arealeiers aangestel is, het ek gelukkig gevoel. Ongelukkig kom hulle nie eens meer by die huis nie. (Vrou-4-I)
12. Ek was 10 jaar gelede in die kerk. Ek weet nie wat plaasgevind het nie. (Vrou-3-O)
13. Ek voel baie positief veral oor die aanpassing in die begrafnisbeleid. Dit bring nou weer mense nouer en nader aan mekaar. (Vrou-4-F)
14. Ek het soos baie ander in die gemeente ongelukkig gevoel omdat die begrafnisbeleid die afgelope paar jaar diegene wat kerkbywoning verwaarloos het en die wat agterstallig was dieselfde behandeling gegee het. Ek voel egter nou baie tevrede oor veranderinge wat ingetree het. Baie het in die proses wat verby is, seergekry. (Vrou-4-I)
15. Ek voel baie tevrede oor die oopstelling van die kerk, maar veral ten opsigte van die begrafnisbeleid wat hersien is. (Vrou-6-I)
16. Geen verandering het plaasgevind nie. (Man-3-O)
17. Die debutantebal is ʼn plus punt vir die gemeente se finansies en die ywerigheid van die belydende lidmate vir die afgelope 5 jaar. (Vrou-3-I)
18. Ek het nie ʼn probleem met die veranderinge wat die afgelope tyd plaasgevind het nie. Een van die verandering wat goed is, is die jaarlikse debutantebal. (Vrou-1-I)
19. Die verandering wat plaasgevind het, is die debutantebal. Dit is ʼn goeie ding vir die gemeente, want dit sterk die gemeente aan en maak lidmate betrokke. (Vrou-3-F)
20. Elke tweede jaar kom daar nuwe lidmate wat voorgestel word. Hulle staan die plekke vol van die wat vertrek het. (Man-2-O)
21. Ek voel tevrede oor die begrafnisbeleid wat verander is. Nou kan al die lidmate uit die kerk begrawe word. (Vrou-5-O)
22. Die begrafnisse wat nou op Saterdae plaasvind is ʼn goeie ding. Ek voel goed oor baie van die veranderinge in die gemeente. Daar is egter een wat ek nie so goed oor voel nie, maar ons los dit maar. ʼn Mens leer maar om so met die veranderinge saam te leef. (Man-5-F)
23. Die begrafnis op Saterdae is goed. Daar is ook die bazaar wat goed is en ons kerk is weer afgewit. Dis goed en so leef ʼn mens maar saam met die dinge wat gebeur. (Vrou-6-I)

24. Die begrafnisse wat nou op Saterdae gehou word, is baie goed. Jy is nou nie meer so besig op ’n Sondag nie. Ek weet nie of ek daaroor mag praat nie, maar ek weet nie so mooi van die moontlikheid dat ons dominee tentmakerskap moet opneem nie. (Vrou-2-I)

VRAAG 8: Hoe voel jy en ander oor die veranderinge wat in die afgelope 3 tot 5 jaar in die samelewing rondom julle plaasgevind het?

1. Ek voel nie juis sterk oor veranderinge in die dorp nie. Daar is veranderinge, maar ek voel nie juis sterk daaroor nie. Daar is nog te veel wrywing in ons gemeenskap. (Man-5-F)
2. Dit is maar swak, baie swak. Jy kan dit nie anders stel nie. Ek kan nie juis sê daar is verdeeldheid nie, maar dit is maar swak. (Man-6-I)
3. Die mense vang lelike dinge in die gemeenskap aan. Ek is baie ongelukkig daaroor en daar is nog baie mense wat ook ongelukkig daaroor voel. Kyk nou veral die klomp smokkelhuise. (Vrou-7-I)
4. Die kliniek en brandweerstasie is opgerig. Daar moet egter meer projekte vir kinders wees. (Vrou-5-O)
5. Daar het veranderinge plaasgevind, byvoorbeeld die paaie, biblioteek en die polisiestasie. (Vrou-1-I)
6. Daar is ’n nuwe polisiestasie en biblioteek opgerig. Die brandweerstasie is ook amper klaar. (Vrou-3-O)
7. Daar is nie baie verandering nie, maar ’n brandweerstasie en ’n nuwe polisiestasie is opgerig. (Vrou-6-I)
8. Daar is nie baie nie, maar ’n nuwe polisiestasie en biblioteek is opgerig. (V-4-F)
9. Ek het ondervind dat die gemeenskap almal kan saamstaan. (V-4-F)
10. By die politiek stry die mense baie. Ek hoop dat ons kan saamwerk by die politiek. (Man-6-I)
11. Die biblioteek is baie goed vir die hele gemeenskap, die parkie vir die kinders en die kliniek is ook goed vir die gemeenskap. (Vrou-4-I)
12. Ek is bly oor die nuwe polisiestasie biblioteek wat opgerig is. (Vrou-3-O)
13. Die dorp gaan vooruit. Daar het ’n brandweerstasie en ’n biblioteek die lig gesien. (Vrou-4-F)
14. Daar is geen veranderinge in samelewing rondom my nie. (Vrou-4-I)
15. Ek sien geen veranderinge. Dinge word net al erger en ek voel baie

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ongelukkig daaroor. (Vrou-6-I)

16. Ek sien geen resultate nie. Daar is geen verandering nie. (Man-3-O)
17. Ek is baie hartseer omdat politiek ons uitmekaar geskeur het in kerkverband, politieke verband en familie verband. (Vrou-3-I)
18. Die dwelms en alkoholmisbruik het baie tieners se lewens oorheers. Die misdaadsyfer het ook toegeneem. (Vrou-1-I)
19. Die projekte in die gemeenskap wat werk aan die inwoners verskaf lewer ŉ bydrae in die gemeenskap, byvoorbeeld die Tuisversorging. (Vrou-3-F)
20. Die verandering in die gemeenskap is goed soos die brandweerstasie en die biblioteek. Dit wys dat God gebede verhoor. (Man-2-O)
21. Ek voel baie goed oor die brandweerstasie wat ons gekry het, omdat ons so baie brande in die somer het. Hulle kan gerus iets vir ons jongmense doen. Hier is niks wat hul besig hou nie. Daarom lê hul so by die smokkelhuise. Kan daar nie iets aan gedoen word nie? Dit is te erg soos dit nou aangaan. (Vrou-5-O)
22. Ek voel baie goed, want daar word hard gewerk om die gemeenskap tevrede te stel. Daar kan egter nog verbeter word as ŉ mens aan die jeug dink. Daar moet iets vir hulle gedoen word. Daar is geen afleiding vir ons jeug op die dorp nie. Daarom is daar al die euwels soos geweld, dwelms, tik en buite egtelikheid. (Man-5-F)
23. Ek voel goed oor die brandweerstasie, maar die geweld in ons dorp is vreeslik. Dit is naar as ŉ mens aan die moorde dink en sien hoe ons kinders lyk. (Vrou-6-I)
24. Die brandweerstasie en biblioteek is baie goed vir ons mense. Daar is egter niks vir die jeug van ons dorp nie. Daar gebeur nou so baie dinge soos verkragtings, moord en dwelms. Kan daar nie iets aan die tik gedoen word nie? Ons jeug is besig om dood te gaan. (Vrou-2-I)